



UNIVERSITY
OF
JOHANNESBURG

COPYRIGHT AND CITATION CONSIDERATIONS FOR THIS THESIS/ DISSERTATION



- Attribution — You must give appropriate credit, provide a link to the license, and indicate if changes were made. You may do so in any reasonable manner, but not in any way that suggests the licensor endorses you or your use.
- NonCommercial — You may not use the material for commercial purposes.
- ShareAlike — If you remix, transform, or build upon the material, you must distribute your contributions under the same license as the original.

How to cite this thesis

Surname, Initial(s). (2012) Title of the thesis or dissertation. PhD. (Chemistry)/ M.Sc. (Physics)/ M.A. (Philosophy)/M.Com. (Finance) etc. [Unpublished]: [University of Johannesburg](https://ujdigispace.uj.ac.za). Retrieved from: <https://ujdigispace.uj.ac.za> (Accessed: Date).

LT
Lomb

**DIE INVLOED VAN DIE VSA-DOLLAR OP DIE MEDEDINGENDE
VOORDEEL VAN SUID-AFRIKA**

deur

RIAAN STEFANUS LOMBARD

PROEFSKRIF

voorgelê ter vervulling van die vereistes
vir die graad

DOKTOR IN DIE EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE

in



in die

FAKULTEIT EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE

aan die

RANDSE AFRIKAANSE UNIVERSITEIT

PROMOTOR: PROF. P.J. NIEUWENHUIZEN

NOVEMBER 1997

Voorwoord

Die oopheid van die Suid-Afrikaanse ekonomie bring mee dat eksogene faktore 'n wesentlike invloed op die land se ekonomiese belewenis het. Ekonomiese groei en welvaart hang dan ook grootliks van die land se prestasie in die wêreld ekonomie af. Gedurende die afgelope dekade of twee het die wêreld ekonomie revolusionêr verander. Die Drucker-hipotese, naamlik dat die "symbol economy", dit wil sê kapitaalbewegings en die wisselkoerse die vliegwiel van die wêreld ekonomie geword het, was 'n belangrike rede vir die bestudering van die invloed van die dollarwisselkoers op die eksterne mededingingsposisie van Suid-Afrika. Nieteenstaande die beëindiging van die vaste wisselkoersstelsel van Bretton Woods, wat in wese 'n dollarstandaard was, is die dollar steeds dié toonaangewende internasionale rekeneenheid. Die gedrag van die dollar is van wesentlike belang vir Suid-Afrika se globale mededingingsposisie gesien die feit dat feitlik alle transaksies tussen Suid-Afrika en die res van die wêreld in dollar gedenomineer word.

Ek is besondere dank verskuldig aan Professor Nieuwenhuizen vir sy belangstelling, bekwame leiding en geduld, wat vir my 'n groot bron van inspirasie was.

Ek is baie dank verskuldig aan my vrou Mia, en Ian, Annemie en Mareli. Die veeleisende studie het baie opoffering van hulle geverg. Hulle ondersteuning en begrip sal my altyd by bly.

My dank ook aan familie en vriende vir hulle belangstelling en aanmoediging.

Aan Hom alle eer.

Inhoudsopgawe

	Bladsy
Voorwoord.....	i
Opgawe van grafieke.....	vi
Opgawe van tabelle.....	ix
Synopsis.....	x
Hoofstuk I Probleemstelling en Metode van Onderzoek	
1. Probleemstelling.....	1
2. Metode van ondersoek.....	3
Hoofstuk II Teorie van 'n Land se Mededingingsposisie	
1. Inleiding.....	5
2. Die begrip mededingendheid van 'n land.....	5
3. McCombie en Thirwall se betalingsbalansbeperkingsteorie as verklarend van die groeidifferensiaal tussen lande.....	13
4. Tradisionele teorie van die internasionale handel as verklarend van 'n land se mededingendheid in die internasionale handel.....	16
4.1 Adam Smith se teorie oor die absolute kostevoordeel van lande as verklarend van die internasionale handel.....	16
4.2 Ricardo se komparatiewe kostevoordeelteorie as verklarend van die internasionale handel.....	17
4.3 Komparatiewe kostevoordeelteorie aan die hand van die wisselkoers.....	18
4.4 Haberler se geleentheidskosteteorie as verklarend van 'n land se komparatiewe kostevoordeel.....	22
4.5 Die Heckscher-Ohlinteorie van faktorverskille as verklarend vir die komparatiewe kostevoordeel van 'n land.....	24
5. Kontemporêre teorie van die internasionale handel as verklarend van 'n land se internasionale mededingendheid.....	29

	Bladsy	
5.1	Teorie van stygende meeropbrengste as verklarend van die internasionale handel tussen soortgelyke lande.....	31
5.2	Produk differensiasie as verklarend van die handel binne 'n bepaalde bedryfstak.....	32
5.3	Produk siklusteorie as verklarend van 'n land se mededingende voordeel.....	34
5.4	Posner se tegnologiese gapingsmodel as verklarend van die handel tussen nywerheidslande.....	37
5.5	Krugman se tegnologiese gapingsmodel as verklarend van 'n land se mededingingsposisie.....	38
5.6	Porter se mededingende voordeelteorie as verklarend van 'n land se mededingendheid in 'n bepaalde bedryfstak.....	40
6	Samevatting.....	46

Hoofstuk III Belangrikheid van die Amerikaanse Dollar as Gemeenskaplike Noemer van die Internasionale Monetêre Stelsel

1.	Inleiding.....	53
2.	Belangrikheid van die VSA-dollar as internasionale rekeneenheid.....	54
3.	Gedrag van die Amerikaanse dollarwisselkoers onder die swewende wisselkoersstelsel.....	57
4.	Moontlike redes vir die volatiele gedrag van die dollarwisselkoers sedert die koms van die swewende wisselkoersstelsel.....	66
5.	Moontlike redes vir die langtermyn sikliese gedrag van die reële dollarwisselkoers.....	74
6.	Moontlike redes vir die gedrag van die dollarwisselkoers, 1980-1985.....	75
7.	Moontlike redes vir die gedrag van die dollarwisselkoers, 1986-hede.....	79

	Bladsy
3. Belangrikheid van die dollarwisselkoers vir Suid-Afrika se toekomstige buitelandse ekonomiese verhoudinge.....	160
4. Suid-Afrika se groeiende globale tegnologiese agterstand.....	166
5. Belangrikheid van die Drucker-hipotese vir Suid-Afrika se buitelandse ekonomiese verhoudinge.....	168
Hoofstuk VI Samevatting.....	174
Bronnelys.....	192

--o0o--

UNIVERSITY
OF
JOHANNESBURG

Opgawe van Grafieke

	Bladsy	
Grafiek 1	Jaarlikse Skommeling in die Effektiewe Nominale Wisselkoers van die VSA-dollar, 1966-1995.....	58
Grafiek 2	Jaarlikse Skommeling in die VSA-dollarwisselkoers teenoor die Japanese Jen en die Duitse Mark, 1965-1995..	58
Grafiek 3	Vergelyking tussen die Nominale en Effektiewe Reële Wisselkoersbewegings van die Amerikaanse Dollar, 1978-1995.....	60
Grafiek 4	Nominale Effektiewe Wisselkoers van die VSA-Dollar, 1968-1995.....	61
Grafiek 5	Nominale Effektiewe Wisselkoers van die VSA-dollar teenoor die Japanese Jen, 1972-1995.....	64
Grafiek 6	Nominale Effektiewe Wisselkoers van die VSA-dollar teenoor die Duitse Mark, 1972-1995.....	64
Grafiek 7	Vergelyking tussen die Dollarwisselkoers teenoor die Mark en die Koopkragspariteitswaarde van die Twee Rekeneenhede, 1973-1995.....	65
Grafiek 8	Vergelyking tussen die Dollarwisselkoers teenoor die Jen en die Koopkragspariteitswaarde van die Twee Rekeneenhede, 1991-1995.....	66
Grafiek 9	Rentekoersdifferensiaal tussen die VSA en sy Vernaamste Handelsvennote, 1976-1985.....	77
Grafiek 10	VSA se Begrotingstekort as 'n Persentasie van die Bruto Binnelandse Produk, 1978-1991.....	78
Grafiek 11	Tekort op die VSA Lopende Rekening as 'n Persentasie van die Bruto Binnelandse Produk, 1978-1995.....	79
Grafiek 12	Vergelyking tussen die Begrotingstekorte van die VSA, Japan en Duitsland, 1986-1993.....	80
Grafiek 13	Vergelyking tussen die Nominale Korttermynrentekoerse van die VSA, Japan en Duitsland, 1982-1995.....	81
Grafiek 14	Vergelyking tussen die Gedrag van die Dollarwisselkoers en die Amerikaanse Handelsbalans, 1978-1994.....	83

	Bladsy
Grafiek 15	Kwartaallikse Skommeling in die Wisselkoers van die Rand in terme van die VSA-dollar, 1976-1996..... 115
Grafiek 16	Nominale Wisselkoers van die Rand teenoor die VSA-dollar, 1970-1996..... 115
Grafiek 17	Vergelyking tussen die Gedrag van die Nominale Randwisselkoers teenoor die Dollar en die Gedrag van die Nominale Effektiewe Dollarwisselkoers, 1979-1996... 117
Grafiek 18	Gedrag van die Reële Effektiewe Wisselkoers van die Rand, 1970-1995..... 119
Grafiek 19	Vergelyking tussen die Randwisselkoers teenoor die VSA-dollar en die Koopkragspariteitswaarde van die Twee Rekeneenhede met 1970 as Basisjaar, 1970-1995..... 121
Grafiek 20	Vergelyking tussen die Randwisselkoers teenoor die VSA-dollar en die Koopkragspariteitswaarde van die Twee Rekeneenhede met 1980 as Basisjaar, 1980-1995..... 122
Grafiek 21	Vergelyking tussen die Randwisselkoers teenoor die VSA-dollar en die VSA en Suid-Afrika se Relatiewe Arbeidseenheidskoste in die Vervaardigingssektor, 1975-1994..... 123
Grafiek 22	Patroon van Suid-Afrika se Jaarlikse Volume Uitvoer, 1970-1994..... 124
Grafiek 23	Verband tussen die Gedrag van die Dollarwisselkoers en die Volume Suid-Afrikaanse Uitvoer, 1970-1994..... 125
Grafiek 24	Verband tussen die Jaar op Jaar Groeikoerse van die Nywerheidslande en die Volume Suid-Afrikaanse Uitvoer, 1970-1994..... 126
Grafiek 25	Patroon van Suid-Afrika se Jaarlikse Volume Invoer, 1970-1994..... 126
Grafiek 26	Gedrag van die Reële Kommoditeitspryse, Olie Uitgesluit, op die Wêreldmarkte, 1970-1995..... 128
Grafiek 27	Gedrag van die Reële Metaalpryse, Goud Ingesluit, op die Wêreldmarkte, 1970-1995..... 129
Grafiek 28	Gedrag van die Reële Pryse van Onverwerkte Landbouprodukte op die Wêreldmarkte, 1970-1995..... 130

	Bladsy
Grafiek 29	130
Gedrag van die Reële Pryse van Voedsel op die Wêreldmarkte, 1973-1995.....	
Grafiek 30	133
Verband tussen die Gedrag van die Effektiewe Dollarwisselkoers en die Gedrag van Suid-Afrika se Ruilvoet, Goud Uitgesluit, 1966-1995.....	
Grafiek 31	133
Verband tussen die Gedrag van die Effektiewe Dollarwisselkoers en die Gedrag van Suid-Afrika se Ruilvoet, Goud Ingesluit, 1966-1995.....	
Grafiek 32	134
Vergelyking van Suid-Afrika se Ruilvoet en die Reële Effektiewe Wisselkoers van die Rand, 1979-1995.....	
Grafiek 33	138
Vergelyking tussen die Gedrag van Suid-Afrika se Uitvoer en Invoer teen Markpryse, 1980-1995.....	
Grafiek 34	138
Vergelyking tussen Suid-Afrika se Bruto Binnelandse Besparing en sy Bruto Binnelandse Vaste Investerings, 1981-1995.....	
Grafiek 35	139
Gedrag van Suid-Afrika se Lopende Rekening en Kapitaalbewegings, 1985-1995.....	
Grafiek 36	141
Produktiwiteitsgroeï in Suid-Afrika, 1960-1995.....	

Opgawe van Tabele

		Bladsy
Tabel 1	Komparatiewe Kostevoordeelteorie aan die Hand van die Wisselkoers.....	20
Tabel 2	Aandeel van Mineraaluitvoer in Suid-Afrika se Uitvoer, 1986-1995.....	102
Tabel 3	Suid-Afrika se Uitvoer-Veredelingsverhouding, 1995.....	102
Tabel 4	Persentuele Samestelling van Suid-Afrika se Uitvoer, 1988-1995.....	103
Tabel 5	Vergelyking van die Omvang van Navorsing en Ontwikkeling in Selektiewe Lande, 1993.....	108
Tabel 6	Suid-Afrika se Invoer van Lande as Persentasie van die Land se Totale Invoer, 1990-1995.....	109
Tabel 7	Suid-Afrika se Uitvoer na Lande as Persentasie van die Land se Totale Uitvoer, 1990-1995.....	110

Synopsis

Title of dissertation : **The Effect of the U.S. dollar on the Competitive Advantage of South Africa**

Student : **Riaan Stefanus Lombard**

Promotor : **Prof. P.J. Nieuwenhuizen**

Degree : **D. Com.**

Department : **Economics**

University : **Rand Afrikaans University**

OF
JOHANNESBURG

Language : **Afrikaans**

The objective of the study was mainly to examine the effect of the U.S. dollar on the competitive advantage of South Africa.

The theoretical framework explaining the competitive position of a country in the global market place was examined in Chapter II. The complexity of the variables involved is evident from the many different points of view put forward by economists, not only in respect of the concept competitive advantage of a country, but also in respect of the criteria that should be used to evaluate such competitiveness. It is, however, evident that the phenomena involved in evaluating the competitive position of a country cannot be separated from the theories explaining the flow of goods and services between countries. Only a minor part of such flows can be explained in terms of the traditional international trade theories. Most of the trade over borders occurs between countries differing very little from each other as far as tastes and factor

endowment are concerned. Most of the contemporary trade between countries can be related to the advantages inherent in specialisation.

The importance and role of the American dollar as the common denominator of the international monetary system was examined in Chapter III. The behaviour of the American economy, and consequently the dollar is felt by the units of account of each and every country, especially developing countries like South Africa with its open economy and dependence on the exportation of primary products. The effective nominal exchange rate of the dollar, since the advent of the flexible exchange rate system in the early seventies, has been relatively unstable and volatile. The magnitude of the fluctuations in the dollar exchange rate, relative to the other main units of account, varies from year to year. The impulses fed into the world monetary system by this dollar behaviour are responsible for a large degree of uncertainty as for the outcome of transactions, and, especially long term obligations, are concerned.


The effect of the dollar on the external competitiveness of South Africa was examined in more depth in Chapter IV. A significant percentage of South Africa's exports is denominated in dollar. The composition of the country's export package did not change significantly since the early sixties and consist mainly of primary agricultural and mining products to the industrial countries. Gold is still the main export commodity. The country is not in a position to manipulate export prices. In manufacturing, production costs compare unfavourably with those of most other countries. This is probably the main reason for the dearth in foreign exchange earnings.

South Africa's exchange rate relationship with the rest of the world has been subjected to frequent official changes since the early seventies to protect vital parts of its economy, particularly its precarious balance of payments and foreign exchange reserves. Exporters are almost without exception in favour of a downward adjustment of the exchange rate. It is generally accepted that the success of such a policy of exchange rate manipulation depends critically on the price elasticities of the demand for imports and exports. The availability of resources and their mobility between the

non-export and the export sectors are important considerations when dealing with exchange rate matters.

South Africa's terms of trade are rather sensitive as far as external shocks of especially a monetary nature are concerned. The real prices of mining products have been under constant pressure. This fact, in addition to the weak rand/dollar exchange rate, has saddled the country with difficult macro as well as micro management problems.

In its endeavour to improve its competitive position in the world market, South Africa will have to take urgent notice of the fundamental changes in the structure of the world economy as envisaged in the Drucker hypothesis as it relates to the uncoupling of the economies of the primary producing countries from those of the industrial countries. Only then will the rand attain a position that will change its sensitivity to the U.S. dollar.



Hoofstuk I

Probleemstelling en Metode van Onderzoek

1. Probleemstelling

Die oogmerk met hierdie proefskrif is om ondersoek in te stel na die invloed van die VSA-dollar op die mededingende voordeel van Suid-Afrika.

Suid-Afrika het 'n relatief oop ekonomie. Dié toedrag van sake bring mee dat eksterne veranderlikes van tyd tot tyd 'n beduidende invloed op die land se ekonomie het.

'n Ontwikkelende land soos Suid-Afrika word as 'n reël gekenmerk deur 'n tekort op die lopende rekening. Die tekort hou, eerstens, verband met die feit dat die land 'n groot behoefte aan kapitaalgoedere het, en tweedens, hoofsaaklik primêre produkte uitvoer. Die invoer van kapitaalgoedere en intermediêre insette veral is groot. Suid-Afrika ervaar dan ook dikwels probleme om dié invoer te finansier.

Ontwikkelende lande is as 'n reël op die buiteland aangewys vir fondse om in hulle investerings-/valutabehoefte te voorsien. Mededinging om die betreklike skaars surplusfondse het egter oor die afgelope paar dekades steeds toegeneem. Weinig lande slaag daarin om kontinuu betreklike groot hoeveelhede (relatief tot die bruto binnelandse produk) buitelandse kapitaal te trek.

Suid-Afrika kan dus nie 'n relatief hoë ekonomiese groeikoers handhaaf sonder om betalingsbalansprobleme te ervaar nie. Die land se groeivermoë hang dus nou saam met sy posisie in die wêreld ekonomie. Daar word dan ook voortdurend betoog dat die

land sy internasionale mededingendheidsposisie moet verbeter ten einde sy sosio-ekonomiese probleme by te lê.

Gedurende die afgelope dekade of twee het die wêreld ekonomie in vele opsigte ingrypend verander. Die deregulering van die wêreld se geld- en kapitaalmarkte na die koms van die swewende wisselkoersstelsel in die vroeg sewentigerjare word oor die algemeen beskou as waarskynlik die belangrikste enkele verandering sedert die Tweede Wêreldoorlog, veral vanweë sy invloed op die integrasie van die verskillende lande se markte tot 'n enkel globaal dinamiese mark. Dié verloop van sake het gepaard gegaan met 'n beduidende verandering in die aard en die omvang van die vloei van fondse tussen lande.

Anders as wat algemeen verwag is, word die swewende wisselkoersstelsel gekenmerk deur betreklike onstabiele en volatiele wat die eksterne waarde van lande se rekeneenhede betref. In weerwil van die beëindiging van die vaste wisselkoersstelsel, wat in wese 'n dollarstelsel was, is die VSA-dollar steeds die toonaangewende rekeneenheid in die internasionale monetêre stelsel. Die dollar se aandeel in die wêreld se valutareserwes is bykans 60 persent. Die dollar speel dan ook 'n sleutelrol in die verhandeling van valuta en die termynmarkte. Die dollar is dan ook steeds verreweg dié toonaangewende rekeneenheid in die internasionale handel. Die onstabiele en volatiele wat die eksterne waarde van lande se rekeneenhede betref, kan deels toegeskryf word aan die feit dat die gemeenskaplike noemer van die stelsel, die VSA-dollar, se waarde dikwels self van dag tot dag wissel in terme van die ander rekeneenhede.

Die onstabiele en volatiele gedrag van die wisselkoerse skep dikwels lastige vraagstukke wat die ekonomiese verkeer tussen lande betref, veral ten opsigte van die momente van vereffening en die uitkoms van langtermynkontrakte. 'n Ontwikkelende land soos Suid-Afrika se internasionale handel word hoofsaaklik in ander rekeneenhede gedenomineer. Dié lande se uitvoerhandel geskied hoofsaaklik in dollar. 'n Land soos Suid-Afrika is dus meer gevoelig vir valutarisiko's as die ontwikkelde lande wie se uitvoerhandel gewoonlik in plaaslike rekeneenhede gedenomineer word.

Afgesien van die dag-tot-dag volatiliteit, is die swewende wisselkoersstelsel oor die langtermyn tot oor- of onderwaardasie geneig. Die onstabieleit en volatiliteit van die wisselkoers is egter nie slegs beperk tot voortdurende veranderinge in die nominale waarde van die rekeneenhede nie. Die volatiliteit is dikwels van so 'n aard dat die wisselkoers reël beïnvloed word.

Die invloed van die gedrag van die wisselkoers op die mededingingsposisie van lande, bedryfstakke en ondernemings is nie altyd duidelik nie. Skrywers huldig dikwels uiteenlopende standpunte oor dié invloed van die wisselkoers. Gedurende die middel tagtigerjare was Drucker¹ van mening dat die gedrag van die wisselkoers van die belangrikste rekeneenhede, 'n belangrike "comparative cost advantage" faktor is, waarvoor ondernemings geen beheer het nie. In die middel negentigerjare het hy egter die mening gehuldig dat die relatiewe belangrikheid van die wisselkoers in die internasionale handel afgeneem het.² Laasgenoemde standpunt word gesteun deur skrywers soos Krugman³ en Porter⁴. Volgens hulle kan die grootste gedeelte van die vloei van goedere oor landsgrense nie aan die hand van die tradisionele komparatiewe kostevoordeelteorie verklaar word nie.

2. Metode van ondersoek

Soos aangedui is onder die probleemstelling is die oogmerk met hierdie proefskrif hoofsaaklik om ondersoek in te stel na die invloed van die VSA-dollar op die mededingende voordeel van Suid-Afrika.

Die teorie van 'n land se mededingingsposisie in die wêreldmark word in Hoofstuk II ondersoek. In Hoofstuk III word gekyk na die belangrikheid van die VSA-dollar as gemeenskaplike noemer van die internasionale monetêre stelsel. Die gedrag van die

¹ Drucker, P.F., *The Frontiers of Management*, Londen, 1986, p. 43.

² Drucker, P.F., *Managing in A Time of Great Change*, New York, 1995, p. 200.

³ Krugman, P.R., *Exchange Rate Instability*, Londen, 1993, p. 40.

⁴ Porter, M.E., *The Competitive Advantage of Nations*, Londen, 1990, p. 5.

dollarwisselkoers en die redes vir dié gedrag word beskou. In Hoofstuk IV word dan ook gekyk na die invloed van die VSA-dollar op Suid-Afrika se mededingendheid. In Hoofstuk V word gekyk na die moontlike toekomstige gevolge van die dollarwisselkoers vir die eksterne mededingingsposisie van Suid-Afrikaanse ondernemings. Die bevindinge van die ondersoek word in Hoofstuk VI saamgevat.

---o0o---



Hoofstuk II

Teorie van 'n Land se Mededingingsposisie

1. Inleiding

Die oogmerk met hierdie hoofstuk is om die teorie van 'n land se mededingingsposisie in die wêreldmark te ondersoek ten einde meer insig te kry in die faktore en omstandighede wat die posisie bepaal.

Daar bestaan nie 'n eenvoudige teorie van 'n land se mededingendheid nie. Trouens, Cohen ¹ laat hom soos volg uit oor die literatuur wat oor 'n land se mededingendheid ("competitiveness") bestaan: "...the abundance of conflicting arguments, along with the lack of rigorous methodological standards to sort them out, have created a situation in which the vast bulk of the literature is so contradictory that it collectively cancels itself out as a contributor of definite insights or as a major step toward consensus. At best the literature might be viewed as a metaphor for the unusual complexity and numerous imponderables of the subject. At worst, the widespread failure to acknowledge the difficult necessity of trying to assess, weight and integrate the range of operational definitions of competitiveness suggests either inattention to the scientific method or the prevalence of ideological arguments."

2. Die begrip mededingendheid van 'n land

Volgens die Webster New Dictionary of the English Language is daar 'n verwantskap tussen die begrippe mededingendheid en mededinging. Mededinging word soos volg

¹ Cohen, S.D., "Does the United States Have An International Competitiveness Problem?" in Rapkin, D.P. en Avery, W.P. (Red.), *National Competitiveness in a Global Economy*, Londen, 1995, p. 21.

gedefinieer: "The act of competing, mutual contest or striving for the same object." Die Grolier International Dictionary wys daarop dat mededingendheid op 'n betrokkenheid in mededinging dui. Mededingendheid word dus bepaal deur mededinging. Volgens die Grolier International Dictionary beteken die begrip mededinging die volgende: "A striving or vying with another for profit, price, position or the necessities of life. The rivalry between two or more businesses striving for the same customer, or market."

Die begrip mededingendheid van 'n onderneming is betreklik voor die hand liggend wat sy betekenis betref. Buckley, Pass en Presscott² laat hulle soos volg oor die betekenis van die begrip mededingendheid van 'n onderneming uit: "Competitiveness may be defined as the ability of a firm to meet and beat its rivals in supplying a product on a sustainable (long-term) and viable (profitable) basis. In the international context this rules out, for example, short term 'dumping' where market share is 'bought' by selling the product at unprofitable prices. Competitive success is underpinned by the possession of firm specific advantages over rival suppliers. These are of two main types - low costs and product differentiation." 'n Onderneming wat nie mededingend is nie, sal met verloop van tyd sy marktaandeel verloor en gedwing word om bedrywighede te staak.

Dollar en Wolff³ wys daarop dat die begrip mededingendheid veral van toepassing is in die geval van ondernemings in 'n bepaalde bedryfstak. Duitse ondernemings word gesien as mededingend in die vervaardiging van motors, chemikalieë en drukmasjiene. Italiaanse ondernemings weer is veral mededingend in die vervaardiging van skoesel en keramiek teëls en Switserse ondernemings in die lekkergoed- en farmaseutiese bedrywe. 'n Maatstaf vir die mededingendheid van ondernemings in 'n bepaalde bedryfstak is hulle relatiewe marktaandeel.

² Buckley, P.J., Pass, C.L. en Presscott, K., "Foreign Market Strategies and Competitiveness", *Journal of General Management*, Winter 1991, p. 34.

³ Dollar, N. en Wolff, E.N., *Competitiveness, Convergence, and International Specialization*, Cambridge, 1995, p. 2.

Die begrip internasionale mededingendheid van 'n land is egter meer problematies. Dié begrip is betreklik dubbelsinnig wat sy betekenis betref. Daar is talle uiteenlopende menings oor die betekenis van die begrip mededingendheid van 'n land.⁴

Skrywers soos Porter⁵, Dollar en Wolff⁶ wys daarop dat geen land in al sy bedrywe mededingend is nie.

Ohmae⁷ verwys na die “borderless world of economic activity around the globe”. Hy is van mening dat lande as sulks hulle rol as betekenisvolle eenhede in die sogenaamde grenslose wêreld verloor het. Kan 'n motor wat onder die Amerikaanse vlag verkoop word, werklik getipeer word as 'n Amerikaanse produk as die meeste van sy onderdele in ander lande vervaardig word? Hughes⁸ wys daarop dat: “The international links of firms break any simple relationship between the competitiveness of firms and the competitiveness of countries. Thus, in the presence of internationalisation of firms and markets, the common presumption that the competitiveness of an economy depends in a simple way on the competitiveness of firms of its nationality, is no longer valid.”

Volgens die International Institute for Management Development kan die mededingendheid van 'n land soos volg gedefinieer word: “Competitiveness is the ability of a country to create added value and thus increase national wealth by managing assets and processes, attractiveness and aggressiveness, globality and proximity, and by integrating these relationships into an economic and social model.”⁹

⁴ “Competitiveness exhibits all the features of an ‘essentially contested concept’: a profusion of meanings, with disagreement over which connotations are correct and over how to weight or combine them; difficulties in applying the concept, particularly in specifying the real world references that the concept denotes; and differences in how we appraise the concept insofar as conflicting values and divergent preferred outcomes are embedded in its use.” - Rapkin, D.P. en Strand, J.R., “Competitiveness: Useful Concept, Political Slogan or Dangerous Obsession”, in Rapkin, D.P. en Avery, W.P.(Red.), *National Competitiveness...*, op. cit., p. 2.

⁵ Porter, M. E., *The Competitive Advantage...*, op. cit., p. 5.

⁶ Dollar, D. en Wolff, E.N., *Competitiveness, Convergence...*, op. cit., p. 3.

⁷ Ohmae, K., *The End of the Nation State : The Rise of Regional Economies*, Trowbridge, 1995, p. 7.

⁸ Hughes, K., *European Competitiveness*, Cambridge, 1993, p. 2.

⁹ Garelli, S., “What is World Competitiveness?”, *World Competitiveness Yearbook 1996*, Lausanne, 1996, p. 6.

Volgens die Instituut word 'n land se "mededingendheid" aan die hand van die volgende gemeet:

- Die land se binnelandse ekonomiese prestasie.
- Internasionalisering, dit wil sê die aard en omvang van 'n land se betrokkenheid by die vloeï van goedere, dienste en kapitaal oor die landsgrense heen.
- Die aard en omvang van owerheidsbeleid.
- Finansies, dit wil sê die prestasies van die kapitaalmarkte en die kwaliteit van finansiële dienste.
- Die aard, omvang en doelmatigheid van die infrastruktuur.
- Die kwaliteit van bestuursvaardighede in die privaatsektor.
- Wetenskap en tegnologie.
- Die kwaliteit en beskikbaarheid van menslike hulpbronne.

Die Union Bank of Switzerland¹⁰ gebruik per capita inkome as 'n maatstaf vir lande se mededingendheid. Die bank wys daarop dat lande op talle wyses met mekaar meeding. Lande ding met mekaar mee om regtreekse buitelandse beleggings. Hulle ding ook mee om goedere en dienste in die wêreldmarkte. Lande ding veral mee vir opgeleide en gespesialiseerde mannekrag. Volgens die bank is die onderlinge mededinging tussen lande hoofsaaklik daarop gemik om die welvaart van hulle inwoners te verhoog.

Soos aangehaal deur Hickman¹¹, definieer Landau mededingendheid soos volg: "What we should mean by competitiveness, and thus by the principal goal of our economic policy, is the ability to sustain in a global economy, an acceptable growth in the real standard of living of the population with an acceptably fair distribution, while efficiently providing employment for substantially all who can and wish to work, and doing so without reducing the growth potential in the standard of living of future generations."

¹⁰ Union Bank of Switzerland, "International Competitiveness Revisited", *UBS International Finance*, Winter 1996, p. 2.

¹¹ Hickman, B.G., *International Productivity and Competitiveness*, New York, 1992, p. 6.

Soos aangehaal deur Rapkin en Strand¹², definieer die Amerikaanse president se “Commission on Industrial Competitiveness” die mededingendheid van ‘n land soos volg: “A nation’s competitiveness is the degree to which a nation can, under free and fair market conditions, produce goods and services that meet the test of international markets, while simultaneously expanding the real incomes of its citizens.”

Skrywers soos Porter¹³, Krugman¹⁴, Dollar en Wolff¹⁵ bevestig egter die gebruik van die begrip mededingendheid wat lande betref. Porter¹⁶ wys daarop dat: “We must abandon the whole notion of a ‘competitive nation’ as a term having much meaning for economic prosperity. The principal economic goal of a nation is to produce a high standard of living for all its citizens. The ability to do so depends not on the amorphous notion of ‘competitiveness’ but on the productivity with which a nation’s resources (labor and capital) are employed.”

Ten spyte daarvan dat hulle die gebruik van die begrip mededingendheid in die geval van ‘n land bevestig, is Dollar en Wolff¹⁷ van mening dat die begrip steeds gereedelik in openbare debatvoering gebruik sal word. Die skrywers definieer derhalwe ‘n mededingende land as ‘n land wat gekenmerk word deur relatief hoë lone en inkomste en terselfdertyd suksesvol is in die internasionale handel. Volgens hulle, is produktiwiteit die mees geskikte maatstaf vir die meet en beoordeling van die mededingendheid van ‘n land.

Krugman¹⁸ verwys spesifiek na die besorgdheid wat dikwels oor ‘n land se internasionale mededingendheid uitgespreek word. Hy wys daarop dat ‘n land se mededingendheid dikwels beskou word as soortgelyk aan die mededingendheid van ‘n onderneming. Die kommer bestaan dan ook dikwels dat ‘n land wat nie internasionaal

¹² Rapkin, D.P. en Strand, J.R., “Competitiveness : Useful Concept....”, op. cit., p.2.

¹³ Porter, M.E., *The Competitive Advantage*, op. cit., p. 3.

¹⁴ Krugman, P. R., *The Age of Diminished Expectations : U.S. Economic Policy in the 1990s*, Cambridge, 1994, p. 16.

¹⁵ Dollar, D. en Wolff, E.N., *Competitiveness, Convergence*..., op. cit., p. 3.

¹⁶ Porter, M.E., *The Competitive Advantage*....., op. cit., p. 6.

¹⁷ Dollar, D. en Wolff, E.N., *Competitiveness, Convergence*..., op. cit., p. 3.

¹⁸ Krugman, P.R., “Economic Competitiveness: Myths and Realities” in *Dialogue*, 1992, p. 4.

kan meeding nie, ekonomies agteruit sal gaan. Hy is van mening dat : “International competition does not put countries out of business. There are strong equilibrating forces that normally ensure that any country remains able to sell a range of goods in world markets, and to balance its trade on average over the long run, even if its productivity, technology, and product quality are inferior to those of other countries.” Volgens Krugman¹⁹ is die handel tussen lande nie ‘n zero-som spel waar een land se wins ‘n ander land se verlies is nie. “It is a positive-sum game, which is why the word competitiveness can be dangerously misleading when applied to international trade.”

Krugman²⁰ bevraagteken die definisie van die Amerikaanse “Commission for Industrial Competitiveness”, naamlik : “A nation’s competitiveness is the degree to which a nation can, under free and fair market conditions, produce goods and services that meet the test of international markets, while simultaneously expanding the real incomes of its citizens.” Hy wys daarop dat ekonomiese welvaart in ‘n land soos die VSA met sy betreklik geslote ekonomie hoofsaaklik afhang van binnelandse faktore en meer spesifiek produktiwiteitsgroei. “That is domestic productivity growth - not productivity growth relative to other countries. In other words, for an economy with very little international trade, ‘competitiveness’ would turn out to be a funny way of saying ‘productivity’ and would have nothing to do with international competition.”

Talle lande word gekenmerk deur relatief oop volkshuishoudings, dus betreklike groot betrokkenheid by die vloei van goedere en dienste oor die nasionale grense heen. Dié lande se prestasie in die internasionale handel is dikwels ‘n bepalende faktor wat hulle ekonomiese welvaart betref.

‘n Mededingende land word dikwels geag ‘n land te wees met ‘n relatiewe groot aandeel in die uitvoermark. ‘n Kleiner aandeel in die uitvoermark beteken egter nie noodwendig dat ‘n land minder mededingend geraak het nie. Corden²¹ wys daarop dat

¹⁹ Idem, p. 5.

²⁰ Krugman, P.R., “Competitiveness : A Dangerous Obsession”, *Foreign Affairs*, Maart/April 1994, p. 32.

²¹ Corden, W.M., *Economic Policy, Exchange Rates and the International Monetary System*, Oxford, 1994, p. 277.

lande soos die VSA en Brittanje oor die afgelope paar dekades “...lost market shares because other countries were catching up. This did not necessarily damage these leading countries - which were also the slower ones - and, indeed they may have benefited through improved terms of trade.”

Die afleiding word soms gemaak dat ‘n land wat onder normale omstandighede ‘n surplus op die lopende rekening van die betalingsbalans het ‘n mededingende land is. Die aard van die betalingsbalans kan dus ‘n beperkende invloed op ‘n land se ekonomiese groeivermoë hê. Ten tye van ‘n ekonomiese opswaai mag sommige lande betalingsbalansprobleme van so ‘n omvang ervaar dat die binnelandse vraag gedemp moet word. Fagerberg²² definieer dan ook ‘n mededingende land as ‘n land wat in staat is om ‘n hoë ekonomiese groeikoers te handhaaf sonder om betalingsbalansprobleme te ervaar.

Volgens Nielsen, Madsen en Pedersen²³ is daar ‘n verwantskap tussen ‘n land se mededingendheid en sy ruilvoet, dit wil sê die verhouding van sy uitvoerpryse tot sy invoerpryse. “Whether an improvement in competitiveness yields improved terms of trade depends on whether the import price falls more than the export price, and this depends on the demand and supply elasticities of exports and imports.” ‘n Nie-mededingende land word geag ‘n land te wees waarvan die ruilvoet verswak as gevolg van skerper internasionale mededinging.²⁴

Volgens The Economist²⁵ word die mededingendheid van ‘n land bepaal deur relatiewe prys- en kosteveranderinge nadat vir wisselkoersbewegings voorsiening gemaak is.²⁶

²² Fagerberg, J., “International Competitiveness”, *The Economic Journal*, Junie 1988, p. 355.

²³ Nielsen, J.U., Madsen, E.S. en Pedersen, K., *International Economics : The Wealth of Open Nations*, Londen, 1995, p. 184.

²⁴ Corden, W.M., *Economic Policy.....*, op. cit., p. 277.

²⁵ The Economist, *Guide to Economic Indicators : Making Sense of Economics*, Londen, 1994, p. 154.

²⁶ “For example, if prices increase by 4% in Germany and 6% in America, American competitiveness appears to have fallen by 2%. However, if over the same period the dollar fell by 3%, overall American competitiveness has actually improved by 1%.” - Idem, p. 11.

'n Land se mededingendheid in die wêreldmark hang per definisie dus van die reële wisselkoersbewegings af. Die meting van die reële wisselkoers is egter nie eenvoudig nie. Die Economist²⁷ laat hom soos volg uit oor die meting van die reële wisselkoers: "Governments and businessmen are always fretting about whether their countries' products are internationally competitive. But how should competitiveness - i.e. the real exchange rate - be measured? Which index of inflation should be used to deflate the nominal exchange rate? The IMF calculates no fewer than six different measures of the real exchange rate based on : unit labour costs, 'normalised' unit labour costs (i.e. after adjusting for the effect of the economic cycle), consumer prices, wholesale prices, the value-added deflator in manufacturing, and export prices. They often tell different stories."

Edwards²⁸ wys daarop dat die reële wisselkoers van 'n land soms soos volg gedefinieer word:

$$e = P_T/P_N$$

waar die volgende betekenisse aan die parameters geheg word:

- e - die reële wisselkoers;
- P_T - die prys van "tradables" uitgedruk in die plaaslike rekeneenheid;
- P_N - die prys van "non-tradables".

Volgens Edwards²⁹ dui 'n reële wisselkoersappresiasie op 'n styging in die koste om "tradable goods" te vervaardig. Indien die relatiewe pryse in die res van die wêreld nie verander nie, is 'n appresiasie in die reële wisselkoers aanduidend van 'n verswakking in 'n land se mededingendheid. "The country now produces tradable goods in a relatively (that is relative to the rest of the world) less efficient way than before."³⁰ Interessant is sy siening, naamlik : "Although there are other indexes of a country's

²⁷ *The Economist*, "How Cheap is a Piece of String?", 20 Januarie 1996, p. 75.

²⁸ Edwards, S., *Real Exchange Rates, Devaluation, and Adjustment*, Londen, 1989, p. 5.

²⁹ Idem, p. 5.

³⁰ Idem, p. 5.

international degree of competitiveness, such as unit labor costs, these alternative indexes are usually unreliable in the case of developing countries.”³¹

3. McCombie en Thirwall se betalingsbalansbeperkingsteorie as verklarend van die groeidifferensiaal tussen lande³²

Volgens die neoklassieke groeiteorie verskil die ekonomiese groeivermoëns van lande hoofsaaklik om twee redes. Eerstens, verskil die aard, omvang en groeikenmerke van produksiefaktore tussen lande. Tweedens, verskil lande ten opsigte van die doelmatigheid waarmee hulle die produksiefaktore benut.

Die Neoklassieke verklaar egter nie waarom die tempo waarteen produksiefaktore toeneem tussen lande verskil nie. Die teorie verklaar ook nie die produktiwiteitsverskille tussen lande nie. Volgens McCombie en Thirwall³³ kan verskille in die tempo waarteen produksiefaktore groei asook produktiwiteitsverskille tussen lande, toegeskryf word aan die feit dat lande verskil wat die aard en omvang van hulle vraag betref. Die groeiverskille in lande se binnelandse vraag kan toegeskryf word aan faktore wat die groei van die vraag knel. Die aard en omvang van die lopende rekening van die betalingsbalans is die belangrikste enkel faktor wat die groei in die binnelandse vraag kan beperk. “If a country gets into balance of payments difficulties as it expands demand before the short-term capacity growth is reached, then demand must be curtailed; supply is never fully utilised; investment is discouraged; technological progress is slowed down, and a country’s goods compared with foreign goods become less desirable so worsening the balance of payments still further, and so on. A vicious circle is started. By contrast, if a country is able to expand demand up to the level of existing productive capacity, without balance-of-payments difficulties

³¹ Idem, p. 5.

³² Die volgende paar bladsye is hoofsaaklik gebaseer op McCombie, J.S.L. en Thirwall, A.P., *Economic Growth and the Balance-of-Payments Constraint*, Basingstoke, 1994.

³³ Idem, p. 232.

arising, the pressure of demand upon capacity may well raise the capacity growth rate."³⁴

McCombie en Thirwall³⁵ stel ewewig in die lopende rekening van die betalingsbalans soos volg voor:

$$P_d X = P_f M E$$

waar die volgende betekenis aan die parameters geheg word:

- X - die hoeveelheid uitvoer;
- P_d - die prys van uitgevoerde goedere in die plaaslike rekeneenheid;
- P_f - die prys van ingevoerde goedere in die buitelandse rekeneenheid;
- E - die wisselkoers.

In 'n snelgroeiende ekonomie is 'n voorwaarde vir ewewig in die betalingsbalans dus dat die groei in die waarde van die uitvoer oor die langtermyn gelyk moet wees aan die groei in die invoerwaarde. Die hoeveelheid goedere wat 'n land uitvoer hang af van faktore soos die prys van die uitvoer, die prys van substitute (uitgedruk in die land se rekeneenheid) en die aard en omvang van die wêreldinkome. Die hoeveelheid goedere wat 'n land invoer hang af van invoerpryse (in die plaaslike rekeneenheid), plaaslike inkome en die prys van substitute vir ingevoerde goedere. :

McCombie en Thirwall³⁶ wys daarop dat 'n hoër inflasiedifferensiaal in 'n land, relatief tot ander lande, sy betalingsbalansewewigsgroeikoers verlaag, mits die som van die pryselastisiteite van die invoer en uitvoer groter as 1 is. 'n Steekhoudende devaluasie of depresiasie sal die betalingsbalansewewigsgroeikoers verhoog indien die som van die pryselastisiteite van die invoer en die uitvoer groter as 1 is. 'n Styging in die tempo waarteen die wêreldinkome groei, sal tot gevolg hê dat 'n land se betalingsbalansewewigsgroeikoers styg. Die wêreldinkome-elasiteit van die vraag na die land se uitvoer is bepalend vir die koers. Hoe hoër die inkome-elasiteit van die vraag na invoer, hoe laer is die betalingsbalansewewigsgroeikoers. "The balance-

³⁴ Idem, p. 233.

³⁵ Idem, p. 234.

³⁶ Idem, p. 235.

of-payments equilibrium growth rate can be raised by making exports more attractive and by reducing the income elasticity of demand for imports.”

Hulle neem aan dat die relatiewe pryse tussen lande, gemeet aan die hand van 'n gemeenskaplike rekeneenheid, konstant bly.³⁷ Die betalingsbalansewewigsgroei koers word dus bepaal deur die tempo waarteen die uitvoervolume groei asook die inkomelastisiteit van die vraag na ingevoerde goedere. Die verband word soos volg voorgestel:

$$Y_b = x / \pi$$

waar die volgende betekenis aan die parameters geheg is:

Y_b - die betalingsbalansewewigsgroei koers;

x - die koers waarteen die uitvoervolume styg;

π - die inkomelastisiteit van die vraag na invoer.

Wisselkoersbewegings mag die betalingsbalansbeperking verlig. McCombie en Thirwall³⁸ is egter van mening dat relatiewe prysbewegings in die internasionale handel nie 'n doeltreffende meganisme is om 'n betalingsbalansbeperking op groei te verlig nie.

Buitelandse kapitaalinvloei mag die betalingsbalansbeperking ook verlig. McCombie en Thirwall³⁹ wys egter daarop dat die invloei van kapitaal daartoe kan lei dat die reële wisselkoers van die betrokke land appresieer.

Hulle laat hulle soos volg uit oor die redes waarom die betalingsbalansewewigsgroei koers tussen lande verskil : “This must be primarily associated with the characteristics of goods produced which determine the income elasticity of demand for

³⁷ “Many models and the empirical evidence suggest that over the long period movements in relative prices measured in a common currency are comparatively small.” - Idem, p. 236.

³⁸ Idem, p. 236.

³⁹ Idem, p. 245.

the country's exports and the country's propensity to import. For a country with a slow rate of growth of exports, combined with a relatively high income elasticity of demand for imports the message is plain : the goods produced by the country are relatively unattractive at home and abroad."⁴⁰

Uitvoergeleide groei word dus beskou as belangrik vir ekonomiese groei. Ekonomiese groei as gevolg van 'n hoë uitvoergroei koers voorkom dikwels betalingsbalansprobleme. Prysmededingendheid is 'n belangrike faktor wat 'n land se uitvoerprestasie betref. McCombie en Thirwall is egter van mening dat veral nie-prysmededingende faktore belangrik vir 'n land se betalingsbalansposisie is. "The success that a country has in overseas markets, and in competing with imports in its domestic markets, is primarily due to non-price competitiveness. This is reflected in such aspects as the degree of quality, delivery, servicing, and the reliability of goods and services."⁴¹

4. Tradisionele teorie van die internasionale handel as verklarend van 'n land se mededingendheid in die internasionale handel

Die tradisionele teorie van die internasionale handel, bekend as die teorie van die komparatiewe kostevoordeel, soos deur Ricardo geformuleer, is in wese 'n prysteorie. Volgens die teorie is die handel tussen lande hoofsaaklik die gevolg van prysverskille tussen hulle. Prysverskille hou hoofsaaklik verband met die vraag- en aanbodfaktore in die verskillende lande.

4.1 Adam Smith se teorie oor die absolute kostevoordeel van lande as verklarend van die internasionale handel

Adam Smith se absolute kostevoordeelteorie rus oorwegend op die arbeidswaardeleer, dus die siening dat arbeid die enigste werklike produksiefaktor is. Arbeid is

⁴⁰ Idem, p. 244.

⁴¹ Idem, p. 4.

homogeen. Die koste van 'n produk hang dus uitsluitlik af van die hoeveelheid arbeid wat gebruik word om hom te vervaardig.

Veronderstel dat 'n werker in die VSA 10 eenhede voedsel en 2 radio's kan produseer, vergeleke met die Duitse werker se 8 eenhede voedsel en 4 radio's. Die VSA het dus 'n absolute kostevoordeel in voedselproduksie, terwyl Duitsland 'n absolute kostevoordeel in die vervaardiging van radio's het.

Volgens die absolute voordeelteorie sal handel tussen lande plaasvind indien 'n land 'n absolute kostevoordeel in 'n bepaalde bedryf het. 'n Land sal spesialiseer in die vervaardiging van daardie goedere wat hy teen 'n absolute laer koste as 'n ander land kan produseer. 'n Land sal die kommoditeit waarin hy 'n absolute kostevoordeel het uitvoer en die kommoditeit waarin hy 'n absolute kostenadeel het, invoer.

4.2 Ricardo se komparatiewe kostevoordeelteorie as verklarend van die internasionale handel

Ricardo maak ook van twee lande en twee produkte gebruik. Volgens sy komparatiewe kosteteorie is daar geen beperking op die internasionale handel tussen die twee lande nie. Vervoerkoste speel nie 'n rol in sy teorie nie. Die verskynsel van konstante meeropbrengs doen hom voor in die produksie van goedere. Dieselfde tegnologie word tussen lande gebruik. Arbeid kan vrylik in 'n land, maar nie tussen lande beweeg nie. Soos in die geval van die absolute kostevoordeelteorie is Ricardo ook 'n voorstander van die arbeidswaardeleer. Die koste van die produk hang dus uitsluitlik af van die hoeveelheid arbeid wat gebruik word om hom te vervaardig.

Volgens die komparatiewe kostevoordeelteorie sal internasionale handel plaasvind selfs al het 'n land geen absolute kostevoordeel in 'n bepaalde bedryf nie. Veronderstel dat 'n werker in die VSA 10 eenhede voedsel en 2 radio's kan produseer, vergeleke met die Duitse werker se 2 eenhede voedsel en 1 radio. Die VSA het dus 'n absolute kostevoordeel in voedselproduksie sowel as in die vervaardiging van radio's. Die VSA

se absolute kostevoordeel is egter groter in die geval van voedselproduksie as in radio's. Die VSA het dus 'n komparatiewe kostevoordeel in voedselproduksie. Duitsland se absolute kostevoordeel is kleiner in die geval van die vervaardiging van radio's as in voedselproduksie. Duitsland het dus 'n komparatiewe kostevoordeel in die vervaardiging van radio's. 'n Land sal neig om te spesialiseer in die vervaardiging van daardie goed waarin hy 'n vergelykende kostevoordeel het. Die surplusgoedere van 'n land word verruil vir die goedere waarin hy 'n vergelykende kostevoordeel het.

4.3 Komparatiewe kostevoordeelteorie aan die hand van die wisselkoers

Ricardo en Smith fokus op reële faktore as verklarend van die internasionale handel. Ruilhandel word veronderstel. Internasionale handel vind egter hoofsaaklik deur middel van valutatransaksies plaas. The Economist⁴² is van mening dat "the exchange rate - the price of a currency in terms of others - is one of the most important prices in the economy, because it determines the relative prices of domestic and foreign goods."

Veronderstel dat die loon in die VSA \$20 per eenheid arbeid is. 'n Amerikaanse werker kan 10 eenhede voedsel produseer. Die totale koste om 10 eenhede voedsel in die VSA te produseer is dus \$20 en die eenheidskoste \$2. Indien die prys van 'n eenheid voedsel meer as \$ 2 is, sal die wins van ondernemings toeneem. Nuwe ondernemings sal dus tot die voedselbedryf toetree. Indien die prys van 'n eenheid voedsel minder is as \$2 sal sommige Amerikaanse voedselvervaardigers hulle bedrywighede staak. In die geval van volmaakte mededinging sal die ewewigsprys van 'n eenheid voedsel dus \$2 wees. Geen wins sal dus in die voedselbedryf gemaak word as die prys van 'n eenheid voedsel \$2 is nie. Veronderstel dat 'n Amerikaanse werker 2 radio's kan vervaardig. Die totale koste om 2 radio's te vervaardig is dus \$20. Volmaakte mededinging sal daartoe lei dat die prys van 'n radio \$10 is.

Veronderstel dat die loonkoers in Duitsland DM40 is. 'n Duitse werker kan een radio vervaardig. Indien geen internasionale handel plaasvind nie, sal die eenheidsprys van

⁴² *The Economist*, "A Much Devalued Theory", 20 Januarie 1996, p. 74.

'n radio in Duitsland DM40 wees. 'n Duitse werker kan twee eenhede voedsel produseer. Die eenheidsprys van voedsel in Duitsland is dus DM 20.

Die absolute pryse in Duitsland en die VSA kan egter nie vergelyk word sonder 'n wisselkoers nie. Soos uit tabel 1 gesien kan word, is sowel radio's as voedsel goedkoper in die VSA as in Duitsland indien die eksterne waarde van 'n VSA-dollar minder as DM 4 is. Indien die VSA-dollar vir minder as DM 4 sou verhandel, sal daar nie 'n vraag in die VSA na Duitse goedere wees nie. Slegs Amerikaanse goedere sal in aanvraag wees. Indien die eksterne waarde van 'n VSA-dollar meer as DM 10 is, sal radio's en voedsel goedkoper in Duitsland wees. Die vraag na Duitse radio's en voedsel sal dus groot wees. Daar sal geen vraag na Amerikaanse goedere wees nie. Die afleiding kan dus gemaak word dat daar onewewig in die mark is as die eksterne waarde van die VSA-dollar minder as DM 4 en meer as DM 10 is. Dié toedrag van sake lei daartoe dat relatiewe lone en/of die wisselkoers moet aanpas.

Veronderstel dat die Amerikaners slegs dollar en die Duitsers slegs mark besit. In die geval waar die eksterne waarde van 'n VSA-dollar DM 1 is, sal die Duitsers se vraag na Amerikaanse dollar groot wees. Duitse mark sal egter nie in aanvraag by die Amerikaners wees nie. Aangesien goedere goedkoper in die VSA as in Duitsland is, sal die vraag na VSA-dollar toeneem. In hulle poging om VSA-dollars te bekom, sal die Duitsers bereid wees om meer as DM 1 vir 'n Amerikaanse dollar te betaal. Die groter vraag na dollars sal meebring dat die prys van dollar in terme van Duitse mark toeneem. Die toedrag van sake lei tot 'n appresiasie van die VSA-dollar en 'n depresiasie van die Duitse mark. Indien die eksterne waarde van 'n VSA-dollar 5 Duitse mark is, sal Duitse radio's en Amerikaanse voedsel in aanvraag wees. Die VSA sal dus voedsel na Duitsland uitvoer, terwyl Duitsland radio's na die VSA sal uitvoer. Indien 1 VSA-dollar vir meer as DM 10 verruil, sal die vraag na Duitse mark toeneem. Gevolglik sal die eksterne waarde van die Duitse mark appresieer. 'n Ewewigswisselkoers⁴³ sal ontstaan indien 1 VSA-dollar vir tussen DM 4 en DM 10 verhandel.

⁴³ Die ewewigswisselkoers is die koers waarteen die hoeveelheid dollar gevra gelyk is aan die hoeveelheid dollar aangebied.

Tabel 1 Komparatiewe Kostevoordeelteorie aan die Hand van die Wisselkoers

Land	Prys van radio's	Prys van voedsel
VSA	\$10	\$2
Duitsland (Wisselkoers : 1DM=\$1)	\$40	\$20
(Wisselkoers : 2DM=\$1)	\$20	\$10
(Wisselkoers : 3DM=\$1)	\$13.30	\$6.66
(Wisselkoers : 4DM=\$1)	\$10	\$5
(Wisselkoers : 5DM=\$1)	\$8	\$4
(Wisselkoers : 6DM=\$1)	\$6.66	\$3.33
(Wisselkoers : 7DM=\$1)	\$5.70	\$2.80
(Wisselkoers : 8DM=\$1)	\$5	\$2.5
(Wisselkoers : 9DM=\$1)	\$4.44	\$2.22
(Wisselkoers : 10DM=\$1)	\$4	\$2

In die geval van 'n vaste wisselkoersstelsel sal die loon moet aanpas. Veronderstel dat die loon in die VSA \$20 en in Duitsland DM40 per werker is. Soos vroeër gesien is, sal niemand belangstel om Duitse goedere te koop indien die eksterne waarde van 'n Amerikaanse dollar 1 Duitse mark is nie. Indien internasionale handel toegelaat word, sal die vraag van die Amerikaners sowel as die Duitsers na Amerikaanse goedere toeneem. Die loonvlak in die VSA sal dus toeneem en pryse sal in die VSA styg. Die swak vraag na Duitse goedere sal meebring dat lone en pryse in Duitsland daal. Lone en pryse in die VSA en Duitsland sal bly verander totdat ewewig in die mark herstel is. Veronderstel dat lone in die VSA tot \$40 per werker styg. Indien die loonkoers in die VSA \$40 is, is die koste om 'n eenheid voedsel te produseer \$4. Die koste om 'n radio in die VSA te produseer, beloop \$10. Veronderstel dat lone in Duitsland tot DM 20 daal. Die koste om 'n eenheid voedsel in Duitsland te vervaardig is dus DM 10. Die koste om 'n radio te vervaardig is DM 20. Indien die eksterne waarde van 'n dollar 1 Duitse mark is, sal die VSA spesialiseer in die vervaardiging van voedsel en Duitsland in die vervaardiging van radio's.

Onder 'n swewende wisselkoersstelsel kom wisselkoersveranderings vry algemeen voor as substituuat vir loonveranderings. Veronderstel dat die Duitse vakbonde se eise om hoër lone toegestaan word. Hoër lone kan daartoe lei dat pryse styg sodat Duitsland se mededingendheidsposisie verswak. Die depresiasie van die eksterne waarde van die Duitse mark sal die invloed van die hoër lone op die pryse in Duitsland grootliks neutraliseer. 'n Depresiasie mag daartoe lei dat die Duitse vakbonde hoër lone eis. Indien die vakbonde suksesvol is, kan die verbetering in die land se mededingendheidsposisie geneutraliseer word.

'n Land se arbeidskoste, vergeleke met dié van ander lande, word dus deur die wisselkoers, dit wil sê die eksterne waarde van sy rekeneenheid, bepaal. Fagerberg⁴⁴ tref 'n onderskeid tussen die arbeidseenheidskoste en die relatiewe arbeideenheidskoste in 'n land. Die arbeidseenheidskoste is die verhouding tussen die land se arbeidskoste teen heersende pryse en sy bruto binnelandse produk teen konstante pryse. Die relatiewe arbeidseenheidskoste van 'n land is sy "unit labour costs converted to an international currency and divided by the average unit labour cost for the country's trading partners." Volgens Fagerberg is die relatiewe arbeidseenheidskoste een van die mees populêre maatstawwe van 'n land se internasionale mededingendheid. 'n Land se relatiewe arbeidseenheidskoste sal styg as sy arbeidskoste, uitgedruk in die plaaslike rekeneenheid, vinniger styg as dié van ander lande. Indien die produktiwiteitsgroei van 'n land laer is as dié van ander lande, sal sy relatiewe arbeidseenheidskoste styg. Die relatiewe arbeidseenheidskoste van 'n land sal toeneem as die eksterne waarde van sy rekeneenheid styg, dit wil sê as sy wisselkoers appresieer.

Daar word dikwels betoog dat 'n styging in die relatiewe arbeidseenheidskoste van 'n land vir hom nadelig is. 'n Styging in die relatiewe arbeidseenheidskoste mag meebring dat die land se relatiewe markaandeel verminder. Die styging in die relatiewe arbeidseenheidskoste kan dus ekonomiese groei knel. Fagerberg⁴⁵ is egter van mening dat die relatiewe arbeidseenheidskoste nie 'n geskikte maatstaf is vir die meet en boordeling van 'n land se mededingendheid nie. Hy wys daarop dat sommige lande se

⁴⁴ Fagerberg, J., "International Competitiveness...", op. cit., p. 355.

⁴⁵ Idem, p. 355.

relatiewe buitelandse markaandeel toeneem ten spyte daarvan dat die lande se relatiewe arbeidseenheidskoste styg.

Drucker⁴⁶ is van mening dat : “....low labor costs are likely to become less and less of an advantage in international trade, simply because in the developed countries they are going to account for less and less of total costs. But also, the total costs of automated processes are lower than even those of traditional plants with low labor costs, mainly because automation eliminates the hidden but very high costs of ‘not working’, such as the costs of poor quality and of rejects, and the costs of shutting down the machinery to change from one model of a product to another.....some highly automated textile mills in the Carolinas can underbid imports from countries with very low labor costs, for example Thailand. Conversely, in producing semiconductors, some American companies have low labor costs because they do the labor-intensive work offshore, for instance, in West Africa. Yet they are the high cost producers, with the heavily automated Japanese easily underbidding them, despite much higher labor costs.”

Volgens Drucker⁴⁷ is die feit dat lae arbeidskoste nie langer ‘n mededingende voordeel verseker nie ‘n positiewe ontwikkeling vir lande soos die VSA. “For the Third World, and especially for the rapidly industrializing countries - Brazil, for instance, or South Korea or Mexico - it is however, bad news.” Volgens hom beteken die feit dat lae arbeidskoste minder belangrik geword het, nie dat produktiwiteit ook minder belangrik geword het nie, “....indeed it matters increasingly.”⁴⁸

4.4 Haberler se geleentheidskosteteorie as verklarend van ‘n land se komparatiewe kostevoordeel

Die arbeidswaardeleer waarop Smith en Ricardo se teorieë gebaseer is, is ‘n vereenvoudiging van die werklikheid omdat arbeid nie die enigste produksiefaktor is nie en ook nie homogeen is nie. Die neiging van arbeid tot differensiasie is die gevolg

⁴⁶ Drucker, P.F., *The Frontiers of*, op. cit., p. 36.

⁴⁷ Idem, p. 37.

⁴⁸ Drucker, P.F., *Managing for the Future.....*, op. cit., p. 52.

van verskille in opleiding en opleidingsvatbaarheid, lone en uiteindelik produktiwiteit, wat 'n funksie van die tegnologie is. Die prys van 'n produk hang dus nie uitsluitlik af van die hoeveelheid arbeid wat gebruik word om dit te vervaardig nie. Drucker⁴⁹ wys daarop dat : “The costs of the semiconductor microchip are about 70 percent knowledge and no more than 12 percent labor. Similarly, of the manufacturing costs of prescription drugs, ‘labor’ represents no more than 10 or 15 percent, with knowledge - research, development, and clinical testing - representing almost 50 percent.” Die arbeidswaardeleer kan dus nie gebruik word om die komparatiewe kostevoordeel van 'n land te verklaar nie.

Salvatore⁵⁰ is van mening dat 'n land se komparatiewe kostevoordeel aan die hand van Haberler se geleentheidskosteteorie verklaar moet word. Geleentheidskoste is die waarde van die alternatiewe goed wat verbeur word indien 'n addisionele eenheid van die goed geproduseer word. Die geleentheidskoste van 'n kommoditeit weerspieël dus sy relatiewe prys. Chacoliades⁵¹ laat hom soos volg oor Haberler se geleentheidskosteteorie uit: “The crucial point to remember is that once comparative cost is defined in terms of opportunity cost, which reflects foregone production of other commodities, it makes no difference whether commodities are actually produced by labor alone.” Die geleentheidskosteteorie bring dus mee dat die arbeidswaardeleer laat vaar kan word sonder om die geldigheid van Ricardo se komparatiewe kostevoordeelteorie te beïnvloed.

Die geleentheidskosteteorie word uiteengesit aan die hand van die produksiemoontlikheidskrommes. Die krommes weerspieël die verskillende kombinasies van goedere wat 'n land kan produseer gegewe sy produksiefaktore en produksiefunksie, dus die stand van sy tegnologie. Konstante geleentheidskoste in 'n land word veronderstel. Dieselfde hoeveelheid van een goed moet dus opgegee word om 'n addisionele goed te produseer. Die produksiemoontlikheidskromme vorm dus 'n reguit lyn ten opsigte van die oorsprong. Omdat die geleentheidskoste tussen lande egter verskil, verskil die relatiewe kommoditeitspryse tussen lande. Die verskille in

⁴⁹ Drucker, P.F., *The Frontiers...*, op. cit., p. 33.

⁵⁰ Salvatore, D., *International Economics*, Englewood Cliffs, 1996, p. 37.

⁵¹ Chacoliades, M., *Principles of International Economics*, New York, 1981, p. 27.

geleentheidskoste weerspieël dus lande se komparatiewe kostevordele. Die verskille in lande se relatiewe kommoditeitspryse lei tot internasionale handel. Die omstandighede onderliggend aan die verskille is belangrik wat die meting en die beoordeling van die mededingendheid tussen lande betref.

Sonder internasionale handel sal 'n land aangewys wees op die verbruik van slegs die goedere wat hy met sy besondere faktorbegaaftedheid kan produseer. Sy produksie-moontlikheidskromme is dus ook sy verbruiksmoontlikheidskromme. 'n Land se verbruik en produksie hang dus van sy besondere binnelandse vraagpatrone af. Internasionale handel het tot gevolg dat 'n land sal spesialiseer in die vervaardiging van die goedere waarin hy 'n komparatiewe kostevordeel het. Die goed word verruil vir die goed ten opsigte waarvan hy 'n komparatiewe kostenadeel het.

Konstante geleentheidskoste is egter 'n vereenvoudiging van die werklikheid. Dalende en stygende geleentheidskoste kom dikwels in lande voor.

4.5 Die Heckscher-Ohlinteorie van faktorverskille as verklarend vir die komparatiewe kostevordeel van 'n land

Die Heckscher-Ohlinteorie maak ook van twee lande en twee kommoditeite gebruik. Anders as in die geval van Smith en Ricardo se teorieë van die internasionale handel, maak die Heckscher-Ohlinteorie egter van twee produksiefaktore, naamlik arbeid en kapitaal, gebruik. Produksiefaktore is mobiel binne die grense van 'n land, maar nie oor die landsgrense heen nie. Geen vervoerkoste en ander beperkings op die internasionale handel doen hulle voor nie. Volmaakte mededinging heers in die kommoditeits- en faktormarkte. Die produksiefunksies verskil van kommoditeit tot kommoditeit maar nie tussen lande nie. Die produksiefunksies is homogeen tot die eerste graad vir 'n bepaalde kommoditeit. Dieselfde tegnologie word tussen lande gebruik. Die verbruikersvoorkeure en -inkome verskil nie tussen lande nie. Die verskynsel van konstante meeropbrengs doen hom in die vervaardiging van produkte voor.

Volgens die Heckscher-Ohlinteorie sal 'n land met 'n surplus aan kapitaal relatief tot arbeid 'n kostevoordeel hê wat die vervaardiging van kapitaalintensiewe goedere betref. 'n Land met 'n surplus aan arbeid relatief tot kapitaal sal op sy beurt 'n kostevoordeel hê wat die produksie van arbeidsintensiewe goedere betref. Soos in die geval van Smith en Ricardo se teorieë van die internasionale handel het die internasionale handel spesialisasie tot gevolg. Elke land spesialiseer dus in die vervaardiging van daardie goedere waarin hy 'n komparatiewe kostevoordeel het. Die land met 'n surplus arbeid spesialiseer dus in die vervaardiging en uitvoer van arbeidsintensiewe goedere. Die land met 'n surplus aan kapitaal, spesialiseer in die vervaardiging en uitvoer van kapitaalintensiewe goedere. Die styging in die vraag na die surplus produksiefaktor bring egter mee dat sy prys styg. Spesialisasie het tot gevolg dat die vraag na die skaars produksiefaktor en dus sy prys daal. Internasionale handel en spesialisasie het dus tot gevolg dat die verskille in faktorpryse tussen lande verminder en uiteindelik uitgeskakel word.⁵²

Volgens die Heckscher-Ohlinteorie word produksiefaktore nie in dieselfde verhouding in die vervaardiging van verskillende kommoditeite gebruik nie. Daar is ook 'n ongelyke verspreiding van produksiefaktore tussen lande. Die ongelyke verspreiding van produksiefaktore is die rede waarom relatiewe pryse tussen lande verskil. Die ongelyke verspreiding van produksiefaktore is bepalend wat 'n land se komparatiewe kostevoordeel betref.

Die Heckscher-Ohlinteorie is oor die jare aan talle empiriese ondersoeke onderwerp. Die ondersoeke het gelei tot talle vrae oor die geldigheid van die teorie. Die bekendste

⁵² Carbaugh laat hom soos volg uit oor die egalisering van die pryse van produksiefaktore: "In the real world, differences in factor prices do exist. For example, the average salary of unskilled labor in the United States is higher than in Korea. That resource prices may not equalize between trading partners can be explained, in part, by the fact that the assumptions underlying the factor-endowment theory are not completely met in the real world. For example, to the extent that different countries use different technologies or that markets are not perfectly competitive, factor prices may only partially equalize. The existence of transportation costs and trade barriers may prevent product prices from becoming equal." - Carbaugh, R.J., *International Economics*, Cincinnati, 1995, p. 70.

empiriese toetsing van die Heckscher-Ohlnteorie is dié van Wassily Leontief.⁵³ Leontief se hipotese was dat die VSA kapitaalintensiewe goedere sal uitvoer en arbeidsintensiewe goedere sal invoer. Die hipotese is getoets met behulp van VSA-data vir 1947. Die bevinding was dat die VSA se uitvoer relatief minder kapitaalintensief is as sy invoer.⁵⁴ Soos aangehaal deur Griesel⁵⁵, wys Leontief daarop dat: "America's participation in the international division of labor is based on its specialization of labor intensive, rather than capital intensive, lines of production. In other words this country resorts to foreign trade in order to economize its capital and dispose of its surplus labor, rather than vice versa. The widely held opinion that- as compared with the rest of the world- the United States' economy is characterized by a relative surplus of capital and a relative shortage of labor proves to be wrong. As a matter of fact the opposite is true."

Leontief se werk het tot verdere ondersoeke gelei. Chacholiades⁵⁶ wys daarop dat Tatemoto en Ichimura 'n empiriese ondersoek geloods het na Japan se handelspatrone. Die skrywers het gevind dat Japan kapitaalintensiewe kommoditeite uitvoer ten spyte daarvan dat die land 'n surplus aan arbeid relatief tot kapitaal het. Volgens Chacholiades⁵⁷ het Bharadwaj Indië se handel aan die hand van die Heckscher-Ohlinhipotese getoets. Sy ondersoek het getoon dat Indië hoofsaaklik arbeidsintensiewe produkte uitvoer. Bharadwaj het egter gevind dat Indië se uitvoer na die VSA meer kapitaalintensief is as sy invoer vanaf die VSA.

Navorsers⁵⁸ het oor die jare talle verklarings probeer gee vir die Leontiefparadoks. Leontief self het gepoog om die resultate van sy ondersoek te verklaar. Hy wys daarop dat die VSA 'n land met 'n relatiewe ooraanbod van geskoolde arbeid is. Amerikaanse arbeid is ook meer produktief as arbeid in die buiteland. Volgens

⁵³ Chacoliades, M., *Principles of International.....*, op. cit., p. 116.

⁵⁴ Die bevinding van Leontief staan as die Leontiefparadoks bekend.

⁵⁵ Griesel, B.M., "Die Aard en Omvang van Suid-Afrika se Eksterne Handel soos Gemeet aan die Hand van die Land se Fisiese Hawefasiliteite", Ongepubliseerde D.Com.- proefskrif, Randse Afrikaanse Universiteit, 1991, p. 28.

⁵⁶ Chacoliades, M., *Principles of International.....*, op. cit., p. 118.

⁵⁷ Idem, p. 119.

⁵⁸ Idem, p. 119.

Chacholiades⁵⁹ skryf Leontief die hoër Amerikaanse produktiwiteit toe aan faktore soos beter ondernemerskap en 'n gunstiger klimaat. Die faktore verhoog die produktiwiteit van Amerikaanse kapitaal.

Soos aangehaal deur Chacoliades⁶⁰ kritiseer skrywers soos Diab en Vanek Leontief op grond van die feit dat hy nie die invloed van natuurlike hulpbronne in ag geneem het nie. Volgens Diab dryf die VSA handel in beide vervaardigde en primêre goedere. Die VSA het gedurende die vyftigerjare meer primêre goedere ingevoer as wat hy uitgevoer het. Opvallend is sy bevinding dat die kapitaal-arbeidsverhouding wat primêre kommoditeite betref, hoër is as in die geval van vervaardigde goedere. Die aandeel van kapitaalintensiewe primêre kommoditeite in invoervervanging is dus groter as in die geval van die uitvoer. Die VSA se invoer van primêre kommoditeite kan dus toegeskryf word aan sy relatiewe skaarste aan natuurlike hulpbronne. Die grootte van die VSA-mark het tot gevolg dat vervaardigers hulle grondstowwe eerder van buurlande invoer as van afgeleë dele in die VSA. Die VSA is 'n betreklik arm land, wat natuurlike hulpbronne betref. Natuurlike hulpbronne word dikwels aangevul deur kapitaal. Die VSA se kapitaalintensiewe tegnologie, dus sy vraag na kapitaal, bring mee dat sy invoer meer kapitaalintensief as sy uitvoer is.

Die moontlikheid dat verbruikersvoorkeure in die VSA sydig ten opsigte van kapitaalintensiewe goedere is, bied moontlik ook 'n verklaring vir die Leontief-paradoks. Volgens Chacoliades⁶¹ geniet die siening egter nie wye steun nie omdat die vraagfunksies nie wesentlik tussen lande verskil nie. Hy wys daarop dat veral arbeidsintensiewe goedere en dienste voorkeur geniet as die per capita inkome van 'n land styg. Die verbruikersvoorkeure in die VSA sal dus eerder sydig wees ten opsigte van arbeidsintensiewe goedere.

Soos aangehaal deur Chacoliades⁶², is Tarvis van mening dat die Leontiefparadoks hoofsaaklik toegeskryf kan word aan handelsbeperkings. Die VSA het voor die

⁵⁹ Idem, p. 119.

⁶⁰ Idem, p. 121.

⁶¹ Idem, p. 120.

⁶² Idem, p. 123.

Tweede Wêreldoorlog 'n hoogs proteksionistiese handelsbeleid gevolg. Die handelsbeperkings was veral van toepassing op die invoer van arbeidsintensiewe goedere. Baldwin⁶³ is van mening dat handelsbeperkings die Leontiefparadoks slegs gedeeltelik verklaar. Die afskaffing van handelsbeperkings sal dus slegs lei tot 'n klein daling in die kapitaal-arbeidsverhouding van die VSA se invoer.

Soos aangehaal deur Chacholiades⁶⁴, is skrywers soos Kenen en Baldwin van mening dat menslike kapitaalvorming in ag geneem moet word in pogings om die Leontiefparadoks te verklaar. Lande met surplus geskoolde arbeid sal 'n komparatiewe kostevoordeel hê in daardie produkte wat hoofsaaklik deur geskoolde arbeid vervaardig word. Die lande sal "skill-intensive commodities" uitvoer. Menslike en fisiese kapitaalvorming moet dus saam verreken word. Die som van die twee het tot gevolg dat lone in die Amerikaanse uitvoerbedrywe hoër is as in die invoerbedrywe.

Leamer het aan die begin van die tagtigerjare 'n belangrike bydrae gemaak in die soeke na 'n verklaring vir die Leontiefparadoks. Anders as in die geval van Leontief en die ander skrywers, vergelyk hy die kapitaal-arbeidsverhouding van verbruik en produksie. Hy het gevind dat die kapitaal-arbeidsverhouding in die VSA se produksiewese hoër is as die kapitaal-arbeidsverhouding van sy verbruik.

Sekere van die aannames van die Heckscher-Ohlinteorie kan laat vaar word sonder dat die geldigheid van die teorie aangetas word. Die teorie is steeds toepaslik, sou daar van meer lande, produksiefaktore en kommoditeite gebruik gemaak word. 'n Belangrike voorwaarde is egter dat die getal produksiefaktore en die getal kommoditeite moet ooreenstem. Die aannames oor faktormobiliteit en vervoerkoste kan laat vaar word sonder dat die geldigheid van die teorie aangetas word. Die toepaslikheid van sommige aannames word egter bevraagteken. Lande verskil veral wat hulle tegnologie betref. Die verskynsel van stygende meeropbrengs doen hom al meer voor. Indien daar voorsiening gemaak word vir verskille in tegnologie en vir stygende meeropbrengs, is die Hecksher-Ohlinteorie nie meer geldig nie.

⁶³ Idem, p. 123.

⁶⁴ Idem, p. 122.

Sommige produksiefaktore is meer belangrik as ander wat lande se mededingendheid betref. Die relatiewe belangrikheid van kapitaal en die tegnologie as produksiefaktore het oor die afgelope paar dekades toegeneem. Drucker⁶⁵ wys daarop dat “...we are experiencing several separate and different shifts in the manufacturing economy. One is the acceleration of the substitution of knowledge and capital for manual labor.....A second development - and in the long run it may be fully as important if not more important - is the shift from industries that are primarily labor-intensive to industries that, from the beginning, are primarily knowledge intensive.” Die relatiewe skaarste van grondstowwe het ook beduidend afgeneem. Volgens Drucker word daar wegbeweeg van die “heavily material intensive industries and processes”.⁶⁶ Hy⁶⁷ wys daarop dat: “The typical product of the 1920s, the auto, has a raw material content of almost 60 percent. The typical product of the 1980s, the semiconductor, has one of one percent. The raw material content of a glass-fibre cable is about 12 percent, the copper cable that it replaces has a raw material content of nearly 50 percent.”⁶⁸ Hy verwag nie dat die pryse van grondstowwe relatief tot dié van vervaardigde goedere ooit sal styg nie.

5. Kontemporêre teorie van die internasionale handel as verklarend van ‘n land se internasionale mededingendheid

Skrywers soos Krugman⁶⁹ is van mening dat die tradisionele teorie van die internasionale handel wel verklarend is van die feit dat die handel tussen lande

⁶⁵ Drucker, P.F., *The Frontiers of Management*....., op. cit., p. 32.

⁶⁶ Interessant is dat tien van die twaalf grootste Amerikaanse maatskappye in die begin van die eeu “natural resources” maatskappye was. - Thurow, L., *The Future of Capitalism*, Londen, 1996, p. 66.

⁶⁷ Drucker, P.F., *Managing for the Future*...., op. cit., p. 53.

⁶⁸ “A recent study by the International Monetary Fund calculates the decline as one and one-quarter percent a year (compounded) since 1900. This would mean that the amount of industrial materials needed for one unit of industrial production is now (1986) no more than two-fifths of what it was in 1900.”- Drucker, P.F., “The Changed World Economy”, *Foreign Affairs*, 1986, p. 772.

⁶⁹ Krugman, P.R., *Rethinking International Trade*, Cambridge, 1990, p. 2.

beduidend van mekaar verskil. Lande verskil egter veral wat hulle smake betref. Die aard en omvang van hulpbronne verskil ook van land tot land. Handel vind egter ook plaas tussen lande wat nie wesentlik van mekaar verskil wat smake en faktorbegaafdheid betref nie. Die relatiewe aandeel van die nywerheidslande in die wêreld se uitvoer van goedere is bykans 70 persent.⁷⁰ Dié lande dryf hoofsaaklik met mekaar handel. Die nywerheidslande verskil weinig van mekaar wat die aard en omvang van hulle produksiefaktore en die stand van hulle tegnologie betref. Die produktiwiteitsvlakke in die lande stem dikwels ooreen. Die handel tussen die lande word dus nie altyd deur die tradisionele teorie van die internasionale handel verklaar nie.

'n Tekortkoming van die tradisionele teorie van die internasionale handel doen hom voor in die feit dat dié teorie die handel tussen bedryfstakke ("intra-industry trade") nie altyd verklaar nie. Carbaugh⁷¹ tipeer dié tipe handel soos volg: "Intra-industry trade involves flows of goods with similar factor requirements : nations that are net exporters of manufacturing goods embodying sophisticated technology also purchase these goods from other nations." Nagenoeg 51 persent van die handel tussen die VSA en die ander nywerheidslande het in 1987 bestaan uit handel tussen bedryfstakke. Sowat 65 persent van Duitsland se handel met die ander nywerheidslande was handel tussen bedryfstakke. In die geval van Frankryk het die handel tussen bedryfstakke ongeveer 72 persent beloop.⁷²

McCombie en Thirwall is van mening dat die kontemporêre toerieë van die internasionale handel verklarend mag wees van 'n land se "non-price competitiveness"⁷³. Min navorsing is egter gedoen oor die invloed van nie-prysmededingendheid in die internasionale handel. Volgens die skrywers kan dié

⁷⁰ Internasionale Monetêre Fonds, *Direction of Trade Statistics Yearbook 1995*, Washington, 1995, p. 2.

⁷¹ Carbaugh, R.J., *International.....*, op. cit., p. 83.

⁷² Salvatore, D., *International Economics.....*, op. cit., p. 164.

⁷³ "Non-price competition lies at the heart of several new theories of trade that have been developed in recent years to replace the static, price-based theory of comparative cost, and to account for the growing phenomenon of intra-industry trade between countries." - McCombie, J.S.L en Thirwall, A.P., *Economic Growth and the Balance of Payments.....*, op. cit., p. 283.

toedrag van sake aan twee faktore toegeskryf word. Eerstens, is die begrip “nie-prysmededingendheid” betreklik vaag wat sy betekenis betref. “Non-price competitiveness encompasses, by definition all those factors other than price that affect consumer choice. These include quality, reliability, speed of delivery, the extent and efficacy of the distribution network and the availability of export credit and guarantees.” Nie-prysfaktore kan moeilik gekwantifiseer word. Tweedens, “it is difficult conceptually to draw a hard and fast distinction between poor export performance due to price uncompetitiveness on the one hand and non-price uncompetitiveness, on the other”.

5.1 Teorie van stygende meeropbrengste as verklarend van die internasionale handel tussen soortgelyke lande

Volgens skrywers soos Krugman⁷⁴ en Salvatore⁷⁵ kan die handel tussen lande met soortgelyke produksiefaktore veral toegeskryf word aan die inherente voordele van spesialisasie. Dié voordele hou verband met die verskynsel van stygende meeropbrengste. Dié verskynsel doen hom voor as die produksie van ‘n goed proporsioneel meer styg as die hoeveelheid insette wat gebruik word om die goed te vervaardig. Die gemiddelde koste om ‘n goed te vervaardig daal dus indien meer geproduseer word. Stygende meeropbrengs kan die gevolg wees van groter arbeidsverdeling en -spesialisasie. Massaproduksie stel ondernemings in ‘n land dikwels in staat om meer gespesialiseerde masjinerie aan te wend. Dié ondernemings word dikwels ook gekenmerk deur omvangryke navorsing en ontwikkeling (“R&D”). Die leerkromme bring mee dat die gemiddelde koste daal namate meer goed geproduseer word. Japanese ondernemings veral poog om deur middel van ‘n groter markaandeel beduidende skaalvoordele te bekom. Die ondernemings verhoog hulle markaandeel deur eerste tot ‘n bepaalde mark toe te tree. Hulle poog ook om hulle markaandeel te vergroot deur relatief laer pryse.

⁷⁴ Krugman, P.R., *Rethinking International...*, op. cit., p. 2.

⁷⁵ Salvatore, D., *International Economics...*, op. cit., p. 160.

Salvatore⁷⁶ veronderstel dat twee lande en twee kommoditeite hulle voordoen. Die twee lande is identies. Tegnologie, smaak en die aard en omvang van die produksiefaktore van die twee lande verskil nie. Die verskillende kombinasies goedere wat die twee lande kan produseer, word deur een produksiemoontlikheidskromme voorgestel. Die lande se onverskilligheidskrommes is ook dieselfde. Stygende meeropbrengs het tot gevolg dat die produksiemoontlikheidskromme konveks tot die oorsprong is. Identiese produksiemoontlikheids- en onverskilligheidskrommes bring mee dat die relatiewe kommoditeitspryse tussen die lande dieselfde is. Onder normale omstandighede sal handel nie plaasvind nie. Indien die verskynsel van stygende meeropbrengs hom egter voordoen, sal albei lande deur internasionale handel bevoordeel word. In die geval van stygende meeropbrengs sal internasionale handel daartoe lei dat die een land volkome spesialiseer in die vervaardiging van die een kommoditeit. Dié spesialisasie stel ondernemings in die land in staat om meer te produseer. Die gemiddelde en marginale koste van produksie sal dus daal. Die ander land sal spesialiseer in die vervaardiging van die ander kommoditeit. Die teorie is onsydig oor watter land in die vervaardiging van 'n goed sal spesialiseer. Smaakverskille tussen lande, vervoerkoste en historiese faktore is dikwels bepalend ten opsigte van die goedere waarin 'n land spesialiseer. Die internasionale handel het tot gevolg dat die verbruik in die twee lande toeneem.

5.2 Produk differensiasie as verklarend van die handel binne 'n bepaalde bedryfstak

Skrywers soos McCombie, Thirwall⁷⁷, Krugman⁷⁸ en Salvatore⁷⁹ is van mening dat internasionale handel binne 'n bepaalde bedryfstak ("intra-industry") hoofsaaklik die gevolg is van produk differensiasie. McCombie en Thirwall wys daarop dat: "The basis of intra-industry trade must lie in non-price competition or product differentiation. Following the characteristic approach to demand theory pioneered by

⁷⁶ Idem, p. 162.

⁷⁷ McCombie, J.S.L. en Thirwall, A.P., *Economic Growth...*, op. cit., p. 284.

⁷⁸ Krugman, P.R., *Rethinking International...*, op. cit., p. 22.

⁷⁹ Salvatore, D., *International Economics...*, op. cit., p. 160.

Lancaster, a differentiated product is one that offers a bundle of attributes or characteristics different from its competitors. Countries will export goods intensive in one set of characteristics and import goods intensive in another. Intra-industry trade will be more important the more similar countries are since there will not be specialisation according to cost differences."⁸⁰

Enders en Lapan⁸¹ verklaar produk differensiasie aan die hand van navorsing wat Krugman, Helpman en Lancaster oor dié verskynsel gedoen het.

Veronderstel dat twee kommoditeite voorkom, naamlik voedsel en vervaardigde goedere. Voedsel is arbeidsintensief. Daar is nie 'n verskeidenheid voedsel nie. Die vervaardigde goedere is kapitaalintensief. 'n Wye verskeidenheid vervaardigde goedere word aangetref. Veronderstel dat lande nie verskil wat die stand van hulle tegnologie betref nie. Die verskynsel van konstante meeropbrengs doen hom voor in voedselproduksie. In die geval van vervaardigde goedere is daar beduidende skaalvoordele. Die vervaardigde goedere word deur talle ondernemings geproduseer. 'n Onderneming produseer egter nie 'n wye verskeidenheid produkte nie. Stygende meeropbrengs het tot gevolg dat spesialisasie in die vervaardiging van slegs 'n beperkte verskeidenheid produkte plaasvind. Die gebruik van gespesialiseerde masjinerie het langer produksielopies tot gevolg. Die produksie van 'n bepaalde produk kan vir 'n betreklik lang tydperk volgehou word.

In isolasie sal elke land voedsel en 'n verskeidenheid vervaardigde goedere produseer. Soos in die geval van die Heckscher-Ohlinterie sal die relatiewe prys afhang van die hoeveelheid produksiefaktore wat 'n land besit. Lande met 'n groot aantal ondernemings kan egter 'n groter verskeidenheid goedere produseer as gevolg van skaalvoordele. Dié toedrag van sake doen hom veral voor in die geval waar daar 'n betreklike groot mark is.

⁸⁰ McCombie, J.S.L. en Thirwall, A.P., *Economic Growth...*, op. cit., p. 284.

⁸¹ Enders, W. en Lapan, H.E., *International Economics, Theory and Policy*, Englewood Cliffs, 1987, p. 127.

In die geval van die internasionale handel sal die land wat relatief meer arbeid het, hoofsaaklik voedsel uitvoer. Die land sal egter 'n verskeidenheid vervaardigde goedere uitvoer. Die land met 'n relatiewe surplus aan kapitaal sal hoofsaaklik vervaardigde goedere uitvoer. Die land sal egter 'n verskeidenheid vervaardigde goedere invoer.

Die handel binne 'n bepaalde bedryfstak hou al meer verband met die produksiestrategieë van die multinasionale maatskappye. Die maatskappye differensieër hulle produksie. Verskillende komponente van 'n produk word in verskillende lande vervaardig ten einde produksiekoste te verlaag en die risiko eie aan vakkondgedrag te verminder.

5.3 Produksiklusteorie as verklarend van 'n land se mededingende voordeel

Onderliggend aan die produksiklusteorie is die aanname dat verbruiksvoorkeure dikwels afhang van die gedrag van die per capita inkome. Die kommunikasiekoste tussen die onderneming en sy mark neem toe hoe verder die onderneming van die mark geleë is. Tegnologie en die verandering in bemarkingmetodologie lei tot produkdifferensiasie. Die mark in tegniese kundigheid is volmaak.

Die produksiklusteorie het ontstaan by Raymond Vernon. Anders as in die geval van die tradisionele teorie van die internasionale handel is Vernon se teorie 'n dinamiese teorie van die internasionale handel. Enders en Laplan⁸² wys daarop dat Vernon die volgende voorsien het met betrekking tot die VSA: "...a situation in which technological advances were continually being made in the United States and later duplicated by other nations. For a time, the United States would be able to produce and export products using new technologies. Over time, the technology would be transferred and the United States could become the importer of what was once a new product. The United States would be the world's supplier of new products, exporting new products and importing more traditional or standardized products."

⁸² Idem, p. 122.

Soos aangehaal in Buckley en Casson⁸³, staan die eerste fase van Vernon se produksiklusteorie bekend as die nuwe produk stadium. Die fase ontstaan gewoonlik in die tegnologies meer gevorderde land met sy relatief hoë per capita inkome. Die verbruikers in die land het gesofistikeerde behoeftes wat dinamies is. Die produk word dan ook van tyd tot tyd aangepas om aan dié behoeftes te voldoen. Dié behoeftes en koste-oorwegings vra voortdurend nuwe produksiewyses. Die skaarste aan relatief goedkoop arbeid moedig tegnologiese innovasie aan. Vanweë die hoë kommunikasiekoste word die produksie-aanlegte digby die mark gevestig.

Die tweede fase van Vernon se produksiklusteorie staan as die volwasse produkfase bekend. Tydens dié fase word die minder doeltreffende produksiewyses en -ontwerpe uitgefaseer. Die verbruiksbehoefte is ook beter aan die vervaardiger bekend, terwyl die vraag na die produk meer pryselasties is as wat die geval was tydens die nuwe produk stadium. Die noodsaaklikheid om digby die mark gevestig te wees verminder dus. Produkte word tydens die volwasse produkfase uitgevoer na lande met soortgelyke vraagpatrone. Produkte sal uitgevoer word solank as wat die marginale produksie- en vervoerkoste minder is as die gemiddelde produksiekoste in die buiteland. Produksie-aanlegte sal in die buiteland gevestig word afhangend van die loonverskille tussen die land van oorsprong en die gasheerland.

Die derde fase van die produksiklusteorie staan bekend as die gestandaardiseerde stadium. Tydens dié fase verhoog die onderlinge mededinging, wat hoofsaaklik om die prys wentel, tussen die vervaardigers, sodat die vraag na lae insetkoste styg. Koste-oorwegings dwing die produsent om sy aanlegte na die buiteland te verskuif.

Met verloop van tyd het Vernon sy produksiklusteorie gemodifiseer. Die klem het verskuif na oligopolistiese gedrag. Ondernemings streef daarna om deur middel van toetredingsbeperkings 'n oligopolistiese markstruktuur te handhaaf. Die eerste fase van die produksiklus in Vernon se gemodifiseerde model word as die "innovation-based

⁸³ Buckley, P.J. en Casson, M., *The Future of the Multinational Enterprise*, Londen, 1991, p. 74.

oligopoly” beskryf. Die fase toon sterk ooreenkoms met die nuwe produk stadium. Gedurende die fase word nie slegs arbeidsbesparende produksiemetodes gevolg nie, maar ook grondbesparende en grondstofbesparende produksiemetodes.

Die tweede fase in die gemodifiseerde produksiklus staan bekend as die volwasse oligopolie stadium. Gedurende dié fase ontmoedig skaalvoordele in produksie, bemarking en navorsing nuwe toetreders. Ontoeganklike grondstowwe kan potensiële toetreders ook ontmoedig. Mededingers moniteer mekaar deurlopend. In die geval waar ‘n mededinger ‘n produksie-aanleg in ‘n nuwe mark vestig, word hy spoedig gevolg deur mededingers. Die optredes van mededingers word dus gewoonlik deur teenoptredes gevolg.

Die derde fase in die gemodifiseerde model staan bekend as die verouderde oligopolie stadium. Gedurende dié fase neem mededinging skerp toe, veral omdat skaalvoordele potensiële toetreders nie beperk nie. Die belangrikheid van toegang tot lae koste-insette neem toe. Nie-mededingende ondernemings word gedwing om hulle bedrywighede te staak.

‘n Tekortkoming van die produksiklusteorie is dat die teorie nie verklaar waarom die ondernemings van sekere lande meer mededingend as ander is nie. Salvatore⁸⁴ is van mening dat die teorie ‘n verlengstuk van die Heckscher-Ohlinteorie is. Volgens hom is die teorie nie ‘n alternatiewe handelsteorie nie. “In short the product cycle model tries to explain dynamic comparative advantage for new products and new production processes, as opposed to the basic Heckscher-Ohlin model, which explains static comparative advantage.”⁸⁵

⁸⁴ Salvatore, D., *International Economics*..., op. cit., p. 168.

⁸⁵ Idem, p. 169.

5.4 Posner se tegnologiese gapingsmodel as verklarend van die handel tussen nywerheidslande

Salvatore⁸⁶ wys daarop dat Posner se tegnologiese gapingsmodel 'n betreklike groot gedeelte van die handel tussen die nywerheidslande toeskryf aan nuwe produkte en produksieprosesse. Die voortdurende daarstelling van nuwe produkte en produksieprosesse het tot gevolg dat ondernemings hoogstens 'n tydelike monopolie in die wêreldmark geniet. Die land het dus slegs vir 'n wyle 'n absolute voordeel in die vervaardiging van 'n goed wat orals in die wêreld in aanvraag is. Met verloop van tyd raak ander lande egter vertrouwd met die tegnologie onderliggend aan die nuwe goed. Tegnologie word dus betreklik vinnig oorgedra na die land met die agterstand. Die tegnologiese gaping tussen lande vernou dus voortdurend. Die tegnologiese oordragte het tot gevolg dat die verskille in lande se produksiefunksies dinamies uitgeskakel word.

Posner se tegnologiese gapingsmodel is oor die jare aan talle empiriese ondersoeke onderwerp. Hufbauer⁸⁷ het gevind dat die internasionale handel in sintetiese veselstof nie toegeskryf kan word aan die besit van grondstowwe nie. Lande soos Kanada en Swede wat pulp produseer, vervaardig nie veselstof nie. Die internasionale handel in sintetiese veselstof is die gevolg van tegnologiese ontwikkeling. Ondersoeke in die petroleum-, en die filmbedryf en in die handel van kantoortoerusting het Posner se teorie bevestig.⁸⁸

'n Tekortkoming van Posner se model is dat dit nie die omvang van die tegnologiese gapings tussen lande verklaar nie. Die model kyk ook nie na die redes vir die tegnologiese gapings tussen lande nie.

⁸⁶ Idem, p. 167.

⁸⁷ Soos aangehaal deur Gilroy - Gilroy, B.M., *Networking in Multinational Enterprises: The Importance of Strategic Alliances*, Columbia, 1993, p. 75.

⁸⁸ Idem, p. 75.

5.5 Krugman se tegnologiese gapingsmodel as verklarend van 'n land se mededingingsposisie

Onderliggend aan Krugman⁸⁹ se tegnologiese gapingsmodel is die aanname dat daar slegs een produksiefaktor is. Die moontlikheid dat tegnologiese vooruitgang kan lei tot kapitaalintensiewe produksie liewer as arbeidsintensiewe produksie word dus uitgeskakel. 'n Land se komparatiewe kostevoordeel hang nie altyd van sy produksiefaktorbegaafdheid en tegnologiese vermoë af nie. Hy veronderstel dat lande geklassifiseer kan word volgens hulle tegnologiese vermoëns en ontwikkeling. Lande met gevorderde tegnologie het 'n absolute kostevoordeel in alle bedrywe. Die "ladder of countries" verwys na die klassifikasie van lande volgens hulle tegnologiese vermoë. Die bedrywe van 'n land word sodanig geklassifiseer dat 'n land wat hoër op die leer is, 'n groter produktiwiteitsvoordeel in 'n groter getal bedrywe het as 'n land wat laer op die leer is.

Krugman is van mening dat daar 'n regstreekse verband tussen die loonvlak en die tegnologiese ontwikkeling van 'n land is. 'n Land wat hoër op die tegnologiese leer is, word gekenmerk deur relatief hoë lone. 'n Land sal nie 'n kostevoordeel hê as sy lone hoër is as dié van 'n ander land wat meer gevorderd op tegnologiese gebied is nie.

'n Tegnologies gevorderde land behoort dus meer gevorderde produkte te vervaardig as 'n land wat tegnologies minder gevorderd is. 'n Tegnologies minder gevorderde land word gekenmerk deur laer arbeidskoste en produktiwiteit. Die land sal 'n kostevoordeel hê in die vervaardiging van goedere met 'n lae tegnologiese intensiteit. Die tegnologies meer gevorderde land sal 'n kostevoordeel hê in die vervaardiging van hoër tegnologiese goedere.

Krugman is dus van mening dat die verskille tussen lande, wat hulle tegnologiese ontwikkeling betref, tot spesialisasie aanleiding gee. "Each country has a 'niche' in the

⁸⁹ Krugman, P.R., *Rethinking International...*, op. cit., pp. 155-163.

scale of goods; the higher the country is on the technology ladder, the further upscale is the range of goods in which it has a comparative advantage.”⁹⁰

Krugman maak van twee lande, naamlik land 1 en land 2, gebruik. Goedere word geklassifiseer volgens hulle tegnologiese intensiteit. Hy veronderstel dat albei lande eenderse “Cobb-Douglas”-produksievoorkeure het. Hy bring ook die vraagkant in berekening.

Tegnologiese vooruitgang kan daartoe lei dat die tegnologiese gaping tussen twee lande verbreed. ‘n Verbetering in land 1 se tegnologie sal tot gevolg hê dat die produktiwiteitsvoordeel in sy bedrywe toeneem. Die toename in die produktiwiteitsvoordeel sal veral groot wees in die vervaardiging van tegnologiesintensiewe goedere. Hoewel land 1 se relatiewe loonpeil sal styg, sal die loonstygning kleiner wees as die produktiwiteitsverbetering. Die land word dus bevoordeel.

Die tegnologiese vooruitgang in land 1 bring mee dat land 2 minder produkte vervaardig. Die verlies aan produksie is veral in sy tegnologies vooruitstrewende bedrywe. Land 2 word dus verplig om te spesialiseer in die vervaardiging van die sogenaamde “downscale” goedere. Land 2 se relatiewe loon en inkompeile neem af as gevolg van die tegnologiese vooruitgang in land 1. Die gevolgtrekking word dan ook dikwels gemaak dat die tegnologiese vooruitgang in een land ten koste van ‘n ander land is.

Krugman is egter van mening dat tegnologiese vooruitgang in een land nie sondermeer ten koste van ‘n ander land is nie. Die land met die agterstand in tegnologie word ook bevoordeel deur tegnologiese vooruitgang in die ander land. Hy wys spesifiek na die koopkrag van die land se werkers. “In terms of its own products, it (purchasing power) is unchanged. Since country 1’s relative wage rises by less than its productivity increase on the marginal good; and since the productivity increases on transmarginal goods are larger; the prices of country 1’s goods in terms of that country’s labor fall. As for the ‘transitional’ goods, country 2 still has the option of

⁹⁰ Idem, p. 157.

producing them for itself at unchanged labor cost; if it buys them abroad, it is because they are cheaper.”⁹¹

Die tegnologiese gaping tussen twee lande mag egter vernou. Tegnologiese vooruitgang in land 2 sal lei tot 'n verhoging in die produktiwiteit van sy bedrywe. Soos in die vorige geval, sal die toename in die produktiwiteit veral groot wees in die tegnologies intensiewe bedryfstakke. Hoewel land 2 se relatiewe loon sal styg, sal die loonstygning kleiner wees as die produktiwiteitsverbetering. Land 2 sal meer produkte vervaardig as wat voorheen vervaardig is. Krugman laat hom soos volg uit oor die gevolge van tegnologiese vooruitgang in land 2 op land 1 se reële inkome: “It is possible that Country 1 may gain more by falling prices of medium-technology goods than it loses from worsened terms of trade against low-technology products. But if the closing gap is complete, the advanced country in effect loses the gains from trade and must be worse off. It follows that when the technology gap is small, a further narrowing hurts the technological leader.”⁹² 'n Vernouing in die tegnologiegaping het tot gevolg dat die meer gevorderde land se relatiewe inkome afneem. Sy absolute welvaart daal dus.

Soos in die geval van Posner se model verklaar Krugman se model nie waarom die gaping in die tegnologie voorkom nie.

5.6 Porter se mededingende voordeelteorie as verklarend van 'n land se mededingendheid in 'n bepaalde bedryfstak⁹³

Porter is van mening dat: “Competitive advantage is created and sustained through a highly localized process. Differences in national economic structures, values, cultures, institutions and histories contribute profoundly to competitive success. The role of the home nation seems to be as strong as or stronger than ever. While globalization of

⁹¹ Idem, p. 161.

⁹² Idem, p. 162.

⁹³ Die volgende paar bladsye is hoofsaaklik gebaseer op Porter, M.E., *The Competitive Advantage*....., op. cit., pp. 69-130.

competition might appear to make the nation less important, instead it seems to make it more so. With fewer impediments to trade to shelter uncompetitive domestic firms and industries, the home nation takes on growing significance because it is the source of the skills and technology that underpin competitive advantage.”⁹⁴

Volgens Porter kan ‘n land se internasionale sukses in ‘n bepaalde bedryfstak toegeskryf word aan vier faktore⁹⁵. Hy verwys na die vier faktore as die nasionale diamant. Lande sal suksesvol wees in daardie bedryfstakke waar die nasionale diamant die sterkste aanwesig is.

Die eerste faktor is die aard en omvang van die produksiefaktore waaroor ‘n land beskik. Die internasionale sukses van ‘n land in ‘n bepaalde bedryfstak hou dus, eerstens, soos Smith en Ricardo reeds ‘n eeu of twee gelede opgemerk het, verband met die produksiefaktore wat ‘n land besit. Porter verdeel die produksiefaktore in vyf kategorieë, naamlik menslike hulpbronne, grondstowwe, kennis, kapitaal en infrastruktuur. Hy is van mening dat die invloed van produksiefaktore, wat die mededingende voordeel van ‘n land betref, nie so eenvoudig is as wat algemeen voorgegee word nie. Volgens hom hang die mededingende voordeel van ‘n land van sy faktorbenutting af.

Porter onderskei tussen basiese en gevorderde produksiefaktore. Basiese produksiefaktore sluit natuurlike hulpbronne, die klimaat en ongeskoolde en halfgeskoolde arbeid in. Soos hierbo aangedui is, is dié produksiefaktore nie krities belangrik wat ‘n land se mededingende voordeel betref nie. ‘n Mededingende voordeel as gevolg van basiese produksiefaktore is gewoonlik nie steekhoudend nie omdat

⁹⁴ Idem, p. 19.

⁹⁵ Porter wys daarop dat: “The determinants, individually and as a system, create the context in which a nation’s firms are born and compete: the availability of resources and skills necessary for competitive advantage in an industry; the information that shapes what opportunities are perceived and the directions in which resources and skills are deployed; the goals of owners, managers, and employees that are involved in or carry out competition; and most importantly the pressures on firms to invest and innovate.”- Idem, p. 71.

produksiefaktore vry algemeen voorkom.⁹⁶ Interessant is ook die volgende opmerking van Porter en Van der Linde⁹⁷: "...the abundance of labor and natural resources, or a lack of environmental pressure, may lead a country's companies to spend the natural resources unproductively". Gevorderde produksiefaktore sluit hoogschoolde arbeid en 'n moderne digitale kommunikasie infrastruktuur ("modern digital communications infrastructure") in. Die gevorderde produksiefaktore is belangrik wat 'n land se mededingende voordeel betref. Gevorderde produksiefaktore is noodsaaklik vir die vestiging van die sogenaamde "higher-order" mededingende voordele. Gevorderde produksiefaktore is oor die algemeen skaarser as die basiese produksiefaktore en is dikwels die gevolg van grootskaalse investering oor tyd.

Porter onderskei ook tussen algemene en gespesialiseerde produksiefaktore. Algemene produksiefaktore sluit die vervoerinfrastruktuur en 'n gemotiveerde werkerskorps in. Die soort produksiefaktore kan deur talle ondernemings benut word. Gespesialiseerde produksiefaktore kan gewoonlik slegs in enkele bedryfstakke aangewend word. Hy is van mening dat: "The most significant and sustainable competitive advantage result when a nation possesses factors needed for competing in a particular industry that are both advanced and specialised. The availability and quality of advanced and specialised factors determine the sophistication of competitive advantage that can potentially be achieved and its rate of upgrading."⁹⁸ Die skepping van gevorderde, gespesialiseerde produksiefaktore is uiters belangrik wat die mededingende voordeel van lande betref.

'n Tekort aan sekere basiese produksiefaktore mag innovasie aanmoedig.⁹⁹ Die innovasie lei gewoonlik tot die vestiging van 'n mededingende voordeel in 'n bepaalde

⁹⁶ "Competitive advantage that rests on factor costs is vulnerable to even lower factor costs somewhere else, or governments willing to subsidize them."- Idem, p. 15.

⁹⁷ Porter, M.E. en Van der Linde, C., "Green and Competitive: Ending the Stalemate", *Harvard Business Review*, September/Oktober 1995, p. 131.

⁹⁸ Porter, M.E., *The Competitive Advantage*....., op. cit., p. 79.

⁹⁹ "The need for factors, particular basic and generalized factors such as semiskilled labor or local raw materials, can often be circumvented, eliminated, or reduced through innovation."- Idem, p. 82.

bedryfstak.¹⁰⁰ Nederland het bepaalde agterstande wat sy grond en klimaat betref. Die land se blommebedryf is egter verantwoordelik vir 65 persent van die wêreld se blomme-uitvoer. Porter en Van der Linde¹⁰¹ wys daarop dat, wat die blommebedryf betref, die Nederlanders “....have innovated at every step in the value chain, creating technology and highly specialised inputs that enhance resource productivity and offset the country’s natural disadvantage”.

Die tweede faktor wat bepalend is vir ‘n land se mededingende voordeel, is die aard en omvang van die plaaslike vraag. Verbruiksbehoefes verskil van land tot land. Die plaaslike ondernemings het dikwels ‘n voordeel bo buitelandse ondernemings by die bepaling van plaaslike verbruiksbehoefes.

Die grootte van die plaaslike mark is dikwels prominent in besprekings oor ‘n land se mededingendheid. Daar is egter meningsverskille oor die kousaliteit. Daar word dikwels verskil oor die belangrikheid van die markomvang wat die mededingingsposisie van ‘n land betref. Eendersyds, is die mening dat die skaalvoordele verbonde aan ‘n relatiewe groot mark mededingendheid bevorder. Andersyds, word ‘n relatiewe groot mark soms geag nie bevorderlik vir mededingendheid te wees nie. ‘n Betrekklike klein plaaslike mark dwing ondernemings dikwels om internasionaal mee te ding. Porter laat hom soos volg oor die belangrikheid van markgrootte uit: “Large home market size can lead to a competitive advantage in industries where there are economies of scale or learning, by encouraging a nations’ firms to invest aggressively in large scale facilities, technology development, and productivity improvements..... Home market size is most important to national competitive advantage in certain kinds of industries (or segments), notably those with heavy R&D requirements, substantial economies of scale in production, large generational leaps in technology, or high levels of uncertainty.”¹⁰²

¹⁰⁰ “....innovating around basic factor disadvantages leads firms to upgrade by developing more sophisticated competitive advantages (such as proprietary technology or economies of scale due to more automated facilities) that can be sustained longer and which may also support higher prices.”- Idem, p. 82.

¹⁰¹ Porter, M.E. en Van der Linde, C., “Green and Competitive.....”, op. cit., p. 130.

¹⁰² Porter, M.E., *The Competitive Advantage*....., op. cit., p. 93.

Ondernemings in 'n sterk mededingende posisie se kliënte is dikwels gesofistikeerde verbruikers wat hoë eise stel wat kwaliteit en dienslewering betref. 'n Land se ondernemings het dikwels 'n mededingende voordeel as die plaaslike vraag oorspoel na ander lande. Porter is van mening dat die buitelandse vraag na 'n land se produkte 'n belangrike invloed op sy mededingendheid in 'n bepaalde bedryfstak het. 'n Relatief skerp stygende buitelandse vraag verhoog gewoonlik die mededingende voordeel wat 'n land in 'n bepaalde bedryfstak het.

Die groei in die plaaslike vraag is belangrik wat die mededingende voordeel van 'n land betref. Volgens Porter hang investering in 'n bepaalde bedryf veral af van die vraag na sy produkte. Die getal onafhanklike kopers is soms bepalend wat die mededingingsposisie van 'n land in 'n bepaalde bedryfstak betref.

Markversadiging moedig innovasie aan. 'n Versadigde mark dwing ondernemers om pryse te verlaag, wat onderlinge mededinging aanmoedig. Ondernemers word geen keuse gelaat as om nuwe produkte te ontwikkel nie.

Die derde faktor wat bepalend is ten opsigte van die mededingende voordeel van 'n land in 'n bepaalde bedryfstak, is die voorkoms van verwante bedryfstakke. Verskaffers wat internasionaal mededingend is, bevoordeel gewoonlik die sogenaamde "downstream industries" van 'n land. Die nywerhede het dikwels 'n voordeel bo buitelandse maatskappye in terme van hulle toegang tot die relatief goedkoop insette van verskaffers. Porter is van mening dat die toegang opsigself nie die belangrikste voordeel is nie. Die belangrikste voordeel hou verband met innovasie en die proses van opgradering. "Competitive advantages emerge from close working relationships between world class suppliers in the industry. Suppliers help firms perceive new methods and opportunities to apply for new technology. Firms gain quick access to information, to new ideas and insights and to supplier information."¹⁰³

¹⁰³ Idem, p. 103.

Verwante bedryfstakke wat internasionaal mededingend is, bevorder dikwels die mededingendheid van ander bedryfstakke. Funksies soos tegnologiese ontwikkeling, produksie, verspreiding en bemarking word dikwels gedeel.

Die vierde faktor wat bepalend is vir die mededingendheid van 'n land in 'n bepaalde bedryfstak, is, wat Porter noem "firm strategy, structure and rivalry". Die bestuurstyle in ondernemings verskil van land tot land. Die verskille hang gewoonlik van plaaslike omstandighede af. Lande sal sukses behaal in daardie bedryfstakke waar die bestuurstyl 'n bate is wat die mededingende voordeel betref.

Die motiveringsvlakke van werkers is byna altyd 'n bepalende faktor wat die mededingende voordeel van 'n land in 'n bepaalde bedryfstak betref.

Daar is 'n sterk regstreekse verband tussen die onderlinge mededinging tussen ondernemings en die mededingende voordeel wat 'n land in 'n bepaalde bedryfstak het. Volgens Porter is sommige skrywers van mening dat onderlinge mededinging nie altyd bevorderlik is in terme van skaalvoordele nie. Ander is van mening dat onderlinge mededinging nie belangrik is in terme van die sogenaamde globale nywerhede nie. Hy is van mening dat die Switserse farmaseutiesebedryf, die Duitse chemiesebedryf en die Amerikaanse rekenaarbedryf wêreldleiers is. Die bedryfstakke word gekenmerk deur strawwe mededinging. Onderlinge mededinging plaas druk op ondernemings om beter te presteer as hulle mededingers. Innovasie word dus aangemoedig. Die kwaliteit van produkte word verbeter. Prysmededingendheid word ook in die hand gewerk. Onderlinge mededinging dwing ondernemings dikwels om produkte in die buiteland te bemark.

Porter betoog dat die owerheid 'n belangrike invloed op die mededingingsposisie van 'n land in 'n bepaalde bedryfstak het. "Government is prominently discussed in treatments of international competitiveness. Many see it as a vital, if not the most important, influence on modern international competition. Government policy in Japan and Korea is particularly associated with the success these nations' firms have enjoyed. It is tempting to make the government the fifth determinant. Yet, this is neither correct

nor the most useful way to understand government's role in international competition. Government's real role in national competitive advantage is in influencing the other determinants."¹⁰⁴

Hoewel Porter nie die invloed van makro-ekonomiese veranderlikes misken nie, onderskat hy waarskynlik tog die belangrikheid daarvan wat die mededingende voordeel van 'n land in 'n bepaalde bedryfstak betref.

Ball en McCulloch¹⁰⁵ laat hulle soos volg oor Porter se model uit: "Porter's work complements the theories of Ricardo and Heckscher-Ohlin. However, as one scholar stated, there is nothing new in Porter's analysis; but Porter does set out a model in which the determinants of national competitiveness may be identified. One other problem is that Porter's evidence is anecdotal. There is no empirical evidence as yet."

6. Samevatting

Die oogmerk met hierdie hoofstuk was om die teorie van 'n land se mededingingsposisie in die wêreldmark te ondersoek ten einde duidelikheid te kry oor die faktore en omstandighede wat die posisie bepaal.

Die mededingendheid van 'n onderneming verwys gewoonlik na sy vermoëns om oor tyd suksesvol mee te ding met ander ondernemings, met ander woorde sy langtermyn winsgewendheid. Daar is egter uiteenlopende menings oor die definisie van 'n mededingende land. Sommige skrywers bevraagteken die gebruik van die begrip mededingendheid, wat lande betref. Volgens hulle is die begrip mededingendheid van 'n land niksseggend. Hulle bevraagteken veral die ooreenkoms wat dikwels getref word tussen die mededingendheid van 'n onderneming en dié van 'n land. Ander skrywers gebruik egter verskillende maatstawwe om die internasionale mededingendheid van 'n land te beoordeel. 'n Mededingende land word dikwels geag

¹⁰⁴ Idem, p. 126.

¹⁰⁵ Ball, D.A. en McCulloch, W.H., *International Business: The Challenge of Global Competition*, Chicago, 1996, p. 773.

'n land met 'n hoë per capita inkome te wees. Daar word dan betoog dat 'n mededingende land 'n land is wat 'n hoë ekonomiese groeikoers handhaaf sonder om betalingsbalansprobleme te ervaar. Die relatiewe markaandeel en relatiewe prysbewegings word gewoonlik ook gebruik om die mededingendheid van 'n land te meet en te beoordeel. Die mededingendheid van 'n land hang dus van sy prestasie in die internasionale handel af. 'n Land se internasionale mededingingsposisie word dan ook dikwels aan die hand van die teorieë oor die internasionale handel verklaar.

Volgens Adam Smith se absolute kostevoordeelteorie sal 'n land spesialiseer in die vervaardiging van daardie goedere wat hy teen 'n absolute laer koste as 'n ander land kan produseer. Internasionale handel sal egter plaasvind selfs al het 'n land geen absolute kostevoordeel in 'n bepaalde bedryf nie. Volgens Ricardo se komparatiewe kostevoordeelteorie het vrye handel tot gevolg dat 'n land spesialiseer in die vervaardiging van daardie goed waarin hy 'n vergelykende kostevoordeel het.

Smith en Ricardo se teorieë is hoofsaaklik gebaseer op die arbeidswaardeleer. Prysverskille tussen lande hou dus hoofsaaklik verband met die hoeveelheid arbeid wat gebruik word in die vervaardiging van 'n goed. Indien voorsiening gemaak word vir valutatransaksies, val die fokus op 'n land se relatiewe arbeidseenheidskoste. Dié koste word dikwels as 'n belangrike faktor beskou wat die internasionale mededingingsposisie van 'n land betref. 'n Styging in die relatiewe arbeidseenheidskoste is tot betreklik onlangs geag nadelig vir 'n land te wees. Sommige lande se relatiewe buitelandse markaandeel neem egter toe ten spyte daarvan dat hulle relatiewe arbeidseenheidskoste styg. Skrywers soos Drucker en Porter is van mening dat lae arbeidskoste nie langer as 'n mededingende voordeel in die internasionale handel beskou kan word nie.

Die arbeidswaardeleer waarop Smith en Ricardo se teorieë gebaseer word, is 'n oorvereenvoudiging van die werklikheid. Arbeid is nie die enigste produksiefaktor nie. Arbeid is ook nie homogeen nie. Die prys van 'n produk hang nie uitsluitlik af van die hoeveelheid arbeid wat in die vervaardigingsproses gebruik word nie. Volgens Harbeler se geleentheidskosteteorie kan die arbeidswaardeleer egter laat vaar word

sonder om die geldigheid van die komparatiewe kostevoordeelteorie te beïnvloed. Volgens die geleentheidskosteteorie weerspieël die verskille wat lande se geleentheidskoste betref, hulle komparatiewe kostevoordele.

Volgens die Heckscher-Ohlinteorie kan die prysverskille tussen lande toegeskryf word aan verskille wat hulle faktorbegaafdheid betref. 'n Land met 'n surplus aan arbeid relatief tot kapitaal sal 'n kostevoordeel hê in die vervaardiging van arbeidsintensiewe goedere. 'n Land met 'n surplus aan kapitaal relatief tot arbeid sal op sy beurt 'n kostevoordeel hê in die vervaardiging van kapitaalintensiewe goedere. Soos in die geval van Smith en Ricardo se teorieë van die internasionale handel sal elke land dus spesialiseer in die vervaardiging van daardie goedere waarin hy 'n komparatiewe kostevoordeel het. Sommige produksiefaktore is egter belangriker as ander in die wêreldhandel. Die relatiewe belangrikheid van grondstowwe as 'n produksiefaktor het afgeneem. Daarteenoor het die relatiewe belangrikheid van kapitaal, en veral tegnologie, oor die afgelope paar dekades baie toegeneem.

Die komparatiewe kostevoordeelteorieë het bepaalde tekortkominge. Soos gesê is, is sommige van die aannames waarop die teorieë gebaseer is onrealisties. Slegs 'n betreklike klein gedeelte van die vloei van goedere en dienste tussen lande kan aan die hand van dié teorieë verklaar word. 'n Groot hoeveelheid van die internasionale handel vind plaas tussen lande wat nie wesentlik van mekaar verskil wat hulle smake en faktorbegaafdheid betref nie. Die stand van hulle tegnologie en gevolglik ook hulle produktiwiteitsvlakke stem dikwels ooreen. Daar is egter nie 'n eenvoudige verklaring vir dié toedrag van sake nie.

Handel tussen soortgelyke lande word dikwels toegeskryf aan die inherente voordele van spesialisasie. Die verskynsel van stygende meeropbrengste doen hom dus voor. Die gemiddelde en marginale koste daal indien meer van 'n goed geproduseer word. Watter land in die vervaardiging van 'n spesifieke goed sal spesialiseer is egter nie altyd duidelik nie.

'n Groot hoeveelheid internasionale handel vind binne bepaalde bedryfstakke ("intra-industry") plaas. Dié toedrag van sake hou veral verband met die strategieë van die multinasionale maatskappye. Die feit dat 'n groot hoeveelheid produkte wat verhandel word gedifferensieerde produkte is, kan verklarend wees van die internasionale handel binne 'n bepaalde bedryfstak.

Volgens Vernon kan 'n betreklik groot hoeveelheid van die internasionale handel verklaar word aan die hand van sy sogenaamde produksiklusteorie. Die produksiklusteorie is gebaseer op onvolmaakte mededinging wat goedere en produksiefaktore betref. Vernon het oor die jare twee modelle ontwikkel. In sy eerste model onderskei hy tussen die nuwe produk stadium, die "maturing product stage" en die "gestandaardiseerde stadium". Tydens die nuwe produk stadium word nuwe produkte gewoonlik ontwikkel in 'n tegnologies gevorderde land. Die land word gewoonlik gekenmerk deur gesofistikeerde verbruikers met dinamiese behoeftes. Dié behoeftes het 'n beduidende invloed op die ontwikkeling van die produk. Tydens die "maturing product stage" is die verbruiksbehoefes beter bekend aan die vervaardiger. Minder doeltreffende produksiewyses en -ontwerpe word uitgefaseer. Indien die marginale produksie- en vervoerkoste minder is as die gemiddelde produksiekoste in die buiteland sal die produkte uitgevoer word na lande met soortgelyke vraagpatrone. Tydens die gestandaardiseerde stadium verhoog onderlinge prysmededinging. Die vraag na lae insetkoste styg en die produsent word dikwels gedwing om sy bedryf na die buiteland te verskuif.

In Vernon se tweede model (die gemodifiseerde model), het die klem verskuif na oligopolistiese gedrag. Ondernemings streef daarna om 'n oligopolistiese markstruktuur te handhaaf. Gedurende die eerste fase ("innovation-based oligopoly stage") word produksiemetodes gevolg wat arbeid- en grondstofbesparend is. Gedurende die tweede fase ("mature oligopoly stadium stage") ontmoedig faktore soos skaalvoordele nuwe toetreders. Mededingers moniteer mekaar deurlopend. Optredes word gewoonlik deur teenoptredes gevolg. Gedurende die derde fase ("verouderde oligopolie stadium") neem mededinging skerp toe. Toegang tot lae koste-insette raak toenemend belangrik vir die voortbestaan van ondernemings.

Daar is 'n ooreenkoms tussen Vernon se produksiklusteorie en Posner se tegnologiese gapingsmodel. Volgens Posner kan 'n betreklike groot gedeelte van die handel tussen die nywerheidslande toegeskryf word aan die kontinue verskyning van nuwe produkte en produksieprosesse. Ondernemings betrokke by die nuwe produkte het gewoonlik 'n tydelike monopolie. Die land het dus slegs vir 'n betreklike kort tydperk 'n absolute voordeel in die vervaardiging van 'n goed. Ander lande raak betreklik gou vertrouwd met die tegnologie onderliggend aan die nuwe goed. Tegnologiese oordragte bring mee dat die verskille in lande se produksiefunksies dinamies uitgeskakel word. Posner dui egter nie aan waarom die tegnologie tussen lande verskil nie.

Volgens Krugman is spesialisasie dikwels die gevolg van verskille tussen lande wat hulle tegnologiese ontwikkeling betref. 'n Tegnologies gevorderde land vervaardig dus meer gevorderde produkte vergeleke met 'n land wat tegnologies minder gevorderd is. Die tegnologies meer gevorderde land het 'n kostevoordeel in die vervaardiging van tegnologies meer gevorderde goedere. Dié land word gekenmerk deur relatief hoë lone en produktiwiteit. Daarteenoor word die tegnologies minder gevorderde land gekenmerk deur laer arbeidskoste en produktiwiteit. Dié land het dus 'n kostevoordeel in die vervaardiging van goedere met 'n laer tegnologiese intensiteit. Tegnologiese vooruitgang in 'n land kan daartoe lei dat die tegnologiese gaping tussen hom en ander lande verbreed. Daar word dikwels betoog dat die tegnologiese vooruitgang in een land ten koste van 'n ander land is. Krugman wys daarop dat die tegnologiese vooruitgang in 'n land soms ook 'n land met 'n agterstand kan bevoordeel. Hy verklaar egter nie waarom die tegnologiese ontwikkeling tussen lande verskil nie.

Porter se model van 'n land se mededingende voordeel in 'n bepaalde bedryf is grootliks afgelei van die hoofdenkriktings wat die afgelope paar eeue rondom die internasionale handel ontstaan het. Die model is dus in wese 'n eklektiese model. Volgens die model sal 'n land se internasionale sukses afhang van vier faktore. Eerstens, die aard en omvang van sy produksiefaktore. Veral gesofistikeerde, gevorderde produksiefaktore is noodsaaklik vir 'n steekhoudende mededingende

voordeel. Die skepping en deurlopende opgradering van gevorderde, gespesialiseerde produksiefaktore is belangrik wat die mededingende voordeel van lande betref. Interessant is Porter se siening dat 'n surplus natuurlike hulpbronne dikwels die ontwikkeling van meer gevorderde, gespesialiseerde produksiefaktore ontmoedig. Tweedens, is die aard en omvang van die binnelandse vraag 'n belangrike faktor wat 'n land se mededingende voordeel in 'n bepaalde bedryf betref. Ondernemings in 'n sterk mededingende posisie se kliënte is dikwels gesofistikeerde verbruikers. Veral die groei in die plaaslike vraag is belangrik wat die mededingende voordeel van 'n land betref. Derdens, het die voorkoms van verwante bedryfstakke 'n beduidende invloed op die mededingendheid van 'n land in 'n bepaalde bedryfstak. 'n Belangrike voordeel van mededingend verwante bedryfstakke is dat dit innovasie en die proses van opgradering bevorder. Vierdens, is "firm strategy, structure and rivalry" bepalend vir die mededingendheid van 'n land in 'n bepaalde bedryfstak. Die bestuurstyl is 'n belangrike faktor wat die mededingende voordeel betref. Daar is dikwels 'n sterk regstreekse verband tussen die onderlinge mededinging tussen ondernemings en die mededingende voordeel van 'n land in 'n bepaalde bedryfstak.


Daar is uiteenlopende menings oor die invloed van die wisselkoers op die mededingendheid van 'n land of 'n onderneming. Gedurende die tagtigerjare was Drucker¹⁰⁶ van mening dat die wisselkoersgedrag van die vernaamste rekeneenhede 'n belangrike faktor in die wêreld ekonomie geword het. "From now on exchange rates between major currencies will have to be treated in economic theory and business policy alike as a 'comparative advantage', and a major one. Economic theory teaches us that the comparative-advantage factors of the 'real' economy - comparative labor costs and labor productivity, raw materials costs, energy costs, transportation costs and the like - determine exchange rates.... Increasingly, however, it is exchange rates that decide how labor costs in country A compare to labor costs in country B. Exchange rates are thus a major 'comparative' cost and one totally beyond business control."

¹⁰⁶ Drucker, P.F., "The Changed World....", op. cit., p. 786.

Ander skrywers is egter van mening dat die wisselkoers 'n mindere invloed op die mededingingsposisie van lande en ondernemings het, veral in die geval van dié lande en ondernemings wat hoofsaaklik handel dryf in betreklik gesofistikeerde produkte. Wat dié soort produkte betref, is faktore soos produkontwerp, kwaliteit en naverkopediens belangrik. Vergelyk ook Drucker¹⁰⁷ se siening gedurende die negentigerjare, dat: "Increasingly trade is not determined by the economist's traditional comparative advantage factors and thus it is less and less susceptible to exchange rates."

Daar is egter nie twyfel dat faktorkoste belangrik is vir lande wat hoofsaaklik gekenmerk word deur 'n surplus natuurlike hulpbronne, ongeskoolde of halfgeskoolde arbeid en 'n betreklik eenvoudige tegnologiese vermoë. Dié lande is dikwels gevoelig vir die gedrag van die wisselkoers.

---o0o---



UNIVERSITY
OF
JOHANNESBURG

¹⁰⁷ Drucker, P.F., *Managing in A Time....*, op. cit., p. 200.

Hoofstuk III

Belangrikheid van die Amerikaanse Dollar as Gemeenskaplike Noemer van die Internasionale Monetêre Stelsel

1. Inleiding

Die oogmerk met hierdie hoofstuk is hoofsaaklik om die belangrikheid van die Amerikaanse dollar as gemeenskaplike noemer van die internasionale monetêre stelsel te beskou.

Onder die ou internasionale goudstandaard en die vaste wisselkoersstelsel van Bretton Woods was die pariteit van die internasionale monetêre stelsel grootliks gegewe. Met die koms van die swewende wisselkoersstelsel aan die begin van die sewentigerjare het die toedrag van sake ingrypend verander. Anders as wat algemeen verwag is, is 'n kenmerk van die swewende wisselkoersstelsel die betreklike onstabieleit en volatilitieit van die eksterne waarde van lande se rekeneenhede. Die onstabieleit en volatilitieit word tot 'n mate meegebring deur die feit dat die gemeenskaplike noemer van die stelsel, die VSA-dollar, se waarde self van dag tot dag skommel in terme van die ander rekeneenhede. Andersyds is daar egter ook die feit dat die eksterne waarde van alle rekeneenhede van dag tot dag wissel weens die eb en vloeit van markfaktore. Die omstandigheid doen hom dus voor dat die stelsel in 'n voortdurende toestand van wisseling is. Dié verandering in die eksterne waarde van die rekeneenhede skep lastige vraagstukke vir die vloeit van goedere en dienste tussen lande, veral wat die momente van vereffening betref. Die swewende wisselkoerse is inherent tot oor- of onderwaardasie geneig. Die volatilitieit en onstabieleit van die wisselkoers is nie altyd beperk tot veranderings in die nominale waarde van die rekeneenhede nie. Die langtermyn gedrag van die reële wisselkoers hou dikwels ernstige gevolge vir ondernemings en lande in.

In die volgende paar bladsye word, eerstens, gekyk na die belangrikheid van die VSA-dollar as gemeenskaplike noemer van die stelsel. Tweedens, word gekyk na die volatiele gedrag van die dollarwisselkoers sedert die koms van die swewende wisselkoersstelsel en die moontlike redes vir dié gedrag. Die invloed van die gedrag van die dollarwisselkoers op die Amerikaanse handelsbalans word in die derde gedeelte van die hoofstuk beskou. Die sentrale problematiek van die swewende wisselkoersstelsel word ook van naderby beskou.

2. Belangrikheid van die VSA-dollar as internasionale rekeneenheid

In weerwil van die beëindiging van die vaste wisselkoersstelsel van Bretton Woods, wat in wese 'n dollarstandaard was, gedurende die vroeë sewentigerjare, is die Amerikaanse dollar steeds die toonaangewende internasionale rekeneenheid. Volgens Schoeman¹ is die wêreld, vir alle praktiese doeleindes, steeds op 'n dollarstandaard.

Die dollar speel veral 'n belangrike rol in die verhandeling van valuta tussen lande. Termynmarktransaksies geskied hoofsaaklik in dollar. Die rekeneenheid is ook die belangrikste intervensie-eenheid in die buitelandse valutamarkte. Hoewel die belangrikheid van die dollar as 'n reserwe-eenheid sedert die sewentigerjare effens afgeneem het, is dié rekeneenheid se relatiewe aandeel in die omvang van die totale internasionale reserwes steeds sowat 60 persent.² Schoeman³ wys daarop dat die sterk vraag na die dollar as intervensie-eenheid en reserwebate tot gevolg het dat die internasionale monetêre stelsel steeds nou gebind is aan die wel en die weë van die VSA en die dollarwisselkoers.

¹ Schoeman, C.H., *Die Skepping van 'n Algemene Aanvaarbare Internasionale Rekeneenheid as Voorwaarde vir die Ontwikkeling van 'n Ordeliker Wêreldgeldstelsel*, Ongepubliseerde M.Com.-verhandeling, Randse Afrikaanse Universiteit, 1991, p. 25.

² "Today, a mere 9% of worldwide official holdings are in yen, up from 6% a decade ago. Global holdings of marks stand at about 16%, up from 13% a decade ago." - *Business Week*, "The Dollar's Drift", 29 Mei 1995, p. 46.

³ Schoeman, C.H., *Die Skepping van 'n Algemene Aanvaarbare...*, op. cit., p. 25.

Nagenoeg 75 persent van alle internasionale banklenings geskied in VSA-dollar.⁴ Minder skuldbriewe (“bonds”) word egter in dollar gedenomineer, vergeleke met ‘n paar jaar gelede. Dié toedrag van sake hou deels verband met die groei in valutaruiltransaksies (“currency swaps”). Skuldbriewe word in verskillende denominasies uitgereik, waarna dit vir dollar verruil word.

Die dollar bly steeds die belangrikste rekeneenheid in die internasionale handel. In die wêreldmarkte word die pryse van bykans alle primêre kommoditeite in dollar gedenomineer.⁵ Kenen⁶ het gedurende die vroeg tagtigerjare geraam dat ‘n betreklike groot volume van die nywerheidslande se uitvoer na die VSA in dollar gefaktureer word. In die geval van Japan word ongeveer 89 persent van die uitvoer na die VSA na raming in dollar gefaktureer. Kenen het ook gevind dat ‘n beduidende gedeelte van die nywerheidslande se uitvoer na ander lande in dollar gefaktureer word. Die uitvoer van die meeste ontwikkelende lande geskied hoofsaaklik in dollar. Hoewel die Japanese jen en die Duitse mark gedurende die afgelope dekade in eie reg volwaardiger rekeneenhede geword het, word ongeveer 66 persent van alle internasionale handelstransaksies in dollar gefaktureer.⁷

Volgens die Internasionale Monetêre Fonds⁸ was nagenoeg 23 ontwikkelende lande se rekeneenhede in 1995 aan die dollar gekoppel, vergeleke met 14 wie se rekeneenhede aan die Franse frank gekoppel was. Die feit dat sommige lande se rekeneenhede aan die Franse frank gekoppel is, hou hoofsaaklik verband met hulle koloniale verlede. Interessant is die feit dat weinig ontwikkelende lande se rekeneenhede aan die Duitse mark of die Japanese jen gekoppel is.

⁴ Idem, p. 80.

⁵ Drucker, P.F., *The Frontiers of Management...*, op. cit., p. 41.

⁶ Kenen, P.B., *Exchange Rates and the Monetary System*, Aldershot, 1994, p. 326.

⁷ *The Economist*, “Will the Buck Stop Here?”, 12 November 1994, p. 80.

⁸ Internasionale Monetêre Fonds, *International Financial Statistics Yearbook 1996*, Washington, p. 18.

Die status van die dollar as *lingua franca* van die internasionale monetêre stelsel kan aan talle faktore toegeskryf word. Die dollar is veral vanweë historiese redes steeds die belangrikste rekeneenheid in die internasionale monetêre stelsel. Frankel⁹ wys daarop dat daar "...is a strong inertial bias in favor of using whatever currency has been the reserve currency in the past." 'n Ander faktor is bloot eenvoudig die feit dat die Amerikaanse ekonomie die grootste ter wêreld is. Die VSA produseer jaarliks meer goedere en dienste as enige ander land. Die land se reële bruto binnelandse produk het in 1995 \$6,17 triljoen beloop.¹⁰ Die VSA is ook die grootste in- en uitvoerland ter wêreld. Die land se uitvoer het in 1995 \$584,7 miljard beloop.¹¹ Die aandeel van die VSA in die totale uitvoer van die nywerheidslande was in 1995 ongeveer 17 persent.¹² Die land se invoer het in 1995 \$770,95 miljard beloop.¹³ Die aandeel van die VSA in die totale invoer van die nywerheidslande was in 1995 ongeveer 22,8 persent.¹⁴ Die status van die dollar hou ook verband met die feit dat die VSA se finansiële markte hoogs ontwikkel en betreklik vry van owerheidsinmenging is. Walter¹⁵ wys daarop dat : "Though volatility has increased the exchange risk of holding dollar assets as a store of value, the high liquidity of the dollar markets, the broad range of dollar instruments and the low transaction costs in dollar markets ensures that it remains the main transactions and denominations currency in international markets."

Die belangrikheid van die dollar as internasionale rekeneenheid hou beduidende voordele vir die VSA in. Amerikaanse subjekte het veral die voordeel dat hulle handels- en finansiële transaksies hoofsaaklik in dollar geskied. Hulle blootstelling aan die onstabieliteit en volatilititeit van die internasionale monetêre stelsel is dus beperk.

⁹ Frankel, J.A., "Still the Lingua Franca: The Exaggerated Death of the Dollar", *Foreign Affairs*, Julie/Augustus 1995, p. 13.

¹⁰ Internasionale Monetêre Fonds, *International*, op. cit., p. 791.

¹¹ Idem, p. 70.

¹² Idem, p. 70.

¹³ Idem, p. 71.

¹⁴ Idem, p. 71.

¹⁵ Walter, A., *World Power and World Money: The Role of Hegemony and International Monetary Order*, New York, 1991, p. 199.

Volgens Frankel¹⁶ is die grootste voordeel vir Amerika die sogenaamde munttol (“seignorage”) wat spruit uit ander lande se gebruik van die dollar as ‘n reserwe-eenheid. Frankel wys daarop dat: “They (countries) must give up real goods, services, or capital to pay for the reserves they hold.” Soos aangehaal deur Frankel het Lindsey, Vice-president van die “Federal Reserve Board”, in 1994 daarop gewys dat die kumulatiewe “Fed currency seignorage” sedert 1981 ongeveer \$64 miljard beloop. Volgens Frankel is ‘n ander raming dat die jaarlikse voordeel uit “seignorage” vir die VSA sowat \$12 miljard beloop.

‘n Ander voordeel wat die status van die dollar vir die VSA inhou, is dat die land, anders as ander lande, oor ‘n betreklike lang tydperk feitlik ongestoord lopende rekening- en begrotingstekorte kon handhaaf. Die toedrag van sake hou hoofsaaklik verband met die feit dat krediteure in baie lande bereid is om die dollar, vanweë sy geskatte sterk waarde as ‘n reserwe-eenheid te hou, en dus onbeperkte krediet aan die VSA te verleen.



UNIVERSITY
OF
JOHANNESBURG

3. Gedrag van die Amerikaanse dollarwisselkoers onder die swewende wisselkoersstelsel


Uit grafiek 1 word gesien dat die effektiewe nominale wisselkoers van die VSA-dollar sedert die koms van die swewende wisselkoersstelsel in die vroeg sewentigerjare betreklik onstabiel en volatiel was. Opvallend is veral die betreklike groot skommeling in die dollarwisselkoers gedurende die tagtigerjare.

Soos uit grafiek 2 gesien kan word, was die waarde van die dollar in terme van die mark en die jen sedert die vroeg sewentigerjare besonder wisselvallig. Uit die grafiek kan ook gesien word dat die omvang van die skommeling van jaar tot jaar betreklik ingrypend varieër.

¹⁶ Frankel, J.A., “Still the Lingua Franca...”, op. cit., p. 12.

Grafiek 1 Jaarlikse Skommeling in die Effektiewe Nominale Wisselkoers van die VSA-dollar, 1966-1995


Persentasie



Bron : Internasionale Monetêre Fonds; *International Financial Statistics Yearbook 1996*

Grafiek 2 Jaarlikse Skommeling in die VSA-dollarwisselkoers teenoor die Japanese Jen en die Duitse Mark, 1965-1995

Persentasie



Bron : Internasionale Monetêre Fonds; *International Financial Statistics Yearbook 1996*

Aanduidend van die volatiliteit van die eksterne waarde van die dollar gedurende die tydperk 1968-1995 is die feit dat die rasonale verwagtinge oor die toekomstige gedrag van dié wisselkoers, soos weerspieël deur die termynmarkkoerse, gewoonlik nie gerealiseer het nie. De Grauwe¹⁷ wys daarop dat : "...as a general rule, during the flexible exchange rate period, the observed changes in the exchange rate tended to be much larger than the expected changes (as measured by the forward premium)." Hy is ook van mening dat "... the forward premium (discount) quite often failed to predict the direction of the future change in the exchange rate".¹⁸ Ten spyte daarvan dat die dollarwisselkoers gedurende die tydperk 1980-1984 geappresieer het, het subjekte voortdurend 'n depresiasie verwag. Gedurende die tydperk het die termynmark voortdurend 'n swakker dollarwisselkoers verdiskonteer. De Grauwe¹⁹ wys daarop dat: "The evidence seems to indicate that most of the actual movements of the dollar/DM and the dollar/yen exchange rates caught speculators by surprise. Neither the magnitude, nor the direction, of the movements seems to have been foreseen by the people operating in the foreign exchange markets."

Die volatiliteit in die nominale eksterne waarde van die dollar gaan gepaard met skommeling in die gedrag van die effektiewe reële wisselkoers van die rekeneenheid. Soos uit grafiek 3 gesien kan word, het die effektiewe reële wisselkoers van die dollar gedurende die eerste helfte van die tagtigerjare skerp geappresieer, waarna dit skerp gedeprimeer het. Gedurende die tydperk 1980-1985 het die reële effektiewe wisselkoers teen 'n saamgestelde groeikoers van 6,6 persent geappresieer. Gedurende die tydperk 1985-1995 het die wisselkoers teen 'n saamgestelde groeikoers van 5,0 persent gedeprimeer. Opvallend is veral die sterk korrelasie tussen die nominale en die reële wisselkoersbewegings van die dollar. Die afleiding kan dus gemaak word dat die jaarlikse wisselkoersbewegings tussen die VSA en sy vernaamste handelsvennote nie met die jaarlikse relatiewe prysveranderinge tussen hulle verband hou nie. Trouens, die wisselkoersbewegings is dikwels groter as die relatiewe prysverskille.


¹⁷ De Grauwe, P., *International Money: Post-War Trends and Theories*, Oxford, 1989, p. 60.

¹⁸ Idem, p. 60.

¹⁹ Idem, p. 61.

Grafiek 3 Vergelyking tussen die Nominale en Effektiewe Reële
Wisselkoersbewegings van die Amerikaanse Dollar, 1978-1995

1990=100



Bron : Internasionale Monetêre Fonds; *International Financial Statistics Yearbook* 1996


Opvallend uit grafiek 4 is die skerp appresiasie in die eksterne waarde van die dollar gedurende die vroeë tagtigerjare en die skerp depresiasie in 1986. Frankel²⁰ laat hom soos volg uit oor dié gedrag van die Amerikaanse dollarwisselkoers gedurende die vroeë tagtigerjare: "The remarkable appreciation of the dollar since 1980 rivals the oil shocks of the 1970s as the most dramatic relative price change in the post- World War II world economy." Na aanleiding van die gedrag van die dollarwisselkoers gedurende die eerste helfte van die tagtigerjare, was Emminger²¹ van mening dat: "Over recent years the exchange rate of the dollar has become by far the most important price in the world economy (ten years ago this role would have been attributed to the oil price). It has an enormous impact both on the American economy and on the rest of the world." Skrywers soos Bergsten et al en Williamson is van mening dat die skerp appresiasie in die eksterne waarde van die dollar meegebring het dat sy waarde gedurende die vroeë tagtigerjare in terme van die ander belangrike rekeneenhede oorwaardeer was. Soos

²⁰ Frankel, J.A., "The Dazzling Dollar", *Brookings Papers on Economic Activity*, 1985, p. 199.

²¹ Emminger, O., "The Dollar's Borrowed Strength" in Salvatore, D. (Red.), *The New Protectionist Threat to World Welfare*, New York, 1987, p. 450.

aangehaal deur Frankel²², waarsku Bergsten et al reeds in 1982 dat : “The dollar is overvalued by at least 20 percent ... These imbalances are as great as those in the final breakdown stages of the Bretton Woods system of fixed exchange rates.” Williamson is van mening dat: “The peak overvaluation of the dollar in late February and early March was more than 40 percent....about double the estimated overvaluation of the dollar which brought about the collapse of the Bretton Woods system of fixed parities in the early 1970s.”²³

Grafiek 4 Nominale Effektiewe Wisselkoers van die VSA-dollar,
1968-1995
1990=100



Bron : Internasionale Monetêre Fonds; *International Financial Statistics Yearbook 1996*

Die skerp depresiasie in die eksterne waarde van die dollar in 1986 het wye bespreking ontlok. Interessant is dat die “Federal Reserve Bank of Dallas” gevind het dat die eksterne waarde van die dollar gedurende die tydperk 1985 - 1986 in werklikheid betreklik min gedaal het. Krugman en Baldwin²⁴ wys daarop dat : “The reason for the dollar’s strong showing in the Dallas index was that while it had depreciated sharply against the currencies of Japan and Western Europe, the currencies of many less

²² Frankel, J.A., *On Exchange Rates*, Londen, 1993, p. 135.

²³ Idem, p. 135.

²⁴ Krugman, P.R. en Baldwin, R.E., “The Persistence of the Trade Deficit”, *Brookings Papers on Economic Activity*, 1987, p. 8.

developed countries actually depreciated against the dollar. In particular, if countries were weighted by their trade with the United States, the continuing depreciation of the currencies of Mexico, Brazil, and Argentina largely outweighed the rise of the yen and European currencies.”

Volgens die Economist²⁵, toon 'n indeks van Manufacturers Hanover ook dat die eksterne waarde van die dollar betreklik min gedurende die tydperk Februarie 1985 - September 1986 gedaal het. Die indeks is gebaseer op die wisselkoers van die dollar en die rekeneenhede van die VSA se 17 vernaamste handelsvennote. Volgens Manufacturers Hanover het die eksterne waarde van die dollar gedurende die tydperk Februarie 1985 - September 1986 met slegs 2 persent gedaal.

Feldstein en Bacchetta²⁶ laat hulle soos volg uit oor die bevindinge van die “Federal Reserve Bank of Dallas” en Manufacturers Hanover: “The studies that conclude that the dollar’s fall after February 1985 has been very small are misleading because of two basic problems. Most importantly, they compare nominal exchange rates when it is the real exchange rate that affects competitiveness and trade. In addition, they combine the exchange rates of different countries using weights that reflect only their direct trade with the United States (bilateral weights) rather than their share of total world trade (multilateral trade weights).....averaging the individual country exchange rates with weights that reflect their trade with the United States alone (bilateral trade weights) rather than their share of total world trade (multilateral trade weights) ignores the influence of the bilateral exchange rates on the competition for sales in third countries.”

Volgens die indeks van Feldstein en Bachetta²⁷ het die nominale “multilaterale” eksterne waarde van die dollar gedurende die tydperk Januarie 1980 - Februarie 1985 met 104,9 persent gestyg. Gedurende die tydperk Februarie 1985 - Mei 1987 het dié

²⁵ *The Economist*, “The Fall of the Dollar is Smaller than It Seems”, 11 Oktober 1986, p. 77.

²⁶ Feldstein, M. en Bacchetta, P., “How Far has the Dollar Fallen?”, *Business Economics*, Oktober 1987, p. 35.

²⁷ *Idem*, p. 37.

waarde met 22,6 persent gedaal. Die reële multilaterale eksterne waarde van die dollar het gedurende die tydperk Januarie 1980 - Februarie 1985 met 62,5 persent gestyg. Dié styging was die resultaat van 'n appresiasie van 74,2 persent teenoor die rekeneenhede van die nywerheidslande en 'n appresiasie van 34,8 persent teenoor die rekeneenhede van 59 ontwikkelende lande. Gedurende die tydperk Februarie 1985 - Mei 1987 het die reële wisselkoers van die dollar met 37,5 persent gedeprimeer teenoor die rekeneenhede van die nywerheidslande. Die reële wisselkoers van die dollar teenoor die rekeneenhede van die 59 ontwikkelende lande het egter gedurende dié tydperk betreklik onveranderd gebly.


'n Ander belangrike verwikkeling wat die Amerikaanse dollarwisselkoers betref, is dat dié wisselkoers sedert die koms van die swewende wisselkoersstelsel teenoor twee van die vernaamste ander rekeneenhede, die jen en die mark oor tyd gedeprimeer het. Uit grafiek 5 kan gesien word dat die nominale waarde van die dollar in terme van die jen van ¥303 in 1972 tot ¥94.06 in 1995 gedeprimeer het, dit wil sê teen 'n saamgestelde koers van 5,0 persent. Soos gesien kan word uit grafiek 6, het die nominale waarde van die dollar in terme van die mark van DM3.20 in 1972 tot DM1.433 in 1995 gedaal, dus teen 'n saamgestelde koers van 3,4 persent.

Soos hierbo aangedui is, is daar, wat die korttermyn betref, nie 'n duidelik waarneembare verband tussen die nominale effektiewe dollarwisselkoers en die relatiewe prysbewegings van die vernaamste nywerheidslande nie. De Grauwe²⁸ wys daarop dat : ".....the real exchange rates exhibit long cyclical movements (one of which was more than ten years in duration) and in a number of cases long-term drift. Put differently, the exchange rates show a tendency to wander away from their equilibrium levels as measured by their PPP values."

²⁸ De Grauwe, P., *International Money*...., op. cit., p. 78.

Grafiek 5 Nominale Wisselkoers van die VSA-dollar teenoor die Japanese Jen, 1972 - 1995


Jen per Dollar



Bron: Internasionale Monetêre Fonds, *International Financial Statistics Yearbook* 1996

Grafiek 6 Nominale Wisselkoers van die VSA-dollar teenoor die Duitse Mark, 1972-1995


DM per Dollar



Bron : Internasionale Monetêre Fonds, *International Financial Statistics Yearbook* 1996

Soos uit grafiek 7 gesien kan word, is daar vir betreklike lang tydperke 'n verskil tussen die dollarwisselkoers teenoor die mark en die wisselkoers in terme van koopkragpariteit ("purchasing power parity").²⁹ Uit die grafiek kan gesien word dat die dollarwisselkoers teenoor die mark, vergeleke met die koopkragpariteitwaardes, oorwaardeer was gedurende die tagtigerjare. In 1995 was die dollarwisselkoers teenoor die mark ongeveer 11,8 persent onderwaardeer in terme van die koopkragpariteitwaarde.

Grafiek 7 Vergelyking tussen die Dollarwisselkoers teenoor die Mark en die Koopkragpariteitswaarde van die Twee Rekeneenhede, 1973-1995



Bron: Internasionale Monetêre Fonds, *International Financial Statistical Yearbook* 1996


Die skerp depresiasie in die nominale dollarwisselkoers teenoor die jen het tot gevolg gehad dat prominente finansiële instellings soos die Union Bank of Switzerland³⁰ en

²⁹ Die keuse van die basisjaar is belangrik. Die keuse is dikwels bepalend of die wisselkoers in ewewig of onewewig is. As basisjaar is 1973 gekies. De Grauwe wys daarop dat: "There is now some consensus that the period around the years 1973-5 was close to a situation of equilibrium for these two exchange rates (see Williamson, who studies the role of other variables than price levels in determining the equilibrium exchange rates.)"- Idem, p. 67.

³⁰ Union Bank of Switzerland, *UBS International Finance*, 1996, p. 4.

Goldman Sachs³¹ van mening was dat indien die wisselkoers gemeet word aan die hand van die koopkragpariteitswaarde, die dollarwisselkoers teen die middel van die negentigerjare ook teenoor die jen onderwaardeer was. Soos uit grafiek 8 gesien kan word, het die verskil tussen die kontantkoers en die koopkragpariteitswaarde gedurende die eerste helfte van die negentigerjare vergroot. In 1995 was die dollarwisselkoers teenoor die jen ongeveer 17 persent onderwaardeer in terme van die koopkragpariteitswaarde.

Grafiek 8 Vergelyking tussen die Dollarwisselkoers teenoor die Jen en die Koopkragpariteitswaarde van die Twee Rekeneenhede, 1991-1995



Bron : Union Bank of Switzerland, *UBS International Finance*, 1996

4. Moontlike redes vir die volatiele gedrag van die dollarwisselkoers sedert die koms van die swewende wisselkoersstelsel

Daar is nie 'n eenvoudige verklaring vir die onstabiele en volatiele gedrag van die wisselkoerse sedert die koms van die swewende wisselkoersstelsel nie. Die gedrag van die wisselkoers word soms verklaar aan die hand van die sogenaamde ewewigmodelle. Volgens die modelle word aangeneem dat die "markets clear

³¹ Soos aangehaal deur *The Economist*, "Dail C for Chaos", 11 Maart 1995, p. 75.

instantaneously". Volgens die koopkragpariteitsteorie word rekeneenhede se waarde deur hulle onderskeie koopkragte bepaal. Die teorie gaan van die standpunt uit dat die wisselkoers neig om die inflasieverskille tussen lande teë te werk. Soos hierbo aangedui is, verklaar die koopkragpariteitsteorie egter nie die gedrag van die dollarwisselkoers in terme van die belangrike rekeneenhede soos die mark en die jen nie.

Volgens die gedekte rentekoerspariteitshiptese sal die binnelandse rentekoers met 'n premie gelykstaande aan die verwagte appresiasie of depresiasie van die bepaalde rekeneenheid, hoër of laer as die buitelandse rentekoers wees. In die geval van die ongedekte rentekoerspariteit kan 'n appresiasie of depresiasie van die rekeneenheid waarin die belegging gemaak word die opbrengs beïnvloed. Daar is dus 'n risiko eie aan die maak van 'n deposito in die buiteland.

Volgens die monetêre model is die wisselkoers 'n funksie van die geldvoorraad, die omloopsnelheid van geld en die nasionale inkomevlak. 'n Styging in die geldvoorraad en 'n toename in die nominale vraag na fondse teen 'n gegewe inkomevlak, lei tot stygende inflasieverwagtinge. Dié toedrag van sake het hoër rentekoerse tot gevolg. 'n Verwagte styging in die inflasiekoers en dus die rentekoers bring mee dat die vraag na die betrokke rekeneenheid daal. Die wisselkoers sal dus depresieer ten einde die koopkragpariteit van die binnelandse rekeneenheid te handhaaf.

Robock en Simmonds³² wys egter daarop dat : "Both the monetary and interest-parity approaches have been tested in empirical studies, but there does not appear to be a strong simple relationship of either sign between the interest rate and foreign exchanges. The reason for this may be that interest changes may result from different factors."

Volgens De Grauwe³³ word die volatiele gedrag van die wisselkoers veral aan die hand van die sogenaamde onewewigmodelle soos Dornbusch se "overshooting" model

³² Robock, S.H. en Simmonds, K., *International Business and Multinational Enterprises*, Boston, 1989, p. 84.

³³ De Grauwe, P., *International Money*....., op. cit., p. 83.

verklaar.³⁴ Een van die aannames waarop Dornbusch se “overshooting” model gebaseer is, is dat rasionele verwagtinge oor die toekomstige gedrag van die wisselkoerse bestaan. Volgens die model reageer die pryse van goedere dikwels traag op ‘n onverwagte beleidsverandering (“policy shock”). Daarteenoor reageer die rentekoers en die wisselkoers gewoonlik onmiddellik op beleidsveranderinge. Ten einde pariteit in die verwagte nominale opbrengs op obligasies tussen lande te handhaaf, sal ‘n rentekoersverlaging in die VSA gepaardgaan met ‘n skerp depresiasie in die eksterne waarde van die dollar ten einde die verwagting te skep dat die wisselkoers in die toekoms weer gaan appresieer. Die toedrag van sake word “overshooting” genoem. Dornbusch en Frankel wys daarop dat: “At times it seems that the exchange rate ‘overshoots the overshooting equilibrium’.”³⁵

‘n Ander onewewigmodel verklarend van die volatiele gedrag van die wisselkoers is die sogenaamde gebalanseerde portefeuljeteorie. Volgens dié teorie weerspieël die lopende rekening van ‘n land die veranderinge in sy buitelandse batebesit. Enige lopende rekeningtekort of -surplus sal die akkumulasiemoent van die binnelandse batebesit van buitelandse beleggings bepaal. ‘n Onderskeid word getref tussen die monetêre owerheid se netto binnelandse batebesit en dié van die privaat sektor. Die lopende rekening is egter dikwels nie in staat om skielik by ‘n verandering in die onderliggende omstandigheid aan te pas nie. Die netto binnelandse besit van buitelandse beleggings kan ook nie skielik (“instantaneously”) verander nie³⁶. Dié toedrag van sake bring mee dat die wisselkoers skielik moet aanpas om te verseker dat ekonomiese subjekte steeds gewillig is om bestaande portefeuljes te behou. ‘n Onverwagte monetêre beleidsverandering beïnvloed die wisselkoers. ‘n Onvoorsiene verslapping in die monetêre beleid van ‘n land het tot gevolg dat subjekte hulle bateportefeulje sal hersien. ‘n Laer opbrengs op beleggings, vergeleke met ander lande, het tot gevolg dat subjekte voorkeur aan ander lande se bates sal gee.

³⁴ De Grauwe laat hom soos volg oor die Dornbusch-model uit: “...it explains not only why the exchange rates have tended to be very volatile, but also why the nominal and real exchange rate movements are strongly correlated.” - Idem, p. 85.

³⁵ Frankel, J.A., *On Exchange Rates*..., op. cit., p. 16.

³⁶ “The net foreign asset position is essentially fixed.” - De Grauwe, P., *International Money*..., op. cit., p. 93.

'n Lopende rekeningsurplus is egter nodig indien subjekte in die ander lande wil belê. Die lopende rekening reageer egter traag, veral op die korttermyn. Die wisselkoers sal dus skerp appresieer ten einde beleggings in die buiteland minder aantreklik te maak. Indien die lopende rekeningposisie verbeter, sal die wisselkoers depresseer. De Grauwe³⁷ is van mening dat die gebalanseerde portefeuljemodel grootliks verklarend is van die volatiele gedrag van die wisselkoers. Volgens hom verklaar die model ook die sterk korrelasie in die nominale en die reële wisselkoersbewegings.

Obstfeld³⁸ verklaar die volatilititeit van die wisselkoerse soos volg: "One of the most important realizations after the onset of floating has been that an exchange rate is the relative price of two assets (national monies) and that, in an environment of international capital mobility, it is determined by the same principles that govern the prices of other assets, such as stocks, storable commodities and long bonds. Exchange rates therefore depend on potentially volatile expectations about the future as well as on current economic conditions. They respond immediately and possibly sharply to actual or rumored news about the fundamentals - money supplies, output levels, current accounts, fiscal deficits, and so on - determining currency values." Obstfeld beskou die nuuselement en die modelering daarvan as 'n belangrike rede vir die onstabiele gedrag van die wisselkoers. Du Plessis³⁹ laat hom soos volg uit oor die sogenaamde nuusmodel: "Die nuusmodel is in werklikheid nie 'n model vir die verklaring van wisselkoersgedrag nie, dit is eerder 'n metodologie of 'n benadering tot modelering. Die nuusmodel is ten opsigte van die fundamentele veranderlikes en onderbou van die wisselkoersverklaring agnosties van aard.....die nuusmodel slaag nie daarin om die inherente volatilititeit van wisselkoerse bevredigend te verklaar nie."

³⁷ Idem, p. 93.

³⁸ Obstfeld, M., "International Currency Experience: New Lessons and Lessons Relearned", *Brookings Papers on Economic Activity*, 1995, p. 135.

³⁹ Du Plessis, D.P.S., *Die Dinamika van Mexiko se Eksterne Ekonomiese Verhoudinge*, Ongepubliseerde D.Com.-proefskrif, Randse Afrikaanse Universiteit, 1996, p. 38.

Volgens Ellis⁴⁰ is die volatiele wisselkoersgedrag die produk van 'n komplekse dinamiese stelsel. "Chaos theory demonstrates that even simple non-linear deterministic dynamic systems can produce very complex behaviour over time. If the exchange rate were generated by a chaotic dynamical system, we would expect it to be unpredictable and subject to sudden shifts. The market would appear to overreact to seemingly unimportant shocks."

'n Beduidende afwyking tussen die waargenome wisselkoersvlak en die vlak gegrond op die fundamentele veranderlikes, word 'n "bubble" genoem⁴¹. Volgens De Grauwe⁴² kom "bubbles" veral voor wanneer spekulante nie in die afsienbare toekoms 'n skerp daling ("crash") in die wisselkoers voorsien nie, maar eerder verwag dat die "bubble" gaan voortduur. "Bubbles" word gewoonlik met irrasionele gedrag geassosieer. Spekulasie⁴³ gebaseer op irrasionele verwagtings, is gewoonlik destabiliserend van aard. "Bubbles" kan egter ook met rasonale gedrag geassosieer word. Interessant is Frankel⁴⁴ se siening dat selfs in die gevalle waar spekulante rasonaal optree spekulasie destabiliserend kan wees. "All the random walks, or 'near random-walks', results imply that it would be rational for investors to base their expectations as to the future spot rate almost entirely on the current spot rate, and not at all on an estimate of fundamentals equilibrium. If 'expected depreciation' is a variable that is always equal to zero, then it cannot have a stabilizing effect on investor behavior.....In a rational speculative bubble, investors lose money if they don't go along with the trend."

Daar is betreklike eenstemmigheid onder ekonome dat die dollarwisselkoers hoofsaaklik deur die aard en omvang van kapitaalbewegings beïnvloed word.

⁴⁰ Ellis, J., "Non-linearities and Chaos in Exchange Rates" in Creedy, J. en Martin, V.L. (Red.), *Chaos and Non-linear Models in Economics: Theory and Applications*, Aldershot, 1994, p. 187.

⁴¹ "A bubble is an explosive path of the exchange rate which brings it progressively farther away from the economic fundamentals. Put differently, it is a movement of the exchange rate from its equilibrium value as determined by an economic model." - De Grauwe, P., *International Money*..., op. cit., p. 127.

⁴² Idem, p. 127.

⁴³ Kapitaalvloeï in reaksie op verwagte wisselkoersveranderinge.

⁴⁴ Frankel, J.A., *On Exchange Rates*..., op. cit., p. 17.

Emminger⁴⁵ wys daarop dat: "The fact that the exchange rate of the dollar is more dominated by capital movements than that of any other country puts the dollar in a class of its own. This is reinforced by the unique position of the dollar as the world's chief reserve and intervention currency, and as the dominating currency in the international financial markets." Wisseling in die patroon van kapitaalbewegings tussen lande bring mee dat die gedrag van die dollarwisselkoers as 'n reël onvoorspelbaar is. Talle veranderlikes, ekonomies sowel as polities-geografies, beïnvloed die gedrag van die wêreld se kapitaalmarkte. "Paul Volker once said this dependence of the dollar on a variety of different capital flows makes the dollar trend a 'Russian roulette'."⁴⁶

Gedurende die afgelope twee dekades het die aard en omvang van die beweging van fondse tussen lande beduidend verander. Drucker⁴⁷ laat hom soos volg uit oor die toename in die beweging van fondse oor die landsgrense: "There is no one explanation for this explosion of international - or more accurately - transnational money flows. The shift from fixed to 'floating' exchange rates in 1971 may have given the initial impetus (though ironically, it was meant to do the exact opposite) by inviting currency speculation. The surge in liquid funds flowing to petroleum producers after the two oil shocks of 1973 and 1979 was surely a major factor. But there can be little doubt that the U.S. government deficit also plays a big role."

Volgens *The Economist*⁴⁸, raam McKinsey dat die jaarlikse omvang van die finansiële bates wat in die internasionale kapitaalmarkte verhandel word, van \$ 5 triljoen in 1980 tot \$35 triljoen in 1992 toegeneem het. Volgens hom het die omvang van die finansiële bates wat in 1992 verhandel is twee keer die waarde van die totale bruto binnelandse produk van die nywerheidslande beloop. Die toename in die beweging van fondse word ook in die statistiek aangehaal deur *The Economist*⁴⁹, weerspieël: Die daaglikse globale verhandeling van valuta het in 1973 tussen \$10 en \$20 miljard

⁴⁵ Emminger, O., "The Dollar's Borrowed ...", op. cit., p. 454.

⁴⁶ Idem, p. 453.

⁴⁷ Drucker, P.F., *The Frontiers of Management...*, op. cit., p. 38.

⁴⁸ *The Economist*, "Back to the Future", Survey : The World Economy, 17 Oktober 1995, p. 12.

⁴⁹ Idem, p. 12.

beloop. In 1992 was die daaglikse omvang van transaksies op die valutamarkte ongeveer \$900 miljard, dit wil sê 60 keer die waarde van die gemiddelde daaglikse globale verhandeling van kommoditeite. Teen die einde van 1995 is die omvang van die daaglikse globale verhandeling van valuta op bykans \$1,3 triljoen geraam. Die internasionale handel in obligasies en effekte het in die geval van die VSA, as 'n persentasie van die land se bruto binnelandse produk, van 3 persent in 1970 tot 135 persent in 1993 toegeneem. In die geval van die Verenigde Koninkryk het die internasionale handel in effekte van bykans geen handel in 1970 skerp toegeneem. In 1993 het die land se buitelandse handel in effekte, as 'n persentasie van die bruto binnelandse produk, meer as 1000 persent beloop. Die IMF raam die "total cross-border ownership of tradeable securities" in 1992 op \$2,5 triljoen. Die netto omvang van internasionale banklenings het van \$265 miljoen in 1975 tot \$4,2 triljoen in 1994 toegeneem. Die omvang van uitstaande internasionale obligasies het van \$259 miljoen in 1982 tot meer as \$2 triljoen in 1994 gegroei.

Frankel⁵⁰ wys daarop dat die meeste transaksies op die valutamarkte met korttermyn beleggings verband hou. Finansiële bates wat verhandel word, word gekenmerk deur 'n hoë omkeerbaarheid. Veral banke en ander finansiële instellings verhandel dié bates onderling. Hy is van mening dat, nieteenstaande die hoë volatiliteit in die markte, die meeste valutatransaksies steeds in die kontantmark plaasvind.

Die toename in die volatiliteit en omvang van die vloeï van fondse tussen lande hou hoofsaaklik verband met die toenemende globalisering en internasionalisering van die monetêre en finansiële markte. Dié globalisering en internasionalisering is hoofsaaklik meegebring deur tegnologiese veranderinge. Elektronifisering het die algemene beskikbaarheid van inligting bespoedig. Walter⁵¹ wys daarop dat: "Easy and virtually instantaneous access to knowledge characterises all business related to contemporary finance, which itself feeds through into an unprecedented degree of spontaneity and potential volatility in exchange and capital markets. In conjunction with increasing competition in global financial markets, this has served to heighten the sensitivity of

⁵⁰ Frankel, J.A., *On Exchange Rates*..., op. cit., p. 19.

⁵¹ Walter, A., *World Power and World Money*..., op. cit., p. 201.

actors to differentials in yields on similar assets in different markets. Reactions to news about policy shifts, interpreted policy shifts, weekly arrays of economic and financial data on all major economies, and even news of apparently unrelated events can cause massive movements of funds between instruments and/or currencies.”

‘n Ander faktor wat bydra tot die globalisering en internasionalisering van die markte is deregulering. Sedert die koms van die swewende wisselkoersstelsel het talle regerings valutabeheer afgeskaf of verslap. Die meeste nywerheidslande en ‘n groeiende getal ontwikkelende lande het tans weinig beheer oor die beweging van fondse oor hulle grense heen. Obstfeld⁵² wys daarop dat die koms van die swewende wisselkoersstelsel liberalisering in die VSA gefasiliteer het. In 1974 het dié land feitlik alle valutabeheer afgeskaf.

Die “securitisation of capital markets” het tot gevolg dat meer en ‘n groter verskeidenheid finansiële bates verhandel word. Die “securitisation of capital markets” het tot gevolg dat kommersiële banke toenemend betrokke is in “off-balance-sheet business” soos die bestuur en uitreiking van effekte.

Privaat “offshore” kapitaalmarkte het veral oor die afgelope twee dekades sterk gegroei. Walter⁵³ wys daarop dat “The Euromarkets (and International Banking Facilities (IBFs) in the US since 1981) provide by far the greatest pool of capital for corporate, sovereign and ‘supranational’ borrowers, yet are not subject to the regulations which apply to transactions in the domestic markets.”

Volgens Frankel⁵⁴ kan kapitaal as mobiel beskou word wanneer die pryse van twee identiese finansiële bates in verskillende markte dieselfde is. The Economist⁵⁵ wys daarop dat daar bykans geen verskille is tussen “onshore” en “offshore” deposito’s in dieselfde rekeneenheid nie. Volgens Frankel⁵⁶ verskil rentekoerse, nadat voorsiening

⁵² Obstfeld, M., “International Currency...”, op. cit., p. 145.

⁵³ Walter, A., *World Power and World Money*..., op. cit., p. 197.

⁵⁴ Frankel, J.A., *On Exchange Rates*..., op. cit., p. 41.

⁵⁵ *The Economist*, “Capital Conundrum”, Survey: The World Economy, 17 Oktober 1995, p. 8.

⁵⁶ Frankel, J.A., *On Exchange Rates*..., op. cit., p. 42.

gemaak is vir die koste verbonde aan termynmarkverskansing, weinig tussen lande. Dié toedrag van sake weerspieël die veel groter mobiliteit van fondse tussen lande.

Interessant is Krugman⁵⁷ se siening dat: “Exchange-rate instability has resulted not only from reasonable market responses to changes in policies and underlying conditions but also from failures in the international financial markets.” Hy is van mening dat die internasionale markte slegs tot ‘n beperkte mate geïnternasionaliseer is. Volgens hom funksioneer die markte nie altyd doelmatig nie. “It is a mistake to emphasize the technology of international capital transfer instead of the effectiveness with which that technology is used...the key question about international capital markets is not how much capital flows but whether it flows at the right time and in the right direction...will the markets, left to themselves, work in a sensible way, or are they characterized by speculative bubbles, systematic short sightedness, or others of the sins of which they are sometimes accused?”⁵⁸

5. Moontlike redes vir die langtermyn sikliese gedrag van die reële dollarwisselkoers

Die langtermyn sikliese gedrag van die reële dollarwisselkoers teenoor die mark en die jen kan moeilik verklaar word. De Grauwe⁵⁹ is van mening dat dié gedrag nie verklaar kan word aan die hand van Dornbusch se “overshooting” model nie. Die gebalanseerde portefeuljemodel slaag ook nie daarin om die langtermyngedrag van die reële wisselkoerse bevredigend te verklaar nie.

Die langtermyn sikliese bewegings in die reële dollarwisselkoers kan waarskynlik aan eksogene reële steurings toegeskryf word. Volgens De Grauwe⁶⁰ is daar egter nie altyd duidelikheid oor watter eksogene impulse vir die sikliese bewegings verantwoordelik is nie. Die verskille in die fiskale beleid van die nywerheidslande kan

⁵⁷ Krugman, P.R., *Exchange Rate...*, op. cit., p. 77.

⁵⁸ Idem, pp. 77 en 84.

⁵⁹ De Grauwe, P., *International Money...*, op. cit., pp. 101-102.

⁶⁰ Idem, p. 121.

as 'n reële steuring beskou word. Frankel⁶¹ is van mening dat die langtermyn sikliese gedrag van die reële dollarwisselkoers verband hou met die mengsel fisikaal-monetêre beleid wat gevolg word. Volgens De Grauwe⁶² kan die langtermyn sikliese bewegings egter nie bevredigend aan die hand van die “verskillende mengsels fisikaal-monetêre beleid” wat die nywerheidslande sedert die sewentigerjare gevolg het, verklaar word nie⁶³. Die oliekrisis van die sewentigerjare was wesentlike reële impulse. De Grauwe⁶⁴ wys daarop dat : “Our historical analysis of the 1970s and the 1980s, however, reveals that the effects of these real disturbances on the real exchange rates have been quite unpredictable. Sometimes the oil shock affected the real exchange rates in a way predicted by standard economic models. At other times, real exchange rates were driven in the opposite direction or were barely affected by these real disturbances.” Hy wys daarop dat : “The problem with the real shock explanation of the large dollar ‘misalignments’ of the dollar exchange rates is that one simply cannot find a series of disturbances which first drove the dollar down (in real terms) during the 1970s, then pushed it up during six years from 1979 to 1985, to bring it back to its level of the 1970s in 1978.”⁶⁵ De Grauwe⁶⁶ en Frankel⁶⁷ is ook van mening dat die langtermyn sikliese bewegings in die reële wisselkoers nie aan “speculative bubbles” toegeskryf kan word nie.⁶⁸

6. Moontlike redes vir die gedrag van die dollarwisselkoers, 1980-1985

Daar is betreklike eenstemmigheid onder ekonome dat die skerp appresiasie van die dollarwisselkoers gedurende die eerste helfte van die tagtigerjare toegeskryf kan word

⁶¹ Frankel, J.A., *On Exchange Rates*...., op. cit., p. 158.

⁶² De Grauwe, P., *International Money*....., op. cit., p. 116.

⁶³ “In fact we found only one episode of major real exchange rate movements which could be explained by fiscal and monetary policies. This is the episode of strong real appreciation of the dollar during 1979-82.” - Idem, p. 116.

⁶⁴ Idem, p. 120.

⁶⁵ Idem, p. 121.

⁶⁶ Idem, p. 129.

⁶⁷ Frankel, J.A., *On Exchange Rates*...., op. cit., p. 158.

⁶⁸ “They (bubbles) may exist, and they may account for some of the short-term fluctuations that have characterized floating rates and that introduce large monthly error terms into exchange rate quotations, but they do not account for prolonged swings.” - Idem, p. 158.

aan 'n sterk toename in die vraag na dollarbates, relatief tot ander rekeneenhede. Daar is egter meningsverskille oor die redes vir dié toename in die vraag na Amerikaanse finansiële bates.

Een siening is dat die appresiasie in die dollarwisselkoers hoofsaaklik verband gehou het met die "safe haven motive" van beleggers. Politieke en ekonomiese onstabieleit in ander lande het tot gevolg dat beleggers toenemend fondse in Amerikaanse finansiële bates belê het. Dié siening word egter deur skrywers soos Cooper⁶⁹, Isard en Stekler⁷⁰ bevraagteken. Cooper⁷¹ laat hom soos volg oor die hipotese uit: "It is true that in 1981 France elected a Socialist government and West Germany experienced some jitters because of political developments in Poland. It is also true that in 1984 Britain had a serious miners' strike. But during the period 1980-82, when Mrs Thatcher was riding high, Britain had its most probusiness government in many years. It is also difficult to see why funds should leave Japan to seek a political haven in the United States during any part of the past four years(1980-1984). The argument is doubtful even with respect to West Germany. There was a remarkable stable outflow of long-term German private capital from 1980-1983. Long-term capital flows into Germany dipped sharply in 1982, but the decline was more than made up for by a net increase in short term capital."

Skrywers soos Frankel⁷² en Sachs⁷³ is van mening dat die vloei van kapitaal na die VSA gedurende die vroeg tagtigerjare hoofsaaklik verband gehou het met die reële rentekoersdifferensiaal tussen die VSA en die ander nywerheidslande. Soos uit grafiek 9 gesien kan word, het die differensiaal tussen die Amerikaanse rentekoerse en 'n geweege gemiddelde vir die VSA se vernaamste handelsvennote gedurende die begin tagtigerjare skerp toegeneem, waarna dit tot 1,08 persent in 1985 gekrimp het.

⁶⁹ Cooper, R.N., "Three Discussion Papers from the Symposium on Exchange Rates", *Brookings Papers on Economic Activity*, 1985, p. 246.

⁷⁰ Isard, P. en Stekler, L., "US International Capital Flows and the Dollar", *Brookings Papers on Economic Activity*, 1985, p. 226.


⁷¹ Cooper, R.N., "Three Discussion Papers.....", op. cit., p. 246.

⁷² Frankel, J.A., *On Exchange Rates.....*, op. cit., p. 150.

⁷³ Sachs, J.D., "Global Adjustments to a Shrinking U.S. Trade Deficit", *Brookings Papers on Economic Activity*, 1988, p. 658.

**Grafiek 9 Rentekoersdifferensiaal tussen die VSA en sy Vernaamste
Handelsvennote, 1976-1985**

Persentasie



Bron : Frankel, J.A., *On Exchange Rates*, Londen, 1993, p. 143.


Die rentekoersdifferensiaal tussen die VSA en die ander nywerheidslande gedurende die eerste helfte van die tagtigerjare het verband gehou met die uiteenlopende monetêr-fiskale beleidsmaatreëls wat die Amerikaanse regering gevolg het. In teenstelling met 'n streng monetêre beleid is fiskale beleid verslap. Uit grafiek 10 kan gesien word dat die Amerikaanse begrotingstekort, as 'n persentasie van die land se bruto binnelandse produk, van -1,49 persent in 1979 tot -5,43 persent in 1985 toegeneem het.

Die appresiasie van die dollar gedurende die vroeg tagtigerjare kan moontlik verklaar word aan die hand van die Mundell-Flemming-model⁷⁴. Volgens die model sal 'n fiskale uitbreiding produksie en rentekoerse verhoog. Invoer sal verhoog en die lopende rekening verswak. In 'n wêreld waar kapitaal tussen lande mobiel is, mag hoë rentekoerse lei tot die invloei van buitelandse kapitaal. 'n Ekspansionistiese fiskale beleid het dus tot gevolg dat die eksterne prys van die rekeningseenheid appresieer.

⁷⁴ Soos aangehaal deur De Grauwe. De Grauwe, P., *International Money...*, op. cit., p. 103.

Dié makro-ekonomiese beleid van die Amerikaanse regering het meegebring dat die gaping tussen binnelandse besparing en binnelandse investering gedurende die eerste helfte van die tagtigerjare vergroot het. Die land was dus meer op buitelandse kapitaal aangewys om dié gaping te vul. Soos uit grafiek 11 gesien kan word, het die tekort op die lopende rekening van die Amerikaanse betalingsbalans, as 'n persentasie van die bruto binnelandse produk, skerp toegeneem gedurende die eerste helfte van die tagtigerjare. Interessant is dat die dollarwisselkoers bly appresieer het ten spyte van die styging in die tekort op die lopende rekening, danksy die beskikbaarheid van akkommoderende finansiering uit Japan.


Grafiek 10 VSA se Begrotingstekort as 'n Persentasie van die Bruto Binnelandse Produk, 1978-1991



Bron : OECD, *Economic Outlook*, Junie 1996

Grafiek 11 Tekort op die VSA Lopende Rekening as 'n Persentasie van die Bruto Binnelandse Produk, 1978-1995

Persentasie



Bron : OECD, *Economic Outlook*, Junie 1996

Die skerp appresiasie van die dollarwisselkoers gedurende die tydperk Julie 1984-Februarie 1985 is moeilik verklaarbaar. Frankel⁷⁵ wys daarop dat :“During this period all measurable fundamentals - not only real interest differentials, but also money growth rates, real growth rates, the current account, and the country risk premium versus the Eurodollar market - were if anything, moving in the wrong direction.” Die dollar was waarskynlik op 'n “bubble path”. Beleggers het herhaaldelik gereageer op verwagtinge dat die dollarwisselkoers verder sal appresieer.

7. Moontlike redes vir die gedrag van die dollarwisselkoers, 1986- hede

Ekonomie soos Feldstein⁷⁶, skryf die daling in die dollarwisselkoers sedert die middel van die tagtigerjare toe aan 'n onwilligheid onder subjekte om finansiële dollarbates te

⁷⁵ Frankel, J.A., *On Exchange Rates...*, op cit., p. 16.


⁷⁶ Soos aangehaal deur Sachs - Sachs, J.D., “Global Adjustments...”, op cit., p. 655.

hou. Daar is egter nie 'n eenvoudige verklaring vir dié misnoeë van beleggers met die finansiële markte van die VSA nie.

Die daling in die dollarwisselkoers sedert die tweede helfte van die tagtigerjare is by tye toegeskryf aan veranderinge in die VSA se monetêr-fiskale beleid. Soos uit grafiek 12 gesien kan word, het die VSA sedert die middel tagtigerjare voortgegaan om 'n meer ekspansionistiese fiskale beleid te volg, vergeleke met lande soos Duitsland en Japan. Die gaping tussen die omvang van die VSA se begrotingstekort en dié van Duitsland en Japan het gedurende die tydperk 1986-1992 vergroot. Soos gesien kan word uit grafiek 13, het die VSA gedurende die tydperk 1984-1987 'n minder streng monetêre beleid gevolg. Lande soos Japan en Duitsland het egter ook gedurende dié tydperk 'n minder streng monetêre beleid gevolg. Opvallend is veral die strengere monetêre beleid wat Duitsland en Japan gedurende die laat tagtiger- en vroeg negentigerjare, vergeleke met die VSA, gevolg het. Die Mundell-Flemming model slaag dus nie te alle tye daarin om die gedrag van die dollarwisselkoers te verklaar nie, waarskynlik omdat die gedrag van spekulante en beleggers, veral wat hulle sieninge oor die toekoms betref, nie maklik in modelle gehanteer kan word nie.

Grafiek 12 Vergelyking tussen die Begrotingstekorte van die VSA, Japan en Duitsland, 1986-1993


Persentasie



Bron : Internasionale Monetêre Fonds, *World Economic Outlook*, Mei 1994

Grafiek 13 Vergelyking tussen die Nominale Korttermynrentekoerse van die VSA, Japan en Duitsland, 1982-1995

Persentasie



Bron : OECD, *Economic Outlook*, Junie 1996

Frankel⁷⁷ verklaar die gedrag van die VSA-dollar aan die hand van die VSA se handelstekorte en die gewilligheid van buitelanders om dié tekort te finansier. Hy laat hom soos volg oor dié toedrag van sake uit: "The U.S. deficit was initially financed primarily by net banking inflows in 1982-83, then by the sales of securities to foreigners in the mid-1980s, beginning primarily with Treasury securities and progressing to corporate bonds and equities, then by the sales of companies and real estate in the late 1980s. It was through these sales of assets to foreigners that the U.S. became the world's largest international debtor. In 1990 private residents in Japan and elsewhere lost their enthusiasm for investing in the U.S.⁷⁸; the net inflow of private long term capital sharply diminished. In 1991 transfer payments associated with Operation Desert Storm financed the U.S. trade deficit. In 1992 and 1993 purchases of dollars by the Bank of Japan and other central banks did so."

⁷⁷ Frankel, J.A., "Still the Lingua...", op. cit., p. 15.

⁷⁸ Interessant is die volgende opmerking deur Time : "As the dollar has fallen steadily in value over the past 10 years Japanese investors have in effect lost an estimated \$325 billion on their American portfolios." - *Time*, "That Sinking Feeling", 20 Maart 1995, p. 28.

Volgens Time⁷⁹ word die daling in die dollarwisselkoers toegeskryf aan die “...gradual but accelerating decline in the role of the dollar.” Die relatiewe aandeel van die dollar in lande se buitelandse valuta-reserwes het van 70 persent in 1984 tot ongeveer 60 persent in 1995 gedaal. Die relatiewe aandeel van die jen in die buitelandse valuta-reserwes van lande in Asië het oor die afgelope dekade toegeneem ten koste van die dollar.⁸⁰ Die toedrag van sake het waarskynlik reeds weer verander, gesien die probleme rondom die Japanese ekonomie, dus die jen.

Daar is nie ‘n eenvoudige verklaring vir die skerp depresiasie van die dollarwisselkoers, veral gedurende die eerste paar maande van 1995, nie. Time⁸¹ wys daarop dat ten spyte van die skerp depresiasie, het die VSA ‘n hoë ekonomiese groeikoers beleef, was die land se inflasiekoers betreklik laag en het die land se begrotingstekort gekrimp. Soos aangehaal deur Time het Hawkins, hoof van die ekonomiese afdeling van die “Hong Kong Monetary Authority”, hom in Maart 1995 soos volg oor dié onverklaarbare dollarwisselkoersgedrag uitgelaat: “I don’t think the fundamentals justify the kind of shift (out of the dollar) that we have seen in the past few days.” Volgens Time was Rudolf Hickel, ‘n Duitse ekonoom, van mening dat ekonome moet toegee dat hulle nie dié dollarwisselkoersgedrag kan verklaar nie. Time wys daarop dat : “Economists in fact had plenty of explanations for the decline, even though they lacked proof that any factor was decisive. The reasons given ranged from the political (the defeat of the balanced-budgeted amendment) to the diplomatic (a faltering Mexico could drag the U.S. down with it) to the seemingly intractable (America’s \$65 billion trade deficit with Japan).”

8. Invloed van die gedrag van die dollarwisselkoers op die Amerikaanse handelsbalans

Uit grafiek 14 kan gesien word dat die depresiasie in die dollarwisselkoers sedert die middel tagtigerjare slegs ‘n mindere invloed op die Amerikaanse handelsbalans gehad

⁷⁹ Idem, p. 25.

⁸⁰ Idem, p. 29.


⁸¹ Idem, p. 29.

het. Die tekort op die handelsbalans het gedurende die tweede helfte van die tagtigerjare in relatiewe terme verklein, maar sedert die begin van die negentigerjare weer vergroot. Daar is verskillende menings oor die redes vir die volgehoue tekort op die Amerikaanse handelsrekening, ten spyte van die depresiasie van die dollarwisselkoers.

Grafiek 14 Vergelyking tussen die Gedrag van die Dollarwisselkoers en die Amerikaanse Handelsbalans, 1978-1994

1990=100

\$ miljard



Bron: Internasionale Monetêre Fonds, *International Financial Statistics Yearbook* 1996

Krugman⁸² is van mening dat die volgehoue VSA-handelsbalanstekort toegeskryf kan word aan die feit dat "... despite the decline in the dollar since 1985, the dollar has been much stronger relative to its long-run downward trend in the 1980s than it was in the 1970s". Volgens Krugman is 'n laer dollarwisselkoers en 'n kleiner begrotingstekort nodig om die Amerikaanse handelsbalans te verbeter. Interessant is Krugman se siening dat as gevolg van "hysteresis"⁸³ die dollarwisselkoers nie alleen

⁸² Krugman, P.R., *The Aged of Diminished Expectations: U.S. Economic Policy in the 1990s*, Cambridge, 1994, p. 119.

⁸³ "Hysteris is an ugly but useful word that signifies situations in which temporary shocks have affects that do not go away when the shocks are removed." - Krugman, P.R., *Exchange Rate* ..., op. cit., p. 58.

verder sal moet depresieer nie, maar ook vir 'n betreklike lang tydperk onderwaardeer sal moet bly om die handelsbalansposisie te verbeter.

Soos aangehaal in *The Economist*⁸⁴, is ekonome soos McKinnon, Ohno en Shirono van mening dat 'n depresiasie van die dollarwisselkoers teenoor die jen nie voldoende is om die VSA-handelbalanstekort te verklein nie. Die relatiewe prysverandering word met verloop van tyd deur onder andere die volgende faktore geneutraliseer, naamlik:

- 'n Oorgewaardeerde rekeneenheid soos die jen en die gepaardgaande daling in invoerpryse kan lei tot deflasie in die land met die oorgewaardeerde rekeneenheid. Sedert die middel tagtigerjare het Japan se groothandelpryse met bykans 20 persent gedaal, terwyl die VSA se groothandelpryse met 25 persent gestyg het.
- Die owerheid kan nie die wisselkoers beïnvloed sonder om monetêre beleid te verander nie. Die Bank van Japan is verplig om 'n streng monetêre beleid te handhaaf ten einde die jenwisselkoers te ondersteun. "This imposed a further deflationary bias on Japanese policy."
- Appresiasie van 'n land se rekeneenheid neig om binnelandse besteding te demp. Investerings in die sektore wat in goedere handel dryf ("traded-goods sectors") daal. In die geval van Japan het dié toedrag van sake gelei tot 'n daling in invoer.
- Die oorgewaardeerde jenwisselkoers teenoor die dollar het meegebring dat Japan se vervaardigers toenemend hulle produksie-aanlegte na lande in veral Suidoos Asië verskuif het. Japan se uitvoer van kapitaal- en intermediêre goedere na dié lande het toegeneem, terwyl die oorsprong van die VSA se invoer van Japan na dié lande verskuif het.

Volgens McKinnon, Ohno en Shirono kan die volgehoue VSA-handelstekort toegeskryf word aan die land se lae besparingskoers. Japan se hoë besparingskoers, vergeleke met sy investeringskoers, is op sy beurt die belangrikste rede vir dié land se handelssurplus. Die VSA se handelstekort sal dus slegs verklein indien die land sy besparingskoers, relatief tot sy investeringskoers, verhoog.

⁸⁴ *The Economist*, "Talk is Cheap (and so is the Dollar)", 21 September 1996, p. 92.

Opvallend is Fatemi⁸⁵ se siening oor die volgehoue Amerikaanse handelstekort ten spyte van die depresiasie in die dollarwisselkoers. Hy laat hom soos volg oor dié toedrag van sake uit: "The dollar's unique role as the unit of account for most international transactions, that is being the major global currency in which a plurality of international transactions is denominated - and the consequent spread of the effect of any changes in its parity to other countries - makes the United States' balance of trade seemingly impervious to the relative price theorem. Specifically, a change in the relative value of any two currencies - except the American dollar- will alter trade relations between the two countries, by improving the balance of trade of the country depreciating (devaluing) its currency."

Soos in Hoofstuk II aangedui is, sal 'n verandering in die relatiewe waardes van twee lande se rekeneenhede die handelspatrone tussen hulle verander. 'n Depresiasie in die waarde van land A se rekeneenheid teenoor die rekeneenheid van land B, sal die pryse van land B se produkte in land A laat styg. Die hoeveelheid goedere wat land B na land A uitvoer, sal verminder. Die pryse van land A se goedere sal in land B verlaag en sal die hoeveelheid goedere wat land A na land B uitvoer verhoog. Fatemi wys daarop dat 'n depresiasie van die dollarwisselkoers teenoor 'n ander vername rekeneenheid meebring dat verbruikers laer pryse vir Amerikaanse produkte betaal. Hulle betaal egter terselfdertyd laer pryse vir primêre kommoditeite wat vanaf ander lande ingevoer word, aangesien die pryse van die kommoditeite in dollar gedomineer word. "Paying less for their imports in general will allow most countries, particularly trade-oriented ones like Japan, to lower their export prices and absorb part - often most - of any currency realignments."⁸⁶

Drucker⁸⁷ is van mening dat die wisselkoers irrelevant is wat die goederehandel tussen die VSA en Japan betref. Volgens hom is die dollar "a wash". Sommige Japanese ondernemings word geraak deur die depresiasie van die dollarwisselkoers in terme van die Jen. Ander Japanese ondernemings word egter bevoordeel deur die gedrag van die

⁸⁵ Fatemi, K., "U.S. Trade Imbalance and the Dollar: Is there a Correlation?" in Fatemi, K. (Red.), *Selected Readings in the International Trade*, New York, 1991, p. 30.

⁸⁶ Idem, p. 31.

⁸⁷ Drucker, P.F., *Managing in a Time*, op. cit., p. 198.

wisselkoers. "And it is total trade that counts, that is, in merchandise and services trade combined. Japan actually spends more dollars abroad than it earns from exports. The weaker the dollar, the fewer yen Japan needs to spend to procure the dollars it requires for its foreign accounts." Soos Fatemi wys hy daarop dat Japan, wat die wêreld se enkele grootste invoerder van kommoditeite is, bevoordeel word die depresiasie van die dollarwisselkoers teenoor die jen aangesien die pryse van kommoditeite in dollar gedenomineer word.

9. Sentrale problematiek van die swewende wisselkoersstelsel

Frankel⁸⁸ wys daarop dat: "The experience with exchange rates has in many ways differed from what was anticipated in 1973 when the major industrialized countries abandoned the effort to keep the values of their currencies fixed. There is a widespread feeling that exchange rates have turned out to be more volatile than they were expected to be ... and perhaps than they need be." Dornbusch⁸⁹ is van mening dat dié sentrale problematiek van die swewende wisselkoersstelsel nou saamhang met die rol wat sleutelvalutas, soos die dollar in die stelsel speel.

Thurow⁹⁰ laat hom soos volg uit oor die volatiele gedrag van die sewende wisselkoerse: "With such violent swings in exchange rates it simply isn't possible to run efficient economies. Nobody knows where economic activity should be located; nobody knows the cheapest source of supplies; wherever economic activities are located they will be located in the wrong activities much of the time. The result is needless increase in risk and uncertainty, rising instability from protectionism, a shortening of time horizons as firms seek to limit risk and uncertainty by avoiding making long term commitments, reductions in major new long-term investments, large adjustment costs as production is moved back and forth to the cheapest locations, the

⁸⁸ Frankel, J.A., *On Exchange Rates*....., op. cit., p. 5.

⁸⁹ Soos aangehaal deur Du Plessis, D.P.S., *Die Dinamika van Mexico*....., op. cit., p. 33.

⁹⁰ Soos aangehaal deur Holden, M.G en Holden, P., "Alternative Measures of Exchange Rates and Exchange Rate Policy in South Africa", *Die Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Ekonomie*, 1985, p. 361.

expectation of future inflationary shocks, with consequent instability in exchange rates.”

Volgens Dornbusch⁹¹ is ‘n lastigheid van die swewende wisselkoersstelsel die feit dat die pariteit van die stelsel skynbaar net deur ‘n stelsel van relatiewe hoë rentekoerse deur die toonaangewende lande gehandhaaf kan word. Dié toedrag van sake hou wesentlike gevolge in vir die ontwikkelende lande, veral wat hulle investeringsfunksie en skuldposisie betref.

‘n Onderskeid word gewoonlik getref tussen die gevolge van die korttermynfluktuasies in die nominale wisselkoerse en die langtermyngedrag van die reële wisselkoerse vir die reële ekonomie.

Daar is uiteenlopende standpunte oor die invloed van korttermynfluktuasies op die internasionale handel. De Grauwe⁹² wys daarop dat korttermynfluktuasies in die wisselkoers risiko’s inhou vir die subjekte betrokke by internasionale handel. Besluitnemers wat besonder sensitief vir risiko’s is, spits hulle dus eerder op die plaaslike mark toe. Die afleiding kan dus gemaak word dat onstabiele, volatiele wisselkoerse die internasionale handel nie bevorder nie.

Soos aangehaal deur Obstfeld⁹³, het De Grauwe gevind dat daar ‘n negatiewe verwantskap is tussen die jaar-tot-jaar skommeling in die wisselkoerse en die groei in bilaterale handel tussen 10 nywerheidslande. Frankel en Shang-Jin Wi het ook gevind dat maand-tot-maand fluktuasies in die reële wisselkoers die vloeï van goedere negatief beïnvloed. Volgens Hooper en Kohlhagen⁹⁴, het die skerp fluktuasies in die wisselkoerse van dag-tot-dag egter nie ‘n wesentlike invloed op die hoeveelheid goedere wat oor landsgrense verhandel word nie.

⁹¹ Soos aangehaal deur Du Plessis, D.P.S., *Die Dinamika van Mexico....*, op. cit., p. 33.

⁹² De Grauwe, P., “Exchange Rate Variability and the Slowdown in Growth of International Trade”, *IMF Staff Papers*, 1988, p. 63.

⁹³ Obstfeld, M., *“International Currency Experience....”*, op. cit., p. 142.

⁹⁴ Soos aangehaal deur Frankel, J.A., *On Exchange Rates....*, op. cit., p. 160.

Die risiko's eie aan onstabiele, volatiele wisselkoerse kan grootliks uitgeskakel word deur van verskansingsinstrumente soos termynmarkkontrakte en opsiebriewe gebruik te maak. Dié soort instrument word toenemend gebruik sedert die koms van die swewende wisselkoersstelsel, maar is nie altyd goedkoop nie. Een mening is dat die gebruik van verskansingsinstrumente hoër transaksiekoste meebring. Dié transaksiekoste word weerspieël in die sogenaamde "bid-ask spread". Die groter risiko's eie aan "oop-posisies" in die termynmark vir banke bring betreklike groot "bid-ask spreads" mee. Die sogenaamde "risk premium" tussen die termynmarkkoers en die kontantkoers is dikwels groot. Die foutiewe lees van die mark kan ernstige finansiële implikasies vir subjekte inhou.⁹⁵

Wat die langtermyngedrag van die reële wisselkoers betref, is dit nie altyd maklik om in die termynmark te verskans nie. Skrywers soos De Grauwe,⁹⁶ is van mening dat die langtermyngedrag van die reële wisselkoers nadelige gevolge vir die bevordering van die internasionale handel inhou. Lande, waarvan die eksterne waarde van die rekeneenheid vir betreklike lang tydperke ondergewaardeer is, se sektore wat in goedere handel dryf ("traded goods sectors") word bevoordeel deur die wisselkoers.⁹⁷ Lande met 'n volgehoue oorgewaardeerde wisselkoers se sektore word egter benadeel. Die druk vir handelsproteksionisme in die lande met 'n oorgewaardeerde wisselkoers mag toeneem. Dié soort gedrag word ondermeer weerspieël in die "U.S. Omnibus Trade and Competitiveness Act of 1988" wat die resultaat van die skerp appresiasie in die dollarwisselkoers gedurende die vroeg tagtigerjare is. Obstfeld⁹⁸ wys egter daarop

⁹⁵ "On April 9th (1994) Hachiro Obata, boss of Kashima Oil, announced that he would resign to take responsibility for ¥ 153 billion (\$1,5 billion) of unrealised losses in forward foreign exchange contracts." - *The Economist*, "Determined Loser", 16 April 1994, p. 90.

⁹⁶ De Grauwe, P., "Exchange Rate Variability.....", op. cit., p. 69.

⁹⁷ Dornbusch is van mening dat 'n skerp steekhoudende daling in die reële wisselkoers meebring dat hulpbronne na die "tradable goods sector" verskuif word. Uitvoer neem toe, terwyl invoer daal. Die depresiasie bring mee dat goedere wat vroeër ingevoer was, plaaslik vervaardig word. Die ekonomie raak dus meer uitwaartsgeoriënteerd. Die aanwending van kapitaal en arbeid in die uitvoerbedrywe en in die bedrywe wat in die plaaslike mark met die buitelanders meeding, neem dus toe. - Dornbusch, R., *Policymaking in the Open Economy*, Oxford, 1993, p. 94.

⁹⁸ Obstfeld, M., "International Currency Experience....", op. cit., p. 143.

dat sedert die koms van die swewende wisselkoersstelsel lande toenemend neig om die internasionale handel te liberaliseer.

Obstfeld⁹⁹ is van mening dat die koste van langtermynafwykings in die eksterne waardes van lande se rekeneenhede hoog is, vergeleke met die koste eie aan die korttermynvolatilititeit van wisselkoerse. Hy laat hom soos volg oor die koste eie aan langtermyn "misalignments" uit: "The effects are least severe, in principle, for owners of physical capital, who have the opportunity to diversify their capital holdings internationally and otherwise hedge against unexpected exchange rate shocks. The effects are very severe for owners of sector specific human capital, who cannot trade their future wage income on forward markets, and face job loss as a result of sharp protracted shifts in their employers' international competitiveness. Partial hedges are conceivable - a Detroit auto worker could maintain a position in yen put options to soften the blow of a layoff if the dollar were to appreciate unexpectedly - but few have enough wealth, or can borrow enough, to insure much of their human capital in that way."¹⁰⁰

Drucker¹⁰¹ wys daarop dat die onstabiele en volatilititeit in die kapitaal- en valutamarkte meebring dat die "...real' economy of goods and services and the 'symbol' economy of money, credit and capital are no longer bound tightly to each other; they are indeed, moving further and further apart". Hy is van mening dat die reële ekonomie en die sogenaamde simbole ekonomie nog nie heeltemal "ontkoppel" is nie. Volgens hom is die invloed van die reële ekonomie op die sogenaamde simbole ekonomie en andersom dikwels onvoorspelbaar.

Krugman¹⁰² is ook van mening dat onstabiele en volatilititeit in die valutamarkte meebring dat die wisselkoers en die reële ekonomie steeds ontkoppel ("delinked") word. Hy wys daarop dat besluitnemers dikwels traag is om plaaslike pryse aan te pas as die wisselkoers erg skommel. Hy wys ook daarop dat nie slegs pryse nie, maar ook

⁹⁹ Idem, p. 144.

¹⁰⁰ Idem, p. 144.

¹⁰¹ Drucker, P.F., *The Frontiers of Management*..., op.cit. p. 39.

¹⁰² Krugman, P.R., *Exchange Rate*..., op. cit., p. 40.

die hoeveelheid goedere wat oor landsgrense verruil word, nie altyd verander as die wisselkoers verander nie. Hy verduidelik dié neiging aan die hand van 'n sogenaamde "sunk cost model". Die goedere wat tussen die nywerheidslande vloei is veral gedifferensieerde goedere. Handel in dié soort goedere stel hoë eise aan ondernemings. Daar is bepaalde koste verbonde aan die aanpassing van die produkte by markomstandighede in 'n spesifieke land. Koste word ook aangegaan in terme van die bemerking en die verspreiding van produkte. Volgens hom kan die koste beskou word as "...sunk once they have been incurred - that is, a firm cannot easily sell of its assets visible or invisible." Hy wys daarop dat : "What the sunk cost model does, is point out that this irreversibility of investment can make trade rather unresponsive to the exchange rate - particularly when exchange rates are highly volatile. The obvious point is the naive one that a firm will be willing to break into a market only if it expects to cover its sunk costs, and once the costs are sunk it will be willing to stay in the market."¹⁰³

Krugman¹⁰⁴ huldig die mening dat die appresiasie van die dollarwisselkoers gedurende die vroeg tagtigerjare weinig invloed op die plaaslike pryse van gedifferensieerde goedere vanuit Duitsland gehad het. Dié neiging het egter nie voorgekom wat basiese goedere ("homogeneous goods") betref nie. Die afleiding kan dus gemaak word dat die vervaardigers van basiese goedere gevoeliger is vir volatiele wisselkoerse as die vervaardigers van gedifferensieerde goedere.

Die koste-prysverhouding van vervaardigers van gedifferensieerde goedere word egter wel geraak deur volatiele wisselkoerse. Soos aangehaal deur *The Economist*¹⁰⁵, raam James Chapel dat vir elke 10 persent wat die mark teenoor die dollar styg, Daimler Benz se winste met 30 persent daal. Winste van veral die Japanese motorbedryf word geraak deur stygings in die jenwisselkoers.

¹⁰³ Idem, p. 45.

¹⁰⁴ Krugman, P.R., "Pricing to the Market when Exchange Rates Change" in Arndt, S. en Richardson, D. (Red.), *Real Financial Linkages Among Open Economies*, Cambridge, 1987, p. 44.

¹⁰⁵ *The Economist*, "The Strange and Unnatural Fixation on the Dollar", 15 April 1995, p. 67.

Vervaardigers in lande waarvan die rekeneenheid vir 'n betreklike lang tydperk oorgewaardeer is, is as 'n reël genoodsaak om produksiekoste te besnoei.

Opvallend is veral die kostebesparingsstrategieë wat Japanese ondernemings gedurende die negentigerjare volg, naamlik:

- Die verskillende ondernemings in die verskaffingsnetwerk ("supply chain") werk nou saam om koste te bespaar. Navorsing word gesamenlik onderneem en kundigheid word onderling gedeel.¹⁰⁶
- In die Japanese motorbedryf word motors sonder "onnodige" bykomstighede vervaardig. Anders as in die verlede word sommige van die onderdele wat versteek is, soos die brandstoftenk en die dryfaste, nie meer geveer nie.¹⁰⁷ Die ontwerp van motors is ook aangepas om die vervaardigingsproses te vereenvoudig. Onderdele wat gebruik is in die vervaardiging van vorige modelle word dikwels gebruik in die vervaardiging van nuwe modelle.¹⁰⁸ Die getal modelle wat vervaardig word, is verminder.¹⁰⁹

'n Ander strategie wat ondernemings volg om die risiko's eie aan wisselkoersskommelings te verminder, is om bedrywe in ander lande te vestig. Ondernemings in lande met oorgewaardeerde wisselkoerse neig om produksie te vestig in lande met swakker rekeneenhede. Soos reeds gesê is, is die eksterne waarde van die jen 'n belangrike rede waarom ondernemings in Japan toenemend bedrywe in lande soos Maleisië, Thailand en Sjina vestig. Volgens Time¹¹⁰, raam Shigeki Tejima van die Export Import Bank of Japan dat die relatiewe aandeel van buitelandse filiale in die

¹⁰⁶ "Citizen watch maker helps all its suppliers to reduce their costs by at least 3% per year. Komatshu, which makes heavy machinery, is integrating its research system with that of its suppliers." - *The Economist*, "In Faint Praise of the Blue Suit", 13 Januarie 1996, p. 64.

¹⁰⁷ *The Economist*, "Lean Enough", 10 Februarie 1996, p. 61.

¹⁰⁸ "The aim now is to have each new Toyota model 70% build from parts common to its predecessor. Simplifying parts such as cooling-system pipes, indicators and bumper assemblies has cut costs of those parts by 20 - 30%." - *The Economist*, "The Kindergarten that will Change the World", 4 Maart 1995, p. 67.

¹⁰⁹ "James Harbour, an American productivity expert, argues that by finding ways of stripping out costs without affecting quality or reliability, the Japanese could reduce costs by 40-50 percent." - *The Economist*, "Lean Enough...", op. cit., p. 61.

¹¹⁰ *Time*, "That Sinking Feeling", 20 Maart 1995, p. 29.

produksie van die Japan se moedermaatskappy in 1994 17,5 persent was, vergeleke met 16,1 persent in 1993. Tejima verwag dat die aandeel tot 21,7 persent in 1997 kan styg.

Regstreekse buitelandse belegging in die VSA het sedert die skerp depresiasie van die dollarwisselkoers in 1985 beduidend toegeneem.¹¹¹ Die vestiging van bedrywe in die VSA maak ondernemings minder kwesbaar vir die wisselende dollarwisselkoers. Volgens *The Economist*¹¹² is die relatiewe aandeel van die Amerikaanse mark in die verkope van Electrolux, die Sweedse vervaardiger van sogenaamde wit goedere, ongeveer 30 persent. Electrolux word weinig geraak deur 'n depresiasie in die dollarwisselkoers, aangesien die goedere wat in die VSA verkoop word, daar vervaardig word.

Die vestiging van bedrywe in ander lande is egter nie sonder probleme nie, naamlik:

- Die vestiging van bedrywe in ander lande is dikwels 'n tydrowende proses.
- Werkers in ander lande het nie altyd die vaardigheid om 'n spesifieke produk te vervaardig nie. 'n Uitvoerende beampte van Sony¹¹³ wys daarop dat : "The things we produce in Japan now are fairly high-tech and just can't be done in Southeast Asia."
- Takeshi Nagano, die president van een van Japan se vernaamste werkgewers-organisasies, Nikkeiren, het gedurende die vroeg negentigerjare gewaarsku dat die grootskaalse vestiging van bedrywe in ander lande "... could lead to a hollowing out of industry, increased unemployment and even social unrest" in Japan.¹¹⁴
- Die winsgewendheid van die moedermaatskappy word geraak indien die winste van die bedrywe in die lande met swakker rekeneenhede omgeskakel word na die sterker rekeneenheid. *Business Week*¹¹⁵ wys daarop dat : "Cadbury Schweppes doubled its U.S. presence with the \$1.7 billion purchase in February (1995) of Dr

¹¹¹ McCulloch, R., "Foreign Investment in the United States", *Dialogue*, 1992, p. 43.

¹¹² *The Economist*, "The Strange and Unnatural....", op. cit., p. 67.

¹¹³ *Time*, "The Mighty Yen", 30 Augustus 1993, p. 27.

¹¹⁴ *Idem*, p. 27.

¹¹⁵ *Business Week*, "Suddenly, It's Time to Buy American", 27 Maart 1995, p. 17.

Pepper/Seven Up Cos. Now it depends on its U.S. holdings for 42% of profits and could be hurt if the dollar remains weak.”

Opvallend is die volgende opmerking deur *The Economist*¹¹⁶: ”Japan’s car exports started falling in 1990 as the firms built up production overseas. Recently, however, the Japanese have also been losing market share in Europe and America, despite moving factories there. The strong yen raises their costs even in transplants, because engines and transmissions are frequently shipped from Japan.”

10. Samevatting

Die oogmerk met hierdie hoofstuk was om die belangrikheid van die Amerikaanse dollar as gemeenskaplike noemer van die internasionale monetêre stelsel te beskou.

Die Amerikaanse dollar bly ’n belangrike internasionale rekeneenheid ten spyte van die beëindiging van die vaste wisselkoersstelsel van Bretton Woods. Die pryse van bykans alle primêre kommoditeite word in dollar gedenomineer. ’n Betrekklike groot hoeveelheid internasionale banklenings geskied in dollar. Die dollar is belangrik wat die verhandeling van valuta tussen lande betref. Die rekeneenheid is ’n belangrike intervensie- en reserwe-eenheid in die wêreld ekonomie. ’n Beduidende getal ontwikkelende lande se rekeneenhede is aan die dollar gekoppel. Die wêreld is dus, vir alle praktiese doeleindes, steeds op ’n dollarstandaard. Die internasionale monetêre stelsel is dus steeds nou gebind aan die wel en die weë van die VSA en die dollarwisselkoers.

Die effektiewe nominale wisselkoers van die VSA-dollar is sedert die koms van die swewende wisselkoersstelsel in die vroeg sewentigerjare betreklik onstabiel en volatiel. Die omvang van skommeling in die dollarwisselkoers teenoor die ander belangrike rekeneenhede kan van jaar tot jaar betreklik ingrypend varieër. Rationele verwagtinge

¹¹⁶ *The Economist*, “Lean Enough..”, op. cit., p. 61.

oor die toekomstige gedrag van die wisselkoers, soos weerspieël deur die termynmarkkoerse, realiseer gewoonlik nie.

Die effektiewe dollarwisselkoers het gedurende die vroeë tagtigerjare skerp geappresieer waarna dit in 1986 skerp gedeprimeer het. Daar is egter uiteenlopende menings oor die werklike omvang van die depresiasie in die dollarwisselkoers. Sommige skrywers meen dat die depresiasie in die dollarwisselkoers teenoor die rekeneenhede van sommige van die VSA se belangrikste handelsvennote betreklik min was. In 1986 het die wisselkoerse van sommige ontwikkelende lande se rekeneenhede teenoor die dollar geappresieer. Die effektiewe dollarwisselkoers het sedert 1987 geleidelik gedeprimeer.

Daar is 'n sterk korrelasie tussen die nominale en die reële wisselkoersbewegings van die dollar. Die jaarlikse wisselkoersbewegings tussen die VSA en sy vernaamste handelsvennote hou skynbaar nie verband met die jaarlikse relatiewe prysveranderinge tussen hulle nie. Die dollarwisselkoers verskil vir betreklike lang tydperke teenoor ander vername rekeneenhede in terme van koopkragpariteit. Die skerp appresiasie in die dollarwisselkoers gedurende die vroeg tagtigerjare het daartoe gelei dat die dollar oorwaardeer was in terme van die ander belangrike rekeneenhede. Die dollarwisselkoers was skynbaar veral onderwaardeer teenoor die ander belangrike rekeneenhede gedurende die vroeg negentigerjare.

Talle verklarings word gegee vir die onstabiele, volatiele gedrag van die wisselkoerse sedert die koms van die swewende wisselkoersstelsel. Daar is tot 'n groot mate eenstemmigheid onder ekonome dat die dollarwisselkoers, vanweë sy toonaangewende rol in die internasionale monetêre stelsel, veral deur die aard en omvang van kapitaalbewegings beïnvloed word. Die aard en omvang van die beweging van fondse tussen lande het dan ook gedurende die afgelope twee dekades beduidend verander. Dié toedrag van sake hou veral verband met die toenemende globalisering en internasionalisering van die monetêre en finansiële markte. Die globalisering en internasionalisering kan toegeskryf word aan tegnologiese veranderinge en deregulering. Die mobiliteit van fondse tussen lande het beduidend verhoog.

Verwagtinge ten opsigte van die ekonomie en die politiek het skynbaar 'n beduidende invloed op die gedrag van die wisselkoers. Verwagtinge verander voortdurend soos nuwe inligting beskikbaar kom en subjekte se sieninge oor die ekonomiese toekoms van lande verander.

Die ewewigsmodelle soos die koopkrag- en rentekoerspariteitsteorieë, verklaar nie die volatiele gedrag van die wisselkoers nie. Die volatiele gedrag van die wisselkoers word meer geredelik aan die hand van die onewewigsmodelle, veral Dornbusch se "overshooting" model verklaar. Volgens dié model reageer die wisselkoers en die rentekoers vinnig op beleidsveranderinge. Pryse reageer egter traag op beleidsveranderinge. Ten einde pariteit in die verwagte nominale opbrengs op obligasies tussen lande te handhaaf oorreageer die wisselkoers dikwels.

'n Ander onewewigsmodel, wat verklarend is van die volatiele gedrag van die wisselkoers, is die sogenaamde gebalanseerde portefeuljeteorie. Die lopende rekening van die betalingsbalans neem tyd om aan te pas by 'n verandering in die onderliggende omstandighede. Die netto binnelandse besit van buitelandse beleggings verander ook nie altyd onmiddellik nie. Die wisselkoers moet dus skielik aanpas om die behoud van die bestaande portefeulje te verseker.

Volgens die teorie van kompleksiteit word 'n eenvoudige nie-liniêre dinamiese deterministiese stelsel oor tyd gekenmerk deur komplekse gedrag. Dié stelsel mag tot gevolg hê dat markte oorreageer op klein veranderinge. Dié toedrag van sake het tot gevolg dat wisselkoersgedrag in wese onvoorspelbaar is.

'n "Bubble" is 'n beduidende afwyking tussen die vlak gegrond op die fundamentele veranderlikes en die waargenome wisselkoersvlak. "Bubbles" word toegeskryf aan spekulاسie in die valutamarkte. Hoewel spekulاسie gewoonlik destabiliserend van aard is, doen die geval hom voor dat spekulante self-vervullend optree, dit wil sê die prys van 'n bate konstant opwaarts druk.

Daar is nie 'n eenvoudige verklaring vir die langtermyn sikliese gedrag van die reële effektiewe dollarwisselkoers nie. Volgens De Grauwe is die sogenaamde onewewigsmodelle nie verklarend van die langtermyn sikliese gedrag van die reële wisselkoers nie omdat die soort gedrag gewoonlik verband hou met eksogene impulse.

'n Sterk toename in die vraag na dollarbates, relatief tot ander rekeneenhede, was gedurende die eerste helfte van die tagtigerjare verantwoordelik vir die skerp appresiasie van die dollarwisselkoers. Die redes vir dié toename in die vraag na Amerikaanse finansiële bates is egter nie altyd duidelik nie. Een siening is dat die appresiasie in die dollarwisselkoers hoofsaaklik verband gehou het met die "safe haven motive" van beleggers. 'n Ander siening is dat die vloeï van kapitaal na die VSA gedurende die vroeg tagtigerjare hoofsaaklik verband gehou het met die reële rentekoersdifferensiaal tussen die VSA en die ander nywerheidslande. Dié toedrag van sake was die gevolg van die uiteenlopende monetêr-fiskale beleidsmaatreëls wat die Amerikaanse regering gevolg het. In teenstelling met 'n streng monetêre beleid is fiskale beleid gedurende die vroeg tagtigerjare verslap. Dié makro-ekonomiese beleid van die Amerikaanse regering het meegebring dat die gaping tussen binnelandse besparing en binnelandse investering gedurende die eerste helfte van die tagtigerjare vergroot het. Die VSA was destyds baie op buitelandse kapitaal aangewys om dié gaping te vul. Die tekort op die lopende rekening van die Amerikaanse betalingsbalans, as 'n persentasie van die bruto binnelandse produk, het dan ook skerp toegeneem gedurende die eerste helfte van die tagtigerjare. Akkommoderende finansiering, veral uit Japan, het tot gevolg gehad dat die dollarwisselkoers bly appresieer het ten spyte van die styging in die tekort op die lopende rekening.

Veranderinge in die VSA se monetêr-fiskale beleid was 'n belangrike rede onderliggend aan die depresiasie in die dollarwisselkoers sedert die tweede helfte van die tagtigerjare. Die VSA het, vergeleke met lande soos Duitsland en Japan, voortgegaan om 'n ekspansionistiese fiskale beleid te volg. Terselfdertyd het die VSA 'n minder streng monetêre beleid gevolg. Japan en Duitsland het destyds ook 'n minder streng monetêre beleid gevolg. Gedurende die laat tagtiger- en vroeg

negentigerjare het dié twee lande egter 'n strenger monetêre beleid as die VSA gevolg.

Hoewel sommige skrywers van mening is dat die relatiewe belangrikheid van die dollar aan die afneem is en dié toedrag van sake 'n belangrike rede vir die langtermyn depresiasie van die dollarwisselkoers is, neem die relatiewe belangrikheid van die Amerikaanse ekonomie steeds toe. Die relatiewe sterkte word, wat die langtermyn betref, weerspieël in die gedrag van die dollar.

Die depresiasie in die dollarwisselkoers sedert die middel tagtigerjare het nie 'n wesentlike invloed op die Amerikaanse handelsbalans gehad nie. Die tekort op die handelsbalans het gedurende die tweede helfte van die tagtigerjare in relatiewe terme verklein. Sedert die begin van die negentigerjare het dié tekort egter weer vergroot. Die kontinue vloeï van fondse na die VSA het egter tot gevolg dat die tekort nie beduidende implikasies vir beleidvoering het nie.

Daar is uiteenlopende menings oor die redes vir die volgehoue tekort op die Amerikaanse handelsrekening ten spyte van die depresiasie van die dollarwisselkoers. Krugman is van mening dat die handelsbalansposisie sal verbeter indien die dollarwisselkoers verder sou depresseer en vir 'n betreklike lang tydperk onderwaardeer bly. 'n Kleiner begrotingstekort is nodig om die handelsbalansposisie te verbeter. Skrywers soos McKinnon, Ohno en Shirono is egter van mening dat 'n laer dollarwisselkoers nie sal meebring dat die handelsbalansposisie beduidend verbeter nie. Volgens hulle sal die handelstekort slegs verklein indien die land sy besparingskoers, relatief tot sy investeringskoers, verhoog.

Volgens Fatemi is die waarde van die dollar as die gemeenskaplike noemer van die internasionale monetêre stelsel 'n belangrike rede vir die volgehoue tekort op die Amerikaanse handelsbalans. Drucker is van mening dat Japan, wat die wêreld se enkel grootste invoerder van kommoditeite is, bevoordeel word deur die depresiasie van die dollarwisselkoers teenoor die jen. Soos reeds gesê is, word die pryse van

kommoditeite in dollar gedenomineer. Volgens hom kan 'n appresiasie in die dollarwisselkoers lei tot 'n verbetering in die Amerikaanse handelsbalans.

Dornbusch is van mening dat die sentrale problematiek van die swewende wisselkoersstelsel nou saamhang met die rol wat sleutelvalutas, soos die dollar in die stelsel speel. Die vroeëre verwagtinge van ekonome oor die werking en die stabiliteit van die swewende wisselkoersstelsel is nie bewaarheid nie.

In die hoofstuk is gesien dat volatiele, onstabiele wisselkoerse lei tot onsekerheid. Korttermynfluktuasies in die wisselkoers hou risiko's in vir subjekte betrokke by die internasionale handel. Besluitnemers wat besonder sensitief is vir risiko's verkies om op die plaaslike mark te fokus. Onstabiele, volatiele wisselkoerse het dus in sommige gevalle tot gevolg dat die internasionale handel benadeel word. Skrywers soos Hooper en Kohlhagen is egter van mening dat skerp fluktuasies in die dag-tot-dag wisselkoerse nie 'n wesentlike invloed op die vloeï van goedere tussen lande het nie. Die risiko's eie aan onstabiele, volatiele wisselkoerse kan bekamp word deur van verskansingsinstrumente soos termynmarkkontrakte en opsiebriewe gebruik te maak. Dié instrumente is egter nie altyd goedkoop nie.

Verskansing in die termynmark is veral nie maklik wat die langtermyngedrag van die reële wisselkoers betref nie. Die langtermyngedrag van die reële wisselkoers hou wesentlike gevolge in vir die internasionale handel. In lande gekenmerk deur 'n volgehoue oorgewaardeerde wisselkoers neem die druk vir proteksionisme gewoonlik toe. Die skerp appresiasie in die dollarwisselkoers gedurende die eerste helfte van die tagtigerjare het dan ook gelei tot die indiening van wetsontwerpe wat die bevordering van handelsproteksionisme in Amerika ten doel gehad het. Die koste van langtermynafwykings in die eksterne waardes van lande se rekeneenhede is waarskynlik hoog, vergeleke met die koste eie aan die korttermynvolatiliteit van wisselkoerse.

'n Skerp steekhoudende styging in die reële wisselkoers het gewoonlik tot gevolg dat hulpbronne verskuif word van die "tradable goods sector" na die "non-tradable goods sector". Die aanwending van kapitaal en arbeid in die uitvoerbedrywe neem dus af.

Die owerheid word dikwels gedwing om 'n monetêr-fiskale beleid te volg wat 'n laer groeikoers tot gevolg het.

Die koste-prysverhouding van sommige vervaardigers van gedifferensieerde goedere word geraak deur die volatiele gedrag van die wisselkoerse. Soos gesien is, daal die Duitse en Japanese motorvervaardigers se winste wanneer die mark en die jen teenoor die dollar styg. Die vervaardigers van basiese goedere is egter gevoeliger vir die volatiele gedrag van die wisselkoerse as die vervaardigers van gedifferensieerde goedere.

Vervaardigers in lande waarvan die rekeneenheid vir 'n betreklike lang tydperk oorvaardeer is, is dikwels verplig om kostebesparingsstrategieë te volg. Waar doenlik word bedrywe in lande met swakker rekeneenhede gevestig. Regstreekse buitelandse belegging in die VSA het sedert die beduidende depresiasie van die dollarwisselkoers in die middel tagtigerjare skerp toegeneem ten einde mededingingsimplikasies eie aan die gedrag van die dollarwisselkoers te bekamp. Die vestiging van bedrywe in ander lande is egter nie altyd sonder probleme nie.

Hoofstuk IV

Invloed van die VSA-dollar op Suid-Afrika se Mededingendheid

1. Inleiding

Die oogmerk met hierdie hoofstuk is om die invloed van die VSA-dollar op die mededingendheid van Suid-Afrika te beskou.

Suid-Afrika het 'n relatief oop ekonomie. Die uitvoer van goedere, goud ingesluit, en dienste as 'n persentasie van die land se bruto binnelandse produk het in 1995 24,2 persent beloop.¹ Die invoer van goedere en dienste as 'n persentasie van die land se bruto binnelandse besteding was in 1995 24,8 persent.² Die oopheid het tot gevolg dat die eksterne omgewing dikwels 'n groot invloed op die Suid-Afrikaanse ekonomie het. Die afgelope paar dekades is dan ook gekenmerk deur talle eksogene veranderlikes wat by tye 'n sterk invloed op die Suid-Afrikaanse ekonomie gehad het. Sanksies en boikotte veral het 'n beduidende versteuring van die land se eksterne ekonomiese verhoudinge tot gevolg gehad. Suid-Afrika het tot ongeveer 1994 grootskaalse disinvestering en die onttrekking van buitelandse fondse ervaar. Die land het gedurende die tydperk 1985-1994 ook nie toegang gehad tot die wêreld se finansiële instellings nie. Die oliekrisis van die sewentigerjare het ook beduidende outonome gevolge vir die Suid-Afrikaanse ekonomie ingehou.

Suid-Afrika voer hoofsaaklik primêre produkte van die landbou en die mynbou uit. Die land maak dan ook baie staat op sy natuurlike hulpbronne vir die verdiening van buitelandse betaalmiddele. In Hoofstuk II is gesien dat die besit van natuurlike hulpbronne en ongeskoolde arbeid nie langer 'n mededingende voordeel inhou nie.

¹ Internasionale Monetêre Fonds, *International Financial ...*, op. cit., p. 140.

² Idem, p. 142.

Daar is gesien dat die gedrag van die wisselkoers veral belangrik is vir lande wat hoofsaaklik staat maak op faktorkoste vir 'n mededingende voordeel. Vergelyk dan ook Drucker³ se siening (soos aangehaal in Hoofstuk II): "From now on exchange rates between major currencies will have to be treated in economic theory and business policy alike as a 'comparative-advantage' factor and, a major one." In Hoofstuk III is gesien dat die VSA-dollar, in weerwil van die beëindiging van die stelsel van Bretton Woods, steeds die toonaangewende internasionale rekeneenheid is.

2. Samestelling van Suid-Afrika se buitelandse handel

Suid-Afrika se minerale rykdom het tot gevolg dat dié land hoofsaaklik mineraal en mineraalprodukte uitvoer. Soos reeds gesê is, word die pryse van die kommoditeite hoofsaaklik in dollar gedomineer. Die land het weinig beheer oor die internasionale pryse van sy uitvoerkommoditeite.

Uit tabel 2 word gesien dat die aandeel van minerale as 'n persentasie van Suid-Afrika se uitvoer die afgelope dekade afgeneem het. Ten spyte van dié daling is die aandeel van mineraal en mineraalprodukte in die land se uitvoer steeds beduidend. Goud is steeds die belangrikste enkel uitvoerprodukt in weerwil van die negatiewe prys- en volumeverloop. Opvallend egter is die feit dat die relatiewe belangrikheid van goud die afgelope dekade skerp afgeneem het.

Van die minerale word in een of ander verwerkte vorm uitgevoer. Uit tabel 3 word gesien dat minerale soos antimoon, chromerts, koper, nikkel en sink plaaslik veredel word voordat hulle uitgevoer word. Yster en fosfaat word hoofsaaklik in onverwerkte vorm uitgevoer. Suid-Afrika voer hoofsaaklik ferro-allooie uit wat die verwerkte kommoditeite betref. Die aandeel van allooie in die totale uitvoer was in 1995 ongeveer 9,7 persent.

³ Drucker, P.F., *The Frontiers.....*, op. cit., p. 43.

Tabel 2 Aandeel van Mineraaluitvoer in Suid-Afrika se Uitvoer, 1986-1995

Jaar	Nominale waarde van mineraaluitvoer R miljoen	Mineraaluitvoer as 'n persentasie van die uitvoer	
		Alle minerale	Goud
1986	26 821	66,0	42,5
1987	26 073	60,0	40,3
1988	29 913	57,7	38,0
1989	32 823	57,1	33,8
1990	33 019	54,2	31,2
1991	34 229	53,2	30,0
1992	33 061	49,1	29,0
1993	40 348	51,2	29,5
1994	42 817	48,0	28,0
1995	44 064	43,6	23,1

Bron : Mineraleburo, *South Africa's Mineral Industry 1995/96*

Tabel 3 Suid-Afrika se Uitvoer-Veredelingsverhouding⁴, 1995

Veredeling	Uitvoer-veredelingsverhouding Persentasie
Antimoonkonsentraat na antimoontrioksied	100
Chroomerts na chroomalloeie	65
Koperkonsentraat na kopermetaal	90
Ystererts na yster en staal	25
Maangaanerts na mangaanmetaal en -alloeie	54
Nikkel "matte" na nikkeltaal en -sulfaat	100
Fosfaatkonsentraat na fosforsuur en kunsmis	12
Sinkkonsentraat na sinkmetaal	100

Bron: Mineraleburo, *South Africa's Mineral Industry 1995/96*

⁴ "Export beneficiation ratio is the total mass of a commodity in beneficiated form expressed as a percentage of the output of that commodity as a first saleable (unbeneficiated) product" - Minerale Buro, *South Africa's Mineral Industry 1994/1995*, p. 11.

Uit tabel 4 word gesien dat Suid-Afrika betreklik min vervaardigde goedere⁵ uitvoer. In 1995 was ongeveer 68 persent van Suid-Afrika se uitvoer primêre produkte en verwerkte primêre produkte. Die aandeel van materiaalintensiewe produkte in die uitvoer het effens toegeneem gedurende die tydperk 1988-1995. Die meeste produkte wat uitgevoer word, het dus steeds 'n betreklike hoë grondstofinhoud.

Tabel 4 Persentuele Samestelling van Suid-Afrika se Uitvoer, 1988-1995

	1988	1991	1993	1995
Goud	39,7	30,2	28,0	19,9
Primêre kommoditeite	19,0	20,4	23,0	19,3
Verwerkte primêre kommoditeite	21,2	24,3	21,4	28,6
Materiaalintensiewe- produkte ⁶	4,6	5,4	5,2	7,8
Vervaardigde goedere	5,4	9,5	13,0	16,7
Ongeklassifiseerd	10,1	10,2	9,4	7,7
Totaal	100	100	100	100

Bron : Nywerheid-Ontwikkelingskorporasie, *Fabriekswese Saketoestande*, Mei 1996

Uit tabel 4 kan gesien word dat die aandeel van vervaardigde goedere in Suid-Afrika se uitvoer toegeneem het van 5,4 persent in 1988 tot 16,7 persent in 1995.

⁵ Daar is nie eenstemmigheid oor die definisie van 'n vervaardigde goed nie. Volgens die Wêreldbank is vervaardigde goedere "items that experience considerable change in shape, value, production characteristics, or end use as a result of some (human controlled) physical or chemical transformation process." Die bank is van mening dat "commodities consist of agricultural or mineral goods that are sold in, or close to, the raw form in which they occur naturally." - World Bank, *Global Economic Prospects and the Developing Countries*, Washington, 1992, p. 43.

⁶ "These products include the initial steps of processing in order to yield either intermediate or final products. In contrast with products in the manufactured goods category, material-intensive products are characterised more by nature of the material than by the consumer need that the article satisfies." - Nywerheid-Ontwikkelingskorporasie, *Fabriekswese Saketoestand*, Mei 1996, p. 9.

Suid-Afrika se betreklike swak uitvoerprestasie, wat vervaardigde goedere betref, kan aan 'n kombinasie van faktore toegeskryf word. Volgens die Suid-Afrika Stigting⁷ is 'n belangrike faktor die inwaarts georiënteerde beleid wat die owerheid tot onlangs gevolg het. "High tariffs made production of industrial products for the domestic market more profitable than exports, and so output was diverted to the local market at times of growing internal demand, rather than at defending and expanding export markets. South African manufacturers thus acquired reputations abroad of being unreliable sources of supply. Meanwhile, extensive controls over imports were required to manage the balance of payments, while the tariff structure became one of the most complex in the world."⁸

Volgens "diagnostic global benchmarking exercises" wat die Nywerheid- Ontwikkelingskorporasie in 1996 onderneem het, is gevind dat die produksiekoste in Suid-Afrika hoog is, vergeleke met sommige van sy vernaamste buitelandse mededingers.⁹ Die Korporasie het gevind dat Brasilië 'n kostevoordeel van 20 persent bo Suid-Afrika het om 'n houtmeubelstuk te vervaardig. In die geval van Denemarke is dié kostevoordeel ongeveer 5 persent. Chile het 'n kostevoordeel van meer as 10 persent in die vervaardiging van 'n eenheid "particle board". Die VSA het 'n kostevoordeel van meer as 40 persent in die vervaardiging van 'n motorvoertuigpaneel. Wat vlekvrystaalprodukte betref, het Indië en Sjina 'n kostevoordeel op Suid-Afrika van meer as 60 persent per eenheid produk.

Volgens die Korporasie¹⁰ het Suid-Afrikaanse vervaardigers 'n beduidende "materials and component cost disadvantage" in weerwil van die feit dat die land 'n surplus aan grondstowwe het. Die Korporasie het gevind dat, wat "materials and components" betref, Brasilië 'n kostevoordeel van meer as 5 persent bo Suid-Afrika het in die vervaardiging van 'n houtmeubelstuk. Chili het 'n kostevoordeel van bykans 25 persent in die vervaardiging van 'n eenheid "particle board". Wat die vervaardiging

⁷ South Africa Foundation, *Growth for All : An Economic Strategy*, 1996, p. 113.

⁸ Idem, p. 113.

⁹ Industrial Development Corporation of South Africa, *Manufacturing Trading Conditions*, May 1997, p. 7.

¹⁰ Idem, p. 8.

van 'n motorvoertuigpaneel betref, het die VSA 'n kostevoordeel van bykans 50 persent. Korea het 'n kostevoordeel van bykans 25 persent in die vervaardiging van 'n eenheid aluminiumproduk. Sjina en Indië het 'n kostevoordeel van meer as 25 persent in die vervaardiging van 'n eenheid vlekvrystaalproduk. Volgens die Korporasie "...the combined impact of material and component cost disadvantages are significant, as raw materials contribute between 45% to 60% towards the total production cost of, for example, some metal products."¹¹

Die Korporasie¹² het ook gevind dat die oorhoofse en bemarkingskoste van Suid-Afrikaanse vervaardigers van sekere mineraalprodukte beduidend hoër is as dié van lande soos Korea, Sjina, Indië en selfs Italië.

Interessant is die volgende opmerking deur die Wêreldbank¹³: "As for labor markets, wages in South Africa's formal manufacturing sector are in the middle rank among developing countries - about one third of those in Korea and Taiwan, but ten times those prevailing in countries like Indonesia and Bangladesh. At these wages, South African producers are entirely uncompetitive internationally in 'low-end' products for poor consumers." Vergelyk ook die bevinding van die Nywerheid-ontwikkelingskorporasie¹⁴: "Indications are that even if South African producers of labour intensive products such as footwear, cookware and tableware were able to operate at 'best-in-practice' productivity levels, they would still not be able to compete at the price-sensitive end of the market with the likes of Indonesia, India, China and, in some cases, also Zimbabwe. In these industries, the most likely development path is to move more progressively towards supplying the higher-end of the market, where quality and service become important." In dié markte moet Suid-Afrika meeding met lande soos Korea, Meksiko, Brasilië, Singapoer, Israel en Nieu Seeland. Volgens die Korporasie vereis dié toedrag van sake grootskaalse investering in tegnologie.

¹¹ Idem, p. 8.

¹² Idem, p. 11.

¹³ World Bank, *Reducing Poverty in South Africa: Options for Equitable and Sustainable Growth*, Washington, 1994, p. 13.

¹⁴ Industrial Development Corporation, *Manufacturing.....*, op. cit., p. 10.

besteding aan navorsing en ontwikkeling en die hoeveelheid wetenskaplikes en tegnici betrokke by dié aktiwiteite.

Uit tabel 5 kan gesien word dat Suid-Afrika swak vergelyk met talle ander lande wat navorsing en ontwikkeling betref. Soos aangehaal deur Lall²⁰ wys Scerri daarop dat: "Not only is the absolute level of R&D expenditure low when compared to that of other countries, but the trend in such expenditure is toward the development stage at the expense of basic and applied research. This is a characteristic of technologically peripheral nations." Volgens Liebenberg²¹ het navorsing en ontwikkeling in Suid-Afrika tot onlangs in veral die energiesektor en die verdedigingsbedryfstakke plaasgevind hoofsaaklik om strategiese redes.

Tradisioneel maak Suid-Afrika hoofsaaklik staat op tegnologiese oordragte uit die buiteland vir sy tegnologiese ontwikkeling. Die grootskaalse disinvestering van die multinasionale maatskappye gedurende die tagtigerjare het tot gevolg gehad dat die tegnologiese gaping tussen Suid-Afrika en talle ander lande vergroot het. Boikotte en sanksies het die koste verbonde aan die verkryging van tegnologie in die buiteland verhoog.

Die getal wetenskaplikes, tegnici en ingenieurs in diens gee 'n aanduiding van 'n land se tegnologiese vermoëns. Die hoeveelheid studente wat in Suid-Afrika inskryf vir grade in die ingenieurswese en wetenskaplike rigtings, as 'n persentasie van die totale inskrywings, het afgeneem van 17 persent in 1982 tot 13 persent in 1995.²² Volgens Vermaak en Stumpf²³ skryf sowat 50 persent van alle studente in Taiwan en Korea hulle jaarliks in vir grade in die ingenieurswese en die wetenskaplike rigtings.

²⁰ Idem, p. 65.

²¹ Liebenberg, K., *South African Competitiveness...*, op. cit., p. 26.

²² Vermaak, A. en Stumpf, W., "Imperative For SA: A National Technology-Based Vision", *People Dynamics*, April 1997, p. 38.

²³ Idem, p. 38.

Aanduidend van Suid-Afrika se betreklike swak uitvoerprestasie, wat vervaardigde goedere betref, is die feit dat die land se aandeel in die ontwikkelende lande se uitvoer van vervaardigde goedere afgeneem het van 11,36 persent in 1955 tot slegs 1,47 persent in 1993. Die ontwikkelende lande se aandeel in die totale wêrelduitvoer van vervaardigde goedere was in 1993 26 persent, vergeleke met 10 persent in 1970.²⁴

Tabel 5 Vergelyking van die Omvang van Navorsing en Ontwikkeling in
.. Selektiewe Lande, 1993

Land	Besteding aan navorsing en ontwikkeling as 'n persentasie van die bruto binnelandse produk	Aandeel van die sakesektor in die finansiering van navorsing en ontwikkeling	Navorsing en ontwikkeling personeel per 1000 van die arbeidsmag
Suid-Afrika	0,76	54,0	1,3
Swede	3,12	68,9	12,3
Japan	3,01	68,7	14,3
VSA	2,77	72,6	-----
Switserland	2,68	70,1	13,5
Israel	2,27	37,1	-----
Korea	2,08	72,7	7,7
Nederland	1,87	51,9	9,3
Tseggiese R.	1,35	72,4	52,0
Italië	1,31	57,9	5,8
Singapoer	1,18	61,0	6,6
Ierland	1,06	62,6	6,5
Egipte	0,86	-----	-----

Bron : Vermaak, A. en Stumpf, W., "Imperative For SA: National Technology-Based Vision", *People Dynamics*, April 1997, p. 38.

²⁴ Liebenberg, K., *South African Competitiveness...*, op. cit., p. 33.

Vergeleke met sy uitvoer van kommoditeite en minder gesofistikeerde vervaardigde goedere, voer Suid-Afrika hoofsaaklik gesofistikeerde goedere in. Die aandeel van masjinerie, elektriese toerusting, voertuie en voertuigonderdele in Suid-Afrika se totale invoer het in 1995 sowat 46 persent beloop.²⁵ Liebenberg²⁶ wys daarop dat : "World trade expanded much faster in the industries which dominate our imports than in the industries which dominate our exports. It therefore seems that we have not been able to move into new market segments through continuous upgrading and innovation. Countries with an abundance of natural resources often develop a dependence on these resources. This is part of the 'resource curse hypothesis' which has become popular in recent years."²⁷

Uit tabel 6 word gesien dat Suid-Afrika hoofsaaklik goedere van die nywerheidslande invoer. In 1995 was ongeveer 15 persent van Suid-Afrika se invoer van Duitsland afkomstig. Brittanje en die VSA was verantwoordelik vir onderskeidelik 10,9 en 10,1 persent van die invoer, terwyl sowat 9 persent van Japan gekom het.

Tabel 6 Suid-Afrika se Invoer van Lande as Persentasie van die Land se Totale Invoer, 1990-1995

	1990	1991	1992	1993	1994	1995
Nywerheidslande	71,1	65,9	62,1	72,2	77,1	71,1
Ontwikkelende lande	10,4	14,0	17,4	18,5	16,9	23,7
-Afrika	2,6	3,4	3,7	2,5	2,8	3,0
-Asië	4,9	7,7	10,1	12,6	10,2	15,7
-Europa	0,3	0,3	0,4	0,8	0,7	1,2
-Midde-Ooste	0,6	0,5	0,7	1,0	1,0	1,1
-Westelike Halfrond	1,9	1,9	2,5	1,6	2,3	2,7

Bron : Internasionale Monetêre Fonds, *Direction of Trade Statistics Yearbook 1996*

²⁵ Jacobs, A.J., *A Presentation of South Africa's Foreign Trade*, ABSA, Junie 1996, p. 38.

²⁶ Liebenberg, K., *South African Competitiveness.....*, op.cit., p. 21.

²⁷ Soos in Hoofstuk II aangedui is, is 'n mededingende voordeel as gevolg van basiese produksiefaktore gewoonlik nie steekhoudend nie.

Uit tabel 7 word gesien dat Suid-Afrika hoofsaaklik grondstowwe na die nywerheidslande uitvoer. In 1995 was Japan Suid-Afrika se vernaamste uitvoerbestemming gevolg deur die VSA.²⁸ Opvallend is dat Suid-Afrika se uitvoer na veral die ontwikkelende lande sedert die begin van die negentigerjare beduidend toegeneem het, namate meer geredelike toegang verkry is tot lande in Afrika.

Tabel 7 Suid-Afrika se Uitvoer na Lande as Persentasie van die Land se Totale Uitvoer, 1990-1995

	1990	1991	1992	1993	1994	1995
Nywerheidslande	42,9	41,0	37,8	38,5	39,7	43,6
Ontwikkelende lande	13,0	15,9	18,7	23,4	24,7	27,3
-Asië	4,6	5,9	8,8	8,8	9,8	12,6
-Afrika	6,0	7,8	7,8	8,3	9,5	9,4
-Europa	0,6	0,2	0,3	1,7	1,0	1,4
-Midde-Ooste	0,8	0,9	0,8	3,1	2,3	1,8
-Westelike Halfrond	0,7	0,9	0,9	1,5	2,2	2,1

Bron : Internasionale Monetêre Fonds, *Direction Of Trade Statistics Yearbook 1996*

3. Suid-Afrika se wisselkoersbeleid sedert die sewentigerjare

Suid-Afrika se wisselkoersverhoudinge is sedert die vroeg sewentigerjare van tyd tot tyd gewysig. Na die opskorting van die inwisselbaarheid van die dollar in goud in Augustus 1971, het die Suid-Afrikaanse owerheid besluit om die rand aan die dollar te koppel. In Desember 1971 is die rand met 12,8 persent teenoor die dollar gedevalueer. Die devaluasie was volgens Nedbank²⁹ "...designed partly to bring the rand into line with the new currency alignments, but also to counter the prevailing domestic

²⁸ Internasionale Monetêre Fonds, *Direction of Trade...*, op. cit, p. 399.

²⁹ The Nedbank Group, *South Africa : An Appraisal*, Johannesburg, 1983, p. 193.

conditions, and to improve the balance of payments.” Volgens Nedbank³⁰ was die maatreël ‘n sukses “...and to maintain momentum the authorities repegged the rand to sterling when, in June 1972, the pound was allowed to float downwards.” Gedurende die tydperk 1972-1974 is daar, wat die randwisselkoers betref, dikwels tussen die VSA-dollar en die Britse Pond beweeg.

Gedurende die tydperk Junie 1974 - Junie 1975 is ‘n onafhanklik beheerde swewende wisselkoersstelsel gehandhaaf. Die owerheid het kleiner, maar meer gereelde aanpassings in die randwisselkoers teenoor die dollar gemaak. Volgens Gidlow³¹ is 11 aanpassings in die randwisselkoers teenoor die dollar gedurende die tydperk gemaak. Die grootste aanpassing was ‘n twee persent devaluasie van die rand op 12 Augustus 1974. Die kleinste aanpassing was ‘n 0,67 persent devaluasie van die rand op 26 April 1975.

In Junie 1975 het die owerheid na ‘n vaste dollarkoppeling teruggekeer. Die wisselkoers van die rand teenoor die dollar is op \$1.40 vasgepen. Die dollarkoppeling het ‘n 4,67 persent devaluasie meegebring. In September 1975 was Suid-Afrika egter genoodsaak om die rand met ‘n verdere 17,9 persent te devalueer, sodat die wisselkoers van die rand in terme van die dollar \$1.15 beloop het. Dié wisselkoers is tot 1978 gehandhaaf.

Die De Kock Kommissie van Onderzoek na die Monetêre Stelsel en Monetêre Beleid van Suid-Afrika is gedurende die laat sewentigerjare versoek om die wisselkoersbeleid te ondersoek. Op aanbeveling van die Kommissie het die owerheid in 1979 afstand gedoen van die beleid om die randwisselkoers aan die dollar te koppel en beweeg na ‘n “...form of variable dollar pegging.”³² As ‘n oorgangsmatreël na ‘n stelsel waaronder die rand onafhanklik sou sweef, is ‘n tweeledige wisselkoersstelsel ingestel. Die tweeledige wisselkoersstelsel het twee eenhede, naamlik die kommersiële en die

³⁰ Idem, p. 194.

³¹ Gidlow, R.M., “Exchange Control and the Blocked Rand Mechanism”, *Die Suid-Afrikaanse Joernaal vir Ekonomie*, 1976, p. 66.

³² Kahn, B., “South African Exchange Rate Policy and International Competitiveness”, in Baker, P.H., Borraine, A. en Krafchik, W. (Red.), *South Africa....*, op. cit., p. 140.

conditions, and to improve the balance of payments.” Volgens Nedbank³⁰ was die maatreël ‘n sukses “...and to maintain momentum the authorities repegged the rand to sterling when, in June 1972, the pound was allowed to float downwards.” Gedurende die tydperk 1972-1974 is daar, wat die randwisselkoers betref, dikwels tussen die VSA-dollar en die Britse Pond beweeg.

Gedurende die tydperk Junie 1974 - Junie 1975 is ‘n onafhanklik beheerde swewende wisselkoersstelsel gehandhaaf. Die owerheid het kleiner, maar meer gereelde aanpassings in die randwisselkoers teenoor die dollar gemaak. Volgens Gidlow³¹ is 11 aanpassings in die randwisselkoers teenoor die dollar gedurende die tydperk gemaak. Die grootste aanpassing was ‘n twee persent devaluasie van die rand op 12 Augustus 1974. Die kleinste aanpassing was ‘n 0,67 persent devaluasie van die rand op 26 April 1975.

In Junie 1975 het die owerheid na ‘n vaste dollarkoppeling teruggekeer. Die wisselkoers van die rand teenoor die dollar is op \$1.40 vasgepen. Die dollarkoppeling het ‘n 4,67 persent devaluasie meegebring. In September 1975 was Suid-Afrika egter genoodsaak om die rand met ‘n verdere 17,9 persent te devalueer, sodat die wisselkoers van die rand in terme van die dollar \$1.15 beloop het. Dié wisselkoers is tot 1978 gehandhaaf.

Die De Kock Kommissie van Onderzoek na die Monetêre Stelsel en Monetêre Beleid van Suid-Afrika is gedurende die laat sewentigerjare versoek om die wisselkoersbeleid te ondersoek. Op aanbeveling van die Kommissie het die owerheid in 1979 afstand gedoen van die beleid om die randwisselkoers aan die dollar te koppel en beweeg na ‘n “...form of variable dollar pegging.”³² As ‘n oorgangsmatreël na ‘n stelsel waaronder die rand onafhanklik sou sweef, is ‘n tweeledige wisselkoersstelsel ingestel. Die tweeledige wisselkoersstelsel het twee eenhede, naamlik die kommersiële en die

³⁰ Idem, p. 194.

³¹ Gidlow, R.M., “Exchange Control and the Blocked Rand Mechanism”, *Die Suid-Afrikaanse Joernaal vir Ekonomie*, 1976, p. 66.

³² Kahn, B., “South African Exchange Rate Policy and International Competitiveness”, in Baker, P.H., Borraine, A. en Krafchik, W. (Red.), *South Africa...*, op. cit., p. 140.

finansiële rand daargestel. Die kommersiële rand is ingestel vir handelstransaksies en die finansiële rand vir kapitaaltransaksies.

Cloete³³ wys daarop dat : “From 1981 the South African monetary authorities consistently pursued a policy of allowing the Rand exchange rate to float downwards under pressure from the large current account deficits and the constant reduction in the gold and foreign reserves.” In September 1983 is die rand toegelaat om onafhanklik te sweef. Die Suid-Afrikaanse Reserwebank het egter voortgegaan om van tyd tot tyd in die valutamarkte in te meng.

Die skerp uitvloei van kapitaal in 1985 en die gepaardgaande skerp depresiasie van die randwisselkoers het daartoe gelei dat die owerheid in September 1985 weer eens ‘n tweeledige wisselkoersstelsel ingestel het. In 1995 het die owerheid die finansiële rand afgeskaf en is die rand toegelaat om vrylik te sweef. Die Reserwebank meng egter van tyd tot tyd in die valutamarkte in.³⁴

Volgens die Suid-Afrika Stigting³⁵: “In the 1990s it (die Suid-Afrikaanse Reserwebank) has attempted to steer the nominal value of the rand downwards roughly in line with the inflation differential between South Africa and its major trading partners - in economic parlance, to keep its measure of the real effective exchange rate constant. Thus the need to limit any real appreciation of the rand exchange rate - which would undermine exports - is already an established ingredient of exchange rate policy in this country. But is the range within which the real exchange rate is currently varying appropriate for an export-oriented strategy?”

³³ Cloete, J.J., “Recent Exchange Rate Policy in South Africa - A Critique”, *Die Suid-Afrikaanse Joernaal vir Ekonomie*, 1986, p. 239.

³⁴ “Intervention should be intended to ‘lean against the wind’ only, and to avoid disorderly adjustments, but should not fix an unrealistic level for the exchange rate, neither in the form of an undervalued or an overvalued rand.” - Stals, C.L., “The Balance of Payments Constraint on Economic Growth in South Africa.”, *Suid Afrikaanse Reserwebank Kwartaalblad*, Junie 1993, p. 29.

³⁵ South African Foundation, *Growth for All...*, op. cit., p. 115.

Smal³⁶ wys daarop dat: “Aangesien invoer- en uitvoerpryse baie gevoelig is vir veranderings in die wisselkoers en die omvang van invoer en die uitvoer veronderstel is om op die relatiewe pryse te reageer, word dikwels ‘n beroep op die Suid-Afrikaanse owerheid gedoen om ‘n afwaartse aanpassing in die wisselkoers van die rand toe te laat om as aansporing vir investering met die oog op die uitvoermark te dien.” Smal³⁷ is egter van mening dat: “Die suksesvolle implementering van ‘n beleid van depresiasie van die geldeenheid berus op die reaksie wat in die fisiese omvang van die uitvoer en die invoer op die verandering in die relatiewe pryse verkry word, dit wil sê die sukses van sodanige beleid hang af van die pryselastisiteite van die vraag na uitvoer en invoer.” Volgens Smal³⁸ mag die volgende faktore waarskynlik ‘n beduidende invloed op die uiteindelijke gevolge van ‘n depresiasie van die wisselkoers hê:

- Die beskikbaarheid van hulpbronne en hulle mobiliteit tussen die nie-uitvoer- en uitvoersektore van die ekonomie.
- Die toeganklikheid, al dan nie van uitvoermarkte.
- Moontlike binnelandse prysstygings as gevolg van die depresiasie van die wisselkoers.



UNIVERSITY
OF
JOHANNESBURG

Interessant is die volgende opmerking van die Suid-Afrika Stigting³⁹: “A large World Bank study recommends that developing countries keep real exchange rates slightly undervalued, to ease the costs of shifting to more open policies and encouraging exports. It downplays the inflationary effects of such an approach because: a) they are regarded as inevitable, b) they will be short-lived if complementary macroeconomic policies are appropriately stern. Most importantly, it argues that if the real exchange rate is to be kept slightly undervalued, fiscal policy should be kept particularly tight.”⁴⁰

³⁶ Smal, M.M., “Wisselkoersaanpassings as ‘n Element van ‘n Ontwikkelingsstrategie vir Suid-Afrika.”, *Suid-Afrikaanse Reserwebank Kwartaalblad*, Junie 1996, p. 70.

³⁷ Idem, p. 70.

³⁸ Idem, p. 70

³⁹ South African Foundation, *Growth for All...*, op. cit., p. 126.

⁴⁰ Vergelyk ook die volgende opmerking van die Suid-Afrika Stigting: “A major collection of papers on Latin America concludes, amongst other things, that these economies should aim at export-led growth, with the vital prerequisite being a competitive exchange rate. The view that currency devaluation or depreciation would be offset by inflation was regarded as faulty and ‘very much... a minority viewpoint.’” - Idem, p. 126.

Volgens die Suid-Afrika Stigting⁴¹: "Reserve Bank policy appears to have been biased towards keeping the rand strong, with the real currency appreciating when reserves permitted it. Since 1989 its anti-inflationary drive has been based on high interest rates, in the context of loose fiscal policy, with a strong rand being favoured to reduce inflation."⁴²

4. Gedrag van die nominale randwisselkoers teenoor die VSA-dollar sedert die sewentigerjare

Uit grafiek 15 word gesien dat die eksterne waarde van die rand teenoor die dollar sedert die laat sewentigerjare van kwartaal tot kwartaal vryliker geskommel het namate Suid-Afrika minder pogings aangewend het om die wisselkoers te manipuleer.⁴³ Opvallend is veral die skerp skommeling in die eksterne waarde van die rand teenoor die dollar gedurende die middel tagtigerjare.

Soos uit grafiek 16 gesien word, het die nominale wisselkoers van die Rand teenoor die VSA-dollar van \$1.40 in 1970 tot \$0.22 in 1996 verswak, dus teen 'n saamgestelde koers van 7,14 persent. Opvallend is veral die skerp daling in die nominale waarde van die rand teenoor die dollar gedurende die eerste helfte van die tagtigerjare. Die eksterne waarde van die rand in terme van die dollar het van \$1.29 in 1980 tot \$0.44 in 1986 gedaal, dit wil sê teen 'n saamgestelde koers van 16,4 persent.


⁴¹ Idem, p. 127.

⁴² Vergelyk die volgende opmerkings van Stals: "Over the short term there may at times appear to be a conflict in the objective of attaining both a stable domestic and a stable external value of the rand.....In view of (the) broad macro-economic objectives of monetary policy, the exchange rate and other financial variables are not manipulated by the Reserve Bank in the interests of certain groups and sectors of the economy." - Stals, C.L., "South African Exchange Rate Policy" in Baker, P.H., Borainé, A. en Krafchik, W. (Red.), *South Africa and the....*, op. cit., p. 149.

⁴³ Die tydperk 1973-1978 staan dan ook bekend as die tydperk van "dirty float".

Grafiek 15 Kwartaallikse Skommeling in die Wisselkoers van die Rand in terme van die VSA-dollar, 1976-1996


Persentasie



Bron : Internasionale Monetêre Fonds, International Financial Statistics, Verskeie Uitgawes

Grafiek 16 Nominale Wisselkoers van die Rand teenoor die VSA-dollar, 1970-1996

\$/R



Bron : Internasionale Monetêre Fonds, *International Financial Statistics Yearbook 1996*

Soos in Hoofstuk III gesien is, is die volatiele gedrag van die randwisselkoers teenoor die dollar moeilik verklaarbaar. Soos reeds gesê is, is 'n belangrike faktor waarskynlik die feit dat die eksterne waarde van die gemeenskaplike noemer van die monetêre stelsel, die VSA-dollar, self van dag tot dag betreklik vrylik geskommel het. Die gedrag van die randwisselkoers teenoor die dollar hou waarskynlik ook verband met die faktore en omstandighede endogeen aan Suid-Afrika.

Holden en Holden⁴⁴ is van mening dat : "In a world of variable gold prices and frequent exchange rate changes using a bilateral exchange rate no longer gives an accurate indication of the effects of movements in a country's exchange rate. For example, if the rand depreciates against the U.S. dollar by 10 per cent but the dollar appreciates against all other currencies by 20 per cent, then changes in the rand/dollar rate alone would indicate an increase in the competitiveness of the rand when in fact it has lost competitiveness both in the United States and in the rest of the world."

Soos uit grafiek 17 gesien word, het die randwisselkoers teenoor die VSA-dollar gedurende die tydperk 1979-1996 skerp gedaal, vergeleke met die verloop van die nominale effektiewe dollarwisselkoers. Gedurende die tydperk 1979-1985 het die randwisselkoers teenoor die dollar teen 'n saamgestelde koers van 14,6 persent gedepresieer. Die nominale effektiewe dollarwisselkoers het gedurende die tydperk 1979-1985 teen 'n saamgestelde koers van 5,67 persent geappresieer. Gedurende die tydperk 1985-1996 het die randwisselkoers teenoor die dollar teen 'n saamgestelde koers van 6,4 persent gedepresieer. Die nominale effektiewe dollarwisselkoers het gedurende dié tydperk teen 'n saamgestelde koers van 4,3 persent gedepresieer.

⁴⁴ Holden, M.G. en Holden, P., "Alternative Measures of Exchange..", op. cit., p. 351.

Grafiek 17 Vergelyking tussen die Gedrag van die Nominale Randwisselkoers teenoor die Dollar en die Gedrag van die Nominale Effektiewe Dollarwisselkoers, 1979-1996

1979=100



Bron : Internasionale Monetêre Fonds, *International Financial Statistics Yearbook 1996*

5. Gedrag van die reële randwisselkoers teenoor die dollar sedert die sewentigerjare

Soos in die vorige hoofstukke aangedui is, is die reële wisselkoers waarskynlik die belangrikste relatiewe prys in die ekonomie. Die gedrag van die reële wisselkoers beïnvloed 'n land se koste en dus sy komparatiewe kostevoordeel. 'n Steekhoudende afwyking van die reële wisselkoers van sy ewewigswaarde het 'n beduidende invloed op 'n land se internasionale mededingendheid.

Die omvang van die afwyking van die reële wisselkoers en sy ewewigswaarde is moeilik bepaalbaar. Die meting van veral die ewewigswaarde van die reële wisselkoers word bemoeilik omdat die waarde hoofsaaklik bepaal word deur 'n

kombinasie van strukturele faktore, makro-ekonomiese veranderlikes en die internasionale makro-ekonomiese omgewing.

Soos in die vorige hoofstukke aangedui is, is die swewende wisselkoerse inherent tot onder- of oorwaardasie geneig. Frankel⁴⁵ wys daarop dat die begrippe oorwaardering, onderwaardering en onewewig betreklik dubbelsinnig is wat hulle betekenis betref. Die begrippe kan volgens hom verwys na "nonclearing financial markets". Valutabeheermaatreëls mag tot gevolg hê dat die waargenome wisselkoers op 'n vlak is waar die aanbod van buitelandse valuta nie gelyk is aan die vraag na valuta nie. Die begrip oorwaardering mag verwys na die geval waar die aanbod van 'n rekeneenheid groter is as die vraag. Inmenging in die valutamarkte deur een of meer sentrale bank kan die wisselkoers ondersteun op vlakke wat hoër is as wat die geval sou wees in 'n vrye mark. Die begrip oorwaardering mag ook verwys na gevalle waar die waargenome wissekoersvlak hoër is as die vlak gegrond op die langtermyn fundamentele veranderlikes. Die begrip oorwaardering "...could pertain to the real effects of the exchange rate rather than to its determinants. Under this interpretation, the loss of domestic industries that export or that compete with imports is undesirable. Or the reverse effects in foreign countries are undesirable for them."⁴⁶

Soos in Hoofstuk III aangedui is, het 'n ondergewaardeerde rekeneenheid tot gevolg dat meer produksiefaktore na die betrokke land se sektore wat in goedere handel dryf ("tradeable goods sector") gekanaliseer word. Meer kapitaal en arbeid word dus afgewentel na die uitvoersektore en in daardie bedryfstakke wat in die plaaslike mark met die buiteland meeding ("import-competing industries"). Die uitvoer neig dus om te styg terwyl die invoer daal. Die land raak dus meer uitvoergeoriënteerd.


Soos in vorige hoofstukke aangedui is, is 'n algemene benadering in die ontleding van 'n land se mededingendheid die vergelyking van die wisselkoersgedrag en prysbewegings aan die hand van die koopkragpariteitskonsep.

⁴⁵ Frankel, J.A., *On Exchange*....., op.cit., p. 135.

⁴⁶ Idem, p. 136.

Die Reserwebank vergelyk die wisselkoersgedrag en die veranderings in die produksiepryse tussen Suid-Afrika en sy vier belangrikste handelsvennote om die reële randwisselkoersgedrag te bepaal. Die gewig van die VSA-dollar in die reële effektiewe wisselkoers van die rand is 51,7 persent.

Grafiek 18 Gedrag van die Reële Effektiewe Wisselkoers van die Rand, 1970-1995



Bron : South Africa Foundation, *Growth for All : An Economic Strategy for South Africa*, 1996

Opvallend uit grafiek 18 is die skerp depresiasie van die reële effektiewe randwisselkoers gedurende die middel tagtigerjare, nadat die wisselkoers gedurende die tydperk 1970-1983 geleidelik geappreieer het. Sedert die middel van die tagtigerjare het die reële effektiewe wisselkoers egter weer geappreieer. Volgens die Suid-Afrika Stigting⁴⁷ kan die betreklik stabiele gedrag van die reële effektiewe wisselkoers sedert 1987 as 'n positiewe ontwikkeling gesien word. "But economic theory suggests that allowing for slower productivity growth in South Africa than its

⁴⁷ South Africa Foundation, *Growth for All...*, op. cit., p. 118.

competitors, and for tariffs being cut, the equilibrium real rand fell over this period—implying that the real rand is strong compared to nine years ago. Moreover,a range of measures had to be deployed to keep the nominal rand strong, often contrary to market forces.”


Die Suid-Afrika Stigting⁴⁸ wys ook daarop dat : “Many South African exports compete in the same markets as exports from countries like Malaysia, India, Chile etc, with which direct trade is low. The more open the world economy, though, the more the ‘real’ rand should be measured via an indicator of either : a) world prices (perhaps weighted according to world trade), or b) US prices, since many South African exports are priced in dollars, and much competition with other developing countries is experienced via the dollar.”

Die randwisselkoers teenoor die dollar verskil vir betreklike lang tydperke van die wisselkoers in terme van die koopkragpariteit. Uit grafiek 19 kan gesien word dat indien 1970 as basisjaar gekies word, die randwisselkoers teenoor die dollar vir ‘n groot gedeelte van die sewentigerjare oorwaardeer was, vergeleke met die koopkragpariteitswaardes soos gemeet aan die hand van die verbruikersprysindeksverskille tussen die VSA en Suid-Afrika. Sedert 1983 was die randwisselkoers teenoor die dollar egter onderwaardeer in terme van die koopkragpariteitswaarde. Opvallend is dat die randwisselkoers teenoor die dollar in terme van die koopkragpariteitswaarde beduidend onderwaardeer was in 1985. Die randwisselkoers teenoor die dollar was na raming ongeveer 62 persent onderwaardeer in terme van die koopkragpariteitswaarde.

⁴⁸ Idem, p. 118.

Grafiek 19 Vergelyking tussen die Randwisselkoers teenoor die VSA-dollar en die Koopkragpariteitswaarde⁴⁹ van die Twee Rekeneenhede met 1970 as Basisjaar, 1970-1995

\$/R




Bron : Internasionale Monetêre Fonds, *International Financial Statistics*, Verskeie Uitgawes

Soos in Hoofstuk III aangedui is, is die keuse van die basisjaar 'n belangrike faktor wat die bepaling van die koopkragpariteitswaardes betref. Uit Grafiek 20 word gesien dat indien 1980 as basisjaar gekies word, die randwisselkoers teenoor die dollar, vergeleke met die koopkragpariteitswaarde gebaseer op die verskille in die verbruikersprysindekse van die VSA en Suid-Afrika, sedert die vroeg tagtigerjare onderwaardeer was.

⁴⁹ Gebaseer op die verbruikersprysindeks-inflasiekoersverskille tussen die VSA en Suid-Afrika.

Grafiek 20 Vergelyking tussen die Randwisselkoers teenoor die VSA-dollar en die Koopkragpariteitswaarde⁵⁰ van die Twee Rekeneenhede met 1980 as Basisjaar, 1980-1995




Bron : Internasionale Monetêre Fonds, *International Financial Statistics*, Verskeie Uitgawes

Soos in Hoofstuk II aangedui is, is die relatiewe arbeidseenheidskoste dikwels 'n populêre maatstaf van 'n land se internasionale mededingendheid. Die wisselkoers is 'n beduidende faktor in die vergelyking van lande se arbeidskoste. Uit grafiek 21 kan gesien word dat indien die wisselkoers van die rand teenoor die dollar vergelyk word met die VSA en Suid-Afrika se relatiewe arbeidseenheidskoste in die vervaardigingsektor, die randwisselkoers gedurende die tweede helfte van die sewentigerjare en gedurende die tydperk 1983 - 1990 onderwaardeer was. In 1985 was die randwisselkoers teenoor die dollar ongeveer 54 persent onderwaardeer, vergeleke met die relatiewe arbeidseenheidskoste in die vervaardigingsektor. Opvallend is dat dié randwisselkoers gedurende die vroeg negentigerjare oorwaardeer was.⁵¹

⁵⁰ Gebaseer op die verbruikersprysindeks-inflasiekoersverskille tussen die VSA en Suid-Afrika.

⁵¹ "It was certainly enough to slash profit margins and discourage investment in export-oriented activities - no wonder the long-term industrial exports record is (continue...)"

Grafiek 21 Vergelyking tussen die Randwisselkoers teenoor die VSA-dollar en die VSA en Suid-Afrika se Relatiewe Arbeidseenheidskoste in die Vervaardigingssektor, 1975-1994



Bron : Internasionale Monetêre Fonds, *International Financial Statistics Yearbook*, 1996 en Liebenberg, K., *South African Competitiveness Monitor* 1996

6. Invloed van die gedrag van die dollarwisselkoers op die volume eksterne handel van Suid-Afrika

Daar is uiteenlopende menings oor die elasticiteit van die vraag na ingevoerde goedere en Suid-Afrika se uitvoerprodukte. Soos gesien is, voer Suid-Afrika hoofsaaklik mineraal en mineraalprodukte uit. Volgens Gidlow⁵²: "Depreciation of the rand fails to reduce these prices (mineraal en mineraalprodukte), and the export price elasticity of demand is infinite." Smal⁵³ raam die pryselasticiteit van die vraag, wat die uitvoer van

(.continue) oor. Temporary compensating measures like the General Export Incentive Scheme (GEIS) partly alleviated adverse movements in the real rand, but lack credibility because they will eventually be eliminated. Discussions with senior managers from various industrial firms confirmed this point. Most indicated that the profitability of exporting had declined in the last few years (apart from the boost after the 1994 election), and that producing for export is less profitable than producing for the local market." - Idem, p. 118.

⁵² Gidlow, R.M., "Workings of a Managed Floating Exchange Rate System for the Rand", *Die Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Ekonomie*, 1988, p. 144.


⁵³ Smal, M.M., "Wisselkoersaanpassings as 'n Element.....", op. cit., p. 74.

grondstowwe betref, op 0,31. Die pryselastisiteit van die vraag na Suid-Afrika se uitvoer van vervaardigde goedere word egter op 1,40 geraam. Die pryselastisiteit van die vraag na ingevoerde goedere, uitgesonder olie, word op 0,85 geraam.

Uit grafiek 22 word gesien dat die volume produkte wat Suid-Afrika uitvoer gedurende die tydperk 1970-1994 teen 'n saamgestelde koers van 4,2 persent toegeneem het. Opvallend is dat Suid-Afrika se uitvoervolume gedurende die vroeg tagtiger- en negentigerjare gedaal het. Gedurende die tagtigerjare is die internasionale sanksieveldtog teen Suid-Afrika verskerp. Dié toedrag van sake het noodwendig 'n invloed op die land se uitvoerpoging gehad.

Grafiek 22 Patroon van Suid-Afrika se Jaarlikse Volume Uitvoer, 1970-1994


1990=100



Bron: Internasionale Monetêre Fonds, *International Financial Statistics Yearbook 1996*

Uit grafiek 23 word gesien dat die skerp daling in Suid-Afrika se uitvoervolume gedurende die vroeg tagtigerjare deels toegeskryf kan word aan die skerp appresiasie van die effektiewe dollarwisselkoers. Soos hierbo aangedui is, het die reële effektiewe randwisselkoers ook gedurende die vroeg tagtigerjare geappresieer. Die depresiasie van die dollarwisselkoers en die onderwaardering van die randwisselkoers teenoor die dollar sedert die middel van die tagtigerjare was veral verantwoordelik vir die styging in die volume uitvoer.

Grafiek 23 Verband tussen die Gedrag van die Dollarwisselkoers en die Volume Suid-Afrikaanse Uitvoer, 1970-1994



Bron: Internasionale Monetêre Fonds, *International Financial Statistics Yearbook 1996*

Uit grafiek 24 word gesien dat die konjunkturfases van die nywerheidslande ook 'n wesentlike invloed op Suid-Afrika se uitvoervolume het.

Uit grafiek 25 word gesien dat Suid-Afrika se volume invoer gedurende die vroeg sewentiger- en tagtigerjare skerp toegeneem het. Sedert 1982 het die land se volume invoer sywaarts beweeg. Veranderings in die land se totale inkomme beïnvloed veral die invoervolume.⁵⁴ Die inkomme-elasticiteit van die vraag na ingevoerde goedere, uitgesluit olie, word op sowat 1,47 geraam.⁵⁵ Die sterk defleringsbeleid wat die owerheid gedurende die tagtigerjare gevolg het, het 'n wesentlike invloed op Suid-Afrika se invoervolume gehad. Vergeleke met veranderings in die land se totale inkomme het die wisselkoersgedrag 'n mindere invloed op die volume goedere wat Suid-Afrika invoer.


⁵⁴ Suid-Afrika het gedurende September 1972-Augustus 1974 en Januarie 1978-Augustus 1981 opwaartse konjunkturfases ervaar. Suid-Afrikaanse Reserwebank, *Kwartaalblad*, Junie 1996, p. S-136.

⁵⁵ Smal, M.M., "Wisselkoersaanpassings as 'n Element...", op. cit., p. 74.

Grafiek 24 Verband tussen die Jaar op Jaar Groeikoerse van die Nywerheidslande en die Volume Suid-Afrikaanse Uitvoer, 1970-1994

Groeikoerse
Persentasie


Uitvoer
1990=100



Bron: Internasionale Monetêre Fonds, *International Financial Statistics Yearbook 1996*

Grafiek 25 Patroon van Suid-Afrika se Jaarlikse Volume Invoer, 1970-1994

1990=100



Bron: Internasionale Monetêre Fonds, *International Financial Statistics Yearbook 1996*

7. Invloed van die gedrag van die dollarwisselkoers op Suid-Afrika se ruilvoet

Die feit dat Suid-Afrika nie daarin kon slaag om die relatiewe aandeel van vervaardigde goedere in sy uitvoer beduidend te verhoog nie, maak die land se ruilvoet besonder gevoelig vir eksterne skokke wat met die pryse van kommoditeite verband hou.

Helleiner⁵⁶ wys daarop dat: "Generally, primary product prices continue to be more volatile than manufactured goods prices.....short-term instability of real and nominal commodity prices and of national-level earnings from commodity exports have been sharply higher in recent years and periods of recession have been longer." Wisselvallige uitvoerverdienste skep van tyd tot tyd lastige beleidsvraagstukke vir 'n ontwikkelende land soos Suid-Afrika. Volgens Walbeek⁵⁷ word dikwels aangevoer dat wisselvallige uitvoerverdienste tot onsekerheid lei. Groter onsekerheid het gewoonlik 'n negatiewe invloed op kapitaalvorming. Onstabieleit wat die uitvoer betref, het gewoonlik ook 'n invloed op die owerheidsuitgawes en -inkomste. Uitvoeronstabieleit kan tot gevolg hê dat die inflasionêre druk in die ekonomie verhoog. Onstabieleit van die uitvoer het dikwels tot gevolg dat ontwikkelende lande probleme ervaar om noodsaaklike goedere in te voer. Dalings in die uitvoerpryse van kommoditeite gaan dikwels gepaard met makro-ekonomiese aanpassings. Aanpassing is veral nodig in die geval waar:

- die buitelandse reserwes betreklik laag is,
- die vloeï van buitelandse fondse onvoldoende is, of
- die randwisselkoers in die gedrang kom.

Uit grafiek 26 word gesien dat die reële pryse van kommoditeite gedurende die tydperk 1975-1995 teen 'n saamgestelde koers van 1,07 persent gedaal het. Soos in Hoofstuk II aangedui is, daal die reële pryse van kommoditeite konstant sedert die


⁵⁶ Helleiner, G.K., *The New Global Economy and the Developing Countries*, Aldershot, 1990, p. 196.

⁵⁷ Walbeek, C. P., "The Consequences of Export Instability: South Africa, 1971-1988", *Die Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Ekonomie*, September 1993, p. 166.

begin van die eeu. Gedurende die vroeg negentigerjare was die reële pryse van kommoditeite die laagste sedert die begin van die eeu.⁵⁸

Grafiek 26 Gedrag van die Reële Kommoditeitspryse⁵⁹, Olie Uitgesluit, op die Wêreldmarkte, 1970-1995

1990=100



Bron: Internasionale Monetêre Fonds, *International Financial Statistics Yearbook 1996*.


Soos hierbo gesien is, voer Suid-Afrika 'n betreklike groot hoeveelheid mineraal en mineraalprodukte uit. Uit grafiek 27 kan gesien word dat die reële kommoditeitspryse van metale gedurende die tydperk 1970-1995 konstant gedaal het. Opvallend is veral die skommeling van jaar tot jaar in die reële pryse van metale.

⁵⁸ "To put the real price fall into a wider perspective, it would appear, on the basis of commodity price indices published by two World Bank economists (Grille and Yang, 1988), which go back to 1900, that the general level of real commodity prices had fallen by 1986 to below the nadir reached in 1932 during the Great Depression of the inter-war era. Moreover, by 1992 the World Bank index of real non-oil commodity prices had fallen to 13 per cent below the 1986 level, the corresponding decline on the UNCTAD index being 18 per cent." - Maizels, A., "Commodity Market Trends and Instabilities: Policy Options for Developing Countries", *UNCTAD Review*, 1994, p. 53.

⁵⁹ Die reële prys van kommoditeite word bereken deur die Internasionale Monetêre Fonds se kommoditeitindeks te defleer met die nywerheidslande se "export unit values".

Grafiek 27 Gedrag van die Reële Metaalpryse, Goud Ingesluit, op die Wêreldmarkte, 1970-1995

1990=100



Bron: Internasionale Monetêre Fonds, *International Financial Statistics Yearbook* : 1996

Suid-Afrika voer ook 'n betreklike groot hoeveelheid landbouprodukte uit. Die reële pryse van onverwerkte landbouprodukte⁶⁰ ("agricultural raw materials") word in grafiek 28 getoon. Opvallend is dat die reële pryse van dié kommoditeite effens gestyg het gedurende die tydperk 1970-1995. Soos in die geval van die reële pryse van metale skommel die pryse van landbouprodukte egter voortdurend.


Uit grafiek 29 word gesien word dat die reële pryse van voedsel gedurende die tydperk 1973-1995 skerp gedaal het. Interessant is dat die Carter-administrasie in 1980 geraam het dat die reële pryse van voedsel oor die volgende twee dekades sou verdubbel.⁶¹

⁶⁰ Die Internasionale Monetêre Fonds se kommoditeitsindeks gedefleer met die nywerheidslande se sogenaamde "export unit values".

⁶¹ "In 1980 the Carter Administration's *Global 2000 Report to the President: Entering the Twenty-First Century* concluded that world demand for food would increase steadily for at least 20 years; that worldwide food production would fall except in developed countries; and that real food prices would double." - Drucker, P.F., "The Changed World.....", op. cit., p. 769.

Grafiek 28 Gedrag van die Reële Pryse van Onverwerkte Landbouprodukte op die Wêreldmarkte, 1970-1995


1990=100



Bron: Internasionale Monetêre Fonds, *International Financial Statistics Yearbook 1996*

Grafiek 29 Gedrag van die Reële Pryse van Voedsel op die Wêreldmarkte, 1973-1995

1990=100



Bron: Internasionale Monetêre Fonds, *International Financial Statistics Yearbook 1996*

Maizels⁶² laat hom soos volg uit oor die redes vir die gedrag van reële kommoditeitspryse sedert die tagtigerjare: "Several major factors, on both the demand and supply sides, have contributed to the recent downturn in real commodity prices. On the demand side, the slowdown in the growth rate of the economies of the developed countries - resulting in a sharp retardation in the growth in demand for primary commodities - was superimposed on a longer downward trend in the consumption of natural raw materials per unit of output⁶³. On the supply side, a major force behind the expansion of commodity exports from developing countries since the early 1980s has been their extreme shortage of foreign exchange, itself resulting in part or even largely, from the collapse in world commodity prices (other elements being the high level of interest charges on their foreign debt, and the virtual drying up of new commercial loans to a large number of commodity-dependent countries after 1982)."

Interessant is die volgende opmerking van Dornbusch⁶⁴: "A strengthening of the dollar tends to lower the real price of commodities....One would expect changes in the dollar exchange rate to affect the nominal prices of both commodities and manufactured goods in world trade in the same direction, not to change the real price of commodities. A dollar appreciation would be expected to lower the purchasing power of commodities in terms of U.S. goods while raising it in terms of other industrial countries' output, with no significant net effect. The presence of a negative coefficient, however, suggests that on balance the purchasing power of commodities declines in terms of the goods of the United States and other industrial countries." Ceteris paribus sal 'n appresiasie van die dollarwisselkoers dus tot gevolg hê dat die

⁶² Maizels, A., "Commodity Market Trends...", op. cit., p. 54.

⁶³ Vergelyk ook Drucker se bevinding (soos aangehaal in Hoofstuk II): "The typical product of the 1920s, the auto, has a raw material content of almost 60 percent. The typical product of the 1980s, the semiconductor, has one of one percent. The raw material content of a glass-fibre cable is about 12 percent, the copper cable that it replaces has a raw material content of nearly 50 percent." - Drucker, P.F., *Managing for the Future*..., op. cit., p. 53.

⁶⁴ Dornbusch, R., "Policy and Performance Links Between LDC Debtors and Industrial Nations", *Brookings Papers on Economic Activity*, 1985, p. 328.

ruilvoet van die ontwikkelende lande, wat hoofsaaklik kommoditeite uitvoer, verswak.⁶⁵


Uit grafiek 30 kan gesien word dat Suid-Afrika se ruilvoet, goud uitgesluit, gedurende die tydperk 1966-1995 beduidend verswak het. Die langtermyn daling in Suid-Afrika se ruilvoet, goud uitgesluit, beteken dat die land oor die jare meer uitvoerprodukte moes verkoop om dieselfde volume invoer te bekostig. Die konstante daling in die reële pryse van kommoditeite was veral verantwoordelik vir dié daling in Suid-Afrika se ruilvoet. Opvallend is dat die skerp appresiasie van die dollarwisselkoers teenoor die ander vername rekeneenhede gedurende die vroeg tagtigerjare gepaard gegaan het met 'n skerp daling in Suid-Afrika se ruilvoet, goud uitgesluit. Die skerp depresiasie in die dollarwisselkoers gedurende die middel van die tagtigerjare het egter nie gepaard gegaan met 'n beduidende verbetering van dié ruilvoet nie. Suid-Afrika se ruilvoet, goud uitgesluit, het sedert die laat tagtigerjare betreklik konstant gebly.

Uit grafiek 31 word gesien word dat Suid-Afrika se ruilvoet, goud ingesluit, gedurende die tydperk 1966-1980 verbeter het. Gedurende die vroeg tagtigerjare het dié ruilvoet skerp gedaal, waarna dit sywaarts beweeg het. Gedurende die tydperk 1966-1982 het die depresiasie van die effektiewe dollarwisselkoers gepaard gegaan met 'n verbetering in die ruilvoet. Appresiasie van die effektiewe dollarwisselkoers het op sy beurt gepaard gegaan met 'n verswakking van die ruilvoet. Gedurende die tydperk 1982-1995 was daar nie 'n duidelike verband tussen die gedrag van die effektiewe dollarwisselkoers en Suid-Afrika se ruilvoet, goud ingesluit, nie. Dié toedrag van sake hou waarskynlik verband met die feit dat die reële prys van goud sedert die vroeg tagtigerjare gedaal het. Soos hierbo aangedui is, het die aandeel van goud in Suid-Afrika se uitvoer sedert die middel tagtigerjare afgeneem.

⁶⁵ Volgens Helleiner het Fleisig en Wijnbergen gevind dat "... a dollar appreciation worsens primary commodity exporters' terms of trade more when the US share of the world market for the commodity is smaller, US demand elasticity for the goods is smaller, the demand for elasticity of other importers is lower, and the US share of exporters' imports is higher."- Helleiner, G.K., *The New Global Economy*...., op. cit., p. 199.

Grafiek 30 Verband tussen die Gedrag van die Effektiewe Dollarwisselkoers en die Gedrag van Suid-Afrika se Ruilvoet, Goud Uitgesluit, 1966-1995


1990=100



Bron : Suid-Afrikaanse Reserwebank, *Kwartaalblad*, Verskeie Uitgawes
Internasionale Monetêre Fonds, *International Financial Statistics Yearbook*

Grafiek 31 Verband tussen die Gedrag van die Effektiewe Dollarwisselkoers en die Gedrag van Suid-Afrika se Ruilvoet, Goud Ingesluit, 1966-1995


1990=100



Bron : Suid-Afrikaanse Reserwebank, *Kwartaalblad*, Verskeie Uitgawes.
Internasionale Monetêre Fonds, *International Financial Statistics Yearbook*

Die standpunt word dikwels gehuldig dat 'n depresiasie van 'n land se wisselkoers 'n daling van die ruilvoet tot gevolg het. Gidlow⁶⁶ wys egter daarop : "This feature is not important in South Africa since virtually all foreign trade is denominated in terms of foreign currencies⁶⁷. Shifts in the foreign currency value of the rand should not exert much influence on the terms of trade of the country." Uit grafiek 32 word gesien dat die skerp appresiasie in die reële effektiewe wisselkoers van die rand gedurende die vroeg tagtigerjare egter gepaard gegaan het met 'n verswakking van die ruilvoet.

Grafiek 32 Vergelyking van Suid-Afrika se Ruilvoet en die Reële Effektiewe Wisselkoers van die Rand, 1979-1995



Bron: Internasionale Monetêre Fonds, *International Financial Statistics Yearbook 1996*.

Soos hierbo aangedui is, het die ruilvoet van Suid-Afrika sedert die middel tagtigerjare nie beduidend verbeter nie ten spyte van die depresiasie van die dollarwisselkoers. Die eksterne ruilvoet is tradisioneel een van die belangrikste eksogene faktore wat 'n invloed op die eksterne rekeninge van 'n land het. Volgens die Harberger-Laursen-

⁶⁶ Gidlow, R.M., "Workings of a Managed...", op. cit., p. 139.

⁶⁷ Hoofsaaklik die VSA-dollar.

Metzler-hipotese⁶⁸ het 'n verbetering in 'n land se ruilvoet tot gevolg dat sy reële inkome styg. "Dié toedrag van sake kan daartoe lei dat besparing toeneem sou die marginale verbruiksgeneigdheid in die land kleiner as nul ("unity") wees.

8. Gedrag van Suid-Afrika se eksterne rekeninge sedert die begin van die tagtigerjare

In Hoofstuk II is gesien dat 'n land met 'n hoë inkome-elasticiteit van die vraag na ingevoerde goedere en 'n swak uitvoerprestasie gewoonlik nie 'n hoë ekonomiese groeikoers kan handhaaf sonder om met verloop van tyd ernstige betalingsbalansprobleme te ondervind nie. Soos gesien is, is die meeste produkte wat Suid-Afrika uitvoer nie in groot aanvraag in die wêreld ekonomie nie. Daarteenoor is die invoer gevoelig vir veranderings in die land se totale inkome.

Volgens Gosh en Ostry⁶⁹ moet 'n land wat kwesbaar is vir die gedrag van kommoditeitspryse in die wêreldmarkte as 'n voorsorgmaatreël besparing verhoog.⁷⁰ Hulle is van mening dat "...in an open economy, this saving should be reflected at a macroeconomic level in the external current account balance, which simply measures a country's national saving net of investment".⁷¹

Volgens Gidlow⁷² kan 'n swewende wisselkoersstelsel skielike veranderings in die betalingsbalansposisie, wat die gevolg is van eksogene faktore soos wisselende

⁶⁸ Ostry, J.D. en Reinhart, C.M., "Private Saving and Terms of Trade Shocks", *IMF Staff Papers*, 1992, p. 496.

⁶⁹ Gosh, A.R. en Ostry, J.D., "Export Instability and External Balance in Developing Countries", *IMF Staff Papers*, 1994, p. 215.

⁷⁰ "Of course, the issue of the negative trend in commodity prices and the increased volatility are not independent. Countries whose real incomes fall below a subsistence level owing to the secular behavior of their commodity exports may be unable to build up the necessary balances to insure themselves against greater volatility." - Idem, p. 215.

⁷¹ Idem, p. 215.

⁷² Gidlow, R.M., "Workings of a Managed...", op. cit., p. 138.

kommoditeitspryse, tot 'n mate akkommodeer.⁷³ Hy wys daarop dat die swewende wisselkoersstelsel uitvoerders van kommoditeite tot 'n groot mate isoleer teen die daling in die dollarpryse van kommoditeite. "The volatility of the rand/dollar rate has at times been marked. Even so, in view of the dominance of mining products in the total export mix, it is difficult to believe that this volatility appreciably harms exports."⁷⁴ Gold and platinum constitute roughly 45 per cent of the country's export revenues.....In recent years the prices of both platinum and gold have fallen in dollar terms, but the rand prices have increased. In the case of gold, for instance, the average dollar price of gold was \$412,02 an ounce and the average rand price was R459 an ounce in September 1983. In December 1985 by contrast the respective prices were \$322 and R864 an ounce."⁷⁵

Bartolini⁷⁶ wys egter daarop dat die daling in die pryse van kommoditeite meebring dat die lande wat kommoditeite uitvoer se reële wisselkoers daal, terwyl die langtermynewewigswaarde van dié wisselkoers ook daal. "Clearly, however, this country will not be able to sell its products with any greater ease at the lower exchange rate."



⁷³ "Given the dependence of the economy on volatile export items...it is not realistic to argue that the balance of payments can be stabilized. Instead the exchange rate mechanism helps to correct unsustainable external imbalances. A key issue is the kind of exchange rate system which is most suitable for this purpose." - Idem, p. 138.

⁷⁴ In die vorige hoofstukke is gesien dat daar verskillende standpunte is oor die invloed van die volatiele, onstabiele gedrag van die wisselkoers op die hoeveelheid goedere wat verhandel word. Gidlow is van mening dat: "In South Africa the impact does not appear to have been significant as measured by traditional criteria. Exports on average constituted 31,3 per cent of the Gross Domestic Product at market prices during the period from 1979 to 1983 when the currency was still fixed to the dollar, albeit on a flexible basis. In the subsequent period from 1984 to 1986 the comparable figure was 32,1 per cent. Imports were equivalent to 31,8 per cent in the 1979-83 period, and 29,8 per cent in the later period. These proportionate changes are consistent with what could be expected in view of the decline in the external value of the rand since 1984." - Gidlow, R.M., "Instability in the Rand-Dollar Market: Causes and Cures", *Die Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Ekonomie*, 1987, p. 142.

⁷⁵ Gidlow, R.M., "Workings of a Managed....", op. cit., p. 150.

⁷⁶ Bartolini, L., "Purchasing Power Parity Measures of Competitiveness", *Finance and Development*, September 1995, p. 47.

Stals⁷⁷ wys daarop dat : “In some respects, in an open economy like we have in South Africa, the balance of payments reflects the net result of equilibrium, or disequilibrium, in the domestic economy. If there is a savings gap, that is, if domestic saving is not sufficient to cover domestic investment, the economy needs a net inflow of capital to cover the shortfall. Likewise, a trade gap with domestic demand for goods and services exceeding domestic production, can only be covered by the trade deficit with the outside world. Such a trade deficit, however, must be financed with foreign exchange and a country with a trade deficit therefore needs a net inflow of capital from the rest of the world or, alternatively, a sufficient high level of foreign reserves.”

Die skaarste aan buitelandse finansiering en die grootskaalse repatriasie van kapitaal uit die land gedurende die tydperk 1985-1994 het Suid-Afrika verplig om streng deviesebeheermaatreëls toe te pas en die ekonomie te defleer ten einde sy buitelandse skuldverpligtinge na te kom. Invoerbeperkings- en uitvoerbevorderingsmaatreëls is gevolglik ingestel om die eksterne handel te reël. Stals⁷⁸ wys daarop dat : “The mixture of policy measures sometimes worked against each other, distorted the allocation of resources and contributed to a rather complex and intransparent policy framework. Measures were often introduced as a defensive action taken in reaction to politically motivated actions, with the intention to remove them again once the offence political actions were terminated.” Uit grafiek 33 word gesien dat dié owerheidsmaatreëls tot gevolg gehad het dat die waarde van Suid-Afrika se uitvoer vinniger gestyg het as die waarde van sy invoer, sodat die land sedert die vroeg tagtigerjare gereeld 'n surplus op die handelsrekening gehad het.


Uit grafiek 34 word gesien dat Suid-Afrika se bruto binnelandse besparing en bruto binnelandse vaste investering, as persentasie van die bruto binnelandse produk, sedert die begin van die tagtigerjare gedaal het. Die defleringsbeleid van die owerheid gedurende die tagtigerjare het tot gevolg gehad dat Suid-Afrika se bruto binnelandse besparing gedurende die tweede helfte van die tagtigerjare beduidend hoër was as sy bruto binnelandse vaste investering.

⁷⁷ Stals, C., “The Balance of Payments Constraint ...”, op. cit., p. 27.

⁷⁸ Idem, p. 28.

Grafiek 33 Vergelyking tussen die Gedrag van Suid-Afrika Uitvoer en Invoer
tëen Markpryse, 1980-1995


R miljard



Bron : Suid-Afrikaanse Reserwebank, *Kwartaalblad*, Verskeie Uitgawes

Grafiek 34 Vergelyking tussen Suid-Afrika se Bruto Binnelandse Besparing en
sy Bruto Binnelandse Vaste Investering, 1981-1995

Persentasie van die Bruto Binnelandse Produk




Bron: Suid-Afrikaanse Reserwebank, *Kwartaalblad*, Verskeie Uitgawes

Die normalisering van Suid-Afrika se betrekkinge met die res van die wêreld gedurende die tydperk 1991-1994 het tot gevolg gehad dat die betalingsbalansbeperking, veral vanweë die kleiner eksterne skuldverpligting, op die

land se ekonomiese groei tot 'n mate verlig is. Uit grafiek 35 word gesien dat 'n betreklike groot, hoeveelheid kapitaal sedert 1994 na Suid-Afrika gevloei het, sodat 'n groter tekort op die lopende rekening bekostigbaar was.

Grafiek 35 Gedrag van Suid-Afrika se Lopende Rekening en Kapitaalbewegings, 1985-1995

R miljard



Bron : Suid-Afrikaanse Reserwebank, *Kwartaalblad*, Verskeie Uitgawes

Soos in Hoofstuk II aangedui is, lei die invloed van buitelandse kapitaal gewoonlik tot 'n reële appresiasie van die wisselkoers. Pogings van die owerheid om die gevolge van die invloed van kapitaal te bekamp het byna sonder uitsondering tot hoër rentekoerse gelei. Dié toedrag van sake lei tot 'n verdere invloed van kapitaal en appresiasie van die wisselkoers, dit wil sê die sogenaamde "Dutch disease" doen hom in die ekonomie voor.⁷⁹ Problematies is veral die aard van die kapitaaltoevloei, naamlik korttermynportefeuljebeglegging wat ewe vinnig weer uit die land kan vloei.⁸⁰

⁷⁹ Akyüz is van mening dat: "The ideal response to increases in such capital inflows is a corresponding increase in domestic investment in traded goods sectors. Imported capital goods can absorb a large part of the capital inflow, thereby preventing a sharp appreciation of the currency. Moreover, they can enhance productivity growth and increase exports, both of which are needed to restore competitiveness impaired by currency appreciation and to raise debt-servicing capacity. But higher investment is not always possible when domestic interest rates are prohibitive, and (continue...)"

Stals⁸¹ is van mening dat: "South Africa should remain modest in its expectations on the amount of foreign finance that may be available for its future development. There is fierce competition in the world today for the scarce amount of savings available, and many other developing countries, for example in South America, are a few steps ahead of us in this contest. Even if the sum should be available in unlimited amounts, the absorption capacity of any country is limited. The servicing of the foreign debt in the form of interest payments and capital redemptions requires foreign exchange that must be earned in a hard way through current account surpluses, unless existing loans can always be rolled over at maturity. As South Africa has learned from the experience of 1985, this is not always possible."

8.1 Pogings om die wese van Suid-Afrika se betalingsbalansproblematiek aan te spreek

Stals⁸² wys daarop dat Suid-Afrika se produktiwiteit sal moet verbeter, met ander woorde sy mededingingsvermoë sal moet verhoog, ten einde die wese van sy betalingsbalansproblematiek aan te spreek. Hy is van mening dat indien die land daarin kan slaag om sy produktiwiteit te verhoog "...it is possible to shift the balance of payments constraint upwards to make a higher growth rate possible on a sustainable basis." Uit Grafiek 36 kan gesien word dat die uitset per kapitaalgoed in die

(...continue) long-term investment with funds borrowed abroad at lower rates carries considerable exchange rate risk. In such circumstances it is usually much more attractive to buy and sell existing assets than invest. The dilemma is that the high interest rates and/or currency appreciation that attract capital from abroad can also deter investment on which growth and the sustainability of capital flows depend."

Akyüz, Y., "On Financial Openness in Developing Countries", *International Monetary and Financial Issues for the 1990s*, New York, 1993, p. 117.


⁸⁰ "Sharp swings in the direction of capital flows, and instability of exchange rates and interest rates associated with them, tend to increase risk, liquidity preference, and the interest rate, thereby reducing investment. The high cost of capital also creates a serious competitive disadvantage for industry in the world markets, and competitiveness cannot always be restored through adjustments in exchange rates because they are governed by capital flows rather than trade." - Idem, p. 119.

⁸¹ Stals, C., "The Balance of Payments Constraint", op. cit., p. 29.

⁸² Idem, p. 29.

privaatsektor sedert die middel sestigerjare gedaal het. Multifaktorproduktiwiteit het sedert die sestigerjare sywaarts beweeg.

Grafiek 36 Produktiwiteitsgroei in Suid-Afrika, 1960-1995



Bron: ABSA, "Productivity: Key to Prosperity", *Economic Spotlight*, September 1995

In Hoofstuk II is gesien dat 'n hoë ekonomiese groeikoers as gevolg van 'n hoë uitvoergroeikoers betalingsbalansprobleme mag voorkom. Skrywers soos Ghosh, Ostry⁸³ en Derosa⁸⁴ is van mening dat 'n groter mate van uitvoerdiversifikasie 'n land minder gevoelig maak vir die langtermyndalings en onstabieleit in die reële pryse van primêre produkte. Derosa⁸⁵ wys daarop dat "...policymakers in commodity exporting developing countries have frequently focused on trade, industrialisation, and other structural policies for fostering greater exports of non-traditional goods, especially manufacturers."

⁸³ Ghosh, A. en Ostry, J.D., "Export Instability and the External...", op. cit., p. 214.

⁸⁴ Derosa, D.A., "Increasing Export Diversification in Commodity Exporting Countries", *IMF Staff Papers*, 1992, p. 573.

⁸⁵ Idem, p. 573.

In Hoofstuk III is gesien dat lande in Asië daarin geslaag het om hulle uitvoerbasis die afgelope twee dekades te diversifiseer. Volgens Leipziger en Thomas⁸⁶ kan dié toedrag van sake toegeskryf word aan 'n kombinasie van faktore. Dié lande volg oor die algemeen 'n omsigtige monetêr-fiskale beleid en 'n oop handelstrategie. Die lande word gekenmerk deur 'n relatief hoë besparingskoers.⁸⁷ Die lande is dus minder afhanklik van eksterne finansiering.⁸⁸ Tegnologiese oordragte word aangemoedig. Groot klem word geplaas op onderwys en opleiding. Die wyse van owerheidsinmenging in die lande verskil van land tot land. Die Wêreldbank⁸⁹ wys daarop dat owerheidsinmenging in die lande beperk is. "These governments disciplined their interventions with international and domestic competition. This meant that interventions had to be carried out competently, pragmatically, and flexibly; if one failed it was removed." Die lande maak ook seker dat owerheidsinmenging relatiewe pryse nie verwing nie. Leipziger en Thomas wys daarop dat: "Although significant import protection existed well into the 1980s offsetting policies managed to ensure that import protection did not produce the anti-export bias that was so prevalent elsewhere. This distinction can be traced to the region's general unwillingness to allow the exchange rate to become overvalued and to the fact that exporters were given access to offsetting incentives that favored exports. There was also effective institutional support for exports and considerable labor market flexibility."

Interessant is die volgende siening van die Suid-Afrika Stigting⁹⁰: "If policymakers are not content that South Africa should be a middle-income, high-unemployment natural resource exporter forever, then internationally competitive non-mining exports must be developed - which would entail sending a decisive signal to producers that these activities will be favoured permanently. A commitment to keeping the currency competitive at all times would do so."

⁸⁶ Leipziger, D.M. en Thomas, V., "Roots of East Asia's Success", *Finance and Development*, Maart 1994, p. 6.

⁸⁷ Die verhouding van bruto binnelandse besparing tot die bruto binnelandse produk in Asië was gedurende die tydperk 1983-1993 ongeveer 33 persent.

⁸⁸ Die verhouding van bruto binnelandse vaste investering tot die bruto binnelandse produk in Asië was gedurende die tydperk 1991-1993 ongeveer 35 persent.

⁸⁹ The World Bank, *World Development Report 1991*, Oxford, 1991, p. 5.

⁹⁰ South African Foundation, *Growth For All...*, op. cit., p. 125.

Volgens die Suid-Afrikaanse regering se Makro-ekonomiese Strategie⁹¹ het die wisselvalligheid in die uitvoer van kommoditeite, veral sedert die tagtigerjare, tot gevolg dat die oogmerk van die handel- en nywerheidsbeleid “employment creating international competitiveness” is. Volgens die Strategie word daar beweeg van die sogenaamde “demand-side interventions” na “supply-side measures”.⁹² Die feit dat die owerheid nie langer op die sogenaamde demand-side interventions fokus nie beteken dat die owerheid ‘n meer uitwaartsgerigte handelsbeleid voorstaan. Vergelyk dan ook die oogmerk om invoertariewe te verlaag ten einde mededinging te bevorder.⁹³ Die ekstrabelasting op die invoer (“import surcharges”) is ook afgeskaf. Die owerheid het hom ten doel gestel om die internasionale markte meer toeganklik vir Suid-Afrikaanse goedere te maak deur voorkeurhandelsooreenkomste (“preferential trade arrangements”) met die nywerheidslande te sluit en streeksintegrasie in Suider-Afrika te bevorder.

Volgens die Strategie gaan programme ter ondersteuning van nywerheidsinnovasie (“industrial innovation support programmes”) verbeter word.⁹⁴ Programme wat daarop gerig is om produktiwiteit te verhoog, soos die Nywerheid-ontwikkelings-korporasie se “Multi Shift and World Player Schemes”, word reeds geïmplementeer. Ander sogenaamde aanbodkantmaatreëls sluit in belastingvakansies vir sekere ondernemings en ‘n versnelde depresiasieskema op nuwe investering in die vervaardigingsbedrywe. Volgens die Strategie “Closely related are the twelve

⁹¹ *Growth, Employment and Redistribution : A Macro-Economic Strategy*, p. 11.

⁹² *Idem*, p. 11.

⁹³ “Die voorgestelde tariefverminderingprogram sal ‘n verlaging van die gemiddelde invoergeweegde tarief op ingevoerde goedere van 15 persent in 1994 tot 8 persent in 1999 verseker.” - Suid-Afrikaanse Reserwebank, *Jaarlikse Ekonomiese Verslag 1997*, p. 19.

⁹⁴ “This includes the incentive provided in terms of the Special Programme for Industrial Innovation, which has had some positive impact on domestic innovation, as well as the matching of grants under the Technology and Human Resources for Industry Programme, designed to strengthen the relationship between educational institutions and industry. The technology transfer programme of the Department of Trade and Industry, which serves to police and advise on licensing and royalty agreements, will be converted into an agency dedicated to facilitating access by firms to needed technologies.” - *Growth, Employment* ..., op. cit., p. 12.

industrial priority industry investigations as well as the regional industrial locations studies. These major initiatives are intended to identify mechanisms to enhance the competitiveness of selected industrial sub-sectors. While the clusters may be eligible for the proposed tax holiday, specific interventions will also be considered where necessary.”⁹⁵

In sy Makro-ekonomiese Strategie is die owerheid ten gunste van ‘n meer plooibare arbeidsmark in Suid-Afrika. Volgens die owerheid is die uitdaging wat die arbeidsbeleid betref “... policy to promote dynamic efficiency, skill enhancement and the expansion of reasonably remunerated employment, while at the same time supporting a labour-intensive growth path which generates jobs for the unemployed”.⁹⁶

‘n Belangrike oogmerk is om die reële wisselkoers op ‘n mededingende vlak te handhaaf. Korttermynfluktuasies in die wisselkoers word egter gesien as onvermydelik. Die strewe na eksterne sowel as interne stabiliteit van die rand geniet hoë prioriteit, wat beleidvoering betref.⁹⁷ Soos reeds gesê is, hou die gebruik van die rentekoers as stabilisasie-instrument die afgelope aantal jare, egter lastige implikasies vir investering in, gesien die hoë reële rentekoers. Die gevolge van dié beleid vir die buitelandse mededingingsvermoë van die land word te dikwels misken.⁹⁸

Die Nywerheid-Ontwikkelingskorporasie⁹⁹ is van mening dat: “Although the withdrawal of GEIS¹⁰⁰ may pose some threat to the expansion of manufactured goods exports, a sustained undervaluation of the Rand and the expected application of

⁹⁵ Idem, p. 13.

⁹⁶ Idem, p. 16.

⁹⁷ Idem, p. 10.

⁹⁸ Vergelyk Akyüz se siening dat: “The effect of high interest rates on the competitiveness of industry in developing countries can be very serious. In these countries the equity base of corporations is usually very weak, leverage high, debt maturities short, and corporate debt contracted at various rates. The corporate sector borrows heavily not only for fixed investment but also for working capital, and its ratio of debt to operating surplus is thus very high.”- Akyüz, Y., “On Financial Openness...”, op. cit., p. 120.

⁹⁹ Nywerheid-Ontwikkelingskorporasie, *Fabriekswese Saketoestande*, Mei 1996, p. 11.

¹⁰⁰ ‘n Uitvoeraansporingskema wat gedurende Julie 1997 beëindig is.

supply-side support measures for industrial development should professedly stimulate the further expansion of the non-traditional export base.”

9. Samevatting

Die oogmerk met hierdie hoofstuk was om die invloed van die VSA-dollar op die mededingendheid van Suid-Afrika te beskou.

Suid-Afrika se handelspatrone het oor die afgelope paar dekades nie dramaties verander nie en bestaan hoofsaaklik uit die uitvoer van mineraal en mineraalprodukte na veral die nywerheidslande. Goud is steeds die belangrikste enkel uitvoerprodukt.

Die aandeel van vervaardigde goedere in die land se uitvoer het oor die afgelope paar dekades beduidend toegeneem, hoewel dié uitvoer steeds betreklik klein is. Die meeste vervaardigde goedere wat uitgevoer word, het steeds 'n betreklike hoë grondstofinhoud. Suid-Afrika voer relatief min gesofistikeerde produkte uit. Aanduidend van die betreklike swak uitvoerprestasie is die feit dat die land se aandeel in die ontwikkelende lande se uitvoer van vervaardigde goedere oor die afgelope paar dekades in relatiewe terme konstant afgeneem het.

Suid-Afrika se swak uitvoerprestasie, wat vervaardigde goedere betref, word toegeskryf aan 'n kombinasie van faktore. Belangrik is veral die sterk inwaarts georiënteerde beleid wat tot onlangs gevolg is. Die land het min skaalvoordele en 'n agterstand wat sy tegnologiese vermoë betref. Suid-Afrika vergelyk dan ook swak met talle ander lande, wat navorsing en ontwikkeling betref, en het die land 'n beduidende agterstand, wat die aantal wetenskaplikes, tegnisi en ingenieurs betref.

Die bevinding van die Nywerheid-Ontwikkelingskorporasie dat produksiekoste swak vergelyk met ander lande, en vervaardigers veral moeilik meeding in die onderste marksegment, is waarskynlik ook verantwoordelik vir 'n groot deel van die land se probleme wat die verdienste van buitelandse valuta betref.

Vergeleke met die uitvoer van kommoditeite en minder gesofistikeerde vervaardigde goedere, voer Suid-Afrika hoofsaaklik gesofistikeerde goedere in.

Suid-Afrika se wisselkoersverhoudinge is sedert die vroeg sewentigerjare van tyd tot tyd gewysig. Vir 'n betreklike groot gedeelte van die sewentigerjare is die rand aan die dollar gekoppel. In 1979 is egter afgesien van die beleid om die rand aan die dollar te koppel en is besluit om die rand onafhanklik te laat sweef. Sedert die begin van die tagtigerjare is 'n tweeledige wisselkoersstelsel vir betreklike lang tydperke geïmplementeer. In 1995 het die owerheid die finansiële rand afgeskaf en is die rand toegelaat om vrylik te sweef. Die Reserwebank gaan egter voort om van tyd tot tyd in die valutamarkte in te meng.

Suid-Afrikaanse uitvoerders is ten gunste van 'n afwaartse aanpassing in die wisselkoers van die rand. Daar word betoog dat die afwaartse aanpassing as aansporing vir investering met die oog op die uitvoermark kan dien. Volgens Smal hang die sukses van sodanige beleid af van die pryselastisiteite van die vraag na uitvoer en invoer. Die beskikbaarheid van hulpbronne en hulle mobiliteit tussen die nje-uitvoer- en uitvoersektore van die ekonomie is ook belangrike faktore. Smal wys ook daarop dat moontlike binnelandse prysstygings as gevolg van die depresiasie van die wisselkoers die mededingende voordeel kan uitwis.

Volgens die Suid-Afrika Stigting poog die Reserwebank sedert die begin van die negentigerjare om die wisselkoers afwaarts aan te pas ooreenkomstig die inflasiedifferensiale tussen Suid-Afrika en sy belangrikste handelsvennote. 'n Oogmerk van die wisselkoersbeleid is veral om 'n reële appresiasie van die wisselkoers te probeer voorkom. Die Reserwebank vergelyk die wisselkoersgedrag en die veranderinge in die produksiepryse tussen Suid-Afrika en sy vier belangrikste handelsvennote om die reële randwisselkoersgedrag te bepaal. Die Suid-Afrika Stigting bevraagteken egter dié maatstaf. Volgens die Stigting moet die reële randwisselkoers verkieslik gemeet word aan die hand van Amerikaanse pryse, aangesien Suid-Afrika se uitvoer hoofsaaklik in dollar gedenomineer word.

Mededinging met ander ontwikkelende lande geskied dan ook hoofsaaklik in dollarpryse.

Sedert die laat sewentigerjare wissel die nominale eksterne waarde van die rand teenoor die dollar van dag tot dag. Die wisselinge was veral gedurende die middel tagtigerjare opvallend. Die skommeling in die randwisselkoers teenoor die dollar kan deels toegeskryf word aan die feit dat die dollarwisselkoers self betreklik ingrypend van tyd tot tyd teenoor die ander rekeneenhede skommel. Die skommeling in die randwisselkoers teenoor die dollar hou egter ook verband met faktore en omstandighede endogeen aan Suid-Afrika.

Die nominale waarde van die rand teenoor die dollar het gedurende die tydperk 1970-1996 kontinu gedeprimeer. Veral gedurende die middel tagtigerjare het die eksterne waarde van die rand teenoor die dollar skerp gedaal. Die daling in die randwisselkoers gedurende die tydperk 1970-1996 was veral skerp, vergeleke met die verloop van die nominale effektiewe dollarwisselkoers. Die afleiding kan dus gemaak word dat Suid-Afrika se mededingingsposisie waarskynlik verbeter het gedurende dié tydperk.

Die randwisselkoers was gedurende die grootste gedeelte van die tagtigerjare waarskynlik onderwaardeer teenoor die dollar in terme van die koopkragpariteitswaardes. Indien die wisselkoers van die rand teenoor die dollar vergelyk word met die VSA en Suid-Afrika se relatiewe arbeidseenheidskoste in die vervaardigingssektor, is die aanduidings dat die randwisselkoers moontlik gedurende die middel tagtigerjare onderwaardeer was, terwyl dit gedurende die vroeg negentigerjare oorwaardeer was.

Daar is uiteenlopende standpunte oor die elasticiteit van die vraag na ingevoerde goedere en na Suid-Afrika se uitvoerprodukte. Soos reeds gesê, het talle faktore gedurende die afgelope paar dekades 'n invloed op Suid-Afrika se handel gehad.

Suid-Afrika se uitvoervolume het gedurende die tydperk 1970-1994 toegeneem. Die skerp appresiasie van die effektiewe dollarwisselkoers was deels verantwoordelik vir die daling in Suid-Afrika se uitvoervolume gedurende die vroeg tagtigerjare. Die

styging in die volume uitvoer sedert die middel tagtigerjare kan deels toegeskryf word aan die depresiasie van die dollarwisselkoers en die onderwaardering van die randwisselkoers teenoor die dollar.

Suid-Afrika se invoervolume het gedurende die vroeg sewentiger- en tagtigerjare skerp toegeneem, waarna dit sywaarts beweeg het. Veranderings in die land se totale inkomme beïnvloed veral die invoervolume. Die defleringsbeleid wat die owerheid gedurende die tagtigerjare gevolg het, het 'n wesentlike invloed op Suid-Afrika se invoervolume gehad. Vergeleke met veranderings in die land se totale inkomme het wisselkoersgedrag 'n mindere invloed op die volume goedere wat Suid-Afrika invoer.

Suid-Afrika se ruilvoet is besonder gevoelig vir eksterne skokke wat met die pryse van kommoditeite verband hou. Die reële pryse van kommoditeite het gedurende die tydperk 1975-1995 teen 'n saamgestelde koers van 1,07 persent gedaal. Die reële metaalpryse, goud ingesluit, het gedurende die afgelope paar dekades konstant gedaal. Gedurende die tydperk 1970-1995 het die reële uitvoerpryse van onverwerkte landbouprodukte slegs effens gestyg. Die reële pryse van voedseluitvoer het gedurende die tydperk 1973-1995 skerp gedaal. Die reële pryse van kommoditeite in die wêreldmarkte is besonder wisselvallig. Dié toedrag van sake skep lastige probleme vir Suid-Afrika.

Die gedrag van die reële pryse van kommoditeite die afgelope paar dekades kan aan aanbod- sowel as vraagfaktore toegeskryf word. In Hoofstuk II is gesien dat die reële pryse van kommoditeite reeds sedert die begin van die eeu konstant daal. Volgens Dornbusch het die gedrag van die dollarwisselkoers ook 'n invloed op die reële pryse van kommoditeite.

Suid-Afrika se ruilvoet, goud uitgesluit, het gedurende die tydperk 1966-1995 verswak. Die ruilvoet het veral gedurende die vroeg tagtigerjare beduidend verswak. Dié skerp daling het gepaard gegaan met die feitlik kontinu appresiasie van die dollarwisselkoers teenoor die ander belangrike rekeneenhede. Ceteris paribus sal 'n appresiasie van die dollarwisselkoers tot gevolg hê dat die ruilvoet van 'n

ontwikkelende land soos Suid-Afrika, wat hoofsaaklik kommoditeite uitvoer, verswak. Opvallend is die feit dat die skerp depresiasie in die dollarwisselkoers gedurende die middel van die tagtigerjare nie gepaard gegaan het met 'n beduidende verbetering van dié ruilvoet nie.

Soos reeds gesê is, was Suid-Afrika gedurende die tydperk 1985-1994 verplig om streng deviesebeheermaatreëls te implementeer en die ekonomie te defleer, gesien die gebrek aan toegang tot buitelandse finansiële instellings en die grootskaalse repatriasie van kapitaal uit die land. Dié maatreëls het tot gevolg gehad dat die waarde van Suid-Afrika se uitvoer vinniger gestyg het as die waarde van die invoer. Die land het dan ook sedert die vroeg tagtigerjare gereeld 'n kunsmatige surplus op sy handelsrekening gehad. Suid-Afrika se bruto binnelandse besparing was gedurende die tweede helfte van die tagtigerjare heelwat hoër as die bruto binnelandse vaste investering.

Die normalisering van betrekkinge met die res van die wêreld sedert die begin van die negentigerjare het tot gevolg gehad dat die land weer 'n tekort op die lopende rekening van die betalingsbalans kon bekostig. 'n Betreklieke groot hoeveelheid kapitaal het sedert 1994 na die land gevloei. Suid-Afrika kan egter slegs tot 'n mindere mate op die invloei van buitelandse kapitaal steun, gesien die sterk mededinging in die wêreldmark vir dié soort geld. Die invloei van beduidende hoeveelhede buitelandse kapitaal lei gewoonlik tot 'n reële appresiasie van die wisselkoers wat die uitvoer benadeel en invoer bevorder. Problematies vir Suid-Afrika is dat die land tot dusver hoofsaaklik korttermynportefeuljebelegging, wat ewe vinnig weer uit die land kan vloeï, getrek het. Skommeling in die vloei van dié fondse en die gepaardgaande volatiliteit in die wisselkoers verhoog die belegger se risiko en likiditeitsvoorkeur. Rentekoerse is ook geneig om te styg wat investering ontmoedig.

Suid-Afrika se swak uitvoerprestasie, vergeleke met sy hoë inkome-elasticiteit van die vraag na ingevoerde goedere, het tot gevolg dat die land nie 'n hoë ekonomiese groeikoers kan handhaaf sonder om betalingsbalansprobleme te ervaar nie. Volgens Stals kan die land se betalingsbalansproblematiek slegs wesentlik aangespreek word indien sy vermoë tot mededinging verbeter.

Talle inisiatiewe word tans geloods om die land se mededingingsvermoë en dus ook sy uitvoergroeikoers te verhoog. Die oogmerk van die Makro-ekonomiese Strategie is hoofsaaklik gerig op "employment creating international competitiveness". Daar word veral gefokus op die bevordering van die aanbod. Nywerheidsinnovasie word aangemoedig, terwyl programme om produktiwiteit te verbeter geïmplementeer word.

Die owerheid is in sy Makro-ekonomiese Strategie ten gunste van 'n meer plooibare arbeidsmark. Sy welsynsgerigte arbeidsbeleid bevorder egter nie 'n meer plooibare arbeidsmark nie.

Die owerheid poog om die internasionale markte meer toeganklik vir Suid-Afrikaanse goedere te maak. Voorkeurhandelsooreenkomste word met die nywerheidslande gesluit, terwyl streeksintegrasie in Suider-Afrika bevorder word. Terselfdertyd volg die owerheid 'n meer uitwaartsgerigte handelsbeleid. Handelsliberalisering kan stygings in die insetkoste en ook algemene verbruikersprysstygings, wat dikwels die gevolg is van 'n depresiasie van die eksterne waarde van 'n rekeneenheid, beperk.

In sy Makro-ekonomiese Strategie is die owerheid ten gunste van 'n ondergewaardeerde wisselkoers. Soos reeds gesê is, bevoordeel 'n ondergewaardeerde wisselkoers Suid-Afrikaanse uitvoerders. 'n Appresiasie van die wisselkoers óf 'n styging in die binnelandse prysvlak kan pogings van die owerheid om 'n ondergewaardeerde wisselkoers te handhaaf, verydel. Die gebruik van 'n hoë reële rentekoers ten einde die interne en eksterne waarde van die rand te beskerm is nie bevorderlik vir vaste investering in veral die uitvoersektore nie. Die invloed van 'n hoë reële rentekoers hou verreikende implikasies in vir die mededingendheid van ondernemings. Groot skaalse investering is veral nodig ten einde algemene kundigheid te verhoog en die groot agterstand, wat die tegnologie betref, by te lê.

Talle eksogene faktore het gedurende die afgelope twee tot drie dekades 'n invloed op die Suid-Afrikaanse ekonomie gehad. Dié toedrag van sake het tot gevolg dat die invloed van die VSA-dollar op die mededingingsposisie van die land nie altyd duidelik

is nie. Daar is egter min twyfel dat die invloed van die dollar op Suid-Afrika se eksterne mededingingsposisie beduidend is nie. Die land het dan ook 'n wesentlike belang by die faktore wat dié wisselkoers beïnvloed.

---o0o---



UNIVERSITY
OF
JOHANNESBURG

Hoofstuk V

Moontlike Toekomstige Gevolge van die Dollarwisselkoers vir die Eksterne Mededingingsposisie van Suid-Afrikaanse Ondernemings

1. Inleiding

Die oogmerk met hierdie hoofstuk is hoofsaaklik om die moontlike toekomstige gevolg van die dollarwisselkoers op die buitelandse mededingingsposisie van Suid-Afrikaanse ondernemings te betrag.

Die belangrikheid van die rekeneenhedsfunksie van geld doen hom veral voor wanneer die ekonomiese verhoudinge tussen lande ter sprake is. Anders as wat die geval onder die internasionale goudstandaard en/of die vaste wisselkoersstelsel van Bretton Woods met hulle gegewe pariteit was, word die swewende wisselkoersstelsel van die afgelope twee dekades hoofsaaklik gekenmerk deur die feit dat die pariteit tussen die verskillende lande se rekeneenhede van dag tot dag deur vraag en aanbod in die valutamarkte bepaal word. Die behoefte in die bedryfslewe en die handel aan 'n rekeneenheid met 'n konstante waarde geld nie sondermeer sodra transaksies tussen outonome rekeneenhede ter sprake kom nie. Die konstantheid van die rekeneenhedsfunksie van geld onder die destydse internasionale goudstandaard en/of die vaste wisselkoersstelsel van Bretton Woods is natuurlik kontinu ondermyn deur die kragte onderliggend aan die inflasieverskynsel. Die verband tussen die interne en die eksterne waarde van geld is beskerm deur die in- en uitvoerpunte kenmerkend van die ou internasionale goudstandaard en die onus op die lidlande van die Internasionale Monetêre Fonds om die waarde van hulle rekeneenhede te handhaaf. Bykomend was die sogenaamde reëls van die spel wat deur die tekort- sowel as die surpluslande toegepas moes word. Die belangrikheid van die relatiewe rentekoers tussen lande as instrument vir die manipulasie van die kapitaalvloei tussen die tekort- en die

surpluslande is voortdurend beklemtoon. Soos steeds die geval is, kon geen land bekostig om uit pas met die destydse internasionale reëls van die spel te beweeg nie. Of die stelsel so outomaties gedissiplineerd as wat algemeen te kenne word, gefunksioneer het, is steeds 'n ope vraag.

Teenstanders van die internasionale goudstandaard betoog dat die homogeniteit van die destydse internasionale monetêre stelsel met Londen as die monetiseringsentrum, en die Londense bankaksep as algemeen aanvaarde rekeneenheid, meer as enige ander meganisme verantwoordelik was vir die relatiewe ewewig en orde van die destydse goedere en monetêre verkeer tussen lande. Die rentekoers, as die interne waarde van geld, en die wisselkoers, as die eksterne waarde van geld, was, wat die betoog oor die verdienste van die stelsel ookal was, onder die ou internasionale goudstandaard eng op mekaar afgestem. Van ewe groot belang was die feit dat die geldvoorraad onder die ou internasionale monetêre stelsel 'n betreklik gegewe grootheid was. Die groeiende behoefte aan 'n meer elastiese geldaanbod ten einde indiensneming en die groeiende ekonomiese verkeer tussen lande te bevorder het egter met verloop van tyd steeds meer argumente teen dié kommoditeitsgebaseerde internasionale monetêre stelsel na vore gebring.

Die ewolusie van die internasionale monetêre stelsel van 'n kommoditeitsgebaseerde stelsel na 'n stelsel, waar geld hom hoofsaaklik as 'n elektroniese impuls voordoen, het verreikende implikasies vir die omvang van die globale geldvoorraad, en, uiteindelik die ekonomiese verhoudinge tussen lande meegebring. Onderliggend aan die ewolusie van die monetêre verkeer tussen lande is die tegnologie, veral soos beliggaam in die rekenaar en die elektroniese oordraginfrastruktuur. Die deregulering van die wêreld se geld- en kapitaalmarkte deur die koms van die swewende wisselkoersstelsel in die vroeg sewentigerjare, het die integrasie van die verskillende lande se markte tot 'n globaal dinamiese mark, die sogenaamde "global village" verhaas.

Anders as wat algemeen verwag is, word die swewende wisselkoersstelsel gekenmerk deur 'n geneigdheid tot onstabieleit en volatilitet wat die eksterne waarde van lande se rekeneenhede betref. Dié voortdurende wisseling in die eksterne waarde van die

rekeneenhede skep lastige vraagstukke wat die ekonomiese verkeer tussen lande betref, nie net ten opsigte van die momente van vereffening nie, maar veral vir die uitkoms van langtermynkontrakte. Vergelyk die voortdurende verandering in die waarde van die eksterne skuld van veral die ontwikkelende lande en die rentekoersvolatiliteit wat die reële skuld las beswaar. Die verband tussen die rentekoers, die interne waarde van geld, en die wisselkoers, die eksterne waarde van geld, is dikwels nie net ingewikkeld nie, maar speel 'n belangrike rol wat beleidvoering betref. Die onstabielheid en volatiliteit van die wisselkoers is nie slegs beperk tot voortdurende veranderinge in die nominale waarde van die rekeneenhede nie. Die langtermyngedrag van die reële wisselkoers hou gewoonlik lastige gevolge vir die mededingingsposisie van lande, bedryfstakke en ondernemings in.

In weerwil van die beëindiging van die vaste wisselkoersstelsel van Bretton Woods, wat in wese 'n dollarstelsel was, gedurende die sewentigerjare, is die Amerikaanse dollar steeds die toonaangewende internasionale rekeneenheid. Die dollar speel nie net 'n sleutelrol in die verhandeling van valuta tussen lande nie, maar termyntransaksies dwarsoor die wêreld geskied hoofsaaklik in dollar. Hoewel die relatiewe belangrikheid van die dollar as reserwe-eenheid sedert die sewentigerjare ietwat afgeneem het, is die rekeneenheid se aandeel in die wêreld se internasionale reserwes steeds bykans 60 persent. Die status van die dollar as *lingua franca* van die internasionale monetêre stelsel is die gevolg van historiese sowel as suiwer markdoelmatigheidsoorwegings. Afgesien van die aard en omvang van die Amerikaanse ekonomie, vergeleke met dié van ander lande en selfs die Europese Unie, is die finansiële markte van die VSA veel meer gesofistikeerd en gediversifiseerd as dié van enige ander land. Die Amerikaanse markte is ook betreklik vry van enige owerheidsinmenging en voorskrifte. Die onstabielheid en volatiliteit, wat die eksterne waarde van lande se rekeneenhede betref, kan ook deels toegeskryf word aan die feit dat die gemeenskaplike noemer van die stelsel, die VSA-dollar, se waarde self van dag tot dag wissel in terme van die ander belangrike rekeneenhede, veral die Duitse mark en die Japanse jen.

Kenmerkend van die waarde van die dollar die afgelope dekade of twee is die neiging tot sikliese beweging. Die tydperk 1980-1985 is gekenmerk deur 'n volgehoue sterk appresiasie van die dollar teenoor die ander vername rekeneenhede. Sedert die middel tagtigerjare het die dollar gedepresieer teenoor die ander vername rekeneenhede. Die redes vir die gedrag van die dollar is nie altyd duidelik nie. Die skerp depresiasie in die eksterne waarde van die dollar gedurende die middel van die tagtigerjare is enersyds toegeskryf aan bedenkinge oor die Amerikaners se groeiende eksterne- en federale begrotingstekorte. Andersyds was daar die destydse streng gebruik van die rentekoers om buitelandse kapitaal te lok ten einde, eerstens, die twee tekorte te hanteer, en tweedens, te voorkom dat die onbestendigheid van die dollar te veel probleme vir die wankelrige swewende wisselkoersstelsel, wat toe in sy kinderskoene was, skep.

Toenemende probleme in die Japanse en Duitse volkshuishoudings sedert die aanvang van die negentigerjare, bring mee dat die gedrag van die dollar in relatiewe sin gesien moet word. Oorsaak en gevolg kan dus nie altyd met sekerheid bepaal word nie. Die groeiende teenwoordigheid van eksogene faktore soos die verdwyning van die Sowjet-Unie en die Koue Oorlog en die probleme rondom die Meksikaanse peso, benewens, die probleme rondom die mark en die jen, het die sterkte van die VSA-dollar eerder beklemtoon as benadeel.

Hoewel teorieë ter verklarings van die gedrag van die swewende wisselkoersstelsel baie lig op sekere aspekte van die valutamarkte gewerp het, is daar nog steeds geen steekhoudende model aan die hand waarvan die eksterne waarde van 'n belangrike rekeneenheid soos die Amerikaanse dollar verklaar kan word nie. Soos in Hoofstuk III aangehaal, vat Obstfeld¹ die toedrag van sake soos volg saam. "One of the most important realizations after the onset of floating has been that an exchange rate is the relative price of two assets (national monies) and that, in an environment of international mobility, it is determined by the same principles that govern the prices of other assets, such as stocks, storable commodities and long bonds. Exchange rates therefore depend on potentially volatile expectations about the future as well as on current economic conditions. They respond immediately and possibly sharply to actual

¹ Obstfeld, M., "International Currency.....", op. cit., p. 135.

or rumored news about fundamentals, money supplies, output levels, current accounts, fiscal deficits and so on - determining currency values.”

Navorsing oor die kompleksiteit onderliggend aan die swewende wisselkoersstelsel sal waarskynlik in die toekoms steeds meer draai om die gebruik van die inferensiewiskunde soos vervat in die teorie van kompleksiteit.²

Daar is betreklike eenstemmigheid onder ekonome dat die dollarwisselkoers beduidend deur die aard en omvang van kapitaalbewegings beïnvloed word. Soos aangehaal in Hoofstuk III merk Emminger³, voormalige president van die Bundesbank op dat: “The fact that the exchange rate of the dollar is more dominated by capital movements than that of any other country puts the dollar in a class of its own. This is reinforced by the unique position of the dollar as the world’s chief reserve currency and as the dominating currency in the international financial markets.” Die aard en omvang van die vloeï van fondse tussen lande het dan ook beduidend verander die afgelope twee dekades. Drucker⁴ laat hom soos volg oor dié toedrag van sake uit: “There is no one explanation for this explosion of international - or more accurately - transnational flows. The shift from fixed to floating exchange rates in 1971 may have given the initial impetus (though ironically it was meant to do the exact opposite) by inviting currency speculation. The surge in liquid funds flowing to petroleum producers after the two oil shocks of 1973 and 1979 was surely a major factor. But there can be little doubt that the U.S. government deficit also plays a big role.”

² “Chaos theory demonstrates that even simple non-linear deterministic systems can produce very complex behaviour over time. If the exchange rate were generated by a chaotic dynamical system, we would expect it to be unpredictable and subject to sudden shifts. The market would appear to overreact to seemingly unimportant shocks.” - Ellis, J., “Non-linearities and Chaos...”, op. cit., p. 187.

³ Emminger, O., “The Dollar’s Borrowed...”, op. cit., p. 454.

⁴ Drucker, P.F., “*The Frontiers of Management...*”, op. cit., p. 38.

2. Moontlike toekomstige ewolusie van die geldverkeer tussen lande

Die verdere verloop van die ewolusie van die internasionale monetêre stelsel is moeilik voorsienbaar. In weerwil van die tekortkominge van die huidige internasionale monetêre stelsel, sal daar waarskynlik nie afgesien word van die swewende wisselkoersstelsel nie. Ten spyte van die geneigdheid tot onstabiliteit en volatiliteit van die swewende wisselkoersstelsel, hou die stelsel bepaalde voordele vir lande in. Volgens Obstfeld⁵ isoleer die swewende wisselkoerse lande van inflasioneêre tendense in ander lande. Swewende wisselkoerse gaan ook nie gepaard met steekhoudende hoë inflasiekoerse in die nywerheidslande nie. 'n Swewende wisselkoers stel 'n land in staat om skommeling in die eksterne rekeninge met meer gemak te hanteer as wat die geval onder 'n vaste wisselkoers was. 'n Vaste wisselkoers vererger gewoonlik dié skommeling.

Volcker⁶ is van mening dat "...looking ahead one logical option might seem to be to restore a system of fixed exchange rates, with specified par values and rules of the game under the firm control of an international organization - a modernized Bretton Woods. Essentially, that is what the Committee of Twenty spent a couple of years discussing in the early 1970s. I confess to a certain nostalgia for the intellectual coherence and logic involved in such a highly organized system. But even with that bias, I cannot come close to convincing myself that such arrangements are a practical possibility in today's much more complicated world."

Obstfeld⁷ is ook van mening dat daar nie teruggekeer sal word na 'n vaste wisselkoersstelsel nie. Pogings om 'n vaste wisselkoersstelsel oor tyd te handhaaf word bemoeilik deur die feit dat die meeste nywerheidslande nie meer beperkings op kapitaalbewegings plaas nie.

⁵ Obstfeld, M., "International Currency Experience...", op. cit., p. 184

⁶ Volcker, P.A., "A New World Order or A New Nationalism" in Balaam, D.N. en Veseth, M. (Red.), *Readings in International Political Economy*, Upper Saddle, 1996, p. 117.

⁷ Obstfeld, M., "International Currency Experience....", op. cit., p. 184.

'n Sterk sentrale bank, met sy eie rekeneenheid, wat vooraf ooreengekome reëls kan afdwing, mag waarskynlik groter bestendigheid in die internasionale monetêre stelsel bring. Volcker⁸ wys daarop dat die Internasionale Monetêre Fonds tot 'n mate reeds van die funksies verrig. "But it does so in a much more constrained framework than a true central bank, very much subject to the ability of its principal members to reach consensus through cumbersome procedures. After so much negotiating effort to bring the Special Drawing Rights into being, their relative disuse illustrates the difficulties." Hy is dan ook van mening dat: "The idea of sovereign governments delegating so much authority to a supernational world central bank- or of the markets accepting its liabilities as true and easily usable international money - simply does not provide today, nor will it for years to come, a realistic base for planning, however, intellectually attractive the idea may seem."⁹

Ten einde die wisselkoersproblematiek en monetêre beleidvoering tussen die 15 lidlande van die Europese Unie te vereenvoudig en te harmoniseer poog die lande, ingevolge die Maastricht Verdrag, om 'n gemeenskaplike rekeneenheid, die euro, onder toesig van 'n supra sentrale bank, tot stand te bring.

Die historiese gedagte dat die wêreld uiteindelik sal verdeel in enkele valutastreke, naamlik 'n dollargebied omvattend van die Amerikas, 'n roebelgebied omvattend van die Oossee-lande, 'n eurogebied omvattend van die Europese Unie, 'n jengebied omvattend van die Asiatiese lande om Japan en moontlik 'n randgebied vir Afrika, het onder andere as oorweging die uitskakeling van die neiging tot wisselkoersdispariteit tussen lande. Die oorweging vind ook beslag in die groepering van 'n reeks rekeneenhede om die Amerikaanse dollar en nog andere om die Franse frank.

Die Amerikaanse dollar sal waarskynlik vir jare die gemeenskaplike noemer van die internasionale monetêre stelsel bly, gesien die relatiewe sterk posisie van die Amerikaanse ekonomie met sy uiters gesofistikeerde finansiële-monetêre stelsel en sy geliberaliseerdheid wat owerheidsinmenging betref. Vergelyk die betreklike lang

⁸ Volcker, P.A., "A New World Order....", op. cit., p. 118.

⁹ Idem, p. 118.

ekspansionistiese fase van bykans sewe jaar waarin die Amerikaanse ekonomie hom steeds bevind, die sterk tegnologiese innovasieproses in die land en die relatiewe hoë indiensnemingskoers inherent en/of onderliggend aan die volgehoue groei. Daar is egter nie weg te kom van die feit dat die rekeneenheid 'n afgeleide is van die wel en weë van die Amerikaanse ekonomie soos verstrengel in die wêreld ekonomie met sy wisselende gang en groeperinge van lande. By tye sal die dollar, soos die geval sedert die vroeg sewentigerjare was, appresieer, oënskynlik sonder duidelike redes. Te ander tye sal die eenheid depresseer ten opsigte van veral die jen en die mark, oënskynlik weer sonder duidelike redes. Soos hierbo aangedui is, hou die sikliese gedrag van die dollarwisselkoers lastige gevolge in vir die ekonomiese verhoudinge tussen lande.

Amerikaanse subjekte sal steeds bevoordeel word, gegewe die waarskynlikheid dat die dollar vir 'n geruime tydperk die toonaangewende rekeneenheid in die internasionale monetêre stelsel sal bly. Die feit dat hulle handel- en finansiële transaksies byna deurgaans in dollar geskied, het tot gevolg dat hulle blootstelling aan die onstabieliteit en volatiliteit van die internasionale monetêre stelsel beperk is. Die VSA sal waarskynlik dus steeds bevoordeel word deur die munttol wat saamhang met die gebruik van die dollar as die reserwe-eenheid van die wêreldgeldstelsel.

Die internasionale status van die dollar beteken dat die VSA, anders as ander lande, oor 'n betreklike lang tydperk feitlik ongestoord lopende rekening- en begrotingstekorte kan handhaaf. Dié toedrag van sake hou verband met die feit dat krediteure in baie lande bereid is om die dollar vanweë sy verwagte sterk eksterne waarde as reserwe-eenheid te hou, en dus onbeperkte krediet aan die VSA te verleen. Vergelyk ook die belangrikheid van die VSA as 'n tuiste vir die groot betalingsbalansoorskotte van veral Japan.

3. Belangrikheid van die dollarwisselkoers vir Suid-Afrika se toekomstige buitelandse ekonomiese verhoudinge

Van belang vir hierdie ondersoek is, soos vervat in die probleemstelling, die bestudering van die invloed van die dollarwisselkoers op die mededingende voordeel van Suid-Afrika. Soos vroeër aangedui is, is daar nie 'n algemeen aanvaarde teorie oor die mededingendheid van 'n land nie. Cohen¹⁰ laat hom soos volg uit oor 'n land se mededingendheid: "...the abundance of conflicting arguments, along with the lack of rigorous methodological standards to sort them out, have created a situation in which the vast bulk of the literature is so contradicting that it collectively cancels itself out as a contributor of definite insights or as a major step towards consensus. At best the literature might be viewed as a metaphor for the unusual complexity and numerous imponderables of the subject."

Anders as die begrip mededingendheid van 'n land, is die begrip mededingendheid van 'n onderneming betreklik voor die hand liggend. Soos aangedui is in Hoofstuk II hang die begrip mededingendheid nou saam met twee spesifieke posisies waarin 'n onderneming hom mag bevind, naamlik 'n voordeel bo mededingers wat koste betref en/of 'n voordeel gebaseer op produk differensiasie.

'n Mededingende land word dikwels geag 'n land te wees wat 'n volgehoue hoë ekonomiese groeikoers kan handhaaf sonder om betalingsbalansprobleme te ondervind. Belangrik vir Suid-Afrika is veral die siening van McCombie en Thirwall dat 'n hoër inflasiedifferensiaal in 'n land, relatief tot ander lande, die land se betalingsbalans ewewigsgroeikoers verminder indien die som van die pryselastisiteite van die in- en uitvoer groter as een is. 'n Depresiasie van die land se rekeneenheid sal die betalingsbalans ewewigsgroeikoers verhoog indien die som van die pryselastisiteite van die in- en uitvoer groter as een is. 'n Styging in die koers waarteen die wêreldinkome groei, sal so 'n land se betalingsbalans ewewigsgroeikoers verhoog. Die wêreldinkome-elasticiteit van die vraag na 'n land se uitvoer is bepalend vir die koers. Hoe hoër die inkome-elasticiteit van die vraag na invoer, hoe laer is die

¹⁰ Cohen, S.D., "Does the United States....", op. cit., p. 21.

betalingsbalansewewigsgroeikoers. Vergelyk die siening van McCombie en Thirwall¹¹ soos vervat in Hoofstuk II: "This (die redes waarom die betalingsbalansewewigsgroeikoers tussen lande verskil) must be primarily associated with the characteristics of goods produced which determine the income elasticity of demand for the country's exports and propensity to import. For a country with a slow rate of growth of exports combined with a relatively high income elasticity of demand for imports the message is plain: the goods produced by the country are relatively unattractive at home and abroad." In Hoofstuk IV is gesien dat Suid-Afrika hoofsaaklik kommoditeite en minder gesofistikeerde vervaardigde goedere uitvoer. Die meeste van dié produkte is nie sterk in aanvraag in die buiteland nie. Daarteenoor voer die land hoofsaaklik gesofistikeerde goedere in.

Die mededingendheid van 'n land, bedryfstak of onderneming in die wêreldmark het egter nie slegs betrekking op die suksesvolle bemerking van goedere en dienste, dus die verdiening van buitelandse valuta nie, maar die begrip het ook betrekking op die trek van buitelandse beleggings, kundigheid en toepaslike tegnologie. Onderliggend aan dié kwalitatiewe faktore is die gedagte van produktiwiteit, dus die doelmatigheid van produksie. Soos aangedui is in Hoofstuk II, is produktiwiteit waarskynlik die mees geskikte maatstaf vir die meet en beoordeling van die mededingendheid van 'n land. 'n Land wat die middele tot sy beskikking produktief aanwend, verkeer gewoonlik in 'n relatief sterk posisie wat sy uitvoer betref. Uit die aard van die saak sal sy binnelandse mark minder toeganklik wees vir die goedere van mindere doelmatige lande. Die toedrag van sake vind beslag in 'n land se ruilvoet, waarskynlik een van die mees betroubare maatstawwe van 'n land se buitelandse mededingendheid.

Soos aangedui in Hoofstuk II, is daar uiteenlopende menings oor die invloed van die wisselkoers op die mededingendheid van 'n land, bedryfstak of onderneming. Sommige skrywers is van mening dat die wisselkoers 'n mindere rol speel in die geval van die handel in gesofistikeerde goedere en dienste. Faktorkoste is egter steeds belangrik in lande goed bedeed met natuurlike hulpbronne, ongeskoolde en halfgeskoolde arbeid en 'n betreklik gemiddelde tegnologiese vermoë. Die lande is

¹¹ McCombie, J.S.L en Thirwall, A.P., *Economic Growth*....., op. cit., p. 244.

dikwels gevoelig wat die wisselkoers betref. Vergelyk die belangrikheid van die depresiërende randwisselkoers vir die Suid-Afrikaanse mineraalbedryf, veral die goudmynbedryf met sy gebondenheid wat sy produksiefunksie, dit wil sê sy gelyktydige afhanklikheid van arbeid- en kapitaalintensiteit en die prys van sy produk betref. Die Suid-Afrikaanse vrugtebedryf is, soos talle ander bedryfstakke, ewe sterk aangewys op 'n depresiërende rekeneenheid. Suid-Afrikaanse uitvoerders is dan ook ten gunste van 'n afwaartse aanpassing in die wisselkoers. Vergelyk egter Smal se siening (Hoofstuk II) dat die sukses van so 'n beleid sal afhang van die volgende faktore:

- die elastisiteite van die in- en uitvoer;
- die beskikbaarheid en mobilisasie van hulpbronne tussen die uitvoer- en die nie-uitvoersektore;
- die toegang tot buitelandse markte; en
- die bekamping van koste- en algemene prysstygings.

Belangrik vir hierdie studie is veral die vraag of 'n land soos Suid-Afrika se relatiewe prys- en kosteposisie geraak word deur wisselkoersveranderinge, veral wisselkoersveranderinge wat die gevolg is van impulse aan dollarkant. Die gedrag van die Suid-Afrikaanse rekeneenheid, die rand, relatief tot die Amerikaanse rekeneenheid, die dollar, is dus ter sake.

Die tradisionele teorie van die internasionale handel, bekend as die teorie van die komparatiewe koste soos deur Ricardo geformuleer, is in wese 'n prysteorie. Die handel tussen lande is dus hoofsaaklik die gevolg van prysdifferensiale. Dié differensiale hou verband met die vraag- en aanbodfaktore in die verskillende lande. Adam Smith en Ricardo fokus hoofsaaklik op reële faktore as verklarend van die internasionale handel. Anders as die ruilhandel wat hulle gepostuleer het, vind handel tussen lande hoofsaaklik plaas deur middel van transaksies op die valutamark waar die ruilverhouding tussen twee rekeneenhede kulmineer in die wisselkoers.¹² Die relatiewe

¹² Die Britse tydskrif, *The Economist*, is van mening dat "...the exchange rate - the price of a currency in terms of others - is one of the most important prices in the economy, because it determines the relative prices of domestic and foreign goods."

ruilverhouding tussen die onderskeie rekeneenhede beïnvloed egter nie slegs die finale pryse van plaaslike en buitelandse goedere nie, maar speel ook 'n rol in transaksies tussen lande om die nodige insette, insluitende befondsing en tegnologie te bekom.

Soos aangedui is in Hoofstuk II, kom wisselkoersveranderings vry algemeen onder 'n swewende wisselkoersstelsel voor as 'n substituuat vir loonveranderings. 'n Land se arbeidskoste, vergeleke met dié van ander lande, word dus deur die wisselkoers, of te wel die eksterne waarde van sy rekeneenheid, bepaal. Soos aangedui is in Hoofstuk II, tref Fagerberg 'n onderskeid tussen die arbeidseenheidskoste en die relatiewe arbeidseenheidskoste van 'n land. Die arbeidseenheidskoste is die verhouding tussen 'n land se arbeidskoste teen heersende pryse en sy bruto binnelandse produk teen konstante pryse. Die relatiewe arbeidseenheidskoste van 'n land is sy "unit labour costs converted to an international currency divided by the average unit labour cost for the country's trading partners." Die relatiewe arbeidseenheidskoste is een van die meer populêre maatstawwe van 'n land se internasionale mededingendheid. Die relatiewe arbeidseenheidskoste van 'n land sal toeneem as die eksterne waarde van sy rekeneenheid styg en omgekeerd.

Soos aangedui is in Hoofstuk II, is Drucker van mening dat die arbeidskoste nie langer 'n mededingende voordeel bied in die nywerheidslande soos die VSA, Japan en andere nie. Dié toedrag van sake voorspel niks goeds vir die opkomende nywerheidslande soos Brasilië, Meksiko, Suid-Korea en Suid-Afrika waar arbeid relatief tot kapitaal steeds 'n beduidende produksiefaktor is. Vergelyk die opmerking in Hoofstuk IV van die Wêreldbank in 1994 : "As for labor markets, wages in South Africa's formal sector are in the middle rank among developing countries - about one third of those in Korea and Taiwan, but ten times those prevailing in countries like Indonesia and Bangladesh. At these wages, South African producers are entirely uncompetitive internationally in 'low end' products for poor consumers." Vergelyk ook die bevinding van die Nywerheid-ontwikkelingskorporasie¹³: "Indications are that even if South African producers of labour intensive products such as footwear, cookware and tableware were able to operate at 'best-in-practise' productivity levels, they would not

¹³ Industrial Development Corporation, *Manufacturing....*, op. cit., p. 10.

be able to compete at the price sensitive end of the market with the likes of Indonesia, India and China and, in some cases, also Zimbabwe. In these industries, the most likely development path is to move more progressively toward supplying the higher-end of the market where quality and service become important.” In dié markte word meegeding met lande soos Korea, Meksiko, Brasilië, Singapoer, Israel en Nieu Seeland. Die Ontwikkelingskorporasie is van mening dat slegs suksesvol met die lande meegeding sal kan word indien grootskaals in tegnologie geïnvesteer word.

Belangrik vir Suid-Afrika is dan ook die siening van Drucker dat die wisselkoersgedrag van die belangrike rekeneenhede ‘n beduidende faktor in die wêreld ekonomie geword het. Vergelyk sy siening soos aangehaal in Hoofstuk II : “Economic theory teaches us that the comparative advantage factors of the ‘real’ economy - comparative labor costs and labor productivity, raw materials costs, energy costs, transportation costs and the like - determine exchange rates.....increasingly, however, it is exchange rates that decide how labor costs in country A compare to labor costs in country B. Exchange rates are thus a major ‘comparative’ cost and one totally beyond business control.”¹⁴

Suid-Afrika se ruilvoet, goud uitgesluit, het gedurende die tydperk 1966-1995 kontinu verswak. Dié toedrag van sake kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die konstante daling in die reële pryse van kommoditeite. Vergelyk ook Dornbusch¹⁵ se siening soos aangehaal in Hoofstuk IV: “One would expect changes in the dollar exchange rate to affect the nominal prices of both commodities and manufactured goods in world trade in the same direction, not to change the real price of commodities. A dollar appreciation would be expected to lower the purchasing power of commodities in terms of U.S. goods while raising it in terms of other industrial countries’ output, with no significant net effect. The presence of a negative coefficient, however, suggests that on balance the purchasing power of commodities declines in terms of the goods of the United States and other industrial countries.” Die appresiasie van die dollarwisselkoers teenoor die ander belangrike rekeneenhede gedurende die vroeg

¹⁴ Drucker, P.F., “The Changed World...”, op. cit., p. 786.

¹⁵ Dornbusch, R., “Policy and Performance....”, op. cit., p. 329.

tagtigerjare het gepaard gegaan met 'n skerp daling in Suid-Afrika se ruilvoet. Die skerp depresiasie in die dollarwisselkoers sedert die middel tagtigerjare het egter nie gepaard gegaan met 'n waarneembare verbetering van die ruilvoet nie.

Van belang is veral die feit dat die gedrag van die dollar as gemeenskaplike noemer van die internasionale monetêre stelsel, 'n invloed op feitlik elke aspek van Suid-Afrika se buitelandse ekonomiese verbintenisse van 'n investerings- of kapasiteitskeppende aard het. As 'n ontwikkelende land het Suid-Afrika dus 'n wesentlike belang by die verskillende onderliggende faktore wat die dollarwisselkoers beïnvloed.

Daar skyn min indien enige redes te wees waarom die rand-dollarwisselkoersverhouding in die toekoms anders sal verloop as wat die verloop sedert 1979 was. Gedurende die tydperk 1979-1985 het die randwisselkoers teenoor die dollar teen 'n saamgestelde koers van 14,6 persent gedeprimeer, vergeleke met 6,4 persent gedurende die tydperk 1985-1996. Die steekhoudende afwyking van die reële randwisselkoers van sy ewewigswaarde (Sien Hoofstuk IV), het 'n beduidende invloed op Suid-Afrika se internasionale mededingingsposisie. Die posisie van Suid-Afrikaanse uitvoerders, veral die uitvoerders van primêre goedere, sou waarskynlik veel swakker gewees het indien die depresiasie van die rand relatief tot die dollar nie plaasgevind het nie.

Die gedrag van die dollarwisselkoers is, soos elders gesê is, tot 'n beduidende mate 'n uitvloeisel van die Amerikaanse fisikaal-monetêre beleid en die land se sterk posisie in die wêreldekonomie. Die gedrag van die randwisselkoers daarenteen is hoofsaaklik 'n uitvloeisel van die land se relatief betalingsbalansbegrensde ekonomie en die vernouende monetêr-fiskale beleid wat daarmee saamhang. Hoewel die toekomstige verhandeling van die rand relatief tot die dollar waarskynlik vir 'n geruime tyd binne die raamwerk sal beweeg, moet tog gelet word op druk in die VSA om veral die begrotingstekort binne die bestek van die volgende vier tot ses jaar beduidend aan te spreek.

4. Suid-Afrika se groeiende globale tegnologiese agterstand

In Hoofstuk IV is gesien dat Suid-Afrika oor min indien enige bedryfstakke beskik wat hulle toelê op die vervaardiging van gedifferensieerde goedere. Oor dié toedrag van sake merk Drucker¹⁶ (sien Hoofstuk IV) op : “All successful export products have clear product differentiation. They are distinct. Not one is a ‘commodity’. They are priced competitively, but not one is sold primarily on price. The successful export products are all high value added goods.” Die goedere is meestal inligtingsintensief. Die belangrikheid van tegnologies-intensiewe bedrywe in die wêreldhandel het beduidend toegeneem. Suid-Afrika het bepaalde agterstande op tegnologiese gebied. Die land vergelyk swak met talle ander lande wat navorsing en ontwikkeling betref. Suid-Afrika het ook beduidende agterstande wat sy getal wetenskaplikes, tegnisi en ingenieurs betref.

Handel in gedifferensieerde goedere kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die voordele inherent aan spesialisasie, veral die voordeel van stygende meeropbrengs. Stygende meeropbrengs het tot gevolg dat die gemiddelde koste van ‘n produk daal namate meer geproduseer word. Opvallend is dat die handel in gedifferensieerde goedere plaasvind tussen lande wat nie wesentlik van mekaar verskil wat hulle smake, faktorbegeaafdheid en die tegnologie betref nie. Die relatiewe aandeel van die nywerheidslande in die wêreldhandel is bykans 70 persent.

Porter¹⁷ is van mening dat : “Competitive advantage is created and sustained through a highly localized process. Differences in national economic structures, values, cultures, institutions and histories contribute profoundly to competitive success. The role of the home nation seems to be as strong as or stronger than ever. While globalization of competition might appear to make the nation less important, instead it seems to make it more so. With fewer impediments to trade to shelter uncompetitive domestic firms and industries, the home nation takes on growing significance because it is a source of the skills and technology that underpin competitive advantage.” Suid-Afrika met sy

¹⁶ Drucker, P.F., *Managing for the.....*, op. cit., p. 44.

¹⁷ Porter, M.E., *The Competitive.....*, op. cit., p. 19.

groot ongeskoolde werksmag, gebrek aan skaalvoordele gesien sy klein, monetêre ingeperkte ekonomie en algemene agterstand wat tegnologie betref, voldoen nie aan dié sieninge van Porter nie. Van belang is ook die intensiteit van die defensiewe aksie tussen arbeid, die owerheid en die partikuliere sektor.

Porter se onderskeid tussen basiese en gevorderde produksiefaktore vergelyk met Drucker se beklemtoning van die rol van die tegnologie in die vloeï van goedere en dienste tussen lande. Basiese produksiefaktore sluit natuurlike hulpbronne, die klimaat en ongeskoolde en halfgeskoolde arbeid in. Dié produksiefaktore is nie langer belangrik wat 'n land se mededingingsposisie betref nie. Porter en Van der Linde¹⁸ (sien Hoofstuk II) se siening dat "...the abundance of labor and natural resources, or a lack of environmental pressure, may lead a country's companies to spend the natural resources unproductively" is waarskynlik veral van toepassing op Suid-Afrika, gesien sy mineraalrykdom en ekonomies sloerende Afrika-hinterland.

Die gevorderde produksiefaktore sluit 'n kundige werksmag en 'n moderne digitale kommunikasie-infrastruktuur in. Die produksiefaktore is van belang vir die vestiging van die sogenaamde hoër orde bedryfslewe. Gevorderde produksiefaktore is as 'n reël veel skaarser as die basiese produksiefaktore en is byna sonder uitsondering die gevolg van grootskaalse investering oor tyd. Porter se onderskeid tussen algemene en gespesialiseerde produksiefaktore is van besondere belang vir 'n land soos Suid-Afrika, wat eendersyds geografies betreklik geïsoleerd in die wêreldmark staan, maar andersyds slegs die vraagstukke eie aan die tweegapingsmodel binne die bestek van die dinamiese "global village" kan bylê. Gespesialiseerde produksiefaktore is slegs beskore vir enkele bedryfstakke wat weer eens in wêreldkonteks gesien moet word.

¹⁸ Porter, M.E. en Van der Linde, C., "Green and Competitive....", op. cit., p. 131.

5. Belangrikheid van die Drucker-hipotese vir Suid-Afrika se buitelandse ekonomiese verhoudinge

Suid-Afrika het waarskynlik geen ander keuse as om sy prestasie in die wêreldmarkte beduidend te verbeter ten einde ekonomiese groei te optimaliseer en veel meer mense van werk te voorsien nie. Kennis moet veral geneem word van die fundamentele veranderinge in die struktuur van die wêreld ekonomie soos vervat in die Drucker-hipotese. Vergelyk Drucker¹⁹ se siening, wat reeds in 1986 geformuleer is, dat : “Within the last decade or so, three fundamental changes have occurred in the very fabric of the world economy:

- The primary- products economy has become uncoupled from the industrial economy;
- In the industrial economy itself, production has come ‘uncoupled’ from employment; and
- Capital movements rather than trade (in both goods and services) have become the driving force of the world economy. The two have not quite come uncoupled, but the link has become loose and, worse, unpredictable.”

Interessant is Drucker²⁰ se opmerking dat dié veranderinge nie siklies is nie, maar permanent van aard is, en, dat ons waarskynlik nooit volkome sal besef wat hulle te weeg gebring het nie. Beleidmakers en hulle adviseurs sal waarskynlik moeilik toegee dat die wêreld ekonomie in beheer is liewer as die makro- ekonomie van die nasionale staat waarop byna alle ekonomiese teorie betrekking het.

Van belang vir Suid-Afrika is, eerstens, die siening dat die primêr-produiserende ekonomieë los geraak het van die nywerheidseconomieë as gevolg van tegnologiese innovasie, wat toenemend 'n produksiewyse daarstel wat nie net mindere verbruikers van natuurlike grondstowwe is nie, maar die wet van stygende meeropbrengs na vore gebring het. Die afname in die belangrikheid van grondstofinsette in die produksieproses is reeds vir dekades besig om die pryse van grondstowwe relatief tot

¹⁹ Drucker, P.F., *The Frontiers of*, op. cit, p. 21.

²⁰ Idem, p. 21.

die pryse van vervaardigde goedere en dienste te erodeer. Die skerp verswakking van die pryse van primêre produkte sedert 1986 as gevolg van die voortdurende verlangsamings in die vraag na hulle, vorm 'n skerp teenstelling met die verwagtinge geskep deur die Club of Rome en Amerikaanse presidentsadvisee. In teenstelling met die verwagtinge, het die globale landbou-uitset tussen 1972 en 1985 rekordhoogtes bereik, veral in die ontwikkelende lande. Produksie van bosbou- en mynbouprodukte het onderskeidelik met 20 tot 35 persent toegeneem gedurende die vorige tien jaar, weer eens veral in die ontwikkelende lande. Volgens Drucker²¹ is daar skynbaar geen rede om aan te neem dat die groei koerse sal verlangsaam nie in weerwil van die swak kommoditeitspryse.

Opvallend is dat wat met die primêr produserende ekonomieë gebeur het min of geen gevolge vir die nywerheidslande ingehou het nie. Normaalweg word 'n ineenstorting in kommoditeitspryse binne 18-30 maande gevolg deur 'n wêreldwye resessie in die nywerheidslande. Van belang vir Suid-Afrika is ook die siening dat nywerheidsproduksie besig is om steeds weg te beweeg van swaar materiaalintensiewe produkte en prosesse as gevolg van die koms van die nuwe tegnologie met sy veel groter kennisinhoud en die spoed waarmee die kennis, danksy die rekenaar en die elektronika, veral wat kommunikasie betref, geïmplementeer word.

Die verwickelings, soos hierbo uiteengesit, hou lastige gevolge vir die ruilvoet van die primêr produserende lande in. Die implikasies raak die VSA, die wêreld se belangrikste grondstofuitvoerland, sowel as Japan, die wêreld se grootste grondstofinvoerland. Belangrik wat die VSA betref, is die feit dat die buitelandse markte vir sy grondstofuitvoere aan die verdwyn is. Vergelyk ook die veranderinge wat Japan in die gesig staar, naamlik dat hy minder klem moet plaas op die verdiening van buitelandse valuta ten einde vir die invoer van grondstowwe en voedsel, wat steeds goedkoper word, te betaal. Wat oënskynlik nodig is in die land is die herstrukturering van sy ekonomie met meer klem op plaaslike verbruik ten koste van kapitaalvorming.

²¹ Idem, p. 21.

Belangrik vir Suid-Afrika is die wete dat sy primêre produkte by die dag meer marginaal in die wêreldmarkte word. Veredeling en prosessering van die produkte met behulp van buitelandse kapitaal en tegnologie en die soeke na nismarkte skyn die aangewese weg te wees. Belangrik egter is ook die volgende opmerking van Dornbusch²² oor die uitvoer van vervaardigde goedere, waarvan die rou grondstofinhoud beduidend is, : "The prices of these manufacturers will...move significantly with those of primary commodities rather than with manufacturers of industrialized countries." Lande wat vervaardigde goedere uitvoer, waarvan die grondstofinhoud laag is, is dus minder kwesbaar vir 'n daling in die ruilvoet.

Hoewel Drucker se opmerkings oor die gevolg van die moderne tegnologie vir indiensneming van wesentlike belang vir Suid-Afrika is, word die aspek nie in hierdie proefskrif beskou nie.

Die derde belangrike verandering in die wêreld ekonomie, naamlik die koms van die sogenaamde "symbol economy" dit wil sê kapitaalbewegings, wisselkoerse en die vloei van krediet (en die gevolge vir die rentekoers), as die vliegwiele van die wêreld ekonomie, was 'n belangrike rede vir die belangstelling in die invloed van die dollarwisselkoers op die internasionale mededingingsposisie van Suid-Afrika. Die teenstelling tussen die simbole ekonomie en die reële ekonomie word volgens Drucker by die dag meer sigbaar. Hoewel die verskynsel sigbaar is, is Drucker van mening dat die implikasies van die veranderinge nie altyd begryp word nie. Oor dié aangeleentheid merk hy op: "World trade in goods is larger, much larger, than it has ever been before. And so is the invisible trade, the trade in services. Together, the two amount to around \$2,5 to \$3 trillion a year. But the London Eurodollar market, in which the world's financial institutions borrow from and lend to each other, turns over \$300 billion each working day, or \$75 trillion a year, that is, at least twenty-five times the volume of world trade. In addition, there are the (largely separate) foreign exchange transactions in the world's main money centers, in which one currency is

²² Dornbusch, R., "Policy and Performance...", op. cit., p. 319.

traded against another. These run around \$150 billion a day, or about \$35 trillion a year: twelve times the worldwide trade in goods and services.”²³

Drucker²⁴ benadruk die feit dat : “...the extent to which major countries have learned to use the international economy to avoid tackling disagreeable domestic problems is unprecedented: the United States, for example, by using high interest rates to attract foreign capital and thus avoiding facing up to its domestic deficit, or the Japanese through pushing exports to maintain employment despite a sluggish domestic economy. And this ‘politicization’ of the international economy is surely also a factor in the extreme volatility of capital flows and exchange rates.” Suid-Afrika se beleidsopsies, as speler in die wêreldmark, is soos dié van feitlik alle ontwikkelende lande beperk. Die omstandighede vind aanvanklik weerklank in die rand relatief tot veral die dollar, en uiteindelik in die eksterne mededingendheid van Suid-Afrikaanse ondernemings vir wie dit soveel koste- en doelmatigheidsimplikasies inhou.

Drucker²⁵ kom tot die gevolgtrekking dat die wisselkoerse tussen die vernaamste rekeneenhede voortaan in sowel die ekonomiese teorie as in die formulering van sakebeleid beskou sal moet word as ‘n belangrike komparatiewe kostevoordeel. Die geval het hom ook tydens die dertigerjare voorgedoen toe lande deur middel van die devaluasiewedlope gepoog het om die grootste moontlike voordeel te bekom deur die devaluasie van die eksterne waarde van hulle rekeneenhede. Een van die belangrike oogmerke van die Bretton Woods Ooreenkomste was juis om ‘n herhaling van dié gebeure te voorkom.

Interessant is Drucker²⁶ se opmerking dat enige onderneming wat aan die wêreldmark deelneem moet besef dat hy deel is van twee wêreldes, in die opsig dat hy terselfdertyd ‘n vervaardiger van goedere en dienste en ‘n bankier is. Enige besigheid wat in die buiteland bemark moet homself beskerm teen drie buitelandse valutablootstellings,

²³ Drucker, P.F., *The Frontiers...*, op. cit., p. 37.

²⁴ Idem, p. 39.

²⁵ Idem, p. 43.

²⁶ Idem, p. 44.

naamlik wat die opbrengs van sy verkope, die bedryfskapitaal opgesluit in die vervaardiging van goedere vir die oorsese mark en buitelandse investering betref.

Die kragte wat van die Amerikaanse dollar, as die gemeenskaplike noemer van die internasionale monetêre stelsel, uitgaan is so kompleks dat die volle implikasies vir 'n land soos Suid-Afrika moeilik te begryp is. Bestudering van die implikasies is egter van groot belang ten einde die mededingingsposisie van Suid-Afrika in die wêreld ekonomie uit te bou.

Drucker²⁷ kom tot die gevolgtrekking dat: "Economic dynamics have decisively shifted from the national economy to the world economy.....From now on, any country - but also any business, especially a large one - that wants to do well economically will have to accept that it is the world economy that leads and that domestic economic policies will succeed only if they strengthen, or at least do not impair, the country's international competitive position. This may be the most important - it surely is the most striking - feature of the changed world economy."

Interessant is die siening van Porter²⁸ dat "globalness per se" nie langer as 'n mededingende voordeel beskou kan word nie. "We are entering a new phase which is more counterintuitive, because now globalness is assumed. Now, a company must source inputs from the lowest-cost location. It must source capital internationally, not locally. It must locate plants in low-labor-cost nations if it has labor-intensive activities."

Volgens Porter²⁹ het die belangrikheid van die sogenaamde tuisbasis skerp toegeneem. Hy verwys na die tuisbasis as: "...the unique critical mass of skill, expertise, suppliers and local institutions that makes certain locations the innovation centres in a particular business." Ligging het dus 'n belangrike faktor geword wat die mededingende voordeel van die onderneming betref. Die belangrikheid van die ekonomiese

²⁷ Idem, p. 49.

²⁸ Porter, M., "Creating Tomorrow's Advantages" in Gibson, R. (Red.), *Rethinking the Future*, Londen, 1997, p. 57.

²⁹ Idem, p. 57.

skaalvoordele van 'n sogenaamde "cluster" het toegeneem. 'n Groter premie word op spesialisasie geplaas.

Volgens Porter³⁰ is daar: "...a new paradigm of competitiveness. It's a paradigm, based on innovation and upgrading. It's a paradigm based on specialization - countries prosper in areas where they can achieve unique specialization and critical mass... Governments have to understand that everything they do needs to be recalibrated around the paradigm of innovation."

---o0o---



³⁰ Idem, p. 59.

Hoofstuk VI

Samevatting

Soos aangedui is onder die probleemstelling was die oogmerk met hierdie proefskrif hoofsaaklik om ondersoek in te stel na die invloed van die VSA-dollar op die mededingende voordeel van Suid-Afrika.

In Hoofstuk II is die teorie van 'n land se mededingingsposisie in die wêreldmark ondersoek ten einde duidelikheid te kry oor die faktore en omstandighede wat die posisie bepaal. Die mededingendheid van 'n onderneming verwys gewoonlik na sy vermoë om oor tyd suksesvol mee te ding met ander ondernemings, met ander woorde sy langtermyn winsgewendheid te handhaaf. Daar is egter uiteenlopende menings oor die definisie van 'n mededingende land. Sommige skrywers bevraagteken die gebruik van die begrip mededingendheid, wat lande betref. Volgens hulle is die begrip mededingendheid van 'n land niksseggend. Hulle bevraagteken veral die ooreenkoms wat dikwels getref word tussen die mededingendheid van 'n onderneming en dié van 'n land. Skrywers gebruik verskillende maatstawwe om die internasionale mededingendheid van 'n land te beoordeel. 'n Mededingende land word dikwels geag 'n land met 'n hoë per capita inkome te wees. Daar word betoog dat 'n mededingende land 'n land is wat 'n hoë ekonomiese groeikoers handhaaf sonder om betalingsbalansprobleme te ervaar. Die relatiewe markaandeel en prysbewegings word gewoonlik ook gebruik om die mededingendheid van 'n land te meet en te beoordeel. Die mededingendheid van 'n land hang dus van sy prestasie in die internasionale mark af. 'n Land se internasionale mededingingsposisie word dan ook dikwels aan die hand van die teorieë oor die internasionale handel verklaar.

Volgens Adam Smith se absolute kostevoordeelteorie sal 'n land spesialiseer in die vervaardiging van daardie goedere wat hy teen 'n absolute laer koste as 'n ander land kan produseer. Internasionale handel sal egter plaasvind selfs al het 'n land geen

absolute kostevoordeel in 'n bepaalde bedryf nie. Volgens Ricardo se komparatiewe kostevoordeelteorie het handel oor die landsgrense tot gevolg dat 'n land spesialiseer in die vervaardiging van daardie goed waarin hy 'n vergelykende kostevoordeel het.

Smith en Ricardo se teorieë is hoofsaaklik gebaseer op die arbeidswaardeleer. Prysverskille tussen lande hou dus hoofsaaklik verband met die hoeveelheid arbeid wat gebruik word in die vervaardiging van 'n goed. Indien voorsiening gemaak word vir valutatransaksies, val die fokus op 'n land se relatiewe arbeidseenheidskoste. Dié koste word dikwels as 'n belangrike faktor beskou wat die internasionale mededingingsposisie van 'n land betref. 'n Styging in die relatiewe arbeidseenheidskoste is tot betreklik onlangs geag nadelig vir 'n land te wees. Sommige lande se relatiewe buitelandse markaandeel neem egter toe ten spyte daarvan dat hulle relatiewe arbeidseenheidskoste styg. Skrywers soos Drucker en Porter is van mening dat lae arbeidskoste nie langer as 'n mededingende voordeel in die internasionale handel beskou kan word nie.

Volgens die Heckscher-Ohlinterorie kan die prysverskille tussen lande toegeskryf word aan verskille wat hulle faktorbegaafdheid betref. 'n Land met 'n surplus aan arbeid relatief tot kapitaal sal 'n kostevoordeel hê in die vervaardiging van arbeidsintensiewe goedere. 'n Land met 'n surplus aan kapitaal relatief tot arbeid sal op sy beurt 'n kostevoordeel hê in die vervaardiging van kapitaalintensiewe goedere. Soos in die geval van Smith en Ricardo se teorieë van die internasionale handel sal elke land dus spesialiseer in die vervaardiging van daardie goedere waarin hy 'n komparatiewe kostevoordeel het. Sommige produksiefaktore is egter belangriker as ander in die wêreldhandel. Die relatiewe belangrikheid van grondstowwe as 'n produksiefaktor het afgeneem. Daarteenoor het die relatiewe belangrikheid van kapitaal, en veral tegnologie, oor die afgelope paar dekades skerp toegeneem.

Die komparatiewe kostevoordeelteorieë het bepaalde tekortkominge. Soos gesê is, is sommige van die aannames waarop die teorieë gebaseer is onrealisties. Slegs 'n betreklike klein gedeelte van die vloei van goedere en dienste tussen lande kan aan die hand van dié teorieë verklaar word. 'n Groot hoeveelheid van die internasionale

handel vind plaas tussen lande wat nie wesenlik van mekaar verskil wat hulle smake en faktorbegaafdheid betref nie. Die stand van hulle tegnologie en gevolglik ook hulle produktiwiteitsvlakke stem dikwels ooreen.

Handel tussen soortgelyke lande word vandag hoofsaaklik toegeskryf aan die inherente voordele van spesialisasie. Die verskynsel van stygende meeropbrengste doen hom dus voor. Die gemiddelde en marginale koste daal indien meer van 'n goed geproduseer word. Watter land in die vervaardiging van 'n spesifieke goed sal spesialiseer is egter nie altyd duidelik nie.

'n Groot volume internasionale handel vind binne bepaalde bedryfstakke ("intra-industry") plaas. Dié toedrag van sake hou veral verband met die strategieë van multinasionale maatskappye. Die feit dat 'n groot volume produkte wat verhandel word gedifferensieerde produkte is, is waarskynlik veral verklarend van die internasionale handel binne 'n bepaalde bedryfstak.

Volgens Vernon kan 'n betreklike groot deel van die internasionale handel verklaar word aan die hand van die produksiklusteorie. Die teorie is gebaseer op onvolmaakte mededinging wat goedere en produksiefaktore betref. Vernon het oor die jare twee modelle ontwikkel. In sy eerste model onderskei hy tussen die nuwe produk stadium, die volwasse produkfase en die gestandaardiseerde stadium. Tydens die nuwe produk stadium word nuwe produkte gewoonlik ontwikkel in 'n tegnologies gevorderde land. Die land word gewoonlik gekenmerk deur gesofistikeerde verbruikers met dinamiese behoeftes. Dié behoeftes het 'n beduidende invloed op die ontwikkeling van die produk. Tydens die volwasse produkfase is die verbruiksbehoefte beter bekend aan die vervaardiger. Minder doeltreffende produksiewyses en -ontwerpe word uitgefaseer. Indien die marginale produksie- en vervoerkoste minder is as die gemiddelde produksiekoste in die buiteland sal die produkte uitgevoer word na lande met soortgelyke vraagpatrone. Tydens die gestandaardiseerde stadium verhoog onderlinge prysmededinging. Die vraag na lae insetkoste styg en die produsent word dikwels gedwing om sy bedryf na die buiteland te verskuif.

In Vernon se tweede model (die sogenaamde gemodifiseerde model), het die klem verskuif na oligopolistiese gedrag. Ondernemings streef daarna om 'n oligopolistiese markstruktuur te handhaaf. Gedurende die eerste fase word produksiemetodes gevolg wat arbeid- en grondstofbesparend is. Gedurende die tweede fase ontmoedig faktore soos skaalvoordele nuwe toetreders. Mededingers monitor mekaar deurlopend. Optredes word gewoonlik deur teenoptredes gevolg. Gedurende die derde fase neem mededinging skerp toe. Toegang tot lae koste-insette raak toenemend belangrik vir die voortbestaan van ondernemings.

Daar is 'n ooreenkoms tussen Vernon se produksiklusteorie en Posner se tegnologiese gapingsmodel. Volgens Posner kan 'n betreklike groot gedeelte van die handel tussen die nywerheidslande toegeskryf word aan die kontinue daarstelling van nuwe produkte en produksieprosesse. Ondernemings betrokke by die daarstelling van nuwe produkte het gewoonlik 'n tydelike monopolie in die wêreldmark. Die land het dus slegs vir 'n betreklike kort tyd 'n absolute voordeel in die vervaardiging van 'n goed. Ander lande raak met verloop van tyd vertrou met die tegnologie onderliggend aan die nuwe goed. Tegnologiese oordragte bring mee dat die verskille in lande se produksiefunksies dinamies uitgeskakel word.

Volgens Krugman is spesialisasie dikwels die gevolg van verskille tussen lande wat hulle tegnologiese ontwikkeling betref. 'n Tegnologies gevorderde land vervaardig dus meer gevorderde produkte vergeleke met 'n land wat tegnologies minder gevorderd is. Die tegnologies meer gevorderde land het 'n kostevoordeel in die vervaardiging van hoër tegnologiese goedere. Dié land word gekenmerk deur relatief hoë lone en produktiwiteit. Daarteenoor word die tegnologies minder gevorderde land gekenmerk deur laer arbeidskoste en produktiwiteit. Dié land het dus 'n kostevoordeel in die vervaardiging van goedere met 'n lae tegnologiese intensiteit.

Porter se model van 'n land se mededingende voordeel in 'n bepaalde bedryf is afgelei van die hoofdenkrigtings wat die afgelope paar eeue rondom die internasionale handel ontstaan het. Die model is dus in wese 'n eklektiese model. Volgens die model sal 'n land se internasionale sukses afhang van vier faktore. Eerstens, die aard en omvang

van sy produksiefaktore. Veral gesofistikeerde, gevorderde produksiefaktore is noodsaaklik vir 'n steekhoudende mededingende voordeel. Die skepping en deurlopende opgradering van gevorderde, gespesialiseerde produksiefaktore is belangrik wat die mededingende voordeel van lande betref. Interessant is Porter se siening dat 'n surplus natuurlike hulpbronne dikwels die ontwikkeling van gevorderde, gespesialiseerde produksiefaktore ontmoedig. Tweedens, is die aard en omvang van die binnelandse vraag 'n belangrik faktor wat 'n land se mededingende voordeel in 'n bepaalde bedryf betref. Ondernemings in 'n sterk mededingende posisie se kliënte is dikwels gesofistikeerde verbruikers. Veral die groei in die plaaslike vraag is belangrik wat die mededingende voordeel van 'n land betref. Derdens, het die voorkoms van verwante bedryfstakke 'n sterk invloed op die mededingendheid van 'n land in 'n bepaalde bedryfstak. 'n Belangrike voordeel van mededingend verwante bedryfstakke is dat dit innovasie en die proses van opgradering bevorder. Vierdens, is "firm strategy, structure and rivalry" bepalend vir die mededingendheid van 'n land in 'n bepaalde bedryfstak. Die bestuurstyl is 'n belangrike faktor wat die mededingende voordeel betref. Daar is veral 'n sterk regstreekse verband tussen die onderlinge mededinging tussen ondernemings en die mededingende voordeel van 'n land in 'n bepaalde bedryfstak.

Daar is uiteenlopende menings oor die invloed van die wisselkoers op die mededingendheid van 'n land of 'n onderneming. Sommige skrywers is van mening dat die wisselkoers 'n mindere invloed het op die mededingingsposisie van lande en ondernemings, veral in die geval van dié lande en ondernemings wat hoofsaaklik handel dryf in betreklik gesofistikeerde produkte. Wat dié soort produkte betref, is faktore soos produkontwerp, kwaliteit en na-verkopediens belangrik. Faktorkoste is egter belangrik vir lande wat hoofsaaklik gekenmerk word deur 'n surplus natuurlike hulpbronne, ongeskoolde of halfgeskoolde arbeid en 'n betreklik eenvoudige tegnologiese vermoë. Dié lande is dikwels gevoelig vir die gedrag van die wisselkoers.

In Hoofstuk III is hoofsaaklik gekyk na die belangrikheid van die Amerikaanse dollar as gemeenskaplike noemer van die internasionale monetêre stelsel. Die Amerikaanse

dollar bly 'n belangrike internasionale rekeneenheid ten spyte van die beëindiging van die vaste wisselkoersstelsel van Bretton Woods. Die pryse van bykans alle primêre kommoditeite word in dollar gedenomineer. 'n Betreklke groot volume internasionale lenings geskied in dollardenominasie. Die dollar is ook belangrik wat die verhandeling van valuta tussen lande betref. Die rekeneenheid is 'n belangrike intervensie- en reserwe-eenheid in die wêreld ekonomie. 'n Beduidende getal ontwikkelende lande se rekeneenhede is aan die dollar gekoppel. Die wêreld is dus, vir alle praktiese doeleindes steeds op 'n dollarstandaard. Dié toedrag van sake het tot gevolg dat die wel en die weë van die VSA en die dollarwisselkoers 'n wesentlike invloed op die internasionale monetêre stelsel en die vloeï van goedere en dienste tussen lande het.

Die effektiewe nominale wisselkoers van die VSA-dollar is sedert die koms van die swewende wisselkoersstelsel in die vroeg sewentigerjare betreklik onstabiel en volatiel. Die omvang van skommeling in die dollarwisselkoers teenoor die ander belangrike rekeneenhede kan van jaar tot jaar betreklik ingrypend varieër. Gedurende die tagtigerjare veral was daar betreklke groot skommeling in die eksterne waarde van die dollar.

Die effektiewe dollarwisselkoers het gedurende die vroeë tagtigerjare skerp geappresieer waarna dit in 1986 skerp gedeapresieer het. Daar is egter uiteenlopende menings oor die werklike omvang van die depresiasie in die dollarwisselkoers. Sommige skrywers meen dat die depresiasie in die dollarwisselkoers teenoor die rekeneenhede van sommige van die VSA se belangrikste handelsvennote betreklik min was. In 1986 het die wisselkoerse van sommige ontwikkelende lande se rekeneenhede teenoor die dollar geappresieer. Die effektiewe dollarwisselkoers het sedert 1987 geleidelik gedeapresieer.

Daar is 'n sterk korrelasie tussen die nominale en die reële wisselkoersbewegings van die dollar. Die jaarlikse wisselkoersbewegings tussen die VSA en sy belangrikste handelsvennote hou skynbaar nie verband met die jaarlikse relatiewe prysveranderinge tussen hulle nie. Die dollarwisselkoers verskil vir betreklke lang tydperke teenoor ander vername rekeneenhede in terme van koopkragpariteit. Die skerp appresiasie in

die dollarwisselkoers gedurende die vroeg tagtigerjare het daartoe gelei dat die dollar oorwaardeer was in terme van die ander belangrike rekeneenhede. Die dollarwisselkoers was skynbaar veral onderwaardeer teenoor die ander belangrike rekeneenhede gedurende die vroeg negentigerjare.

Tal lê verklarings word gegee vir die onstabiele, volatiele gedrag van die wisselkoerse sedert die koms van die swewende wisselkoersstelsel. Daar is tot 'n groot mate eenstemmigheid onder ekonome dat die dollarwisselkoers hoofsaaklik deur die aard en omvang van kapitaalbewegings beïnvloed word. Die aard en omvang van die beweging van fondse tussen lande het gedurende die afgelope twee dekades beduidend verander. Dié toedrag van sake hou veral verband met die toenemende globalisering en internasionalisering van die monetêre en finansiële markte. Die globalisering en internasionalisering kan toegeskryf word aan tegnologiese veranderinge en deregulering. Die mobiliteit van fondse tussen lande het beduidend verhoog. Verwagtinge ten opsigte van die ekonomie en die politiek het skynbaar 'n beduidende invloed op die gedrag van die wisselkoers. Verwagtinge verander voortdurend soos nuwe inligting beskikbaar en subjekte se sieninge oor die ekonomiese toekoms van lande verander.

Die ewewigsmodelle, soos die koopkrag- en rentekoerspariteitsteorieë, verklaar nie die volatiele gedrag van die wisselkoers nie. Die volatiele gedrag van die wisselkoers word meer geredelik aan die hand van die onewewigsmodelle, veral Dornbusch se "overshooting" model verklaar. Volgens dié model reageer die wisselkoers en die rentekoers vinnig op beleidsveranderinge. Pryse reageer egter traag op sodanige beleidsveranderinge. Ten einde pariteit in die verwagte nominale opbrengs op obligasies tussen lande te handhaaf oorreageer die wisselkoers dikwels.

'n Ander onewewigsmodel, wat verklarend is van die volatiele gedrag van die wisselkoers, is die sogenaamde gebalanseerde portefeuljeteorie. Die lopende rekening van die betalingsbalans neem tyd om aan te pas by 'n verandering in die onderliggende omstandighede. Die netto binnelandse besit van buitelandse beleggings verander ook

nie altyd onmiddellik nie. Die wisselkoers moet dus skielik aanpas om die behoud van die bestaande portefeulje te verseker.

Volgens die teorie van kompleksiteit word 'n eenvoudige nie-liniêre dinamiese deterministiese stelsel oor tyd gekenmerk deur komplekse gedrag. Dié stelsel mag tot gevolg hê dat markte oorreageer op klein veranderinge. Dié toedrag van sake het tot gevolg dat wisselkoersgedrag in wese onvoorspelbaar is.

'n "Bubble" is 'n beduidende afwyking tussen die vlak gegrond op die fundamentele veranderlikes en die waargenome wisselkoersvlak. "Bubbles" word toegeskryf aan spekulاسie in die valutamarkte. Hoewel spekulاسie gewoonlik destabiliserend van aard is, doen die geval hom voor dat spekulante self-vervullend optree, dit wil sê die prys van 'n bate konstant opwaarts druk.

Daar is nie 'n eenvoudige verklaring vir die langtermyn sikliese gedrag van die reële effektiewe dollarwisselkoers nie. Volgens De Grauwe is die sogenaamde onewewigsmoedelle nie verklarend van die langtermyn sikliese gedrag van die reële wisselkoers nie omdat die soort gedrag gewoonlik verband hou met eksogene impulse.

'n Sterk toename in die vraag na dollarbates relatief tot ander rekeneenhede was gedurende die eerste helfte van die tagtigerjare verantwoordelik vir die skerp appresiasie van die dollarwisselkoers. Die redes vir dié toename in die vraag na Amerikaanse finansiële bates is egter nie altyd duidelik nie. Een siening is dat die appresiasie in die dollarwisselkoers hoofsaaklik verband gehou het met die veilige hawe motief van beleggers. 'n Ander siening is dat die vloeï van kapitaal na die VSA gedurende die vroeg tagtigerjare hoofsaaklik verband gehou het met die reële rentekoersdifferensiaal tussen die VSA en die ander nywerheidslande. Dié toedrag van sake was die gevolg van die uiteenlopende monetêr-fiskale beleidsmaatreëls wat die Amerikaanse regering gevolg het. In teenstelling met 'n streng monetêre beleid is fiskale beleid gedurende die vroeg tagtigerjare verslap. Dié makro-ekonomiese beleid van die Amerikaanse regering het meegebring dat die gaping tussen binnelandse besparing en binnelandse investering gedurende die eerste helfte van die tagtigerjare

ver groot het. Die VSA was destyds baie op buitelandse kapitaal aangewys om dié gaping te vul. Die tekort op die lopende rekening van die Amerikaanse betalingsbalans, as 'n persentasie van die bruto binnelandse produk, het dan ook skerp toegeneem gedurende die eerste helfte van die tagtigerjare. Akkommoderende finansiering, veral uit Japan, het tot gevolg gehad dat die dollarwisselkoers bly appresieer het ten spyte van die styging in die tekort op die lopende en federale rekeninge.

Veranderinge in die VSA se monetêr-fiskale beleid was 'n belangrike rede vir die depresiasie van die dollarwisselkoers sedert die tweede helfte van die tagtigerjare. Die VSA het, vergeleke met lande soos Duitsland en Japan, voortgegaan om 'n ekspanisionistiese fiskale beleid te volg. Terselfdertyd het die VSA 'n minder streng monetêre beleid gevolg. Japan en Duitsland het destyds ook 'n minder streng monetêre beleid gevolg. Gedurende die laat- en vroeg negentigerjare het dié twee lande egter 'n strenger monetêre beleid as die VSA gevolg.

Hoewel sekere skrywers van mening is dat die relatiewe belangrikheid van die dollar in die internasionale verkeer aan die afneem is en dié toedrag van sake 'n belangrike rede vir die langtermyn depresiasie van die dollarwisselkoers is, neem die relatiewe belangrikheid van die Amerikaanse ekonomie en tegnologie steeds toe. Die relatiewe sterkte word, wat die langtermyn betref, weerspieël in die gedrag van die dollar.

Die depresiasie in die dollarwisselkoers sedert die middel tagtigerjare het nie 'n wesentlike invloed op die Amerikaanse handelsbalans gehad nie. Die tekort op die handelsbalans het gedurende die tweede helfte van die tagtigerjare in relatiewe terme verklein. Sedert die begin van die negentigerjare het dié tekort egter weer vergroot. Die kontinue vloeï van fondse na die VSA het egter tot gevolg dat die tekort nie beduidende implikasies vir beleidvoering het nie.

Dornbusch is van mening dat die sentrale problematiek van die swewende wisselkoersstelsel nou saamhang met die rol wat sleutelvalutas, soos die dollar in die

stelsel speel. Die vroeëre verwagtinge van ekonome oor die werking en die stabiliteit van die swewende wisselkoersstelsel is nie bewaarheid nie.

In Hoofstuk III is gesien dat volatiele, onstabiele wisselkoerse tot onsekerheid lei. Korttermynfluktuasies in die wisselkoers hou risiko's in vir subjekte betrokke by die internasionale handel. Besluitnemers wat sensitief is vir risiko's verkies om op die plaaslike mark te fokus. Onstabiele, volatiele wisselkoerse het dus in sommige gevalle tot gevolg dat die internasionale handel benadeel word. Skrywers soos Hooper en Kohlhagen is egter van mening dat skerp fluktuasies in die dag-tot-dag wisselkoerse nie 'n wesentlike invloed op die vloei van goedere tussen lande het nie. Die risiko's eie aan onstabiele, volatiele wisselkoerse kan bekamp word deur van verskansingsinstrumente soos termynmarkkontrakte en opsiebriewe gebruik te maak. Dié instrumente is egter nie altyd goedkoop nie.

Verskansing in die termynmark is nie maklik wat die langtermyngedrag van die reële wisselkoers betref nie. Die langtermyngedrag van die reële wisselkoers hou wesentlike gevolge in vir die internasionale handel. In lande gekenmerk deur 'n volgehoue oorgewaardeerde wisselkoers neem die druk vir proteksionisme gewoonlik toe. Die skerp appresiasie in die dollarwisselkoers gedurende die eerste helfte van die tagtigerjare het dan ook gelei tot die indiening van wetsontwerpe ter bevordering van proteksionisme. Die koste van langtermynafwykings in die eksterne waardes van lande se rekeneenhede is waarskynlik hoog, vergeleke met die koste eie aan die korttermynvolatilititeit van wisselkoerse.

'n Skerp volgehoue styging in die reële wisselkoers het gewoonlik tot gevolg dat hulpbronne verskuif van die "tradable goods sector" na die "non-tradable goods sector". Die aanwending van kapitaal en arbeid in die uitvoerbedrywe neem dus af. Die owerheid word dikwels gedwing om 'n monetêr-fiskale beleid te volg wat 'n laer groeikoers tot gevolg het.

Die koste-prysverhouding van sommige vervaardigers van gedifferensieerde goedere word geraak deur die volatiele gedrag van die wisselkoerse. Soos gesien is, daal die

Duitse en Japanese motorvervaardigers se winste wanneer die mark en die jen teenoor die dollar styg. Die vervaardigers van basiese goedere is egter gevoeliger vir die volatiele gedrag van die wisselkoerse as die vervaardigers van gedifferensieerde goedere.

Vervaardigers in lande waar die rekeneenheid vir 'n betreklike lang tydperk oorwaardeer is, is dikwels verplig om kostebesparingsstrategieë te volg. Waar doenlik word bedrywe in lande met swakker rekeneenhede gevestig. Regstreekse buitelandse belegging in die VSA het sedert die beduidende depresiasie van die dollarwisselkoers in die middel tagtigerjare skerp toegeneem ten einde mededingingsimplikasies eie aan die gedrag van die dollarwisselkoers te bekamp. Die vestiging van bedrywe in ander lande is egter nie altyd sonder probleme nie.

In Hoofstuk IV is gekyk na die invloed van die VSA-dollar op die mededingendheid van Suid-Afrika. 'n Betreklike groot gedeelte van Suid-Afrika se uitvoer word in dollar gedenomineer. Die land se handelspatrone het oor die afgelope paar dekades nie dramaties verander nie en bestaan hoofsaaklik uit die uitvoer van mineraal en mineraalprodukte na veral die nywerheidslande. Goud is steeds die belangrikste enkel uitvoerprodukt. Die land het weinig beheer oor die internasionale pryse van sy uitvoerkommoditeite.

Die aandeel van vervaardigde goedere in die land se uitvoer het oor die afgelope paar dekades beduidend toegeneem, hoewel dié uitvoer steeds betreklik klein is. Suid-Afrika voer relatief min gesofistikeerde produkte uit. Aanduidend van die betreklike swak uitvoerprestasie is die feit dat die land se aandeel in die ontwikkelende lande se uitvoer van vervaardigde goedere oor die afgelope paar dekades in relatiewe terme konstant afgeneem het.

Suid-Afrika se swak uitvoerprestasie, wat vervaardigde goedere betref, word toegeskryf aan 'n kombinasie van faktore. Belangrik is veral die sterk inwaarts georiënteerde beleid wat tot onlangs gevolg is. Die land het beperkte ruimte vir skaalvoordele en 'n agterstand wat sy tegnologie betref. Suid-Afrika vergelyk dan ook

swak met talle ander lande, wat navorsing en ontwikkeling betref, en het ook 'n beduidende agterstand, wat die aantal wetenskaplikes, tegnici en ingenieurs betref.

Die bevinding van die Nywerheid-Ontwikkelingskorporasie dat produksiekoste swak vergelyk met ander lande en vervaardigers veral moeilik meeding in die onderste marksegment, is waarskynlik verantwoordelik vir 'n groot deel van die land se probleme wat die verdienste van buitelandse valuta betref.

Vergeleke met die uitvoer van kommoditeite en minder gesofistikeerde vervaardigde goedere, voer Suid-Afrika hoofsaaklik gesofistikeerde goedere in.

Suid-Afrika se wisselkoersverhoudinge is sedert die vroeg sewentigerjare van tyd tot tyd gewysig. Vir 'n betreklike groot gedeelte van die sewentigerjare is die rand aan die dollar gekoppel. In 1979 is egter afgesien van die beleid om die rand aan die dollar te koppel en is besluit om die rand onafhanklik te laat sweef. Sedert die begin van die tagtigerjare is 'n tweeledige wisselkoersstelsel vir betreklike lang tydperke geïmplementeer. In 1995 het die owerheid die finansiële rand afgeskaf en is die rand toegelaat om vrylik te sweef. Die Reserwebank gaan egter voort om van tyd tot tyd in die valutamarkte in te meng.

Suid-Afrikaanse uitvoerders is feitlik altyd ten gunste van 'n afwaartse aanpassing in die wisselkoers van die rand. Daar word betoog dat die afwaartse aanpassing as aansporing vir investering met die oog op die uitvoermark kan dien. Volgens Smal hang die sukses van die beleid af van die pryselastisiteite van die vraag na uitvoer en invoer. Die beskikbaarheid van hulpbronne en hulle mobiliteit tussen die nie-uitvoer- en uitvoersektore is belangrike faktore. Smal wys ook daarop dat moontlike binnelandse prysstygings as gevolg van die depresiasie van die wisselkoers die mededingende voordeel kan uitwis.

Volgens die Suid-Afrika Stigting poog die Reserwebank sedert die begin van die negentigerjare om die wisselkoers afwaarts aan te pas ooreenkomstig die inflasiedifferensiale tussen Suid-Afrika en sy belangrikste handelsvennote. 'n Oogmerk

van die wisselkoersbeleid is veral om 'n reële appresiasie van die wisselkoers te bekamp. Die Reserwebank vergelyk die wisselkoersgedrag en die veranderinge in die produksiepryse tussen Suid-Afrika en sy vier belangrikste handelsvennote om die reële randwisselkoersgedrag te bepaal. Die Suid-Afrika Stigting bevestig egter dié maatstaf. Volgens die Stigting moet die reële randwisselkoers verkieslik gemeet word aan die hand van Amerikaanse pryse, aangesien Suid-Afrika se uitvoer hoofsaaklik in dollar gedenomineer word. Mededinging met ander ontwikkelende lande geskied dan ook hoofsaaklik in dollarpryse.

Sedert die laat sewentigerjare wissel die nominale eksterne waarde van die rand teenoor die dollar van dag tot dag. Die wisselinge was veral gedurende die middel tagtigerjare opvallend. Die skommeling in die randwisselkoers teenoor die dollar kan deels toegeskryf word aan die feit dat die dollarwisselkoers self betreklik ingrypend van tyd tot tyd teenoor die ander rekeneenhede skommel. Die skommeling in die randwisselkoers teenoor die dollar hou egter ook verband met faktore en omstandighede endogeen aan Suid-Afrika.

Die nominale waarde van die rand teenoor die dollar het gedurende die tydperk 1970-1996 kontinu gedeprimeer. Veral gedurende die middel tagtigerjare het die eksterne waarde van die rand teenoor die dollar skerp gedaal. Die daling in die randwisselkoers gedurende die tydperk 1970-1996 was veral skerp, vergeleke met die verloop van die nominale effektiewe dollarwisselkoers. Die afleiding kan dus gemaak word dat Suid-Afrika se mededingingsposisie waarskynlik gedurende dié tydperk verbeter het.

Die randwisselkoers was gedurende die grootste gedeelte van die tagtigerjare waarskynlik onderwaardeer teenoor die dollar in terme van die koopkragpariteitswaardes. Indien die wisselkoers van die rand teenoor die dollar vergelyk word met die VSA en Suid-Afrika se relatiewe arbeidseenheidskoste in die vervaardigingssektor, is die aanduiding dat die randwisselkoers moontlik gedurende die middel tagtigerjare onderwaardeer was, terwyl dit gedurende die vroeg negentigerjare oorwaardeer was.

Daar is uiteenlopende standpunte oor die elasticiteit van die vraag na ingevoerde goedere en na Suid-Afrika se uitvoerprodukte. Soos reeds gesê is, het talle faktore gedurende die afgelope paar dekades 'n beduidende invloed op Suid-Afrika se handel gehad.

Suid-Afrika se uitvoervolume het gedurende die tydperk 1970-1994 toegeneem. Die skerp appresiasie van die effektiewe dollarwisselkoers was egter deels verantwoordelik vir die daling in Suid-Afrika se uitvoervolume gedurende die vroeg tagtigerjare. Die styging in die volume uitvoer sedert die middel tagtigerjare kan deels toegeskryf word aan die depresiasie van die dollarwisselkoers en die onderwaardering van die randwisselkoers teenoor die dollar.

Suid-Afrika se invoervolume het gedurende die vroeg sewentiger- en tagtigerjare skerp toegeneem, waarna dit sywaarts beweeg het. Veranderinge in die land se totale inkome beïnvloed veral die invoervolume. Die sterk defleringsbeleid wat die owerheid gedurende die tagtigerjare gevolg het, het 'n wesentlike invloed op Suid-Afrika se invoervolume en uiteindelik investering gehad. Vergeleke met veranderinge in die land se totale inkome het die wisselkoersgedrag 'n mindere invloed op die volume goedere wat Suid-Afrika invoer.

Suid-Afrika se ruilvoet is besonder gevoelig vir eksterne skokke wat met die pryse van kommoditeite verband hou. Die reële pryse van kommoditeite het gedurende die tydperk 1975-1995 teen 'n saamgestelde koers van 1,07 persent gedaal. Die reële metaalpryse, goud ingesluit, het gedurende die afgelope paar dekades konstant gedaal. Gedurende die tydperk 1970-1995 het die reële uitvoerpryse van onverwerkte landbouprodukte slegs effens gestyg. Die reële pryse van voedseluitvoer het gedurende die tydperk 1973-1995 skerp gedaal. Die reële pryse van kommoditeite in die wêreldmarkte is besonder wisselvallig. Dié toedrag van sake skep lastige probleme vir 'n ontwikkelende land soos Suid-Afrika.

Die gedrag van die reële pryse van kommoditeite die afgelope paar dekades kan aan aanbod- sowel as vraagfaktore toegeskryf word. In Hoofstuk II is gesien dat die reële

pryse van kommoditeite reeds sedert die begin van die eeu konstant daal. Volgens skrywers soos Dornbusch het die gedrag van die dollarwisselkoers ook 'n invloed op die reële pryse van kommoditeite.

Suid-Afrika se ruilvoet, goud uitgesluit, het gedurende die tydperk 1966-1995 steeds verswak. Die ruilvoet het veral gedurende die vroeg tagtigerjare beduidend verswak. Dié skerp daling het gepaard gegaan met die feitlik kontinu appresiasie van die dollarwisselkoers teenoor die ander belangrike rekeneenhede. Ceteris paribus sal 'n appresiasie van die dollarwisselkoers dus tot gevolg hê dat die ruilvoet van 'n ontwikkelende land soos Suid-Afrika, wat hoofsaaklik kommoditeite uitvoer, verswak. Opvallend is egter die feit dat die skerp depresiasie in die dollarwisselkoers gedurende die middel van die tagtigerjare nie gepaard gegaan het met 'n beduidende verbetering van dié ruilvoet nie.

Soos reeds gesê is, was Suid-Afrika gedurende die tydperk 1985-1994 verplig om streng devieserbeheermaatreëls te implementeer en die ekonomie te defleer, gesien die gebrek aan toegang tot buitelandse finansiële instellings en die grootskaalse repatriasie van kapitaal uit die land. Dié maatreëls het tot gevolg gehad dat die waarde van Suid-Afrika se uitvoer vinniger gestyg het as die waarde van die invoer. Die land het dan ook sedert die vroeg tagtigerjare gereeld 'n kunsmatige surplus op sy handelsrekening gehad. Suid-Afrika se bruto binnelandse besparing was gedurende die tweede helfte van die tagtigerjare heelwat hoër as die bruto binnelandse vaste investering.

Die normalisering van betrekkinge met die res van die wêreld sedert die begin van die negentigerjare het tot gevolg gehad dat die land weer 'n tekort op die lopende rekening van die betalingsbalans kon bekostig. 'n Betrekklike groot hoeveelheid kapitaal het sedert 1994 na die land gevloei. Suid-Afrika kan egter slegs tot 'n mindere mate op die invloei van buitelandse kapitaal steun, gesien die sterk mededinging in die wêreldmark vir dié soort geld. Die invloei van beduidende hoeveelhede buitelandse kapitaal lei gewoonlik tot 'n reële appresiasie van die wisselkoers wat die uitvoer benadeel en invoer bevorder. Problematies vir Suid-Afrika is dat die land tot dusver hoofsaaklik korttermynportefeuljebelegging, wat ewe vinnig weer uit die land kan

vloei, getrek het. Skommeling in die vloei van dié fondse en die gepaardgaande volatilititeit in die wisselkoers verhoog die belegger se risiko en likiditeitsvoorkeur. Rentekoerse is ook geneig om te styg wat investering ontmoedig.

Suid-Afrika se swak uitvoerprestasie, vergeleke met sy hoë inkome-elastisiteit van die vraag na ingevoerde goedere, het tot gevolg dat die land nie 'n bevredigende ekonomiese groeikoers kan handhaaf sonder om betalingsbalansprobleme te ervaar nie. Volgens Stals kan die land se betalingsbalansproblematiek slegs wesentlik aangespreek word indien sy vermoë tot mededinging verbeter.

Talle inisiatiewe word tans geloods om die mededingingsvermoë en dus ook die uitvoergroeikoers te verhoog. Die oogmerk van die Makro-ekonomiese Strategie is hoofsaaklik gerig op die gelyktydige bevordering van mededingendheid en werkskepping. Daar word veral gefokus op die bevordering van die aanbod. Nywerheidsinnovasie word aangemoedig, terwyl programme om produktiwiteit te verbeter geïmplementeer word.

Die owerheid is, in sy Makro-ekonomiese Strategie, ten gunste van 'n meer plooibare arbeidsmark. Sy welsynsgerigde arbeidsbeleid bevorder egter nie 'n meer plooibare arbeidsmark nie.

Die owerheid poog om die internasionale markte meer toeganklik vir Suid-Afrikaanse goedere te maak. Voorkeurhandelsooreenkomste word met die nywerheidslande gesluit, terwyl streeksintegrasie in Suider-Afrika bevorder word. Terselfdertyd volg die owerheid 'n meer uitwaartsgerigte handelsbeleid. Handelsliberalisering kan stygings in die insetkoste en ook algemene verbruikersprysstygings, wat dikwels die gevolg is van 'n depresiasie van die eksterne waarde van 'n rekeneenheid, beperk.

In sy Makro-ekonomiese Strategie is die owerheid ten gunste van 'n ondergewaardeerde wisselkoers. Soos reeds gesê is, bevoordeel 'n ondergewaardeerde wisselkoers Suid-Afrikaanse uitvoerders. 'n Appresiasie van die wisselkoers óf 'n styging in die binnelandse prysvlak kan pogings van die owerheid om

'n ondergewaardeerde wisselkoers te handhaaf, verydel. Die gebruik van 'n hoë reële rentekoers ten einde die interne en eksterne waarde van die rand te beskerm is nie bevorderlik vir vaste investering in veral die uitvoersektore nie. Die invloed van 'n hoë reële rentekoers hou verreikende implikasies in vir die mededingendheid van ondernemings. Groot skaalse investering is veral nodig ten einde algemene kundigheid te verhoog en die groot agterstand, wat die tegnologie betref, by te lê.

Talle eksogene faktore het gedurende die afgelope twee tot drie dekades 'n invloed op die Suid-Afrikaanse ekonomie gehad. Dié toedrag van sake het tot gevolg dat die invloed van die VSA-dollar op die mededingingsposisie van die land nie altyd duidelik is nie. Daar is egter min twyfel dat die invloed van die dollar op Suid-Afrika se eksterne mededingingsposisie beduidend is nie. Die land het dan ook 'n wesentlike belang by die faktore wat dié wisselkoers beïnvloed.

In Hoofstuk V is die moontlike toekomstige invloed van die dollarwisselkoers op die mededingendheidsposisie van Suid-Afrikaanse ondernemers beskou.

Daar sal waarskynlik nie afgesien word van die swewende wisselkoersstelsel ten spyte van die tekortkominge van die huidige internasionale monetêre stelsel nie. Die onbestendige gedrag van die wisselkoerse onder 'n swewende wisselkoersstelsel sal dus waarskynlik voortduur.

Die onderliggende redes vir die toonaangewende rol van die Amerikaanse dollar in die internasionale monetêre stelsel sal nie gou verander nie. Die dollar sal dus in die afsienbare toekoms waarskynlik steeds die gemeenskaplike noemer van die internasionale monetêre stelsel bly. Die wel en weë van die Amerikaanse ekonomie sal steeds 'n belangrike faktor wees wat die gedrag van die dollar betref. By tye mag die effektiewe dollarwisselkoers depresseer sonder duidelike redes. Te ander tye mag die effektiewe dollarwisselkoers weer appresseer sonder duidelike redes. Die gedrag van die dollar sal dus in die toekoms waarskynlik steeds 'n beduidende invloed op die Suid-Afrikaanse ekonomie hê. Suid-Afrika het dus 'n wesentlike belang by die verskillende onderliggende faktore wat die dollarwisselkoers mag beïnvloed.

In teenstelling met die gedrag van die dollarwisselkoers, wat 'n uitvloeisel is van die Amerikaanse fiskaal-monetêre beleid en die land se sterk posisie in die wêreld ekonomie is, is die gedrag van die randwisselkoers hoofsaaklik 'n uitvloeisel van Suid-Afrika se relatief betalingsbalansbegrensde ekonomie. Die toekomstige verhandeling van die rand relatief tot die dollar sal waarskynlik vir 'n geruime tyd binne die raamwerk beweeg.

Suid-Afrika sal sy prestasie in die wêreldmarkte moet verbeter ten einde sy ekonomiese groei te optimaliseer. Die land moet veral kennis neem van die fundamentele veranderinge in die struktuur van die wêreld ekonomie soos vervat in die Drucker-hipotese. Eerstens, het tegnologiese innovasie meegebring dat die primêre-produiserende ekonomieë ontkoppel is van die nywerheidseconomieë. Primêre produkte word by die dag meer marginaal in die wêreldmarkte. Tweedens, het indiensneming, veral wat blouboordjie werkers betref, los geraak van die vervaardigingsektor, hoofsaaklik as gevolg van die moderne tegnologie. Derdens, het die sogenaamde simbole ekonomie, dit wil sê kapitaalbewegings, wisselkoerse en die vloeï van krediet, die vliegwiele van die wêreld ekonomie geword. Die wisselkoerse tussen die vernaamste rekeneenhede moet dus in die ekonomiese teorie sowel as in die formulering van sakebeleid as 'n belangrike kostefaktor beskou word. Dié toedrag van sake stel groter eise aan subjekte om hulle te beskerm teen die wispelturigheid van buitelandse valutablootstellings.

Hoewel die volle implikasies van die gedrag van die Amerikaanse dollar, as die gemeenskaplike noemer van die internasionale monetêre stelsel vir 'n land soos Suid-Afrika moeilik te begryp is, het die gedrag van die dollar ongetwyfeld 'n invloed op feitlik elke aspek van die land se buitelandse ekonomiese verbintnisse.

'n Aspek wat nie in hierdie ondersoek beskou is nie, is die koste-voordeelimplikasie van 'n verandering in die rand/dollarwisselkoers op die Suid-Afrikaanse bedryfswese. Dié aspek is belangrik en behoort indringend beskou te word.

Bronnelys

Akyüz, Y., "On Financial Openness in Developing Countries", *International Monetary and Financial Issues for the 1990s*, New York, 1993.

Ball, D.A. en McCulloch, W.H., *International Business: The Challenge of Global Competition*, Chicago, 1996.

Bartolini, L., "Purchasing Power Parity Measures of Competitiveness", *Finance and Development*, September 1995.

Buckley, P.J. en Casson, M., *The Future of the Multinational Enterprise*, Londen, 1991.

Buckley, P.J., Pass, C.L. en Presscott, K., "Foreign Market Strategies and Competitiveness", *Journal of General Management*, Winter 1991.

Business Week, "Suddenly, It's Time to Buy American", 27 Maart 1995.

Business Week, "The Dollar's Drift", 29 Mei 1995.

Carbaugh, R. J., *International Economics*, Cincinnati, 1995.

Chacoliades, M., *Principles of International Economics*, New York, 1981.

Cloete, J.J., "Recent Exchange Rate Policy in South Africa - A Critique", *Die Suid-Afrikaanse Joernaal vir Ekonomie*, 1986.

Cooper, R.N., "Three Discussion Papers from a Symposium on Exchange Rates", *Brookings Papers on Economic Activity*, 1985.

Cohen, S.D., "Does the United States Have An International Competitiveness Problem" in Rapkin, D.P. en Avery, W.P. (Red.), *National Competitiveness in A Global Economy*, Londen, 1995.

Corden, W.M., *Economic Policy, Exchange Rates and the International Monetary System*, Oxford, 1994.

De Grauwe, P., "Exchange Rate Variability and the Slowdown in Growth of International Trade", *IMF Staff Papers*, 1988.

De Grauwe, P., *International Money : Post-War Trends and Theories*, Oxford, 1989.

Derosa, D.A., "Increasing Export Diversification in Commodity Exporting Countries", *IMF Staff Papers*, 1992.

Dollar, N. en Wolff, E.N., *Competitiveness, Convergence and International Specialization*, Cambridge, 1995.

Dornbusch, R., "Policy and Performance Links Between LDC Debtors and Industrial Nations", *Brookings Papers on Economic Activity*, 1985.

Dornbusch, R., *Policymaking in the Open Economy*, Oxford, 1993.

Drucker, P.F., *Managing for the Future: The 1990s and Beyond*, New York, 1992.

Drucker, P.F., *Managing in A Time of Great Change*, New York, 1994.

Drucker, P.F., "The Changed World Economy", *Foreign Affairs*, 1986.

Drucker, P.F., *The Frontiers of Management*, Londen, 1986.

Du Plessis, D.P.S., *Die Dinamika van Mexico se Eksterne Ekonomiese Verhoudinge*, Ongepubliseerde D.Com.- proefskrif, Randse Afrikaanse Universiteit, 1996.

Edwards, S., *Real Exchange Rates, Devaluations, and Adjustment*, Londen, 1989.

Ellis, J., "Non-Linearities and Chaos in Exchange Rates" in Creedy, J. en Martin, V.L. (Red.), *Chaos and Non-Linear Models in Economics: Theory and Applications*, Aldershot, 1994.

Emminger, O., "The Dollar's Borrowed Strength" in Salvatore, D. (Red.), *The New Protectionist Threat to World Welfare*, New York, 1987.

Enders, W. en Lapan, H.E., *International Economics, Theory and Policy*, Englewood Cliffs, 1987.

Fagerberg, J., "International Competitiveness", *The Economic Journal*, Junie 1988.

Fatemi, K., "U.S. Trade Imbalance and the Dollar : Is there a Correlation?" in Fatemi, K. (Red.), *Selected Readings in the International Trade*, New York, 1991.

Feldstein, M. en Bacchetta, P., "How Far has the Dollar Fallen?", *Business Economics*, 1987.

Frankel, J.A., *On Exchange Rates*, Londen, 1993.

Frankel, J.A., "Still the Lingua Franca : The Exaggerated Death of the Dollar", *Foreign Affairs*, Julie/Augustus 1995.

Frankel, J.A., "The Dazzling Dollar", *Brookings Papers on Economic Activity*, 1985.

Garelli, S., "What is World Competitiveness?", *World Competitiveness Yearbook 1996*, Lausanne, 1996.

Gidlow, R. M., "Exchange Control and the Blocked Rand Mechanism", *Die Suid-Afrikaanse Joernaal vir Ekonomie*, 1976.

Gidlow, R. M., "Instability in the Rand-Dollar Market: Causes and Cures", *Die Suid-Afrikaanse Joernaal vir Ekonomie*, 1987.

Gidlow, R. M., "Workings of a Managed Floating Exchange Rate System for the Rand", *Die Suid-Afrikaanse Joernaal vir Ekonomie*, 1988.

Gilrow, B.M., *Networking in Multinational Enterprises: The Importance of Strategic Alliances*, Columbia, 1993.

Gosh, A. R. en Ostry, J.D., "Export Instability and External Balance in Developing Countries", *IMF Staff Papers*, 1994.

Griesel, B.M., *Die Aard en Omvang van Suid-Afrika se Eksterne Handel soos Gemeet aan die Hand van die Land se Fisiese Hawefasiliteite*, Ongepubliseerde D.Com.-proefskrif, Randse Afrikaanse Universiteit, 1991.

Growth, Employment and Redistribution: A Macro-Economic Strategy.

Helleiner, G. K., *The New Global Economy and the Developing Countries*, Aldershot, 1990.

Hickman, B.G., *International Productivity and Competitiveness*, New York, 1992.

Holden, M.G. en Holden, P., "Alternative Measures of Exchange Rates and Exchange Rate Policy in South Africa", *Die Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Ekonomie*, 1985.

Hughes, K., *European Competitiveness*, Cambridge, 1993.

Industrial Development Corporation of South Africa, *Manufacturing Trading Conditions*, Mei 1997.

Internasionale Monetêre Fonds, *Direction of Trade Statistics Yearbook 1996*, Washington, 1996.

Internasionale Monetêre Fonds, *International Financial Statistics Yearbook 1996*, Washington, 1996.

Internasionale Monetêre Fonds, *World Economic Outlook*, Mei 1994.

Isard, P. en Stekler, L., "US International Capital Flows and the Dollar", *Brookings Papers on Economic Activity*, 1985.

Jacobs, A.J., *A Presentation of South Africa's Foreign Trade*, Johannesburg, 1996.

Kahn, B., "South African Exchange Rate Policy and International Competitiveness" in Baker, P.H., Boraine, A. en Krafchik, W. (Red.), *South Africa and the World Economy in the 1990s*, Claremont, 1993.

Kenen, P.B., *Exchange Rates and the Monetary System*, Aldershot, 1994.

Krugman, P.R., "Competitiveness: A Dangerous Obsession", *Foreign Affairs*, Maart/April 1994.

Krugman, P.R., "Economic Competitiveness: Myths and Realities", *Dialogue*, 1992.

Krugman, P.R., *Exchange Rate Instability*, Londen, 1993.

Krugman, P.R., "Pricing to the Market when Exchange Rates Change" in Arndt, S. en Richardson, D. (Red.), *Real Financial Linkages Among Open Economies*, Cambridge, 1987.

Krugman, P.R., *Rethinking International Trade*, Cambridge, 1990.

Krugman, P.R., *The Age of Diminished Expectations : U.S. Economic Policy in the 1990s*, Cambridge, 1994.

Krugman, P.R. en Baldwin, R.E., "The Persistence of the Trade Deficit", *Brookings Papers on Economic Activity*, 1987.

Lall, S., "What will make South Africa Competitive?" in Baker, P.H., Boraine, A. en Krafchik, W. (Red.), *South Africa and the World Economy in the 1990s*, Claremont, 1993.

Leipziger, D.M. en Thomas, V., "Roots of East Asia's Success", *Finance and Development*, Maart 1994.

Liebenberg, K., *South African Competitiveness Monitor 1996*, Pretoria, 1996.

Maizels, A., "Commodity Market Trends and Instabilities: Policy Options for Developing Countries", *UNCTAD Review*, 1994.

McCombie, J.S.L. en Thirwall, A.P., *Economic Growth and the Balance-of-Payments Constraint*, Basingstoke, 1994.

McCulloch, R., "Foreign Investment in the United States", *Dialogue*, 1992.

Mineraleburo, *South Africa's Mineral Industry 1995/96*.

Nielsen, J.U., Madsen, E.S. en Pedersen, K., *International Economics: The Wealth of Open Nations*, Londen, 1995.

Nywerheid-Ontwikkelingskorporasie, *Fabriekswese Saketoestand*, Mei 1996.

Obstfeld, M., "International Currency Experience: New Lessons and Lessons Relearned", *Brookings Papers on Economic Activity*, 1995.

OECD, *Economic Outlook*, Junie 1996

Ohmae, K., *The End of the Nation State : The Rise of Regional Economies*, Trowbridge, 1995.

Ostry, J.D. en Reinhart, C.M., "Private Savings and Terms of Trade Shocks", *IMF Staff Papers*, 1992.

Parr, R.G., "Intra-Industry Trade and the Prospect of Trade Liberalisation in South Africa", *Die Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Ekonomie*, Desember 1994.

Porter, M., "Creating Tomorrow's Advantages" in Gibson, R. (Red.), *Rethinking the Future*, Londen, 1997.

Porter, M.E., *The Competitive Advantage of Nations*, Londen, 1990.

Porter, M.E. en Van der Linde, C., "Green and Competitive: Ending the Stalemate", *Harvard Business Review*, September/Okttober 1995.

Rapkin, D.P. en Strand, J.R., "Competitiveness: Useful Concept, Political Slogan or Dangerous Obsession" in Rapkin, D.P. en Avery, W.P. (Red.), *National Competitiveness in A Global Economy*, Londen, 1995.

Robock, S.H. en Simmonds, K., *International Business and Multinational Enterprises*, Boston, 1989.

Sachs, J.D., "Global Adjustments to a Shrinking US Trade Deficit", *Brookings Papers on Economic Activity*, 1988.

Salvatore, D., *International Economics*, Englewood Cliffs, 1996.

Schoeman, C.H., *Die Skepping van 'n Algemene Aanvaarbare Internasionale Rekeneenheid as Voorwaarde vir die Ontwikkeling van 'n Ordeler Wêreldgeldstelsel*, Ongepubliseerde M.Com.-verhandeling, Randse Afrikaanse Universiteit, 1991.

Smal, M.M., "Wisselkoersaanpassings as 'n Element van 'n Ontwikkelingsstrategie vir Suid-Afrika", *Suid-Afrikaanse Reserwebank Kwartaalblad*, Junie 1996.

South Africa Foundation, *Growth for All : An Economic Strategy for South Africa*, 1996.

Stals, C.L., "South African Exchange Rate Policy" in Baker, P.H., Boraïne, A. en Krafchik, W. (Red.), *South Africa and the World Economy in the 1990s*, Claremont, 1993.

Stals, C.L., "The Balance of Payments Constraint on Economic Growth in South Africa", *Suid-Afrikaanse Reserwebank Kwartaalblad*, 1993.

Strydom, P.D.F., "South Africa in World Trade", *Die Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Ekonomie*, September 1987.

Suid-Afrikaanse Reserwebank, *Jaarlikse Ekonomiese Verslag 1997*.

Suid-Afrikaanse Reserwebank, *Kwartaalblad*.

The Economist, "A Much Devalued Theory", 20 Januarie 1996.

The Economist, "Back to the Future" 17 Oktober 1995.

The Economist, "Capital Conundrum", 17 Oktober 1995.

The Economist, "Dail C for Chaos", 11 Maart 1995.

The Economist, "Determined Loser", 16 April 1994.

The Economist, *Guide to Economic Indicators : Making Sense of Economics*, Londen, 1994.

The Economist, "How Cheap is a Peace of String?", 20 Januarie 1996.

The Economist, "In Faint Praise of the Blue Suit", 13 Januarie 1996.

The Economist, "Lean Enough", 10 Februarie 1996.

The Economist, "Talk is Cheap (and so is the Dollar)", 21 September 1996.

The Economist, "The Fall of the Dollar is Smaller than It Seems", 11 Oktober 1986.

The Economist, "The Kindergarten that will Change the World", 4 Maart 1995.

The Economist, "The Strange and Unnatural Fixation of the Dollar", 15 April 1995.

The Economist, "Will the Buck Stop Here?", 12 November 1994.

The Nedbank Group, *South Africa: An Appraisal*, Johannesburg, 1983.

Thurow, L., *The Future of Capitalism*, Londen, 1996.

Time, "That Sinking Feeling", 20 Maart 1995.

Time, "The Mighty Yen", 30 Augustus 1993.

Union Bank of Switzerland, *UBS International Finance*, Somer 1996.

Union Bank of Switzerland, "International Competitiveness Revisited", *UBS International Finance*, Winter 1996.

Vermaak, A. en Stumpf, W., "Imperative for South Africa : A National Technology-Based Vision", *People Dynamics*, April 1997.

Volcker, P.A., "A New World Order or A New Nationalism" in Balaam, D. N. en Veseth, M. (Red.), *Readings in International Political Economy*, Upper Saddle, 1996.

Walbeek, C.P., "The Consequences of Export Instability : South Africa, 1971-1988", *Die Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Ekonomie*, September 1993.

Walter, A., *World Power and World Money : The Role of Hegemony and International Monetary Order*, New York, 1991.

World Bank, *World Development Report 1991*, Oxford, 1991.

World Bank, *Global Economic Prospects and the Developing Countries*, Washington, 1992.

World Bank, *Reducing Poverty in South Africa: Options for Equitable and Sustainable Growth*, Washington, 1994.